# **ONDERSOEKENDE JOERNALISTIEK EN SOSIALE VERANDERING: 'N ONTLEDING EN EVALUERING VAN DIE AGENDASTELLINGSROL VAN *VRYE WEEKBLAD* (1988-1993)**

deur

CORNELIA FAURE

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

KOMMUNIKASIEKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF JJ ROELOFSE

NOVEMBER 1995

Opgedra aan Murray,

Riana en Maryke

**VOORWOORD**

Hiermee wens ek die volgende persone wat 'n bydrae tot die proefskrif gemaak het, te bedank:

My promotor, professor J.J. Roelofse, vir sy waardevolle leiding, kritiese kommentaar en aanmoediging.

My taalversorger, mev Lidia de Wet, wat grondige proeflees-werk in 'n baie kort tyd gedoen het.

My eggenoot, Murray, vir sy daadwerklike ondersteuning, raad en geduld.

My dogters, Riana en Maryke, vir hul begrip, aanmoediging en opoffering.

**OPSOMMING**

Die navorsingsonderwerp van hierdie proefskrif is ondersoekende joernalistiek en die moontlike of waarskynlike invloed wat dié spesifieke joernalistieke praktyk op die proses van sosiale verandering kan uitoefen.

Daar word van die aanname uitgegaan dat koerantberigte weens ondersoekende joernalistiek in sommige gevalle kan lei tot die bewusmaking van ongeregtighede en/of onregmatige dade in die samelewing en dat dié joernalistieke praktyk 'n bydraende faktor of soms 'n katalisator tot optredes van owerhede en uiteindelik sosiale verandering kan wees. Om dié aanname toe te lig, word eerstens gekyk na die betekenis van sosiale verandering. Antwoorde word onder meer gesoek op vrae soos: (i) Wat is sosiale verandering? en (ii) Wat is die invloed van die media op sosiale verandering? Tweedens word daar gekyk na wat ondersoekende joernalistiek behels en hoe dit verskil van veral die konvensionele joernalistieke praktyk. Derdens word 'n profiel van *Vrye Weekblad* gegee ten einde dié koerant as gevallestudie te regverdig. Vierdens word 'n model vir die kwalitatiewe inhoudsontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek geformuleer. Vyfdens word dié model empiries getoets op ondersoeke wat deur *Vrye Weekblad* gedoen is. Laastens word gepoog om die teoretiese perspektiewe oor sosiale verandering en die invloed van die media te versoen met die empiriese ontledings van die voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in *Vrye Weekblad*.

**SUMMARY**

The research topic of this thesis is investigative journalism and the possible or probable influence that this specific journalistic practice may have on the process of social change.

The study proceeds from the assumption that investigative newspaper reports can in some instances lead to an awareness of injustices and/or illegal actions in society. This form of journalistic practice could therefore be a contributing factor, and in some cases, a catalyst for government action and ultimately social change. To elaborate on this assumption, attention is firstly given to the meaning of social change. In this respect answers to the following questions are sought: (i) What is social change? and (ii) What is the influence of the media on social change? Secondly, attention is given to the characteristics of investigative journalism and how this practice differs from conventional journalism. Thirdly a profile of *Vrye Weekblad* is offered in order to justify the case study. Fourthly a model for the qualitative content analysis of instances of investigative journalism is formulated. Fifthly this model is tested empirically on investigations undertaken by *Vrye Weekblad*. Finally an attempt is made to reconcile the theoretical perspectives on social change and the influence of the media with the empirical analyses of investigative journalism in *Vrye Weekblad*.

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK EEN**

**1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING**


1.1 Inleiding

1.2 *Vrye Weekblad* as gevallestudie

1.3 Probleemstelling

1.4 Benadering, metodes van ondersoek en bronne

1.5 Belang van die ondersoek

1.6 Logika van aanbieding


**HOOFSTUK TWEE**

**2 SOSIALE VERANDERING EN DIE INVLOED VAN DIE MEDIA**


2.1 Inleiding

2.2 Die proses van sosiale verandering

2.3 Enkele teorieë oor sosiale verandering

2.4 Die invloed van die massamedia

2.4.1 Enkele teorieë oor die invloed van die massamedia

2.5 Gevolgtrekking


**HOOFSTUK DRIE**

**3 ONDERSOEKENDE JOERNALISTIEK IN PERSPEKTIEF**


3.1 Inleiding

3.2 Die historiese agtergrond van ondersoekende

joernalistiek
3.3 Ondersoekende joernalistiek as 'n agendabouproses
3.4 Ondersoekende joernalistiek en konvensionele joernalistiek
3.5 Die ondersoekende joernalis en die konvensionele joernalis
3.6 Gevolgtrekking

**HOOFSTUK VIER**

**4 *VRYE WEEKBLAD* IN KONTEKS: 'N PROFIEL VAN 'N ALTERNATIEWE AFRIKAANSE KOERANT**

4.1 Inleiding
4.2 Die samelewingskonteks van *Vrye Weekblad*
4.3 'n Profiel van *Vrye Weekblad*
4.3.1 Stigting
4.3.2 Reaksies
4.3.3 Redaksionele beleid
4.3.4 Enkele probleme
4.3.4.1 Teistering en laster
4.3.4.2 Finansies
4.4 Die rol van *Vrye Weekblad* as Afrikaanse alternatiewe koerant
4.5 Gevolgtrekking

**HOOFSTUK VYF**

**5 ONDERSOEKENDE JOERNALISTIEK IN *VRYE WEEKBLAD***

5.1 Inleiding

5.2 'n Model vir die ontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek

5.3 Die inhoudsontleding van *Vrye Weekblad*

5.3.1 1988-1989

5.3.2 1989-1990

5.3.3 1990-1991

5.3.4 1991-1992

5.3.5 1992-1993

5.3.6 1993

5.3.7 Berigte wat nie aan die model voldoen nie

5.4 Gevolgtrekking

**HOOFSTUK SES**

**6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS**

**BYLAE A**

**BRONNELYS**

**HOOFSTUK EEN**

# 1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 Inleiding

Die navorsingsonderwerp van hierdie proefskrif is ondersoekende joernalistiek en die moontlike of waarskynlike invloed wat dié spesifieke joernalistieke praktyk op die proses van sosiale verandering kan uitoefen.

Daar word van die aanname uitgegaan dat koerantberigte weens ondersoekende joernalistiek in sommige gevalle kan lei tot die bewusmaking van ongeregtighede[(1)] en/of onregmatige dade[(2)] in die samelewing en dat dié joernalistieke praktyk 'n bydraende faktor of soms 'n katalisator tot optredes van owerhede en uiteindelike sosiale verandering kan wees. Om dié aanname toe te lig, word eerstens gekyk na die betekenis van sosiale verandering. Antwoorde word onder meer gesoek op vrae soos: (i) Wat is sosiale verandering? en (ii) Wat is die invloed van die media[(3)] op sosiale verandering? Tweedens word daar gekyk na wat ondersoekende joernalistiek behels en hoe dit verskil van veral die konvensionele joernalistieke praktyk. Hoofsaaklik gegrond op dié bevindinge word 'n model vir die kwalitatiewe inhoudsontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek geformuleer. Derdens word dié model empiries getoets op ondersoeke wat deur *Vrye Weekblad* (*VWB*) gedoen is. Laastens word

gepoog om die teoretiese perspektiewe oor sosiale verandering en die invloed van die media te versoen met die empiriese ontledings van die voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in *VWB*.

## 1.2 *Vrye Weekblad* as gevallestudie

Die gevallestudie wat vir die toetsing van die model gekies word, is *VWB*. Die rede vir dié keuse word vervolgens genoem.

Vandat *VWB* in 1988 gestig is, het die koerant bekend gestaan as 'n Afrikaanstalige alternatiewe koerant. Die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika, die behoefte om 'n alternatief vir geykte Nasionale Party (NP) geïnspireerde nuusdekking daar te stel, met ander woorde die aanbieding van die "ander kant" van 'n saak, was waarskynlik bydraend tot die ontstaan van die koerant. Die Afrikaner was hoofsaaklik blootgestel aan die konvensionele Afrikaanse koerante wat lede was van die Nuusblad Persunie (NPU). *VWB* het as 't ware 'n leemte gevul en in 'n behoefte van sekere Afrikaners, wat krities was teenoor die apartheidsbeleid van die NP-regering, voorsien. *VWB* het ook nie teruggedeins vir kontroversie nie en het deurentyd gepoog om ongeregtighede of onregmatige dade uit te wys. *VWB* het sy beleid van onafhanklikheid en onverskrokkenheid beklemtoon én probeer uitleef.
Daar word gepoog om bogenoemde kwaliteite, wat aan *VWB*

toegeskryf word (vgl Faure 1993:22-31), in hoofstuk vier van hierdie proefskrif te staaf. Die rol wat *VWB* in Suid-Afrika gespeel het, word in dié hoofstuk bestudeer.

Die keuse van dié koerant as gevallestudie word verder gemotiveer weens die taal van die publikasie, naamlik hoofsaaklik Afrikaans. Die rol wat die taal van die publikasie in die keuse van 'n gevallestudie gespeel het, moet egter verder verduidelik word.

In Suid-Afrika bestaan daar ook 'n verskeidenheid Engelse koerante, wat 'n soortgelyke onafhanklikheid en onverskrokkenheid as *VWB* geopenbaar het. Dié kenmerk is oor die algemeen veral van toepassing op die sogenaamde alternatiewe pers, wat om soortgelyke redes as *VWB* ontstaan het. Dit is naamlik 'n feit dat Suid-Afrika 'n multikulturele samelewing is, waar dikwels die klagte uitgespreek is (vgl Sonderling 1992; Hachten en Giffard 1984; Tomaselli, Tomaselli en Muller 1987) dat sekere politieke groeperinge en ander groepe min, geen of slegs negatiewe aandag in die konvensionele pers ontvang het. Oor die algemeen is die ontstaan van die alternatiewe pers in Suid-Afrika waarskynlik 'n reaksie op bogenoemde klagte, wat 'n aanduiding was van 'n werklike en algemene leemte in die Suid-Afrikaanse nuustoneel.

'n Mens kan dus in die lig van die (hoofsaaklik) Afrikaanse taal wat *VWB* in sy koerant gebruik het én in die

lig van sy beleid (kyk hoofstuk vier) tot die gevolgtrekking kom dat *VWB* in die Suid-Afrikaanse konteks 'n verdedigbare ondersoekobjek is. *VWB* was die belangrikste en bekendste Afrikaanse alternatiewe koerant wat openlik 'n demokratiese bedeling (dus sosiale verandering) vir Suid-Afrika gepropageer het. Hiermee saam gaan derhalwe die aanname dat 'n enkele medium moontlik sosiale verandering teweeg kan bring, of dat sodanige invloed deur 'n medium genoegsaam deur die navorser geïsoleer kan word sodat dit aangedui kan word.

## 1.3 Probleemstelling

Die sentrale probleem wat in hierdie studie ondersoek word, kan in die vorm van 'n aantal algemene hipoteses of proposisies gestel word. 'n Hipotese kan op eenvoudige wyse omskryf word as 'n stelling of proposisie wat 'n vermeende verhouding tussen elemente waarop die stelling betrekking het, postuleer. Die konvensionele struktuur van 'n hipotese neem die vorm aan van **As A dan B**, of **As A onder toestande XYZ, dan B**. Die toestande sou gevarieer kon word, byvoorbeeld **As A onder toestande PQR, dan B**, ensovoorts. Die algemene hipoteses of proposisies van hierdie studie is die volgende:

1 Ondersoekende joernalistiek is 'n noodsaaklike voorwaarde vir sosiale verandering.

2 Ondersoekende joernalistiek is nie 'n noodsaaklike voorwaarde vir sosiale verandering nie.

3 Ondersoekende joernalistiek is op sigself 'n voldoende voorwaarde vir sosiale verandering.

4 Ondersoekende joernalistiek is op sigself nie 'n voldoende voorwaarde vir sosiale verandering nie.

5 Ondersoekende joernalistiek is gerig op die verandering van die *status quo*.

6 Ondersoekende joernalistiek is nie gerig op die verandering van die *status quo* nie.

7 Die invloed van ondersoekende joernalistiek op sosiale verandering is afhanklik van 'n ryp[4] sosiale en politieke klimaat.

8 Die invloed van ondersoekende joernalistiek op sosiale verandering is nie afhanklik van 'n ryp sosiale en politieke klimaat nie.

In saamgevatte vorm veronderstel hierdie hipoteses die verwantskap tussen ondersoekende joernalistiek en sosiale verandering. Die hipoteses hou verband met mekaar en is geformuleer met die oogmerk om die soort verhouding (oorsaaklikheid al dan nie of selfs kovariasie)

tussen ondersoekende joernalistiek en sosiale verandering bloot te lê.

Ondersoekende joernalistiek is in hierdie studie die onafhanklike veranderlike en sosiale verandering die afhanklike veranderlike. Onafhanklike veranderlikes sou verder getipeer kon word as synde noodsaaklik of voldoende om 'n verandering in die afhanklike veranderlike te bewerkstellig[(5)]. Verder moet gestel word dat hierdie studie onder die aanname/voorwaarde van *ceteris paribus*[(6)] onderneem word. Eenvoudig gestel, beteken dit dat daar 'n magdom uitgeslote veranderlikes is wat nie ondersoek word nie, maar dat daar vir die doeleindes van hierdie ondersoek aanvaar word dat hulle geen of geen beduidende invloed uitoefen nie. Hierdie aanname/voorwaarde maak dit moontlik om op die afgebakende veranderlikes te fokus en kwalifiseer dus die voorwaardelikheid van gevolgtrekkings wat moontlik gemaak sal word.

Omdat hier met 'n gevallestudie gewerk word, is die veralgemening van gevolgtrekkings natuurlik riskant en sal die gronde waarop die hipoteses moontlik aanvaar of verwerp word, berus op die verdere aanname dat *VWB* se ondersoekende joernalistiek verteenwoordigend is van ondersoekende joernalistiek in die algemeen.

Die hipoteses struktureer die studie deurdat sosiale verandering (dit wat verklaar word - *explanandum* of

*explicandum*) en ondersoekende joernalistiek (dit wat verklaar - *explanans*) die belangrikste komponente van die hipoteses is.

**1.4 Benadering, metode van ondersoek en bronne**

Gewoonlik dui die begrip wetenskaplike benadering op die beginsels en kriteria waarvolgens studieverskynsels geselekteer, georden en geëvalueer word, terwyl die begrip wetenskaplike metode na die verskillende prosedures van wetenskaplike redenering verwys (Fairchild 1973:13; McGee 1975:20-27).

Wat benadering betref, is die breë raamwerk in terme waarvan hierdie studie onderneem word 'n aantal teoretiese perspektiewe wat in die sosiale wetenskappe in die algemeen en in die kommunikasiekunde in die besonder hul oorsprong en toepassing vind. Hierdie teoretiese perspektiewe sal in hoofstuk twee bespreek word. Wat betref wetenskaplike metode word daar van induksie en veral kwalitatiewe inhoudsontleding gebruik gemaak. Induksie behels veralgemening op grond van beperkte waarneming, terwyl kwalitatiewe inhoudsontleding onderneem word deur 'n model te skep vir die sistematiese en logiese ontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in die gevallestudie.

Benewens die beskrywing en die verwerking van die stu-

diemateriaal volgens algemeen geldende wetenskaplike prosedures, word daar ook evaluatiewe uitsprake gemaak. Dié uitsprake word veral gegrond op die kwalitatiewe inhoudsontleding van die gevallestudie. Die normatiewe dimensie van die wetenskaplike onderneming is weliswaar kontroversieel, maar behoort nie ontwyk of versluier te word nie. Dus word daar gepoog om nie alleen die studieverskynsels te beskryf en te verklaar nie, maar ook om die verskynsels wat bestudeer is te evalueer.

Die bronne wat vir die studie geraadpleeg word, behels hoofsaaklik 'n literatuurstudie van toepaslike boeke, tydskrifartikels en uit die aard van die onderwerp 'n groot aantal koerantberigte wat op die terrein van ondersoek betrekking het. Vir die insameling van bykomende inligting is daar ook van telefoniese onderhoude gebruik gemaak. Verder is 'n vraelys aan Afrikaanstalige publiseerkundestudente van UNISA, aangebied, ontleed en bespreek (kyk bylae A vir die vraelys).

## 1.5 Belang van die ondersoek

Suid-Afrika is sedert einde April 1994 formeel 'n demokrasie en persvryheid word algemeen beskou as 'n belangrike hoeksteen van 'n demokrasie. Een van die bekendste bronne vir dié algemene siening is waarskynlik dié van 'n vroeëre president van die Verenigde State van Amerika (VSA) Thomas Jefferson (1801-1809). Jefferson beklem-

toon in dié verband: "our liberty depends on the freedom of the press" (1939:151). Daar word ook algemeen aanvaar (vgl Jefferson 1939:142-143) dat daar in 'n demokrasie korrektiewe behoort te wees wat inwerk op bestaande magte. Ondersoekende joernalistiek as 'n onderskeibare joernalistieke praktyk (kyk hoofstuk drie) kan as 'n belangrike korrektief vir owerhede beskou word, aangesien dit die soort joernalistiek is wat indringende vrae stel oor die werkinge van die owerhede en ander samelewingsinstellings. Vosloo (1989:201) skryf in dié verband: "The role of the Press as watchdog of the public remains fundamental to an honest public life and central government". Protess *et al.* (1991:5,7) noem ondersoekende joernalistiek "the journalism of outrage" en beklemtoon ook die rol en funksie van ondersoekende joernaliste as "societal watchdogs". In ondersoekende joernalistiek word die publiek se *reg om te weet* beklemtoon (vgl Protess *et al* 1991:13; Miller 1995:30-31) en volgens Westerse standaarde word 'n ingeligte publiek as noodsaaklik beskou vir die bestaan van 'n demokrasie (vgl Roelofse 1983:4).

Tydens *VWB* se bestaan was Suid-Afrika nog nie 'n demokrasie nie. Soos hierbo verduidelik is, is ondersoekende joernalistiek belangrik vir die voortbestaan van 'n demokrasie. In hierdie studie word gepoog om aan te toon dat ondersoekende joernalistiek ook belangrik is vir die verandering van 'n ondemokratiese samelewing na

'n demokratiese samelewing. Meer spesifiek word daar gepoog om vas te stel of *VWB* se ondersoekende joernalistiek bygedra het tot die verandering van 'n ondemokratiese of pseudo-demokratiese samelewing na 'n demokratiese samelewing in Suid-Afrika. Volgens Protess *et al.* (1991:3) word die idee dat ondersoekende joernalistiek 'n magtige katalisator in die proses van sosiale verandering kan wees in Amerika, veral ná die Watergate-skandaal, algemeen aanvaar.

Ten slotte word die logika van aanbieding deur die opeenvolgende hoofstuksekwensie geregverdig.

## 1.6 Logika van aanbieding

In hierdie hoofstuk is **wat** ondersoek word, **hoe** dit ondersoek word en **hoekom** dit ondersoek word aan die orde gestel.

**Hoofstuk twee** behels die teoretiese perspektiewe op die afhanklike veranderlike van die studie, naamlik die verskynsel van sosiale verandering. 'n Groot aantal onderskeidings kom hier na vore, waaronder die faktore wat sosiale verandering veroorsaak of fasiliteer. Laasgenoemde hou verband met die besondere aandag wat aan die moontlike invloed van die media in die proses van sosiale verandering verleen word.

**Hoofstuk drie** is 'n beskrywing van ondersoekende joernalistiek. Die aard van ondersoekende joernalistiek word verreken deur onder meer onderskeid te tref tussen konvensionele joernalistiek en ondersoekende joernalistiek. Die bevindinge van hierdie hoofstuk is die basis waarvolgens 'n model vir die ontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek geskep word.

**Hoofstuk vier** beskryf *VWB* teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse koerantwese. Die hoofstuk is hoofsaaklik 'n profiel van die gevallestudie. *VWB* se stigting, groei, redaksionele beleid, inhoud, finansiering en sirkulasie word behandel. Laastens word *VWB* se rol en betekenis in die Suid-Afrikaanse samelewing geëvalueer.

**Hoofstuk 5** behels die identifisering en ontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in *VWB* gedurende die tydperk 1988 tot 1993. Daar word hoofsaaklik van kwalitatiewe inhoudsontleding gebruik gemaak. Terselfdertyd is die hoofstuk 'n gevallestudie van 'n besondere koerant waarin die verskynsel "ondersoekende joernalistiek" oor 'n bepaalde tydperk bestudeer word. Die fokus van die hoofstuk is hoofsaaklik op gegewens wat deur die ontleding van koerantinhoud ontsluit kan word. Dit gaan in die hoofstuk dus om kwalitatiewe tekstuele ontleding en die afleidings wat daarvolgens gemaak kan word.

In **hoofstuk ses** word 'n stel samevattende gevolgtrekkings oor die studie aangebied. Die gevolgtrekkings behels onder meer 'n evaluering van die geldigheid van die onderskeie hipoteses. Laastens word aandag geskenk aan enkele voorstelle vir moontlike verdere navorsing oor die onderwerp.

**EINDNOTAS**

(1) Ongeregtighede (*injustices*) dui op onregverdige handelinge of toestande - iets wat teen die natuurlike beginsels van regverdigheid (*justice, righteousness*) indruis. 'n Skending van menseregte sou hier as 'n voorbeeld kon dien.

(2) Onregmatige dade dui op handelinge wat "in stryd is met wat reg en billik is" (Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal [*HAT*] 1973:594) en hou ook die betekenis in dat sodanige handelinge in stryd met die reg is. Ongeregtighede sou in teenstelling hiermee kon bestaan sonder dat dit regstegnies onwettig is.

(3) Wanneer die term "media" gebruik word, word gewoonlik "massamedia" bedoel.

(4) 'n Ryp sosiale en politieke klimaat verwys na 'n tydperk en omstandighede wat bevorderlik is vir die legitimering van nuwe sosiale en magsverhoudings (vgl Protess *et al* 1991:250-251).

(5) Van Dyke (1967:39) lig die verskil tussen noodsaaklike en voldoende voorwaardes soos volg toe: "Conditions are said to be necessary when their presence is essential to the occurrence of the phenomenon in question - when their absence would preclude its occurrence. They are said to be sufficient when their presence is enough to assure its occurrence. Conditions classified as necessary to a phenomenon may exist without actually bringing it about, which means that necessary conditions may not be sufficient. And conditions classified as sufficient may have alternatives, i.e., there may be disjunctive sets of sufficient conditions anyone

of which is enough to bring about the phenomenon in question; and this means that the sufficient conditions that operate may not be necessary".

(6) Huysamen (1994:22) omskryf hierdie aanname soos volg: "The principle that all other factors except the one whose effect is being investigated, have to be excluded, is referred to in science and law by means of the Latin phrase *ceteris paribus* ('everything else being the same')".

# HOOFSTUK TWEE

# 2 SOSIALE VERANDERING EN DIE INVLOED VAN DIE MEDIA

## 2.1 Inleiding

"Om te verander" beteken om iets "anders (te) maak, (te) wysig" om iets "in 'n ander ding, toestand (of) vorm (te) laat oorgaan" en "verandering" is die "handeling" of "proses" van verander (*HAT* 1973:950).

"Verandering" word dikwels as sinoniem met ander verbandhoudende begrippe soos "proses", "vooruitgang", "evolusie", "ontwikkeling", "beweging" en "mobiliteit" gebruik. Verskillende konnotasies kan aan dié begrippe geheg word. "Verandering" word deur die meeste sosioloë as 'n meer neutrale begrip as bogenoemde variasies beskou. Juis omdat dit 'n neutrale begrip is, is "alle verandering geen verbetering nie" (*HAT* 1973:951) en kan dié begrip ook negatiewe konnotasies hê en "agteruitgang", "rewolusie" en "immobiliteit" beteken. Daar kan van "verandering" gepraat word wanneer 'n bepaalde objek of entiteit diachroniese **verskille** toon (vgl Nisbet 1972:1-4; Vago 1980:4-5). Verandering sou dus impliseer dat daar 'n bestaande subjek, objek of toestand moet wees wat 'n bepaalde vorm, inhoud en funksie het wat van 'n bestaande na 'n nuwe vorm, inhoud en funksie moet beweeg. Sodoende verdwyn of gaan die oorspronklike op in die nuwe vorm, inhoud, funksie of toestand.

Die "sosiale" deel van die konsep "sosiale verandering", die sogenaamde bepaler van die kern "verandering", omskryf die soort verandering en maak die begrip "verandering" bloot meer spesifiek. "Sosiaal" is dit wat betrekking het op die samelewing, "op mense wat saamleef in 'n groep" (*HAT* 1973:803).

Verskeie skrywers definieer "sosiale verandering" as diachroniese verskille in verhoudings, norme, rolle, status of strukture. Dit verwys na 'n waarneembare (deur rekords of herinnering) kontras tussen die teenwoordige en 'n vroeëre toestand van 'n samelewingsverskynsel (vgl Nisbet 1972:2; Vago 1980:7-10; Gerth en Mills 1969:398). Sosiale verandering kan uiteraard betrekking hê op ekonomiese, politieke en ander samelewingsterreine.

## 2.2 Die proses van sosiale verandering

Daar bestaan talle bronne en verskeie perspektiewe oor en variërende beklemtonings van aspekte van die proses van sosiale verandering. Vergelyk byvoorbeeld Nisbet (1972:17-21); Kuhn se hoofstuk oor *revolutions in thought* (Nisbet 1972:147-165); en Berger en Luckmann se hoofstuk *Language and knowledge in everyday life* (Berger en Luckmann 1976:49-61). Die onderwerp is omvattend en regverdig as 't ware 'n studie op sigself.

Die proses kan egter kortliks soos volg verduidelik word:

Die proses van sosiale verandering begin by die individu na aanleiding van verandering in sy[1] omgewing (Garner 1977:47). Die verandering in die individu verwys na 'n psigologiese of noëtiese (geestelike) verandering, die verandering in bewussyn. 'n Verandering in bewussyn verwys na 'n fundamentele verandering in die individu se vertolking van die wêreld en van homself. Dit verwys na die verandering van waardes (beginsels, oortuiginge), houdings[2] en norme; as 't ware 'n verandering in betekenisgewing. Betekenis word gewoonlik gevorm deur interaksie en verhoudings met ander mense en ook beïnvloed deur die uitbreiding van kennis (byvoorbeeld weens blootstelling aan media-inhoud). Die individu word aan 'n nuwe verwysingsraamwerk blootgestel en hy kan dit aanvaar of verwerp. Wanneer sy groep egter die nuwe verwysingsraamwerk aanvaar word die moontlikheid van aanvaarding versterk en kan dit oorgaan tot sigbare (gedrags)verandering (vgl Garner 1977:53-57). Die individu se waardes wat voortspruit uit sy sosialiseringsproses kan byvoorbeeld weens ongeregtighede of onregmatige dade waarvan hy bewus word, aanleiding gee tot die bevraagtekening van sy waardes. Dit kan aanleiding gee tot 'n verandering in sy houding jeens byvoorbeeld die regering van sy land. Hierdie veranderde houding kan lei tot die uitspreek van sy mening hieroor. Wanneer 'n groep 'n

soortgelyke mening uitspreek én dit byvoorbeeld in die massamedia weerspieël word, kan dit lei tot 'n verandering in waarneembare gedrag. Die massamedia kan egter ook die instrument wees wat aanvanklik die veranderde mening "uitspreek" en so sy lesers beïnvloed om ook hul mening uit te spreek. Die uitspreek van veranderde menings is egter nie voldoende in die lig van **sosiale** verandering nie. Volgens Garner (1977:63) kan 'n mens sonder optredes of handelinge nie praat van sosiale verandering nie. Die proses word dus beskou as onvolledig wanneer dit slegs die verandering in bewussyn en selfs uitgesproke mening behels.

Die proses kan grafies soos volg voorgestel word:

| | | |
|---|---|---|
| Sosiale omstandighede (bv. owerhede se vermorsing van die belastingbetaler se geld) ----------><br><------------ | Verandering in bewussyn (bv. weens berigte oor ondersoeke deur koerante)<br>------------------><br>------------------- | Handeling (bv. regstellende stappe deur owerhede)<br>-----------><br>------------------ |

Uiteindelik kan die proses van verandering op een of meer vlakke plaasvind, soos die bewussynsvlak, die vlak van uitgesproke mening sowel as op die vlak van gedrag. Die vlak van gedrag (optredes en handelinge) is dan die kwalifikasie wat van "verandering" sosiale verandering maak. Die verwantskap tussen die vlakke is interaktief,

maar nie noodwendig meganisties nie - verandering op een vlak sou tot verandering op 'n ander vlak kon lei, hoewel dit nie noodwendig hoef te geskied nie.

Verder vind die proses van sosiale verandering dikwels plaas weens die **onvermydelikheid** daarvan. Die samelewing voldoen nie aan mense se verwagtinge nie en veranderinge word onvermydelik. Die onvermydelikheid van sosiale verandering word gekoppel aan mense se nuuskierigheid, rusteloosheid en ontevredenheid met die *status quo*. Mense kom in konflik met die *status quo* of aspekte daarvan weens teenstrydige belange of onverenigbare aansprake op skaars bronne soos geld of mag. Die gaping tussen die samelewing se ideale of basiese waardesisteem en die werklikheid, die gaping tussen "is" en "behoort", veroorsaak spanning wat tot konflik en dikwels onvermydelike sosiale verandering lei (vgl Vago 1980:107; Merton en Nisbet 1976:7).

Sommige mense en groepe in die samelewing kan egter ook terselfdertyd tevrede wees met wat "is" en daarom 'n **weerstand** teen veranderinge bied. Weerstand teen sosiale verandering word verbind met "ego-involved attitudes" (Klapper 1960:45-47). "Ego-involved attitudes" verwys na houdings en oortuigings wat mense het oor sake wat vir hulle van kernbelang is, soos sieninge oor religieuse sake en rasseverhoudings. Verandering van sterk geïnstitusionaliseerde houdings en oortuiginge is

ongewoon en versterking van hierdie houdings word beskou as normaal.

In samehang met Klapper, verbind Ogburn (Nisbet 1972:46-71) weerstand teen sosiale verandering met kenmerke wat losweg beskryf kan word as "ego-involved attitudes" en ook met 'n tevredenheid met die *status quo*. Hy verbind weerstand teen sosiale verandering met

* die nuttigheid van sekere kulturele gebruike;
* die mag van gevestigde belange ('n ekonomies - ook op die gebied van opvoeding en politiek - bevoorregte groep is in die posisie om verandering te weerstaan);
* die mag van tradisie;
* die mag van gewoonte;
* die mag van sosiale druk - vrees vir verwerping "dwing" tot konformering aan bestaande norme en waardes van sosiale groepe; en
* die ontkenning van onaangename situasies in die verlede - die verlede word deur selektiewe vergeetagtigheid verheerlik. (Die hoop op "beter tye" kan egter die idee van die "goeie ou dae" vervang.)

'n Verdere oorsaak vir die weerstand teen sosiale verandering kan in die vrees en onsekerheid vir die nuwe gevind word.

Vervolgens word verskeie teorieë wat met verloop van tyd oor sosiale verandering ontwikkel is oorsigtelik bespreek.

## 2.3 Enkele teorieë oor sosiale verandering

In die lig van die doel van hierdie hoofstuk, waar veral die invloed van die massamedia op sosiale verandering beklemtoon word, word slegs toepaslike aannames van die evolusieteorieë, die konflikteorieë en die rewolusieteorieë bespreek. Dit word verder verbind met die rol en funksie wat die massamedia volgens hierdie teorieë in die proses van sosiale verandering speel.

Volgens die klassieke **evolusieteorieë** ontwikkel die samelewing eenlynig en onvermydelik volgens vaste stadia. Elke opeenvolgende stadium toon 'n toename in kompleksiteit en differensiasie. Elke volgende stadium is ook 'n noodwendige verbetering op die vorige stadium. Vergelyk in dié verband byvoorbeeld die bekende teorieë van Comte, 1798-1857 (1973:15-16); Spencer (1820-1903); Toennies (1855-1936) en Becker (1899-1960). Laasgenoemde drie skrywers het soortgelyke sieninge oor evolusionêre verandering (Spencer 1973:9-13; Toennies 1973:54-62; Becker 1968:253), naamlik dat samelewings natuurlik ontwikkel van relatief eenvoudige patrone van organisasie (homogene samelewings) tot meer komplekse strukture (heterogene samelewings) gekenmerk deur vermeerderde spe-

sialisasie (vgl Becker 1968:248-280; Vago 1980:33-34-38; Timasheff en Theodorson 1976:15-44,179-181; Gerth en Mills 1969:4-18). Weerstand teen sosiale verandering kom volgens Becker (1968:253) veral in tradisionele samelewings voor, terwyl die sekulêre samelewing gekenmerk word deur 'n gewilligheid en vermoë om te verander.

In die twintigste eeu is die eenlynige evolusie-idee vervang deur die idee van meerlynige (*multiliniêre*) evolusie. Dit is die siening dat samelewings van die begin af varieer en deur verskillende patrone van verandering ontwikkel (Vago 1980:38-39).

Talle samelewings is en word gekenmerk deur 'n patroon van verstedeliking en industrialisering. In Suid-Afrika word die depressiejare, die dertigerjare, byvoorbeeld spesifiek aan die verstedeliking van die Afrikaner gekoppel. Daar is selfs gepraat van die ontvolking van die platteland (ten spyte van die swart plattelandse bevolking - dit verwys egter na 'n ideologies gefundeerde siening). Die meeste ontwikkelde samelewings is vandag in die post-industriële stadium, wat veral gekenmerk word deur die produksie en verspreiding van inligting en gepaardgaande tegnologiese ontwikkeling wat gesofistikeerde vorme van massamedia moontlik gemaak het. Hierdie samelewingsektor, die kommunikasie-industrie, brei steeds uit. Die massamedia word ook gesien as 'n bydraende oorsaak (deur agendastelling) tot vinnige verstede-

liking, sosiale mobiliteit en die agteruitgang van tradisionele samelewings (vgl McQuail 1989:75-76, 88).

Die **konflikteorieë** is gebaseer op die algemene aanname dat konflik endemies is in alle samelewings en dat dit noodwendig lei tot onstabiliteit en sosiale verandering. Verandering is onvermydelik en is hoofsaaklik die gevolg van mededinging vir skaars bronne tussen groepe in die samelewing. Sosiale ongelykheid in magsverhoudinge (polities en ekonomies) word as die belangrikste bron van konflik beskou. Vergelyk in dié verband die bekende teorieë van Marx en Engels (1973:32-39) waar sosiale ongelykheid as kenmerkend van die kapitalistiese samelewing gesien word (vgl Duke 1976:17,23; Bottomore in Chambliss 1973:252-253; Faure 1990:30).

Ten spyte daarvan dat Marx en Engels se idees wyd gekritiseer is (vgl Vago 1980:42; Timasheff en Theodorson 1976:61-64), is hul idees verder ontwikkel en uitgebrei en steeds invloedryk in die hedendaagse sosiale wetenskappe. Marx se teorie het byvoorbeeld gelei tot verskeie teoretiese variasies, soos die politiek-ekonomiese teorie, die kritiese teorie en Gramsci se teorie oor hegemonie. Gramsci se begrip "hegemonie" verwys byvoorbeeld na (algemene) instemming met die ideologie van die heersers (Gramsci 1978:242,253,259). Vergelyk in dié verband die destydse apartheidsideologie van die Afrikaanse bewindhebbers in Suid-Afrika en die aktiewe be-

vordering daarvan deur veral Afrikaanse skole, kerke, belangegroepe (Broederbond, Voortrekkers) en die massamedia (vgl McQuail 1989:63-67,83; Roelofse 1983:33; Louw 1983:16).

Dit is ook steeds moontlik om die moderne massamedia aan die hand van Marx se idees te evalueer. Die neiging tot besit en beheer van die massamedia deur die bourgeoisie in Westerse samelewings en die meegaande neiging tot konserwatisme in media-inhoud (behoudend ten opsigte van basiese bourgeoisiewaardes) is populêre voorbeelde wat in Marxistiese ontledings gebruik word. Die belange van die bourgeoisie word volgens sodanige ontledings ondersteun ten koste van alternatiewe idees wat tot sosiale verandering kan lei.

'n Verdere voorbeeld van 'n konflikteorie is dié van Coser. Volgens Coser (1973:114-115) is konflik deel van die sosialiseringsproses en deel van die mens se samestelling. Konflik kan volgens hom konstruktief sowel as destruktief wees. Coser (1967:307) beklemtoon die funksionaliteit van konflik in 'n samelewing as

* 'n saambindende faktor wat 'n gevoel van identiteit (die 'ons'-gevoel binne groepe) bevorder;
* 'n uitlaatklep vir frustrasies;
* 'n realistiese manier om 'n gegewe doel te bereik;

* 'n aanduiding van stabiliteit (slegs groepe of samelewings wat seker is van die stabiliteit van hul verhoudings sal/kan konflik gedoog);

* 'n kuur vir groter verdraagsaamheid teenoor afwykende gedrag binne 'n groep (die 'met ons' en 'teen hulle'-idee);

* 'n middel tot die skepping van nuwe norme wat die verhouding tussen konflikterende partye bevorder; en

* 'n instrument vir magsverdeling en 'n wesenlike element van demokratiese sisteme.

Konflik los nie wesenlike strydpunte op nie, maar bepaal wel dikwels die terme en voorwaardes vir onderhandeling oor hierdie strydpunte (vgl McGee 1975:298-299; Duke 1976:165-166). Konflik in Suid-Afrika het byvoorbeeld gelei tot 'n proses van onderhandelinge vanaf 1990 (KODESA) - die oorkoepelende doel van die onderhandelinge kan onder meer gesien word as die skepping van nuwe norme wat die verhouding tussen die konflikterende partye bevorder. Die voorwaardes is veral deur die African National Congress (ANC) en die Nasionale Party (NP) beding (vgl Faure 1990:31).

Die **rewolusieteorieë** sluit aan by die konflikteorieë oor sosiale verandering. Rewolusie word gesien as 'n radikale sosiale omwenteling en die gevolg van konfliksituasies. Ander teoretiese perspektiewe maak egter in mindere mate ook voorsiening vir rewolusionêre veranderin-

ge, maar met die klem op óf die vermyding van konflik óf op die herwinning van balans en stabiliteit.

"Rewolusie" word verbind met gewelddadige (burgeroorlog) of niegewelddadige fundamentele verandering in 'n samelewing. Die sosiologiese teorieë gaan van die aanname uit dat die oorsake van rewolusies gevind word in die dinamika van sosiale verhoudings. Vergelyk byvoorbeeld Johnson se model van rewolusie vanuit die struktureel-funksionele perspektief - gerig op vinnig terugkerende stabiliteit (Taylor 1984:11-21) en Moore se gevallestudie oor die oorsprong van diktatorskappe en demokrasie, gebaseer op Marx se idees (Taylor 1984:24-34) en Skocpol se ontleding van sosiale rewolusies (Taylor 1984:34-50; Skocpol 1979). Die sosiaal-sielkundige teorieë oor rewolusie fokus op houdings, persepsies en geestelike prosesse van individue. Vergelyk byvoorbeeld Geschwender en Schwartz se rewolusieteorieë gebaseer op Festinger se kognitiewe dissonansieteorie (Taylor 1984:53-60) en die frustrasie-aggressie teorieë van onder meer Dollard en Doob asook Davies se bekende 'J'-kurwe teorie (Taylor 1984:60-65). Die politieke teorieë oor rewolusie gaan van die aanname uit dat rewolusies poog om politieke strukture en instellings fundamenteel te verander en daarom is rewolusie inherent 'n politieke fenomeen. Vergelyk byvoorbeeld die teorieë van Huntington, vanuit die struktureel-funksionele perspektief (Taylor 1984:116-130) en Tilly se tipologie van rewolusies, van-

uit die konflikperspektief (Taylor 1984:130-149).

Wat die massamedia en rewolusionêre veranderinge betref, funksioneer die massamedia altyd binne 'n sosiale konteks (in dié geval 'n konteks wat gekenmerk word deur konflik) en dra die massamedia by tot die fasilitering òf die obstruksie van rewolusionêre verandering. Die verspreiding van inligting deur die massamedia kan byvoorbeeld volgens Weiss aspirasies by minderbevoorregte groepe verhoog en "rising aspirations can become a volcano of rising frustrations, if unrealistic expectancies are developed or instant changes demanded" (King en McGinnies 1972:140-141). Weiss skryf oor die massamedia en die "black social revolution" in die VSA volgehoue mediadekking "has kept black strivings in the focus of public attention and kept them from being swept under the societal rug" (King en McGinnies 1972:144).

Die rol van die massamedia as agendastellers is hier relevant. Agendastelling[3] word onder meer beïnvloed deur ideologiese voorkeure wat die hantering van konflik beinvloed. Deur byvoorbeeld positiewe of negatiewe dekking of deur gereelde of min dekking aan konfliksituasies en aspirasies te gee, kan die massamedia waarskynlik die rigting en spoed van verandering beïnvloed.

Vervolgens word op bogenoemde bespreking uitgebrei deur te fokus op die invloed van die massamedia op sosiale

verandering.

## 2.4 Die invloed van die massamedia

Die vraag "Wat is die invloed van die massamedia?" is reeds in 1948 akkuraat, maar ook pessimisties deur Berelson beantwoord (Klapper 1960:4). Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat "some kinds of communication on some kinds of issues, brought to the attention of some kinds of people under some kinds of conditions, have some kinds of effects" (Klapper 1960:4). Om gevolge te isoleer, het 'n bykans onmoontlike navorsingstaak geblyk. Klapper (1960:4) skryf: "Almost every aspect of life of the audience member and the culture in which the communication occurs seems susceptible of relation to the process of communication effect". Die vae navorsingsresultate oor die effek van massakommunikasie het in die veertiger- en vyftigerjare pessimisme onder navorsers en die publiek (wat byvoorbeeld wou weet of geweld in die media afwykende gedrag tot gevolg sou hê) veroorsaak.

Die soeke na direkte gevolge was gegrond op die geloof in die sogenaamde **spuitnaaldteorie**. Hiervolgens sou die invloed van die massamedia baie sterk of absoluut wees. Die ontvanger kry 'n "inspuiting" of stimulus (massamedia-inhoud) wat dan 'n onvermydelike en voorspelbare reaksie tot gevolg sal hê. Nadat die teorie algemeen

verwerp is as meganisties en deterministies (die stimulus bepaal die reaksie, die mens het geen keuse nie, hy word totaal beheer en kan nie ontsnap aan die invloed van die massamedia nie), het 'n nuwe neiging posgevat. Klapper (1960:5) verwys na die nuwe oriëntasie "as a shift away from the concept of 'hypodermic effect' toward an approach which might be called 'situational' or 'functional'" (vgl Fauconnier 1975:186; McQuail 1975:35-36; 1989:252,260). Dié nuwe teoretiese oriëntasie word vervolgens bespreek.

### 2.4.1 Enkele teorieë oor die invloed van die massamedia

Die volgende teorieë verteenwoordig 'n beweging weg van die neiging om die massamedia te sien as 'n noodsaaklike en voldoende oorsaak van gevolge "toward a view of the media as influences, working amid other influences, in a total situation" (Klapper 1960:5). Die massamedia word beskou as een van 'n reeks faktore.

Katz en Lazarsfeld was van die eerstes wat die sogenaamde "spuitnaaldbeïnvloeding" verwerp het deur die aandag op persoonlike invloede te vestig. Die **tweestapvloeiteorie** veronderstel dat inligting deur twee basiese kanale vloei, naamlik

* vanaf die media na relatief goed ingeligte indivi-

due (meningvormers) wat dikwels aan die media aandag gee; en

* vanaf die meningvormer na minder media-aktiewe persone.

De Fleur en Ball-Rokeach (1975:267) skryf "opinion leaders selectively channel people's attention to events and influence the content or intensity of the attitude formed". Die meningvormer heg dikwels ook sy eie vertolking aan media-inhoud. Die meningvormer (die onderwyser, kerkleier, besigheidsmense) is hiervolgens invloedryk (vgl Fauconnier 1975:191; De Fleur en Ball-Rokeach 1975:212; Gitlin 1983:79-83; McQuail 1989:261,271).

Die tweestapvloeiteorie vind aansluiting by die invloedryke **teorie van tussenkomende faktore.** Hiervolgens oefen faktore soos leeftyd, sosiale status, interpersoonlike verhoudinge, kuddegevoel en ander sielkundige en omgewingsfaktore tesame met die massamedia 'n invloed uit. Veral die vrees vir isolasie (van die "kudde") is 'n belangrike faktor in die voorkoming van sosiale verandering. Die massamedia is slegs een van die omgewingsfaktore wat die menings, houdings en handelinge van die ontvanger beïnvloed (vgl Gitlin 1983:75; Fauconnier 1975:186-187; McQuail 1989:253-254,261-262).

Die **gebruiks- en bevredigingsteorie** konsentreer nie op

wat die media aan mense doen nie, maar eerder op wat mense met die media doen. Dit gaan hier oor die subjektiewe behoefte van die mediagebruiker. Mense maak gebruik van die media volgens individuele behoefte en raak betrokke by sake wat vir hulle betekenisvol is. Die manier waarop die media gebruik word, is dus belangrik. Die probleem ontstaan egter dat mense 'n behoefte ontwikkel om te lees oor sake waarmee hulle in elk geval saamstem en dit lei dan bloot tot 'n versterking van bestaande houdings en menings (vgl McQuail 1989:262-264).

Die gebruiks- en bevredigingsteorie sluit in sekere mate by die sosiaal-sielkundige **balansteorieë** aan. Ontvangers is hiervolgens geneig om die media te gebruik wanneer hulle van 'n innerlike wanbalans of spanning ontslae wil raak. Die wanbalans ontstaan wanneer die ontvangers iets sê of doen wat teenstrydig is met die res van hul houdings en menings en die media word dan vir die versterking van bepaalde sienings gebruik (Fauconnier 1975:189). Die gebruiks- en bevredigingsteorie is op die struktureel-funksionalisme gebaseer. Die sisteem determineer die mens in so 'n mate dat selfs individuele behoeftes (bewustelik of onbewustelik) ingespan of aangepas word om tot die handhawing van die sisteem by te dra. Die mens kan kies, maar slegs binne die gegewe grense van die sisteem wat die mens rig om die "regte" dinge te doen vir die bevrediging van behoeftes (McQuail

1975:43). Dié teorie se klem op veral die bevrediging van behoeftes beperk hierdie benadering. Mense het ook belange en belangstellings en ander dryfvere. Die mens handel nie slegs instinkmatig nie. Die leemtes in die teorie het gelei tot 'n variasie daarvan, naamlik die **verwagte-waarde** (*expectancy-value*) teorie (Littlejohn 1992:365). Hiervolgens oriënteer mense hulleself in hul leefwêreld volgens hul verwagtinge en hul evaluasie van hul omstandighede. Individue se verwagtinge moet dus deur media-inhoud bevredig word.

Bogenoemde teorieë is voorbeelde van teorieë waarvolgens die massamedia slegs beperkte invloed op die ontvanger uitoefen. Aan die ander kant van die spektrum is daar die teorieë wat aan die massamedia belangrike en magtige beïnvloedingsmoontlikhede toeskryf. Soortgelyk aan die spuitnaaldteorie gee die **mags elite-teorie** van C. Wright Mills (1978) byvoorbeeld 'n perspektief van uiterste beinvloedingsmoontlikhede deur die massamedia. Volgens hierdie teorie word die invloed van ideologie, soos versterk deur die seleksie en aanbieding van massamedia-inhoud, byvoorbeeld as 'n belangrike manipuleerder beskou. Dit verteenwoordig 'n ekstreme en pessimistiese siening van absolute beheer en manipulasie van die openbare mening. Die elite is die regerende minderheid wat die massamedia beheer en misbruik vir eie ideologiese en ekonomiese belange. Die middelklas is magteloos in die burokrasie vasgevang en word deur die massamedia gemani-

puleer en ge-eksploiteer. Die invloed van die media is baie sterk omdat die massamens hom daaraan verslaaf het. Die massamedia het 'n sielkundige ongeletterdheid geskep wat veroorsaak dat eie sieninge nie meer vertrou word nie. Die massamedia skep 'n tweedehandse wêreld waardeur die massa op so 'n doeltreffende wyse gemanipuleer word dat dieselfde ideologieë en standpunte as dié van die elite onderskryf word (vgl Mills 1973:124, 1978:311-314; Jansen 1980:24 asook Gramsci se teorie oor hegemonie 1978:242,253,259). Mills se teorie sluit ook aan by die swygspiraalteorie wat hieronder breedvoeriger bespreek word, omdat dit op sterker empiriese navorsing berus en 'n beter verklaring bied vir die relatiewe invloed van die media en die wisselwerking tussen media-inhoud en die openbare mening.

Volgens die **swygspiraalteorie** van Noëlle-Neumann (1980) word die openbare mening sterk deur die massamedia beïnvloed. Die invloed van die massamedia het volgens hierdie teorie veral te make met die ooreenstemming in perspektiewe oor kwessies in die verskillende massamedia. Samelewingskwessies word (ideologies) soortgelyk gehanteer. Volgens Donsbach (1989:6) is die invloed van die massamedia veral sterk wanneer media-inhoud "extremely consonant" is. Deur die soortgelyke hantering van boodskappe wek die massamedia die indruk dat daar openbare eenstemmigheid is (vgl Severin en Tankard 1988:316). Die proses veroorsaak dat die een kant van 'n kwessie

baie publisiteit ontvang en die ander kant min of geen publisiteit ontvang nie.

Die sielkundige verklaring vir die ontstaan van die swygspiraal is dat mense sosiale wesens is en isolasie vrees (Donsbach 1989:5). Hul ondersteuning van "dominante" sieninge, soos deur die massamedia aangebied, versterk selfvertroue in die openbare uitdrukking van daardie sieninge. Indien hul siening egter nie openbare ondersteuning geniet nie kry vrees vir isolasie die oorhand en is mense geneig om liewer in die openbaar te swyg.

Belangrike aannames volgens hierdie teorie is eerstens media-ooreenstemming (konsonansie) en tweedens die individu se persepsie oor wat die ander lede van sy groep veronderstel is om te dink (Noëlle-Neumann noem dit die "quasi-statistical sense"). Die individu se persepsie oor wat die ander lede van sy groep veronderstel is om te dink, word (buiten ander faktore soos interpersoonlike verhoudings) deur soortgelyke massamedia-inhoud versterk. Die idee word in die massamedia geskep dat joernaliste die "prevailing climate of opinion" reflekteer (Biagi 1994:390) en dat "from attending to the media, individuals obtain an impression - more than likely a distorted one - of the distribution of opinion in society" (Hunt en Ruben 1993:77).

Verandering van die openbare mening is slegs moontlik wanneer die voorstanders van verandering - die aanvanklike swygende groep - se persepsie verander na die veronderstelling dat hulle in die meerderheid is (of vermeerderde ondersteuning begin geniet). Selfvertroue vermeerder omdat die openbare media hierdie sieninge reflekteer of versterk. Media-inhoud moet dus verandering ondersteun om verandering suksesvol te kan maak. Die veronderstelling van hierdie teorie is dat sosiale verandering ten minste vergesel word van ondersteunende verandering in media-inhoud (vgl Noëlle-Neumann 1980, 1984:1-8; Tan 1985:379-380).

Die massamedia-inhoud, veral dié van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) en die Afrikaanse pers, is in breë trekke gekenmerk deur die onderskrywing van die apartheidsideologie (vgl Sonderling 1992; 1993). Die ongelukkigheid en ellendes veroorsaak deur apartheid het maar min aandag of slegs negatiewe aandag in die hoofstroom-media gekry. Volgens verskeie skrywers soos Sonderling (1992) en Jackson (1993) was die hoofstroom-media, tesame met ander faktore, 'n belangrike faktor in die ondersteuning van die apartheidsideologie. Sonderling (1992:58) skryf: "To the extent that the media reported on blacks the emphasis was on issues relating to the stability of political and economic white interests" en verder "for a long time reporting on black communities was not considered to be of great interest

for the white media". Sekere idees word subtiel deur agendastelling - dit sluit ook weglating en veral ook verwringing in - oorgedra (vgl Sonderling 1992). Latakgomo (Jackson 1993:54) wys daarop dat die Afrikaanse pers en die "regeringsbeheerde" monopolie, die SAUK, 'n goeie voorbeeld is van "advocacy journalism" - hy verwys na die sogenaamde voorspraak joernalistiek tot voordeel van die apartheidsideologie (vgl Dennis en Rivers 1984:104-135). Die meerderheid mense in Suid-Afrika wou verandering hê en die alternatiewe pers was 'n belangrike spreekbuis vir hulle gedurende die sewentiger- en tagtigerjare. Die alternatiewe pers het die swart meerderheid se aspirasies vir verandering gereflekteer. Die sienings soos gereflekteer in die alternatiewe pers het egter later oorgevloei na die hoofstroom-koerante en ander media. Mathes en Pfetsch (1991) noem dit die "spill-over effect".

In Afrikanergeledere het veral *VWB* (1988-1993) waarskynlik 'n belangrike rol gespeel deur die veranderende persepsies van (sommige) Afrikaners te verwoord en te versterk. Die perspektiewe van die swygende meerderheid is veral deur die alternatiewe pers op die **media-agenda** geplaas. Die begrip "media-agenda" verteenwoordig 'n verdere belangrike teorie oor die invloed van die massamedia, naamlik die agendastellingsteorie.

Die **agendastellingsteorie** kan gesien word as 'n reaksie

op die "limited-effects model" van Klapper (1960). Die idee dat die massamedia normaalweg geen gevolge het nie word sterk betwyfel (Severin en Tankard 1988:267; Blood 1982:3). In die meeste navorsing is egter bevind (vgl Klapper 1960) dat die massamedia maar min of slegs versterkende(4) invloed het op die verandering van houdings. Navorsing toon egter ook dat agendastelling 'n belangrike invloed het op die verandering van persepsies(5) of mense se siening van hul leefwêreld. Weaver, McCombs en Spellman (1975:459) skryf "there is considerable evidence that editors and broadcasters play an important part in shaping **perceptions** of reality. Audiences not only learn about public issues such as Watergate through the media, they sometimes also learn **how much importance** to attach to an issue from the emphasis placed on it by the mass media" (eie beklemtoning). Severin en Tankard (1988:264) skryf in dié verband: "Agenda setting is the idea that the news media, by their display of news, come to determine the issues the public **thinks about** and **talks about"** (eie beklemtoning). Die aandag wat die massamedia aan 'n kwessie(6) of strydvraag gee, veroorsaak (volgens navorsing wat deur McCombs en Shaw [1972] oor die onderwerp gedoen is) dat 'n bepaalde kwessie in die oë van die publiek belangriker word. Volgens die agendastellingsteorie beïnvloed die massamedia die sosiale, politieke en ekonomiese sake waaroor die publiek dink en wat deur die publiek bespreek word. Die potensiële beïnvloeders is die hekwagters (byvoorbeeld

mediawerkers en *status quo* kontakte) en reguleerders (byvoorbeeld regerings, drukgroepe, adverteerders en samelewingsnorme). Die hekwagters aan die een kant neem besluite oor óf, wáár en hóé die plasing (en skryf) van berigte geskied en beskik volgens hierdie teorie oor die mag om op 'n subtiele manier die openbare mening te manipuleer. Die volgende voorbeeld word genoem: "references to the Watergate break-in as a 'caper' which persisted for months, tended to belittle it. The later switch to 'scandal' gave more importance to the issue" (Severin en Tankard 1988:280). Die reguleerders aan die ander kant beïnvloed ook die media-agenda deur byvoorbeeld beperkende wette en ander maatreëls in te stel wat die massamedia (die hekwagters) rig en beperk.

Die hóé van agendastelling (die skryf en plasing van berigte) is in noue verband met **semiologie**, die wetenskap wat op die **betekenis** van tekens (die boodskap) fokus. Die wyse waarop media-inhoud aangebied word, is dikwels herhalend en gebaseer op sekere (bestaande of latente) konvensies, kodes, simbole, ideologieë en mites. Dit is met ander woorde dikwels (gewoonlik) kultuurgebonde. Die ontleding van tekens kan insig bied in die **onderliggende betekenis** van 'n teks in die geheel. Semiologie poog om die "kulturele betekenis" van media-inhoud vas te vang, waardeur insig verkry word in die bedoeling van die mededeler en die moontlike gevolge wat die boodskap vir die ontvanger mag inhou. Deur semiologiese ontle-

ding kan die latente ideologie en vooroordeel van die media byvoorbeeld geopenbaar word (vgl Roelofse 1982; McQuail 1989:185-190). (Kyk ook in dié verband Sonderling [1992:57-63] se gevallestudie oor beriggewing oor die taxi-bedryf in Suid-Afrika.) Sonderling se navorsing werp verdere lig op vooroordeel in agendastelling. (Vergelyk ook bogenoemde verwysing na "Watergate" as "caper" en "Watergate" as "scandal".)

Agendastellingsnavorsing het hoofsaaklik lig gewerp op die invloed van die media-agenda op die openbare mening, die agendabouproses en die weglating van belangrike nuusgebeure in die nuusmedia. Meer as 170 akademiese publikasies het verskyn sedert McCombs en Shaw (1972) se empiriese toetsing van die basiese agendastellingshipotese "that issues emphasised in news coverage subsequently come to occupy prominent positions on the public agenda" (Mathes en Pfetsch 1991:33). Navorsing het egter ook aangetoon dat slegs swak oorsaaklike verbande soms uitgewys kon word (vgl Severin en Tankard 1988). Dit het gelei tot die siening dat die agendastellingseffek nie van toepassing is op alle kwessies nie. Severin en Tankard (1988:277) skryf dat die opvallendheid (*obtrusiveness*) of onopvallendheid (*unobtrusiveness*) van kwessies 'n belangrike faktor kan wees in agendastelling. Dit beteken dat hoe minder direkte ervaring die publiek het met 'n gegewe kwessie (byvoorbeeld besoedeling [onopvallend]), hoe meer moet daar op

die nuusmedia staatgemaak word vir inligting oor die kwessie. Kwessies wat direk deur die publiek ervaar word (byvoorbeeld werkloosheid [opvallend]) is minder afhanklik van media-inligting daaroor. In samehang met die invloed van die opvallendheid of onopvallendheid van kwessies word individue se behoefte vir oriëntasie ook beklemtoon (Severin en Tankard 1988:279). Dit beteken dat die relevansie van die inligting vir die individu belangrik is asook die graad van onsekerheid oor die onderwerp van die boodskap. Hoe meer relevant die onderwerp en hoe meer die onsekerheid oor die onderwerp is, hoe groter is die behoefte aan oriëntasie. Die individu sal in dié geval meer ontvanklik wees vir agendastelling. Deur navorsing is verder bevind dat die invloed weens agendastelling tydsgebonde is (vgl Severin en Tankard 1988). Sekere kwessies neem langer as ander alvorens 'n oorsaak/gevolg verband afgelei kan word. Severin en Tankard (1988:279) skryf: "an oil embargo may suddenly thrust the issue of energy shortage onto the public agenda, whereas it may take years for the 'honesty of government' issue to rise in public awareness" (Severin en Tankard 1988:279).

Die **agendabouteorie** is deur Lang en Lang (1981) as 'n uitbreiding van die agendastellingsteorie voorgestel en bestudeer. Hulle het die verband tussen die pers as agendastellers en die openbare mening tydens die Watergate-skandaal bestudeer. Lang en Lang (1981:465) skryf

dat "except for the news reports about Watergate, most people would not have even known there was a problem. Media attention was a **necessary condition** for the emergence of the Watergate issue" (eie beklemtoning). Hoewel daar sonder mediadekking nie kontroversie sou bestaan het nie, beklemtoon hulle agendastelling as 'n proses (dit was nie 'n **voldoende voorwaarde** nie). Die probleem was so ver verwyderd van die meeste mense se leefwêreld dat dit besondere beriggewing sou verg om dit in 'n kwessie te verander. Daar moet byvoorbeeld kontinuïteit wees om aandag te kan behou. In die agendabouproses gebeur die volgende (Lang en Lang 1981:465-466; Severin en Tankard 1988:279-280):

(1) Deur agendastelling word sommige gebeure, aktiwiteite, groepe en persoonlikhede beklemtoon. Dit beïnvloed waaroor mense dink of praat.

(2) Verskillende soorte kwessies verg verskillende soorte en hoeveelheid nuusdekking om aandag te trek. "Watergate" was 'n kwessie ver verwyderd van die gewone mens se lewe en het daarom uitgebreide mediadekking geverg om dit onder mense se aandag te bring.

(3) Die onderwerp moet in perspektief of in 'n raamwerk geplaas word. Dit beteken dat 'n betekenisveld waarbinne die onderwerp verstaan kan word, verskaf

moet word (soos "Watergate" as 'n simptoom van wydverspreide politieke korrupsie).

(4) Die taal wat deur die media gebruik word, kan die persepsie van die belangrikheid van 'n kwessie beïnvloed. Daar is byvoorbeeld aanvanklik na "Watergate" verwys as "caper" en die latere verandering na "scandal" het meer belangrikheid aan die kwessie gegee.

(5) Die media moet die onderwerp met sekondêre simbole verbind. Die Watergate-skandaal is byvoorbeeld verbind met "die feite moet bekend gemaak word" en "vertroue in die regering". Die onderwerp word deel van 'n bekende politieke omgewing deur byvoorbeeld (opvolg)berigte met sekondêre simbole te verweef.

(6) Die agendabouproses versnel wanneer bekende en geloofwaardige bronne hulle oor die kwessie begin uitspreek.

Die agendabouproses veronderstel dus dat die proses om 'n kwessie op die publiek se agenda te plaas tyd neem en deur verskeie stadia beweeg. Protess *et al.* (1991:205) verwys spesifiek na die agendabouproses in ondersoekende joernalistiek as **"investigative agenda building"** en identifiseer ook verskillende stadia in die agendabou-

proses van ondersoekende joernalistiek. Hierdie stadia het te make met (i) die aanvang (*initiation*); (ii) die betekenis (*conceptualization*); (iii) die versameling en evaluering van getuienis (*investigation*); (iv) die publikasie (*presentation*); en (v) die uiteindelike gevolge (*investigative influence*) van die ondersoek. In hul bespreking van die onderskeie stadia blyk dit duidelik dat ondersoekende joernalistiek nie in 'n sosiale lugleegte ontstaan en ontwikkel nie. Dit blyk dat daar 'n duidelike verband tussen die media en die openbare agenda bestaan (vgl Protess *et al* 1991:205-254).

'n Soortgelyke beklemtoning van 'n interaktiewe verhouding tussen media en samelewing is dié van Mathes en Pfetsch (1991:33) se siening van die agendabouproses as 'n **dinamiese** proses, wat gekenmerk word deur 'n verskeidenheid van interaksies "between the media, public and policy agenda". Volgens die agendastellingsteorie word die openbare agenda gesien as 'n afhanklike veranderlike in terme van die media-agenda. Die agendabouteorie gee egter ook aandag aan die vraag: Wie stel die media-agenda? Mathes en Pfetsch (1991:34) skryf dat die agendabouteorie "pursues this question and tries to identify the variables that determine whether an issue has a successful career on the news agenda or not". Bogenoemde vraag betrek die sogenaamde reguleerders wat die media ekstern beïnvloed en so die media-agenda medebepaal. In sodanige navorsing is die media-agenda dus 'n afhanklike

veranderlike. Agendastelling kan beïnvloed word deur "skouspelagtige" nuusgebeure, politieke instellings, politieke partye en politici, asook magtige drukgroepe wat die openbare mening wil beïnvloed. Eksterne agendastellers poog om hul kwessies op die openbare agenda te plaas en om opponerende sienings te oorheers. In hierdie stryd vir aandag funksioneer die media as 'n filter en versterker deur die gebruik en die versterking van sekere kwessies en die ignorering van ander. Die massamedia tree egter nie slegs reaktief op nie. Hekwagterskap gee die massamedia 'n sleutelrol in die agendabouproses. Joernaliste besluit deur seleksie en plasing van inligting en deur woordkeuse asook deur hul kommentaar, watter kwessies gedek word en watter nie en hóé die kwessies aangebied word. Die media is aktiewe deelnemers in die agendabouproses (vgl Mathes en Pfetsch 1991:34; Severin en Tankard 1988:279-281).

Omdat ondersoekende joernalistiek in *VWB*, wat omskryf word as 'n alternatiewe koerant (kyk hoofstuk vier), bestudeer word, is dit voorts belangrik om aandag te gee aan **die rol van die alternatiewe media in die agendabouproses**. In dié verband moet die "spill-over effect" beklemtoon word (Mathes en Pfetsch 1991). Die alternatiewe media fokus dikwels op kwessies wat selde in die hoofstroom-media gedek word. Mathes en Pfetsch se navorsing het getoon dat "the success of counter-issues at gaining coverage in the alternative press leads

to a 'spill-over effect': the issue spills like a wave from the alternative into the established media" (1991:33). Veral sogenaamde "liberale" koerante is geneig om stories in die alternatiewe pers op te volg en ook verder te ondersoek. Hierdie media en gevolglik die alternatiewe media funksioneer dan ook as **media-meningvormers** en inisieer kettingreaksies binne die media. Die alternatiewe media is verder volgens Mathes en Pfetsch (1991:36) geneig om **nuwe** kwessies en sieninge op die agenda te plaas. Die rede hiervoor is dat die alternatiewe media geneig is om kritiese vrae oor die samelewing te vra. Die alternatiewe media lok dan ook bronne en drukgroepe wat ontevrede is met die *status quo* en wat verandering wil bewerkstellig. In hul navorsing het Mathes en Pfetsch (1991:37) verder bevind dat die alternatiewe media poog om drukgroepe te integreer en 'n sogenaamde "counter-public" daar te stel. Die "counter-public" funksioneer dan teenoor die ontvangers van die konvensionele media. Die alternatiewe media verskaf dus 'n platform vir dié groepe om hul kwessies op die openbare agenda te plaas.

Die alternatiewe media dek dus dikwels die kwessies wat deur die hoofstroom-media geïgnoreer word. Die vraag is waarom sekere belangrike gebeure of kwessies deur die hoofstroom-media weggelaat word. **Weglating** is in die literatuur bekend as "reverse agendasetting" of "strategic silence" (Haarsager 1991).

Wanneer 'n koerant 'n berig bo 'n ander berig vir publikasiedoeleindes kies, reflekteer dit waarskynlik bloot die noodsaaklikheid van nuusseleksie, maar wanneer "those choices consistently reflect an ingrained pattern of silence on important community issues, the **ethical dimensions** suddenly loom large" (Haarsager 1991:35 - eie beklemtoning). Sy skryf verder (1991:41) dat 'n gedeelde sin vir lojaliteit magtig genoeg is om 'n "plig" van geheimhouding te maak. Bok (1978) beklemtoon, soos Haarsager (1991), dat groepslojaliteit 'n belangrike faktor is in die weglating van belangrike nuus. Hy skryf dat "defending one's own is the rule long before justice becomes an issue. It precedes law and morality itself. Allied to the drive for self-preservation, it helps assure collective survival in a hostile environment" (Bok 1978:156-157).

Ander redes vir die weglating van nuus, soos deur Haarsager (1991) geïdentifiseer, is die huiwering om radikalisme, wat die stabiliteit van die *status quo* bedreig, te versterk. Individue en instellings wat floreer onder die bestaande politieke en ekonomiese ideologie beskerm bewustelik en onbewustelik daardie leefwyse. Die versekering aan die leser dat alles goed gaan, word dikwels belangrik. Die magteloosheid en fatalisme van die slagoffers van die *status quo* word op dié manier versterk. Deur die keuse van weglating word radikalisme ontken en versterk dit terselfdertyd vertroue in die

*status quo* (Haarsager 1991:42).

Die motiewe vir weglating is beduidend. Weglating kan geskied weens die behoud van stabiliteit, ekonomiese redes, gevestigde produksiepatrone, vrees vir skielike verandering en groepslojaliteit. Weglating kan egter ernstige gevolge vir die gemeenskap inhou wanneer die media inligting van gemeenskappe "trying to cope with the forces the media have refused to recognize" weerhou (Haarsager 1991:43-44). Weglating kan egter ook soms die gevolg wees van inmenging deur 'n reguleerder, veral die regering van 'n land, waar persvryheid nie 'n hoë prioriteit geniet nie (vgl Holloway en George 1979:240; Lemert 1981:41,45; De Fleur en Ball-Rokeach 1975:269; Cirino 1971:141; McQuail 1989:162-163,275,286). In Suid-Afrika byvoorbeeld het 'n magdom wette en ander regulasies, veral tydens die noodtoestand (tydperke tussen 1985 en 1990), asook dreigemente van vervolging en die sluiting van koerante of die verbod op uitgawes, gelei tot selfsensuur (vgl Hachten en Giffard 1984; Grogan en Riddle 1987:3-16; Jackson 1993:16-36). Weglating is dus in sodanige geval nie die **keuse** van die koerant nie. Koerante het ook dikwels openlik geprotesteer teen die gedwonge weglatings en die leser daarop bedag gemaak dat koerante beperk word en dat dit wat wel gepubliseer word misleidend kan wees (vgl Grogan en Riddle 1987:4).

Ten spyte van beperkings is **kontroversiële** kwessies eg-

ter dikwels wel deur die alternatiewe pers gepubliseer en deur die hoofstroom-media geïgnoreer. Die rede waarom die hoofstroom-media dikwels geen of eers later aan kontroversiële kwessies aandag gee, is dat die hoofstroom-media dikwels geneig is om die *status quo* te ondersteun en dit nie wil uittart (*challenge*) nie. Verder kan vorme van owerheidsregulering waarskynlik die idee en uitvoering van selfsensuur versterk. Deur selfsensuur toe te pas, beskerm die koerant sy eie belange (byvoorbeeld deur moontlike lastersake te vermy) en dikwels sy voortbestaan in toestande van uiterste regulering deur owerhede. Die sensitiwiteit en die vermeende ideologiese denkrigting van die media se teikengroep is waarskynlik 'n verdere faktor in die weglating van kontroversiële kwessies.

Uiteindelik lei weglating tot die aanvaarding van die *status quo* deur die ontvanger, wat gewoonlik geen idee het van watter nuus weggelaat is nie. Wanneer die weglating van **belangrike** gebeure of kwessies egter bekend word, kan dit die **geloofwaardigheid** van die media ernstig knou. Dit is waarskynlik ook 'n belangrike rede waarom die oorvloei van boodskappe oor belangrike en dikwels kontroversiële kwessies, wat aanvanklik deur die hoofstroom-media geïgnoreer is, van die alternatiewe media na die hoofstroom-media plaasvind.

## 2.5 Gevolgtrekking

Die basiese aanname dat die massamedia belangrike langtermyn gevolge inhou, word algemeen aanvaar (vgl Klapper 1960; De Fleur en Ball-Rokeach 1975; Hiebert en Reuss 1985; Bryant en Zillmann 1986; Bradac *et al* 1989). Dit is egter nie maklik om spesifieke gevolge aan spesifieke media-inhoud, as enigste of noodsaaklike faktor, te koppel nie (vgl Hiebert en Reuss 1985:ix-x).

Die meeste skrywers oor die invloed van die massamedia op sosiale verandering beklemtoon die sterk verband tussen massamedia en samelewing. Navorsing het aangetoon dat "the mass media have numerous impacts on society - and vice versa" (Hiebert en Reuss 1985:1) en "communication scientists are concerned with the ways in which symbols affect social knowledge and vice versa, with the symbolic links between 'mind', 'society', and 'behavior'" (Bradac *et al* 1989:7). Weiss skryf in dié verband: "The general relationship between mass media and social change can be viewed from the perspective of the contribution of media to social change or in terms of the effects of social change on the media" (King en McGinnies 1972:138). De Fleur en Ball-Rokeach (1975:279) beklemtoon 'n aanhoudende proses van interaksie tussen die sosiale sisteem, die mediasisteem en die ontvanger. Hul "integrasie model" vermy die onhoudbare situasie van "the media have no significant impact

on people and society, or the media have an unbounded capacity to manipulate people and society". Volgens Klapper (1960) is die belangrikste algemene invloed wat aan die massamedia gekoppel kan word, die versterking van bestaande idees, houdings en belange. Volgens De Fleur en Ball-Rokeach (1975:278) sal die massamedia min of geen invloed hê nie wanneer mense, voor en gedurende die ontvangs van die mediaboodskap, tevrede is met hul sosiale werklikheid. Bestaande oortuigings of gedragsvorme sal dan slegs versterk word. Bestaande opvattings (blywende diep gewortelde sieninge en houdings) kan onder meer gevorm word deur aanhoudende en langtermyn propaganda. Cirino (1971:182) skryf hieroor "constant and subtle use of bias over hundreds of years has created racism, chauvinism, respect for the rich, contempt for the common laborer and the poor, and respect for religious leaders no matter how shortsighted or inhumane their use of political power is". Die versterking van 'n mening word verder beskou as baie invloedryk in die vorming van ideologie: "reinforcement can be understood as the crucial solidifying of attitude into ideology" (Gitlin 1983:84). Die massamedia aanvaar egter ook dikwels die norme, waardes en konvensies van 'n samelewing sonder kritiek en versterk so hierdie norme, waardes en konvensies. Vergelyk die apartheidsideologie in Suid-Afrika en die rol van die massamedia in dié verband deur agendastelling en die "weglating" (of negatiewe hantering) van ander sieninge (vgl Sonderling 1992).

'n Ander belangrike punt wat egter beklemtoon moet word, is dat die massamedia ook as baie doeltreffend beskou word in die **skepping** van menings oor **nuwe inligting.** Klapper (1960:60) skryf in dié verband: "Studies performed both in the laboratory and in the social world indicate that communications are extremely effective in creating opinions on matters about which the audience is unlikely to have pre-existing opinions". Wanneer die kwessie werklik "nuut" is, bestaan daar dus gewoonlik geen nadelige predisposisies, afwysende groepnorme en onsimpatieke meningvormers daaroor nie. Die tussenkomende faktore wat normaalweg verandering sou beperk, is in die geval van nuwe kwessies skynbaar nie aanwesig nie. Dit laat dus die veld oop vir die media om die ontvanger "direk" te beïnvloed. Die invloed van inligting oor nuwe kwessies word verder verhoog, wanneer die indruk gewek word dat die aanvaarbare, die enigste korrekte siening in massamedia-inhoud, gereflekteer word.

Die direkte invloed van die media word dus veral gekoppel aan **inligting oor nuwe kwessies**. Klapper (1960:62), wat hoofsaaklik die versterkingsinvloed van die massamedia beklemtoon, skakel nie verandering uit nie. Hy skryf oor fundamentele verandering of die sogenaamde "bekering": "Although conversion is a far less frequent effect of mass communication than is reinforcement or minor change, it nevertheless does occur". Volgens De Fleur en Ball-Rokeach (1975:278) is verandering moontlik

wanneer die ontvanger nie oor voldoende verwysingsraamwerke beskik vir die verstaan van en optrede in hul sosiale werklikheid nie en die ontvanger hiervoor afhanklik is van media-inhoud. In so 'n geval kan verwag word dat mediaboodskappe gedrag kan verander in terme van kognitiewe, affektiewe, en/of openlike aktiwiteite.

Navorsing het verder aangetoon dat verandering waarin massakommunikasie 'n rol speel soms wydverspreid is (Klapper 1960:94-95). Klapper (1960:99-125) skryf die verskynsel veral toe aan die volgende aspekte inherent aan massakommunikasie:

(1) Die gebruik van bronne (persone en bronnemateriaal). Dit is hoofsaaklik die ontvanger se persepsie van die bron wat belangrik is in die doeltreffendheid van oorredingskommunikasie. Die ontvanger se persepsie van die bron as geloofwaardig, kundig, betroubaar en aangenaam beïnvloed die doeltreffendheid van die boodskap.

(2) Die massamedia as sodanig verleen status aan bronne en boodskappe. Bloot om as 'n bron in die massamedia aangehaal te word, verleen dikwels aansien en status aan 'n bron. Die kwessies wat deur die massamedia gedek word, verkry status bloot omdat dit gedek word.

(3) 'n Kombinasie van massamedia en gepaardgaande ondersteuning van interpersoonlike kommunikasie vermeerder die doeltreffendheid van massamedia-invloed.

(4) Die aanbieding van massamedia-inhoud. Klapper (1960:113-125) gee 'n aantal voorbeelde van hoe daar deur navorsing aangetoon is dat die aanbieding van massamedia-inhoud mense kan beïnvloed.

(5) Die "bandwagon" effek. Die massamedia-inhoud word doeltreffend omdat die ontvanger glo dat dit die siening van die meerderheid verteenwoordig.

Hoewel dit nie 'n eenvoudige taak is nie is dit tog wel moontlik om spesifieke gevolge met media-inhoud te verbind. De Fleur en Ball-Rokeach (1975:170-171) het hul navorsing oor die oorwegend swak smaak-inhoud van die massamedia byvoorbeeld verbind met groter lesergetalle, groter lewensvatbaarheid, groter winste en die bekostigbaarheid van die massamedia. Dit is egter ook moontlik om die gevolge van spesifieke mediaboodskappe, veral boodskappe wat "nuwe" (onopvallende) feite onder die publiek se aandag bring, van ander invloede te isoleer. Protess *et al.* (1991) wat ses gevallestudies oor die gevolge van joernalistieke ondersoeke onderneem het, identifiseer sekere gevolge vir elkeen van die ondersoeke. Hulle beklemtoon egter ook dat die gevolge die resultaat

is van 'n **agendabouproses** (die interaksie tussen massamedia en samelewing). Sekere faktore moet saamwerk vir die maksimale invloed van ondersoekende joernalistiek - soos die beskikbaarheid van beleidsalternatiewe, die rol van drukgroepe en die bestaande politieke klimaat (Protess *et al* 1991:250). Hulle beklemtoon verder dat die tydperk van die ondersoek belangrik is vir effek, byvoorbeeld 'n tydperk van "public alienation toward authority" is volgens Protess *et al.* (1991:253) 'n tydperk waarin ondersoekende joernalistiek kan floreer omdat die konteks "ryp" is vir verandering.

Die moontlikheid van ondersoekende joernalistiek as 'n belangrike faktor in die proses van sosiale verandering word in **hoofstuk drie** aangespreek.

**EINDNOTAS**

(1) Die gebruik van slegs die manlike persoonlike voornaamwoord (hy/hom/sy) gaan om vlotheid en skryfgerief en is nie bedoel as diskriminasie teenoor die vroulike geslag nie.

(2) Du Plooy (1991:112) definieer houding as "'n Individu se predisposisie om op 'n bepaalde wyse teenoor persone, voorwerpe, instellings, gebeurtenisse en/of kwessies op te tree of te reageer".

(3) Du Plooy (1991:88) definieer agendastelling as die "Verlening van prominensie aan 'n bepaalde saak, onderwerp of geskilpunt waardeur die massakommunikasiemedia bepaal waaroor ontvangers behoort te dink en te praat. Gebaseer op twee aannames: (1) dat die massamedia as hekwagters optree; (2) dat ontvangers 'n voortdurende behoefte het aan oriëntasie ten opsigte van watter sosiale, kulturele of politieke aangeleenthede (buite hul persoonlike ervaring) aandag verdien".

(4) Klapper (1960) koppel "versterking" aan die volgende faktore:

* Individuele faktore soos die individu se selektiewe blootstelling aan massamedia-inhoud en die selektiewe persepsie en retensie van massamedia-inhoud (1960:19).

* Tussenkomende faktore soos groepe en groepsnorme (1960:26-30); interpersoonlike kontak - die tweedehandse selektiewe blootstelling aan massamedia-inhoud (1960:30-31); en die rol van die meningvormer - ook as versterkers in die ontmoediging van verandering (1960:34).

(5) Volgens Tan (1985:182) verwys persepsie na "the kinds of mental activity involved in recognizing, knowing, and understanding events and objects in our immediate environment".

(6) Lang en Lang (1981:450-452) omskryf 'n kwessie as (i) "concerns" (dit is sake waaroor die publiek bekommerd is); (ii) "perceptions of key problems" (dit is sake waaraan die regering veronderstel is om iets te doen); (iii) die bestaan van "policy alternatives" waartussen mense moet kies; (iv) 'n "public controversy" soos Watergate; en (v) die redes of onderliggende "determinants of political cleavage" (dit is die kwessie wat in noue verband staan met die uitslag van 'n verkiesing of sekere belange, soos klas/beroep of ras). Kortliks kan 'n "kwessie" omskryf word as "whatever is in contention among a relevant public" (Lang en Lang 1981:451).

**HOOFSTUK DRIE**

# 3 ONDERSOEKENDE JOERNALISTIEK IN PERSPEKTIEF

## 3.1 Inleiding

Soms word die bestaan van ondersoekende joernalistiek as 'n onderskeibare joernalistieke praktyk ontken of afgewater. Alle goeie joernalistiek word as ondersoekende joernalistiek gesien (vgl Pawlick 1982:voorwoord; Jenson in MacDougall 1977:186; Bernstein in Patterson en Russell 1986:311). Die meeste wetenskaplikes definieer ondersoekende joernalistiek egter wel as 'n onderskeibare joernalistieke praktyk (vgl McIntyre 1991; Protess *et al* 1991; Williams 1978; De Fleur en Dennis 1988; Hiebert *et al* 1991; Miraldi 1990).

Protess *et al.* (1991:4) beklemtoon die **doelwit** van ondersoekende joernalistiek en die **gevolge** wat dit vir die samelewing inhou. Hulle definieer ondersoekende joernalistiek as "the journalism of outrage". Die joernaliste poog volgens hulle "to provoke outrage in their reports of **malfeasance**" wat kan lei tot gevolge soos "corrective policy actions" (eie beklemtoning).

Verskeie ander definisies beklemtoon 'n kombinasie van die tegniek en die doelwit van ondersoekende joernalistiek. De Fleur en Dennis (1988:540) definieer ondersoekende joernalistiek as "A style of reporting that empha-

sizes the careful assembly of facts in order to gain the inside story and **expose wrongdoing"** (eie beklemtoning). Hiebert *et al.*(1991:634) omskryf dit as "A style of reporting that goes beneath surface situations to probe **the real cause** or purpose, often to **expose wrongdoing"** (eie beklemtoning). Volgens Miraldi (1990:10) is ondersoekende joernalistiek "the **exposure** of those people and institutions that were threatening the **people's rights"**. Die besluit om ondersoeke te doen, word gestimuleer deur die siening van die joernalis dat **"the *status quo* needs altering"** (eie beklemtoning).

Volgens McIntyre (1991:242) is die algemeenste definisie die volgende:

"Investigative reporting is the reporting of information that has been **deliberately** concealed and that gives cause for concern among readers" (eie beklemtoning).

Bogenoemde omskrywings sluit aan by talle ander definisies van ondersoekende joernalistiek met die klem op die **onthulling** van **bewustelike geheimhouding** van ongeregtighede of onregmatige dade wat die publiek raak (vgl Mollenhoff 1981:v; Anderson en Benjaminson 1976:5; MacDougall 1977:186; Williams 1978:6-7).

'n Omvattende definisie van ondersoekende joernalistiek kan soos volg geformuleer word:

Ondersoekende joernalistiek is

* 'n onderskeibare joernalistieke praktyk,
* wat gekenmerk word deur 'n unieke garingsproses en
* vertroulikheid,
* wat ten doel het om bewustelike geheimhouding
* wat menseregte aantas en belange skaad, te onthul,
* wat gepubliseer moet word ten einde
* 'n reaksie by lesers en owerhede te kan veroorsaak
* wat sosiale verandering tot gevolg kan hê.

'n Belangrike onderskeidende kenmerk van toepassing op ondersoekende joernalistiek is **"vertroulikheid"**. Die aspek van vertroulikheid word egter in die literatuur oor ondersoekende joernalistiek meestal geïgnoreer. "Vertroulikheid" verwys na die belangrike feit dat joernaliste hul ondersoeke gewoonlik onder die groots moontlike geheimhouding doen. Indien die ondersoek sou uitlek, sal dit hoogs waarskynlik deur betrokkenes (of die subjekte van die ondersoek) wat dikwels prominente openbare figure is, in die kiem gesmoor word. Verder is dit slegs die **publikasie** van ondersoeke wat dit deel maak van "nuus". Die ondersoek self kan soms oor maande en selfs jare strek en weens die omvang daarvan kan dit nie as deel van daaglikse nuusdekking beskou word nie.

Vervolgens word aandag gegee aan die historiese agtergrond van ondersoekende joernalistiek. Deur die bestudering van die geskiedenis van verskynsels kan betekenis aan hedendaagse ontwikkelinge gegee word.

## 3.2 Die historiese agtergrond van ondersoekende joernalistiek

Ondersoekende joernalistiek is oorspronklik 'n moddergooiery (*muckraking*) genoem. Volgens McIntyre is dié term vir die eerste keer deur John Bunyan in *The Pilgrim's progress* gebruik om 'n persoon te beskryf wat religieuse waarhede 'versteek'(1991:241). Die Amerikaanse president Theodore Roosevelt het die term in 1906 in 'n toespraak gebruik om **joernaliste** te beskryf: "The men with the muckrakers are often indispensable to the wellbeing of society, but only if they know when to stop raking the muck, and to look upward to the celestial crown of worthy endeavor" (McIntyre 1991:241).

Roosevelt is oor dié siening deur Lincoln Steffens - 'n prominente ondersoekende joernalis (vgl Willis 1991:57) - gekritiseer: "Well you have put an end to all these journalistic investigations that have made you" (Protess *et al* 1991:7). Die term "muckraking" het egter vasgesteek en ten spyte van Steffens se pessimisme het ondersoekende joernalistiek in die VSA gefloreer. Sedert die Watergate-skandaal het die term "ondersoekende joernalistiek" gewild geword en word dit hoofsaaklik deur skrywers gebruik (Koch 1990:117). Hedendaagse ondersoekende joernaliste word egter ook nog soms die "new muckrakers" genoem (Protess *et al* 1991:7) en Sabato (1991)

verwys na ondersoekende joernalistiek as "attack journalism".

Benjamin Harris word deur geskiedkundiges beskou as die eerste "muckraker" (1690). Hy het die barbaarse behandeling van Franse soldate deur Amerikaners onthul. Die publikasie daarvan in die *Publick Occurrences* het egter daartoe gelei dat sy drukkerslisensie ingetrek is. Eers in 1721 in Amerika was daar weer 'n outeur wat dit gewaag het om die owerhede te kritiseer. Dit was James Franklin wat in 1722 gevangenisstraf opgelê is weens sy kritiek op die owerhede se seerowerbeleid. In 1735 het dieselfde met John Peter Zenger, weens die onthulling van korrupsie, gebeur. Vanaf 1768 was daar weer talle voorbeelde van ondersoekende joernalistiek en ook vervolgings van joernaliste. Laasgenoemde het selfs ná die VSA se onafhanklikheid gebeur. Agt redakteurs is byvoorbeeld kort ná onafhanklikheid skuldig bevind aan "violating the federal Sedition act of 1798". Volgens Protess *et al.* (1991:32) was dit "a familiar message ... - the government was willing to try to muzzle journalistic watchdogs".

Oor die algemeen was daar in die agtiende en die negentiende eeu slegs sporadiese voorbeelde van ondersoekende joernalistiek. Dit word onder meer toegeskryf aan 'n gefragmenteerde media, wydverspreide ongeletterdheid en 'n onontwikkelde sosiaal-verantwoordelikheidsgevoel by

koerantwerkers. Sedert die geboorte van die sogenaamde "penny press" in die negentiende eeu was koerante egter, veral weens verlaagde pryse en straatverkope, meer toeganklik vir die breë publiek. Die *New York Sun* was volgens Sabato (1991:27) die eerste "penny" koerant (1833) en "the forerunner of the modern press built on mass circulation and commercial advertising to produce profit". Weens die politieke onafhanklikheid van dié koerante is korrupsie deur die owerhede nou en dan onthul en kommentaar gelewer op ernstige openbare kwessies. Veral koerantmagnate, soos Joseph Pulitzer, William Randolph Hearst en ander het weer nuwe lewe in die tradisie van ondersoekende joernalistiek geblaas. "These men were political mavericks who were not reluctant to probe the spoils of power" (Protess *et al* 1991:33). Hul koerante het sommige van die belangrikste ondersoekende joernalistiek of dikwels bloot 'n moddergooiery (die sogenaamde "yellow journalism") gedurende die laaste dekades van die negentiende eeu gepubliseer (vgl Sabato 1991:28). Die sogenaamde geeljoernalistiek was dikwels 'n moddergooiery en ook soms doelbewuste leuens eerder as 'n behoorlike ondersoek of selfs kritiek op owerhede. Die weg is egter gebaan vir twintigste-eeuse ondersoekende joernalistiek as 'n belangrike joernalistieke praktyk.

Die begin van die twintigste eeu het betekenisvolle veranderinge in die media en in die samelewing gebring.

In dié verband is dit belangrik dat die vraag na inligting oor sosiale probleme 'n toename getoon het weens veral die algemene geletterdheid van die bevolking en die massamedia wat meer mededingend geraak het.

Kenmerkend van die vroeë twintigste-eeuse ondersoekende joernalistiek was die fokus daarvan op groot besighede, magspolitiek en sosiale ongeregtighede. Dié aspekte is gesien as interafhanklik omdat groot besighede magtige politieke figure sou korrupteer wat dan sosiale ongeregtighede tot gevolg sou hê.

Omdat wetenskaplike navorsing in die vroeë twintigste eeu oor die openbare mening en die verandering daarvan nie beskikbaar is nie, is dit onseker of ondersoekende joernalistiek die openbare mening verander het. Daar is egter wel getuienis oor die impak van ondersoekende joernalistiek op beleid. Protess *et al.* (1991:40) skryf: "Muckraking journalism was inextricably linked to a variety of reforms". Hulle gee ook 'n aantal voorbeelde in dié verband en beklemtoon die interafhanklikheid tussen samelewingsfaktore vir uiteindelike sosiale verandering. "The conventional wisdom states that the catalyst for reform is an outraged public, mobilized by journalistic disclosures" (Protess *et al* 1991:41).

Sedert 1910 en die opvolgende twee wêreldoorloë was daar egter min getuienis van ondersoekende joernalistiek in

die VSA. Die laagtepunt in ondersoekende joernalistiek word gekoppel aan sosiale hervorming en aan 'n soort solidariteit met die owerheid tydens oorlogsjare. Sabato (1991:25) verwys na die verskynsel as "lapdog" joernalistiek, dit verwys na verslaggewing "that served and reinforced the political establishment". Teen 1950 het ondersoekende joernalistiek die laagtepunt van die eeu bereik en "objectivity and deference to authority had become dominant journalistic norms" (Protess *et al* 1991:45).

Volgens Sabato (1991:26) was daar 'n oplewing in ondersoekende joernalistiek in die VSA vanaf 1966 tot 1974. Hy verwys na dié tydperk as 'n tydperk van "watchdog" joernalistiek "when reporters scrutinized and checked the behavior of political elites by undertaking independent investigations into statements made by public officials". Dié situasie is veral deur die Viëtnamoorlog en die Watergate-skandaal gestimuleer. Veral die Watergate-skandaal in die vroeë sewentigerjare het die belangstelling in ondersoekende joernalistiek in die VSA aangewakker. De Fleur en Dennis (1988:327) skryf: "Most dramatic was the spectacular success of the investigative journalism of Bob Woodward and Carl Bernstein of the *Washington Post*, whose reporting helped uncover what became known as the Watergate scandal. By the time their book, *All the President's Men*, was dramatized in a film, investigative reporters had become folk heroes".

Navorsing oor ondersoekende joernalistiek in die VSA was dan ook hoofsaaklik die gevolg van die Watergate-skandaal. Die navorsing wat gedoen is, was egter hoofsaaklik gerig op die verdienstelikheid eerder as op die gevolge van ondersoekende joernalistiek. Protess *et al.* (1991:4) skryf hieroor: "In the investigative frenzy that followed Watergate, few questioned the extent to which media stories actually had the impact attributed to them". Ondersoekende joernalistiek is deur owerhede bloot as 'n bedreiging beskou en vir ander het dit bloot 'n valse illusie geskep van ware persvryheid en demokrasie. Volgens Protess *et al.* (1991:4) is daar geen sistematiese poging aangewend om die gevolge van ondersoekende joernalistiek te bestudeer nie: "Consequently, knowledge about investigative reporting continued to be based on normative and anecdotal accounts of individual exposés often written by muckrakers themselves".

Ná die skandaal is egter algemeen erken dat ondersoekende joernalistiek wesenlik verskil van oppervlakkige roetine verslaggewing wat so kenmerkend is van die meeste koerante. Vir sommige het dit selfs gelyk of daar 'n eksotiese nuwe joernalistieke vorm geskep is. Williams (1978:X) beklemtoon egter dat ondersoekende joernalistiek sedert die vroeë agtiende eeu deel was van die Amerikaanse joernalistieke tradisie en dat "It's renewed strength in the 1970's emphasizes its fundamental nature" (vgl Patterson en Russell 1986:1;

Mollenhoff 1981:339).

**Ten slotte** kan sekere algemene kenmerke, wat vandag steeds relevant is, uit die geskiedenis van ondersoekende joernalistiek afgelei word:

(1) Ondersoekende joernalistiek word as 'n negatiewe praktyk en as 'n bedreiging deur owerhede beskou. Owerhede poog om die publikasie van die ondersoeke te keer en joernaliste daarvoor te straf.

(2) Die fokus van ondersoekende joernalistiek is steeds gerig op groot besighede, magspolitiek, en sosiale ongeregtighede en/of onregmatighede.

(3) Die impak van ondersoekende joernalistiek op owerheidsbeleid word geredelik aanvaar.

(4) 'n Era van ondersoekende joernalistiek kan tot 'n einde kom weens sosiale veranderinge wat plaasvind.

(5) Ondersoekende joernalistiek kan die belangstelling daarin laat opleef en waarskynlik verdere ondersoeke stimuleer.

(6) Ondersoekende joernalistiek kan lei tot 'n valse idee van persvryheid en demokrasie.

(7) Daar is min navorsing oor die gevolge van ondersoekende joernalistiek gedoen.

Vervolgens word aandag gegee aan ondersoekende joernalistiek as 'n dinamiese agendabouproses.

### 3.3 Ondersoekende joernalistiek as 'n agendabouproses

Die agendabouproses is meer kompleks as die oorspronklike agendastellingshipotese, waarvolgens die direkte oorsaak/gevolg-verhouding tussen die media-agenda en die openbare agenda bestudeer word. Wanneer agendastelling beskou word as 'n agendabouproses word die **sosiale omstandighede** van agendastelling in die bepaling van die gevolge van agendastelling in ag geneem. Lang en Lang (1981:465) skryf oor "Watergate": "The headlines alone would not have been enough to transform a problem so removed from most people's daily concerns into an issue, but there was enough **continuity** to rivet attention to the developing story. The process was circular with media exposure, political interest, and events on the elite level feeding one another" (eie beklemtoning).

Navorsers soos Lang en Lang (1981) wat die agendabouteorie as uitgangspunt neem, ontleed ook die interaksie tussen die politieke sisteem en die media. Die kommentaar van openbare figure en die reaksie en aksie van politieke figure op berigte word as belangrike bepalers

van invloed beskou.

Die volgende algemene kenmerke van agendastelling as 'n agendabouproses word in die literatuur beklemtoon (vgl Severin en Tankard 1988:279-280; Protess *et al* 1991; Mathes en Pfetsch 1991; Lang en Lang 1981; Weaver 1991:54):

(1) Die agendabouproses is 'n interaktiewe proses tussen die samelewing en die media. In agendastelling gaan dit oor die invloed van die media-agenda op die openbare agenda, in die agendabouproses gaan dit ook oor die vraag: Wie stel die media-agenda?

(2) Die hekwagter speel in die interaksie tussen media en samelewing 'n sleutelrol weens aktiewe seleksie, plasing, woordgebruik en kommentaar. Dit kan dus dikwels neerkom op 'n doelbewuste poging om die openbare mening te manipuleer (téén of ten gunste van 'n saak of politieke party).

(3) Die agendabouproses beweeg deur 'n verskeidenheid van stadia.

(4) Die rol van bekende individue wat kommentaar lewer op kwessies word beskou as invloedryk.

(5) Daar bestaan 'n wederkerige beïnvloedingsproses tussen media, wat bekend staan as die "intermedia agendastelling". Dit word volgens Mathes en Pfetsch (1991:35-36) gekoppel aan redes soos:

* die mededinging tussen media; en

* ander media se hantering van nuwe kwessies verminder onsekerheid in eie evaluering daarvan.

(6) Sekere massamedia funksioneer as meningvormers. Dit is 'n variasie van die tweestapvloeiteorie, waarvolgens die rol van meningvormer toegeskryf word aan sekere ontvangers. Die meningvormerkonsep kan egter ook van toepassing wees op die massamedia. Dit verwys na sekere media wat deur ander joernaliste gebruik word as 'n bron van inligting en as 'n verwysingsraamwerk (Mathes en Pfetsch 1991:36).

Ná bogenoemde algemene omskrywing en kenmerke van die agendabouproses, word aandag gegee aan **ondersoekende joernalistiek as 'n agendabouproses**. Dié proses beweeg deur verskeie stadia, wat deur Protess *et al*. (1991:205-254) in hul gevallestudies geïdentifiseer is. Vervolgens word dié stadia bespreek.

* **Die aanvang**. 'n Ondersoek begin gewoonlik ná 'n wenk van 'n bron (*source-generated*) of deur die

joernalis self (*journalist-generated*), wat die proses weens sekere vermoedens aan die gang sit. Protess *et al.* (1991:206) skryf dat "an evolving communications network rather than a single catalyst appears to move a problem onto the investigative agenda". Die vordering van die agendabouproses is dan ook afhanklik van verskeie faktore soos die **geloofwaardigheid** van die inligting (asook die **vertroulikheid** daarvan). Die joernalis maak in dié stadium veral staat op sy instink, wat hoofsaaklik gegrond is op ervaring. Betroubare dokumentasie, wat die bron se inligting staaf, verleen egter gewoonlik onmiddellike geloofwaardigheid aan die inligting. Dokumentasie is egter dikwels nie beskikbaar nie. Sonder bewysstukke sal die ondersoek nie prominensie op die ondersoekagenda verkry nie. 'n Ander faktor is die persoonlike en professionele belange van die joernalis, byvoorbeeld die wil om sosiale verandering aan te help (dus die **potensiële invloed** van die onthulling). Die ondersoekende joernalis strewe gewoonlik daarna om een of ander impak op beleidmakers en ontvangers te maak. Die erkenning van kollegas is ook belangrik. Oor die algemeen wil die ondersoekende joernalis 'n verskil maak.

* **Die betekenis.** Belangstelling in die inligting lei tot 'n soeke na die betekenis daarvan. Die joer-

nalis poog om **die drama** agter die ondersoek te visualiseer. Weens ervaring of instink wéét hy dat dit inligting is met 'n potensiële impak. Die joernalis se belangstelling in die ondersoek vermeerder wanneer die ondersoek die potensiaal het om die openbare aandag te trek. Die eerste stap in betekenisgewing is die identifikasie van moontlike akteurs (die "boosdoeners" en die "slagoffers") asook die waarskynlike verloop van die ondersoek. Verder poog die joernalis om 'n **patroon van ongeregtighede** uit die inligting waaroor hy beskik, af te lei. Vir verdere betekenisgewing word die inligting dus in 'n breër konteks geplaas, soos die konteks van "politieke korrupsie/ondoeltreffendheid/vermorsing". Deur die ondersoek in konteks te plaas, begin die joernalis induktief te dink. Van 'n enkele geval word die waarskynlikheid van ander soortgelyke gevalle afgelei. Verder is die **oorreding van die nuusorganisasie** dat die ondersoek 'n goeie besteding van tyd en geld is, 'n belangrike voorwaarde vir die vordering van die ondersoek op die agenda, met ander woorde "the story must be conceptualized adequately for it to be convincingly sold" (Protess *et al* 1991:214).

* **Die versameling en evaluering van getuienis.** Inligting word versamel deur (i) die gebruik van bronne; (ii) die versameling van dokumente; en

(iii) deur direkte waarnemingstegnieke (ook deelnemende waarneming). Die inligting uit **bronne** is dikwels uiters sensitief en kan die bron skade berokken en/of ernstig benadeel. Die bron kan byvoorbeeld sy werk verloor wanneer dit bekend word dat hy met 'n ondersoek na korrupsie in die maatskappy waarvoor hy werk, behulpsaam was. Gevolglik moet die joernalis dikwels die bron oorreed om te praat. Geduld en **vertroulikheid** is dikwels noodsaaklik vir die gebruik van bronne. Dit is twyfelagtig of ondersoekende joernalistiek moontlik sou wees sonder 'n vertrouensverhouding tussen die joernalis en die bron, wat nie sy naam aan 'n getuienis wil koppel nie. Die ondersoek word gewoonlik gebou rondom die aantal en die soort bronne wat bereid is om oor ongeregtighede of onregmatige gedrag te praat. Verkieslik is die bronne kenners en eerstehandse getuies van die probleem wat ondersoek word. Amptelike **dokumente** is verdere belangrike bronne, wat tasbare getuienis van ongeregtighede verskaf. Onderhoude kan bevooroordeeld wees, terwyl geskrewe rekords, indien nie vervals nie, onkreukbare bronne van getuienis is. Behalwe die gebruik van bronne en geskrewe rekords word soms ook van **direkte waarneming** en/of **deelnemende waarneming** (*undercover reporting*) gebruik gemaak (vgl Protess *et al* 1991:217). Redakteurs beskou gewoonlik die metode van deelnemende waarneming as 'n laaste uit-

weg weens "the problem associated with using lies to obtain the truth" (Willis 1991:67). 'n Verdere belangrike taak is om met die oog op "redelikheid" en "balans" ook aandag te gee aan die "ander kant" van 'n saak. Dit gebeur egter gewoonlik teen die einde van die ondersoek sodat die joernalis kan voorberei op vrae waarop antwoorde gesoek word; asook voorbereid kan wees op antwoorde wat bevindings weerspreek. 'n Uitbreiding van die ondersoek mag dan nodig wees, erkennings van ongeregtighede kan egter die ondersoek verder ondersteun. Die onderhoude voorsien verder 'n bykomende geleentheid vir die evaluering van die geloofwaardigheid van die inligting wat reeds versamel is. Die joernalis gee ook verdere betekenis aan die ondersoek deur die herevaluering van die oorspronklike inligting in die lig van nuwe inligting. Die joernalis en die koerantredaksie bepaal op grond van al die inligting wat verkry is die hoeveelheid addisionele tyd en fondse wat nodig is om die ondersoek verder te ontwikkel. Daar bestaan geen magiese formule om vas te stel wanneer die getuienis wat versamel is voldoende is nie: "Reporters will sense that a story is solid when the subjective perceptions of different sources yield a common conclusion" (Protess *et al* 1991:220).

* **Die publikasie.** In hierdie stadium van die agenda-

bouproses vind, weens die beperking van ruimte, die seleksie van getuienis plaas. Slegs 'n klein deel van die getuienis kan gewoonlik gepubliseer word. Die kriteria vir seleksie verskil van geval tot geval en van medium tot medium. Die betroubaarheid van getuienis en die potensiële invloed daarvan is gewoonlik 'n belangrike oorweging. Die berig word ingekleur met kleurvolle taal, die getuies word byvoorbeeld "kenners" en die slagoffers is "hulpeloos". Protess *et al.* (1991:225) skryf in dié verband: "Loaded language is used to characterize the wrong-doings for viewers or readers, even before its manifestations are presented". Die "boosdoeners" self word gewoonlik eers later in die berig 'n kans gegee om te verduidelik. Hulle is gewoonlik op die verdediging en hierdie situasie kan verder beklemtoon word deur woordgebruik en plasing (die laaste woorde van 'n berig is selde hul verduidelikings, tensy wandade erken word). In redigeerbesluite word joernaliste egter aan bande gelê deur die moontlike weerstand van die publiek weens byvoorbeeld te sterk taalgebruik of die reaksie van kollegas, wat die berig moontlik as eensydig kan beskou. Prokureurs het ook dikwels 'n hekwagtersrol in die voorbereiding van die produk en dit veroorsaak soms die versagting van 'n berig.

* **Die gevolge.** Nadat die ondersoek gepubliseer is,

is daar soms geen reaksie van ander media nie. Dikwels is die berig egter die sneller vir 'n soort "media feeding frenzy" (Protess *et al* 1991:232). Die ondersoekende joernalis self volg ook gewoonlik sy eie berig op met opvolgberigte (*proprietary follow-up*). Baie geld en tyd is aan die ondersoek bestee en die joernalis en die koerantredaksie verwag resultate. Die opvolg van eie ondersoeke is afhanklik van (i) die behoefte om die bevindinge van 'n ondersoek te verdedig; (ii) die vermoë om die oorspronklike berig uit te brei; en (iii) die verbondenheid aan die "saak". Verder bepaal omstandighede dikwels die nodigheid vir ander media om ook aan die ondersoek aandag te gee (*nonproprietary follow-up*). Faktore soos (i) die mededinging tussen media; (ii) die reaksie van nuusmakers; en (iii) die potensiaal om die oorspronklike berig vanuit 'n nuwe uitgangspunt te benader, word gesien as belangrike indikatore in dié verband. Hierdie faktore kan onderling versterkend wees (vgl Protess *et al* 1991:232).

Oor die algemeen bepaal die **nuuswaardigheid** van die berig of dit die volgehoue aandag van die ondersoekende joernalis en ander joernaliste geniet. Nuuswaarde word verhoog wanneer die ondersoek in die openbare belang[1] is, of wanneer dit invloedryke of bekende mense betrek. Ondersoeke bevat gewoonlik ongewone en kontroversiële

inligting en word daarom wyd gedek. Dit spreek dikwels sake van openbare belang aan en veroorsaak openbare reaksie, soos 'n teenaanval van die beskuldigdes. Indien moontlik reageer die ondersoekende joernalis deur vol te hou met die oorspronklike beskuldigings, deur byvoorbeeld bronne aan te haal wat die berig ondersteun. Opvolgberigte fokus dikwels op amptelike reaksie en gee so ook die geleentheid aan die joernalis om te skryf dat sy ondersoek 'n sosiale verskil maak. Dit kan ook soms gebeur dat die joernalis moet erken dat daar 'n uitgangspunt vir die ondersoek is wat nie volledig met feite ondersteun kan word nie. Die verloop van die ondersoek kan 'n belangrike invloed hê op die uiteindelike uitwerking daarvan op die samelewing (vgl Protess *et al* 1991).

Protess *et al.* (1991:238) het bevind dat die invloed van die media op die openbare mening die sterkste is wanneer die dekking van samelewingsprobleme wydverspreid is en 'n redelike tydperk voortduur. Veral die invloed van die ondersoeke op **amptelike beleid** word as 'n belangrike beïnvloedingsmoontlikheid beskou.

Die proses waarvolgens sosiale probleme, wat deur ondersoekende joernalistiek onthul is, op die beleidmakers se agendas verskyn en korrektiewe reaksie uitlok is nie eenvoudig nie. Wanneer die sosiale probleem wel op die beleidsagenda geplaas word, kan dié probleem met ander

sosiale probleme wat reeds op die beleidsagenda is meeding. Sommige media bied byvoorbeeld voorstelle vir oplossings vir die probleme deur die redaksionele kommentaar. Reaksie op hierdie voorstelle in die vorm van veranderde beleid is 'n belangrike aspek vir die gevolge van die agendabouproses (vgl Protess *et al* 1991:238-239). Protess *et al.* (1991:239) skryf dat dit betekenisvol is wanneer "the resulting policy-making processes may affect the eventual policy outcomes or 'reforms'".

Beleidsprosesse tree in werking wanneer (i) amptelike besprekings gehou word oor hóé probleme opgelos kan word (byvoorbeeld deur die aanstelling van kommissies van ondersoek); (ii) individue of organisasies tot orde geroep word (byvoorbeeld deur die toepassing van sanksies soos vervolgings, afdankings of verlagings van posisie); en (iii) aanpassings gemaak word in regulasies, wette of administrasie (vgl Protess *et al* 1991:240).

Uiteindelik is die bou van agendas afhanklik van die gelyktydige en onafhanklike hantering van 'n kwessie deur verskillende groepe, soos drukgroepe en politieke partye. Daar moet verder (i) erkenning wees deur beleidmakers dat 'n probleem bestaan; (ii) alternatiewe vir die hantering van die probleem aanwesig wees; en (iii)'n ryp sosiale en politieke klimaat aanwesig wees (vgl Protess *et al* 1991:241-242).

Die publiek as 'n rolspeler in die agendabouproses moet egter nie uitgesluit word nie. Die beleidmakers hou die publiek in gedagte wanneer besluite geneem en ontwikkel word. Die rede daarvoor is dat kwessies wat hoog op die media-agenda is waarskynlik 'n refleksie is van dit waaroor mense praat en nadink (vgl Protess *et al* 1991:248).

Vervolgens word uitgebrei op die kenmerke van ondersoekende joernalistiek deur dit te kontrasteer met konvensionele joernalistiek en sommige variasies daarvan.

### 3.4 Ondersoekende joernalistiek en konvensionele joernalistiek

Daar kan breedweg onderskei word tussen onder meer konvensionele joernalistiek, vertolkende joernalistiek, die Nuwe Joernalistiek en ondersoekende joernalistiek (vgl Rivers 1992; Dennis en Rivers 1984). Bogenoemde onderskeidings word hoofsaaklik verbind met 'n meerdere of mindere "objektiewe" hantering van die nuus. In hierdie studie word die onderskeid tussen konvensionele joernalistiek en ondersoekende joernalistiek hoofsaaklik beklemtoon omdat eersgenoemde die algemeenste joernalistieke praktyk verteenwoordig. Daar sal egter kortliks verwys word na veral die betekenis van ander joernalistieke praktyke as variasies van konvensionele joernalistiek.

**Konvensionele joernalistiek** word oor die algemeen in terme van die grootste moontlike "objektiwiteit"[(2)] en tydigheid beskou. Spesifieke (nuuswaardige) gebeure (tussen saktye) voorsien aan die joernalis 'n duidelike prentjie of fokuspunt, wat dan "objektief" aan die hand van 'n bepaalde formule, wat in die literatuur bekend staan as die "omgekeerde piramide" (*inverted pyramid*), geskryf word (vgl Willis 1991:27-28). Die formule vereis in die eerste paar sinne van die berig die gebruik van die bekende "wie", "wat", "wanneer", "waar", "hoe" en "waarom" van die gebeure. Die res van die berig verskaf dan meer besonderhede oor bogenoemde in volgorde van belangrikheid. Die berig word as "objektief" beskou omdat die formule min ruimte bied vir variasie. In die konvensionele, formule-gebonde berig word hoofsaaklik gepoog om die hoofpunte van 'n gebeurtenis te weerspieël. Die joernalis versamel bykomende en verbandhoudende inligting oor 'n gebeurtenis - 'n verslag oor 'n toespraak word byvoorbeeld toegelig met die menings van kenners en ander verwysingsbronne. So word die spreker se woorde binne 'n breër raamwerk geplaas. Daar word van die joernalis verwag om geen aanduiding van persoonlike mening te gee nie (vgl Rivers 1992:176; Granato 1991:39). Die keuse van "kenners" en "verwysingsbronne" asook woordvoorkeur soos die gebruik van "behoudend" in plaas van "konserwatief" is egter 'n implisiete aanduiding van die joernalis se voorkeure. Watter van die talle beskikbare feite en bronne verkies hy om te ge-

bruik? Volgens Willis (1991:19) word die poging tot die opskorting van persoonlike mening soms ver gevoer - deur voorkeur te gee aan die werkwoord "said" eerder as aan woorde soos "revealed", "insisted", "joked" of "admitted". Hierdie woorde sou dan subjektiewe afleidings deur die joernalis veronderstel. Volgens Willis (1991:28) is die omgekeerde piramideberig nie slegs 'n manier waarvolgens feite gerangskik word nie - dit beïnvloed ook die betekenis van 'n berig. Deur 'n opsomming van die berig in 'n inleidende paragraaf te gee, word 'n "clear statement of the conflict" gegee, met ander woorde "it shoves the conflict to the fore". Voorts word van die joernalis verwag om sy inleiding kort te hou "and this leaves little room for the revelation of any middle ground existing in the conflict". Die betekenis van die gebeure kan deur "crisp, punchy leads" ernstig verwring word (Willis 1991:28).

"Objektiwiteit" in die aanbieding van nuus is 'n **ideaal** wat gewoonlik in perskodes verwoord word. Dit is nie 'n realistiese begrip nie, maar word tog dikwels deur mediawerkers veral vir die regverdiging van nuusaanbieding gebruik. Anderson en Benjaminson (1976:160) beklemtoon byvoorbeeld, dat dit in die joernalistiek nie gaan oor of 'n berig 'redelik' of 'objektief' is nie, maar wel oor akkuraatheid[(3)]. Is alle moontlike voorsorg getref dat die gebeure weergegee is soos wat dit in werklikheid plaasgevind het? (vgl Schiller 1981:2,8; Lipp-

mann 1931:433; 1960:46-49). Die strewe na akkuraatheid is belangrik in die konvensionele en ander joernalistieke praktyke.

'n Belangrike verskil tussen konvensionele joernalistiek en ander joernalistieke praktyke het egter te make met die "waarom" van die gebeure en die hantering daarvan deur joernaliste. Die "waarom" van die gebeure wat wel in die konvensionele joernalistieke praktyk ter sprake is, het hoofsaaklik te make met die oppervlakkige oorsaak/gevolg-formule - byvoorbeeld, die moeder het die kind nie goed opgepas nie en daarom het hy weggeraak. Formulegebonde joernalistiek beperk kommentaar en voorkom so soms dat die leser gehelp of gerig word tot die verstaan van die gebeure - byvoorbeeld, weens swak sosiale omstandighede móét die moeder werk en kan sy weens onderbetaling geen oppasser bekostig nie. Die verstaan van die gebeure is veral moontlik in konteks - byvoorbeeld, werkloosheid/armoede/broodgebrek lei tot diefstal. Die isolasie van die gebeure (sonder agtergrond) verhoed dikwels die verstaan van die gebeure deur die ontvanger. Die gebeure word soms betekenisloos gelaat. Willis (1991:39) skryf: "Isolating a story from its context can produce some real distortion". Die "waarom" wat selde in konvensionele joernalistiek, maar wel in ander joernalistieke praktyke aandag kry, het te make met antwoorde op motiewe vir optredes, soos 'n leë maag of magsmotiewe. Weens spertyd en 'n gebrek aan ruimte

is daar egter dikwels nie genoeg tyd en plek om die gebeure in konteks te plaas nie. 'n Groot verskil tussen konvensionele en ondersoekende joernalistiek is juis die tydsberekening van publikasie. Konvensionele joernalistiek volg die ritme van gewone gebeure, terwyl dit deur ondersoekende joernalistiek verbreek word - deur op 'n gekose tyd 'n nuwe saak op die agenda te plaas.

**Vertolkende joernalistiek** (die joernalistieke vorm waarin die nuusgebeure as 't ware ontleed word) fokus gewoonlik op een of ander probleem of kwessie. Feite en mening word verweef. 'n Gegewe gebeurtenis word deur die joernalis in perspektief geplaas. Dit beteken "going beyond the simple facts to linking those facts together to form a larger picture" (Willis 1991:59). Die belangrikste verskil met die konvensionele joernalistieke praktyk is dat hier aanvaar word dat feite nie vir hulself spreek nie. In die vertolkende berig word die gebeure verduidelik en ontleed deur veral die vraag "waarom" te stel en so die werklike betekenis van 'n gebeurtenis te probeer uitlig. Die skryf van die vertolkende berig is min of meer 'n persoonlike ervaring, veral omdat 'n vertolkende berig nie volgens 'n vaste formule geskryf word nie en die joernalis die ruimte en vryheid het wat die vermomming van persoonlike mening vergemaklik. (Die suksesvolle vermomming van persoonlike mening ondersteun die illusie van objektiwiteit en waarskynlik geloofwaardigheid.) Vergelyk ook Rivers (1992:178);

McIntyre (1991:33); en Agee *et al.*(1991:107).

Dit is moeilik om die **Nuwe Joernalistiek** as 'n onderskeibare joernalistieke vorm af te baken. Die Nuwe Joernalistiek spoel dikwels na ander joernalistieke praktyke oor. Die Nuwe Joernalistiek verwys na 'n informele skryfstyl, teenoor die relatief formele en onbetrokke skryfstyl van die konvensionele joernalistiek. Tuchman (1978:204) skryf die Nuwe Joernalistiek "uses the personal pronoun and introduces the reporter's feelings". Die Nuwe Joernalistiek staan bekend as betrokke joernalistiek of "first-person journalism" (Tuchman 1978:204) en is ongetwyfeld baie meer subjektief as die skryfstyl wat toegepas word in konvensionele joernalistiek en sy variasies (vgl Rivers 1992:191-192; Wolfe 1973). Willis (1991:19) verwys na die Nuwe Joernalistiek as "The Tom Wolfe Approach". Hiervolgens word gelyke waarde geheg aan (i) "how the story is told" en (ii) "what the story has to say". In die Nuwe Joernalistiek gaan dit egter nie slegs oor skryfstyl nie, maar ook oor die tipe inhoud wat deur koerante gedek word. Die Nuwe Joernalistiek is, soos hierbo genoem, betrokke joernalistiek. Dit beteken veral betrokkenheid by 'n sogenaamde "teenkultuur". Die Nuwe Joernalistiek behels veral die dekking van nuwe of alternatiewe sieninge oor kernkwessies soos politiek, godsdiens, pornografie en vroueregte. Die konvensionele joernalistiek is dikwels geneig om tradisionele sieninge, norme en

waardes oor sodanige kwessies te reflekteer. Die konvensionele joernalistiek word dikwels beperk deur gevestigde belange en is geneig om nie alternatiewe sieninge te reflekteer nie. Die alternatiewe pers is egter juis geneig om gevestigde belange te ignoreer en voorbeelde van die Nuwe Joernalistiek is dikwels te vinde in die alternatiewe pers. Weens die kwessies wat deur die Nuwe Joernalistiek aangeroer word, kan dit soms lei tot daadwerklike ondersoeke.

Die belangrikste verskil tussen **ondersoekende joernalistiek** en konvensionele joernalistiek en variasies daarvan moet gesien word in terme van die oorkoepelende doel van ondersoekende joernalistiek. Die waarde wat geheg word aan die *reg om te weet* is alles oorheersend (vgl Miller 1995:30-31). Die ondersoekende joernalis ondervind egter gewoonlik talle probleme met die verkryging van inligting. In konvensionele joernalistiek gaan dit om die weergee of verduideliking van **openbare** gebeure en gewillige bronne is gewoonlik volop beskikbaar. Die ondersoekende joernalis daarenteen poog om feite (dikwels onwettige gedrag) wat **doelgerig versteek word**, bloot te lê.

'n Verdere belangrike verskil tussen konvensionele en ondersoekende joernalistiek moet gesien word in terme van die funksies van die onderskeie joernalistieke praktyke. In konvensionele joernalistiek word die verskaf-

fing van inligting as die belangrikste funksie beskou. Verder word die funksies van invloed deur kommentaar, opvoeding en vermaak ook beklemtoon. Laastens word die waghondfunksie (*surveillance*) genoem as belangrik vir die sosiale, ekonomiese en politieke oriëntasie van die publiek (vgl De Beer 1993:13-14; Littlejohn 1992:353). In ondersoekende joernalistiek is die waghondfunksie egter die belangrikste funksie en kan vergelyk word met 'n soort kruistog-benadering. Die belange van die individu en die groep word gedien. Dit word gedoen ten koste van die politieke burokrasie en soms selfs ten koste van die koerant self. Die ondersoekende joernalis is as 't ware 'n selfaangestelde ombudsman wat die publiek se sake behartig en toesien dat openbare optrede versoenbaar is met aanvaarde norme, konvensies, praktyke en regsreëls - insluitende wette.

Williams (1978:xi) skryf oor die verskil tussen ondersoekende joernalistiek en ander joernalistieke praktyke: "No difference" en "A lot of difference". Daar is geen verskil omdat goeie joernalistiek altyd ondersoekend is, en 'n groot verskil omdat ondersoekende joernalistiek "in its more recent manifestations has begun to change the definitions of news values". Die probleem van nuusveroudering geld byvoorbeeld nie in die geval van ondersoekende joernalistiek nie. Die ondersoek kan oor weke, maande en selfs jare strek. Nuuswaardigheid in konvensionele joernalistieke praktyke is dikwels gekop-

pel aan opspraakwekkende enkele insidente en persoonlike misdade, terwyl ondersoekende joernalistiek konsensieuse verslaggewing oor die werkinge van samelewingsisteme is (vgl Williams 1978:xi; Pawlick 1982:35; Patterson en Russell 1986:311). Die ondersoek word ook deur die joernalis self geïnisieer. Die konvensionele joernalis werk gewoonlik volgens opdrag van sy redakteur.

Ondersoekende joernalistiek is die gevolg van daadwerklike beplanning. Volgens verskeie bronne, soos Pawlick (1982), Patterson en Russell (1986) en Williams (1978), kan ondersoekende joernalistiek met 'n wetenskaplike navorsingsprojek geassosieer word. Volgens Leedy vereis 'n wetenskaplike navorsingsprojek 'n vraag, 'n probleem en subprobleme en rigtinggewende hipoteses en aannames (1980:4-7). Navorsing het te make met feite en hul betekenis. "Ondersoekend" verwys na 'n metode van navorsing wat meer wetenskaplik is as die omvattendste verslag (d.i. slegs 'n beskrywing van 'n gebeurtenis) oor 'n belangrike perskonferensie. Die basiese nuuskierigheid ('n vraag en probleemidentifikasie - ook weens inligting verkry van 'n bron) van die ondersoekende joernalis word gesien as die sneller van 'n ondersoek. Die ondersoekende joernalis begin met 'n tentatiewe hipotese en besluit dan op 'n navorsingsmetode ten einde verborge waarhede te ontdek. 'n Belangrike aspek van die navorsingsmetode wat gevolg word, is die beskerming van die **vertroulikheid** van die ondersoek. Indien die joernalis

se planne bekend word, sal dit waarskynlik deur betrokkenes (en soms redakteurs) gekeer word. Verder oorskry die vrae wat die joernalis homself afvra die "wie", "wat", "waar" en "wanneer" van die hedendaagse nuusgebeure. Die "wat gaan daar aan" en die "waarom" is kritiek. Hy bevraagteken die amptelike voorstelling van betekenisvolle kwessies. In konvensionele joernalistiek **volg** die media amptelike (d.i. "objektiewe") sieninge "when official agencies promote an issue they will be given media prominence ... when officials drop the issue the mass media will follow suit" (Sonderling 1993:6).

Die ondersoekende joernalis soek na **patroonmatighede** deur die gebruik van die induktiewe metode. Die individuele geval, wat deur die ondersoekende joernalis ondersoek word, veroorsaak vermoedens van 'n sekere patroon van ongeregtighede, wat sy ondersoek verder kan ondersteun, uitbrei of in ander rigtings kan stuur. Die individuele geval laat by die ondersoekende joernalis dus die vermoede dat daar byvoorbeeld **gereelde** korrupsie in regeringskringe plaasvind.

Die vergelyking en kontrastering van feite, die belangrikheid van die **oorspronklikheid** van die navorsing en die lig wat op die toekoms gewerp kan word, word beskou as die grondslag van ondersoekende joernalistiek. Die tekortkominge van die regsisteem word byvoorbeeld onthul en daardeur word bygedra tot die behoud (deur ver-

andering) van die regsisteem. Ondersoekende joernalistiek verduidelik hóé sekere sisteme werk en maak betekenisvolle verbindings. Slegs wanneer die werkinge van 'n sisteem bekend is, kan dit verbeter word (vgl Williams 1978:4-5,10-14,91).

Ondersoekende joernalistiek behels die gebruik van navorsingstegnieke vir die ontdekking van inligting wat dikwels nie deur amptelike kanale bekombaar is nie en buite die bereik van die gewone joernalis is. Die joernalis moet 'n hoë prioriteit aan die akkuraatheid van die inligting heg omdat ondersoeke dikwels kontroversiële kwessies behels. Dit is dus noodsaaklik om byvoorbeeld op meer as een bron staat te maak. (Die joernalis aanvaar verantwoordelikheid vir die korrektheid van elke woord.) Soos die wetenskaplike is die ondersoekende joernalis dus **skepties** (vgl Williams 1978).

Niemand is oortuig dat perfekte objektiwiteit haalbaar is. Dit word ook nie verwag nie, ook nie van die ondersoekende joernalis nie. Subjektiewe betrokkenheid word selfs deur sommige skrywers as 'n belangrike eienskap van die ondersoekende joernalis beskou. Anderson en Benjaminson (1976:160) skryf byvoorbeeld: "The very nature of an exposé presumes a subjective, not objective, viewpoint, i.e. that whatever is exposed is wrong, **either morally or legally**. It also presumes that whatever is exposed is important enough to be exposed" (eie

beklemtoning).

Die ondersoekende joernalis behoort betrokke te wees by sy gemeenskap en sy leser. Die konvensionele "objektiewe" hoofberig word deur die konsep en ontwerp daarvan as onpersoonlik ervaar. Amptelike aanvaarde simboliek en clichés lei tot onbetrokkenheid van die leser. Geweld en ongeregtighede word in neutrale taal uitgedruk. Die ondersoekende joernalis is verontwaardig en poog nie om neutraal te wees nie. Hy poog om na die leser toe deur te breek en hy kies (steeds binne die perke van "feite") die sterkste taalgebruik om sy storie te vertel (vgl Williams 1978:137).

Die konsep van "objektiwiteit" of eerder "akkuraatheid" het egter sy bruikbaarheid in ondersoekende joernalistiek. Akkuraatheid word byvoorbeeld bewerkstellig deur die volgende:

(1) 'n Belangrike bydrae tot akkuraatheid kom deur die ondersteuning van die redakteur. Elke feit wat geskryf word, moet deur die ondersoekende joernalis aan die redakteur gestaaf word. Wanneer die redakteur saamstem oor die geldigheid van die feite of vertolkings word die moontlikheid van akkuraatheid verhoog. Verder moet die geldigheid van feite dikwels ook aan die koerant se regsadviseur(s) bewys word.

(2) Die ondersoekende joernalis wat sy ondersoek begin met rigiede idees oor wat hy sal ontdek, sal hierdie idees waarskynlik bewaarheid (selfs al is dit vals). Hy sal egter ook geneig wees om verdere getuienis te ignoreer of mis te kyk. Emosionele betrokkenheid behoort getemper te word deur "a deeper commitment to get all sides of the story" (Patterson en Russell 1986:313). Die strewe na akkuraatheid bou geloofwaardigheid. Vooroordeel aan die kant van die joernalis sal in elk geval spoedig vir die ingeligte leser duidelik wees.

Vervolgens word in meer besonderhede aandag gegee aan die onderskeidende kenmerke van die ondersoekende joernalis in vergelyking met die konvensionele joernalis.

## 3.5 Die ondersoekende joernalis en die konvensionele joernalis

Die roetine-gebondenheid van die konvensionele joernalis asook die neiging om nuusgebeure soortgelyk te hanteer (ongeag verskille in die aard van opdragte en persoonlike skryfstyl), moet hier beklemtoon word. Dit is die gevolg van die algemene beperkinge wat kenmerkend is van die joernalis se nuusomgewing. Voorbeelde hiervan is die gebruik van "aanvaarbare" bronne, die "aanvaarbare" uitgangspunt van berigte (ideologies gemotiveerd), tyd- en ruimtebeperkinge en die druk van medejoernaliste (af-

komstig uit en gesosialiseer in 'n middelklasomgewing, wat in pas is met die beleid van die koerantorganisasie). Elk van bogenoemde voorbeelde dra by tot die ontwikkeling van gestandaardiseerde formules wat die seleksie en beklemtoning van amptelike boodskappe in die nuus bevoordeel en wat lei tot vooroordeel en fragmentasie van die nuus (vgl Bennett 1988:106; Willis 1991:6).

Bogenoemde kriptiese omskrywing van die konvensionele joernalis is slegs 'n veralgemening en uitsonderings is waarskynlik talryk. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit egter voldoende en nodig ten einde kontras te beklemtoon. Die vraag ontstaan naamlik of die ondersoekende joernalis onderhewig is aan dieselfde beperkinge as die konvensionele joernalis en of spesiale karaktereienskappe of talente hom as 't ware van geroetineerde verslaggewing bevry. Volgens verskeie bronne is laasgenoemde inderdaad so (vgl Mollenhof 1981; Patterson en Russell 1986; Pawlick 1982; MacDougall 1977; Anderson en Benjaminson 1976; Williams 1978). Die rol en kenmerke wat aan die ondersoekende joernalis en sy koerant (as ondersteuningsmeganisme) toegeskryf word, word oor die algemeen as beslissend beskou. Die joernalis beskik volgens dié bronne oor verskeie persoonlikheidskenmerke wat van hom 'n "natuurlike" ondersoekende joernalis maak.

Greene (*Newsday*) skryf dat Mollenhoff byvoorbeeld so 'n

"natuurlike" ondersoekende joernalis was: "He found injustice where other reporters didn't bother to look; he searched for patterns; he questioned relentlessly; he developed key sources; and he regularly did investigative stories from his routine news beats" (Mollenhoff 1981:ix).

Belangrike kenmerke van die ondersoekende joernalis is volgens Patterson en Russell (1986:318) bekwaamheid, deursettingsvermoë, moed en insig. Mollenhoff (1981:vi) beklemtoon kenmerke soos 'n sterk wil, dryfkrag, 'n goeie oordeel, vasberadenheid, deursettingsvermoë, verbeelding, integriteit en 'n "basic jugular instinct". Pawlick (1982:14) beklemtoon kenmerke soos die vermoë tot logiese denke en die vermoë om "legkaarte" op te los. Hy beklemtoon ook die "natuurlike" liefde vir 'n "old-fashioned chase" en 'n "bulldog determination not to let go until the quarry is cornered". MacDougall (1977:187) beklemtoon 'n skerp nuuskierige brein en 'n 'n basiese kennis van die ondersoekterrein. Anderson en Benjaminson (1976:4-6) beklemtoon die wil om te delf en geheime te ontdek. Williams (1978:8) beklemtoon dat die blootlegging van belangrike geheime, vindingrykheid, slimheid, vernuftigheid, beplanning, moed, lis, verkoopmanskap en koppigheid vereis. Volgens Williams het die ondersoekende joernalis die mentaliteit van 'n polisieman, hy is terselfdertyd 'n **speurder** en 'n joernalis (1978:66).

Die ondersoekende joernalis bejeën amptelike aankondigings skepties en doen min moeite om vriende in amptelike kringe te wen. Die konvensionele joernalis word dikwels beperk tot hofsale of polisiestasies, terwyl die ondersoekende joernalis dit bloot as halfwegstasies beskou. Die konvensionele joernalis rapporteer bloot wat gebeur het, terwyl die ondersoekende joernalis die "waarom" of die motiewe probeer vasstel. Hy sien patrone in gebeure raak en maak verbindings, ontbloot geheime inligting en bevraagteken die *status quo*. Williams (1978:xi) skryf oor die rol van die moderne ondersoekende joernalis: "(He) inverts tradition", "resists daily deadlines" en "cuts across beat lines to pursue trouble wherever it originates". Die ondersoekende joernalis is bekommerd oor (voel emosioneel betrokke by) "the equitable operation of the entire social system" (Williams 1978:7).

Volgens al bogenoemde bronne is die ondersoekende joernalis 'n baie spesiale persoon met sterk karaktereienskappe. Hy moet bereid wees om aan te hou delf in die aangesig van vyandigheid en kritiek. Die ondersoekende joernalis word ook blootgestel aan groot risiko's soos vervolging en selfs gevangenisstraf (vgl Anderson en Benjaminson 1976:7). Aucoin (1992:169) gee 'n ekstreme voorbeeld in dié verband, hy skryf dat in Junie 1976 "investigative reporter Don Bolles of Phoenix, AZ, died

from injuries suffered when a bomb exploded beneath his car. His murder was speculated to be the act of someone who wanted to either keep him from reporting what he knew or who wanted to punish him for earlier reporting" (vgl Willis 1991:66).

Daar bestaan geen twyfel oor die beslissende rol wat die ondersoekende joernalis in die blootlegging van een of ander vorm van korrupsie speel nie; die ondersteuningsrol van die redakteur en sy koerant moet egter ook nie onderskat word nie. Die joernalis doen die voetwerk, maar dit is die koerant wat personeel, tyd, koerantruimte en ander bronne tot sy beskikking stel waarsonder geen ernstige ondersoek uitgevoer kan word nie. Die uiteindelike publikasie van 'n ondersoek is beslissend vir die sukses daarvan. Die ondersteuningsrol van die koerantredaksie is onontbeerlik. Soms moet die ondersoek weens die kostes daaraan verbonde gestaak word. Daarby is nie alle redakteurs bekommerd oor die waarheid of voel 'n spesiale verantwoordelikheid teenoor die leserspubliek nie. Om aan die veilige kant te bly, is soms belangriker as om feite oor korrupsie aan die lesersplubliek te verskaf. Die vrees vir lastersake veroorsaak dat die joernalis wat oor kontroversiële sake skryf as "gevaarlik" beskou word en tot elke prys gekeer of ontslaan moet word. Vreesagtigheid is dodelik vir ondersoekende joernalistiek. Net so dodelik is dit wanneer die redakteur toelaat dat persoonlike vriendskappe

met politici en ander belangrike mense sy nuusoordeel beïnvloed. Dit gebeur soms (dikwels?) dat ondersoekende joernalistiek 'n vroeë dood sterf, nie omdat dit onwaar is nie, maar omdat die joernalis hom te pletter loop teen die vooroordeel van die koerantbestuur. Ook word die langer sorgvuldig nagevorste berigte wat handel oor ernstige sosiale en politieke vraagstukke afgemaak as slegs geskik vir 'n beperkte elite leserskring (vgl Patterson en Russell 1986:2; Pawlick 1982:31-32).

In bogenoemde situasie is die beperking van die nuusomgewing kritiek en word die ondersoekende joernalis oor dieselfde kam as sy tradisionele kollega geskeer. Dit kan lei tot struwelinge en selfs afdankings of bedankings.

Die rol van die ondersoekende joernalis word egter oor die algemeen in demokratiese samelewings as belangrik beskou. Die ideaal is dat die ondersoekende joernalis in noue voeling met sy gemeenskap en sy leser bly. Hy is deel van die samelewing en moet bekend wees met die totale samelewingsproses. Hy het 'n belangrike verantwoordelikheid om die amptenary te konfronteer met ongeregtighede en ander onverantwoordelikhede. Hy word blootgestel aan bronne wat willens en wetens sal lieg om hulself en gerespekteerde kollegas teen ongunstige inligting te beskerm. Dit is deel van die menslike natuur en hy moet daarop bedag wees. Volgens Mollenhoff is dit

die plig van die ondersoekende joernalis om belangstelling te toon en ondersoek in te stel na "the **inevitable** malfunctioning of government agencies that wastes tax money, causes injustices, and creates a climate for corruption" (1981:8 - eie beklemtoning).

Vervolgens word sekere bevindinge wat uit hierdie hoofstuk afgelei kan word kortliks saamgevat.

## 3.6 Gevolgtrekking

Die belangrikste verskil tussen ondersoekende joernalistiek en konvensionele joernalistiek en variasies daarvan moet gesien word in terme van die spesifieke doel van ondersoekende joernalistiek. Die **spesifieke** doel en gevolge van ondersoekende joernalistiek word in hierdie studie as interafhanklik en uiters belangrik beskou. Die rede daarvoor is die volgende:

(1) Die doel van ondersoekende joernalistiek is die blootlê of regstelling van ongeregtighede en/of onregmatighede (dus sosiale verandering); en

(2) Die gevolge van ondersoekende joernalistiek kan soms direk aanleiding gee tot amptelike reaksie en aksie, wat soms regstreeks met sosiale verandering verbind kan word.

Bogenoemde spesifieke doel en gevolge is interafhanklik en kan verbind word met die sogenaamde **oorkoepelende** doel en gevolge van ondersoekende joernalistiek, wat ook as interafhanklik beskou kan word. Die oorkoepelende doel van ondersoekende joernalistiek kan beskou word as 'n noodsaaklike vereiste vir die behoud van persvryheid ten bate van 'n demokrasie. Die waarde van doeltreffende ondersoekende joernalistiek (die gevolge) kan dus aan die behoud van hierdie ideale gemeet word. Geen noemenswaardige gevolge van ondersoekende joernalistiek sou dus ook die doel daarvan bevraagteken. Ondersoekende joernalistiek is egter 'n belangrike en onderskeibare joernalistieke praktyk en moet dus een of ander doel dien. Vergelyk byvoorbeeld die opspraakwekkende "Inligtingskandaal" wat Suid-Afrika in die sewentigerjare geskud het. Die blootlê van geheime propaganda (onder meer deur die aankoop van koerante deur die regering vir die verkoop van die apartheidsbeleid) was die resultaat van ondersoekende joernalistiek in veral die Engelstalige pers en het talle gevolge ingehou (vgl Hachten en Giffard 1984:229-261). Die belangrikste (langtermyn) gevolg was miskien dat die geloofwaardigheid van die NP-regering 'n ernstige (onherstelbare) knou, in terme van die blanke bevolking, toegedien is.

Soos uit verskeie bronne blyk (vgl Pawlick 1982:voorwoord, 125; Mollenhoff 1981:1-5,12; MacDougall 1977:189; Anderson en Benjaminson 1976:15-21; Williams 1978:9),

word die doel van ondersoekende joernalistiek veral gekoppel aan die belangrikheid wat aan die bestaan en voortbestaan van die demokrasie geheg word.

Die volgende word beklemtoon:

(1) Die beskerming van die *reg om te weet* ('n belangrike voorwaarde vir 'n demokrasie);

(2) Die belangrikheid van persvryheid (vir die behoud van 'n demokrasie);

(3) Die belangrikheid van 'n geloofwaardige pers (funksioneel in 'n demokrasie); en

(4) Die voorkoming van die ondermyning van 'n gevestigde (demokratiese) orde.

'n Verdere oorkoepelende doelwit kan na analogie van hierdie studie bygevoeg word. Dit is die **stryd** vir die *reg om te weet* (en dus persvryheid) as 'n noodsaaklike voorwaarde vir die **verandering** van 'n ondemokratiese samelewing na 'n demokratiese samelewing.

In enige samelewing, maar veral in 'n moderne demokrasie waar ingeligte lede van 'n samelewing noodsaaklik is vir die doeltreffende regeringsproses, is ondersoekende joernalistiek belangrik. Die lede van 'n samelewing het

die reg om alles te weet oor handelinge wat hul belange raak of skaad. Die oorlewing van 'n demokrasie is in groot mate afhanklik van die verstaan van samelewingsprobleme. Die pers behoort hierdie probleme te identifiseer en onreëlmatighede te ondersoek én bekend te maak. Eerlike en verantwoordelike ondersoekende joernalistiek is die hoeksteen en regverdiging van 'n vrye pers. Verantwoordelike ondersoekende joernalistiek is ook die antwoord op die probleem van geloofwaardigheid waarmee die pers dikwels te kampe het. Die leser is dikwels skepties oor koerantinhoud. Ondersoekende joernalistiek is noodsaaklik vir die herstel van vertroue in die geloofwaardigheid van die pers. Ondersoekende joernalistiek kan beskou word as 'n betroubare en doeltreffende monitor vir owerheidsbeleid en optrede en 'n instrument wat waak teen die ondermyning van demokratiese ideale (vgl Pawlick 1982:voorwoord, 125; Mollenhoff 1981:1-5,12; MacDougall 1977:189; Anderson en Benjaminson 1976:15-21; Williams 1978:9). Ondersoekende joernalistiek kan voorts as 'n instrument beskou word wat demokratiese ideale in 'n ondemokratiese samelewing bevorder deur die onthulling van ongeregtighede of onregmatige gedrag wat demokrasie ondermyn.

**Ten slotte** is die meeste ondersoekende joernaliste innerlik gemotiveer (uitgespreek of nie) om verandering van een of ander aard te help bewerkstellig. Sosiale verandering as gevolg van ondersoekende joernalistiek

word gewoonlik beskou as 'n langtermyn resultaat, wat nie maklik op die kort termyn waarneembaar is nie. Daar moet egter daarteen gewaak word om te veel mag (gevolge) aan ondersoekende joernalistiek toe te dig. Die professie het sy perke: "Woodward and Bernstein did not bring down Richard Nixon, after all; Congress and the courts did. The press cannot save society; it can only be a catalyst. Reporters don't have subpoena power. They provoke" (Patterson en Russell 1986:320; vgl ook Williams 1978:5). Die "Inligtingskandaal" het nie die NP-regering tot 'n val gebring nie - hoewel dit in demokratiese samelewings geëis sou word. Belangrike koppe (Connie Mulder, John Vorster, Hendrik van den Bergh, e.a.) het egter wel gerol en nuwe mense met nuwe idees - ook ten gunste van meer vryheid aan die bewind gebring. Ook moet die belang van die verlies aan geloofwaardigheid van die NP nie onderskat word nie.

Soos in die vorige en in hierdie hoofstuk beklemtoon is, moet die gevolge van ondersoekende joernalistiek beskou word as deel van 'n proses. Die proses word wel geïnisieer deur ondersoekende joernalistiek, maar die gevolge is afhanklik van die reaksie en handelinge daarop.

**Hoofstuk vier** word gewy aan die samelewingskonteks en 'n profiel van *VWB*.

**EINDNOTAS**

(1) Volgens Willem de Klerk (*Beeld* 19 Jan 1993) is daar drie aspekte oor die kwessie van openbare belang wat in ag geneem moet word, naamlik:

* Die pers het die vryheid van publikasie en die reg en die plig om ongerymdhede oop te vlek.

* Die pers het eie **etiese kodes** om die reg op privaatheid te beskerm, mense respek te betoon, goeie smaak aan die dag te lê en die belange van betrokkenes in ag te neem.

* Dit is die koerant se eie besluit of hy 'n storie in groot besonderhede publiseer al dan nie. Dié besluit kan egter nie in 'n wet of formule vasgelê word nie.

In samehang met bogenoemde aspekte beklemtoon Arrie de Beer (*Beeld* 19 Jan 1993) egter ook dat "openbare belang" 'n relatiewe begrip is en dat koerante die begrip kan misbruik. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer die persoonlike lewe van mense, wat geen openbare verantwoordelikhede het nie, deur koerante uitgebuit word. Wanneer 'n persoon egter wel openbare verantwoordelikhede het, is dit volgens De Beer die leser se reg om van ongerymdhede te weet.

Die reg op privaatheid, die onverantwoordelike publisering van gerugte, respek vir slagoffers van 'n misdaad soos veral molestering en verkragting, die beskerming van minderjariges, die aanstigting van haat en geweld is alles voorbeelde van gevalle waar die gebeure opgeweeg moet word teen die openbare belang. Die etiese kodes van die massamedia, soos om verskillende kante van 'n saak te belig en die

respektering van privaatheid, geld ook vir ondersoekende joernalistiek. Etiese oordele hang egter ook af van die omstandighede van elke geval en die toets is dikwels of betrokkenes openbare verantwoordelikhede het al dan nie. Dit is egter baie belangrik dat reëls of wette nie daaroor gemaak behoort te word nie, want dan kan politici en openbare figure dit tot hul voordeel (ten koste van die openbare belang) aanwend en verdwyn die risiko van openbaarmaking as 'n afskrikmiddel teen korrupsie en immorele optrede. Die massamedia behoort egter 'n balans tussen die privaatheid van individue en die publiek se *reg om te weet* te handhaaf.

(2) In die wetenskap verwys objektiwiteit na "kennisuitsprake (wat) 'n getroue weergawe bied van die werklikheid soos dit in sigself gegee is. In dié sin staan dit teenoor alle uitsprake waarin subjektiewe gevoelsreaksies, verbeeldingsprojeksies, waarderinge en verwagtinge van die mens 'n rol speel, en wat daarom 'n vertroebelde kyk op die werklikheid uitdruk" (Rossouw 1980:3).

In die joernalistieke praktyk verwys objektiwiteit na "A dominant theme of the journalism profession, to report events in a factual way, uninfluenced by **attitudes** or **values** of reporters, editors, or publishers" (Hiebert *et al* 1991:636, eie beklemtoning).

(3) Akkuraatheid verskil van objektiwiteit. Wanneer van "akkuraatheid" gepraat word, word daar nie van joernaliste verwag om houdings en waardes in die hantering van berigte op te skort nie. Die opskorting van houdings en waardes is in elk geval 'n onrealistiese vereiste. Waarneming kan nie geskied sonder dat eie morele oortuiginge betrek word nie

(vgl Werkmeister 1960; Hoogerwerf 1972). Willis (1991:32) skryf dat die idee van akkuraatheid vereis dat "statements be verified as truthful" (vgl ook Willis 1991:3). Dikwels verwar redakteurs die betekenis van objektiwiteit en akkuraatheid en beskou dié konsepte as een en dieselfde (vgl Boyer 1981:24-28).

HOOFSTUK VIER

# 4 *VRYE WEEKBLAD* IN KONTEKS: 'N PROFIEL VAN 'N ALTERNATIEWE AFRIKAANSE KOERANT


## 4.1 Inleiding

Veral die sogenaamde alternatiewe pers is in die tagtigerjare verbind met 'n kritiese beskouing oor die "establishment". *VWB* as enigste noemenswaardige Afrikaanse alternatiewe koerant, gedurende die tydperk van sy bestaan, word as **gevallestudie** uitgesonder (vgl Wimmer en Dominick 1994:154).

Die skets van 'n profiel van *VWB* is nodig as agtergrond vir die gevallestudie en die regverdiging van *VWB* as keuse in dié verband. Verder impliseer ondersoekende joernalistiek as 'n agendabouproses dat die samelewingskonteks daarvan ook belangrik is.

## 4.2 Die samelewingskonteks van *Vrye Weekblad*

Die invloed van samelewingskonteks op koerantteks is afhanklik van 'n groot verskeidenheid van faktore. Dit kan grafies soos volg voorgestel word:




Elk van die samelewingsfaktore het wetlike, ideologiese en normatiewe implikasies vir die media en die inhoud daarvan. Die medium self soos televisie, radio en koerante (ook die ideologiese rigting van byvoorbeeld koerante of koerantbeleid), hou ook implikasies vir media-inhoud in.

Die invloed van politieke faktore of "owerheidsvorme" (variasies van demokrasie, oligargie) kan veral sedert die sewentiger- en tagtigerjare in Suid-Afrika beskou word as 'n belangrike oorkoepelende faktor. "Owerheidsvorme" bepaal in groot mate die funksionering van 'n samelewing. Dit bepaal byvoorbeeld oorkoepelende ekonomiese beleid en die manier waarop die media in 'n samelewing behandel word. Sien ook Hartley (1982:48) in dié verband. Hy sonder veral ekonomiese faktore en die owerhede uit as belangrike (interafhanklike) beïnvloedingsinstrumente: "the two most important 'agencies' likely to have a say in the news are capital and the State - commerce and government". Ekonomiese faktore sluit ook aspekte in soos die besit en beheer van die pers; algemene ekonomiese resessie; die adverteerder; en

die verbruiker.

**Owerheidsregulering** het sedert die Nasionale Party (NP) aan die bewind gekom het (1948) stelselmatig toegeneem totdat dit veral gedurende die tagtigerjare ongekende afmetings aangeneem het(vgl Grogan en Riddle 1987:3-16). Die apartheidsideologie wat deur hierdie party gewettig is, het sy merk op die pers gelaat. Die Afrikaanse, Engelse en alternatiewe pers het in terme van hierdie ideologie in verskillende rigtings ontwikkel en hul beleid daarvolgens gerig. Breedweg het die Afrikaanse pers die ideologie ondersteun; die Engelse pers het dit gekritiseer (hoewel slegs oppervlakkig volgens verskeie skrywers); en die alternatiewe pers het dit geheel en al verwerp. Net soos wat die samelewing deur die uitleef van hierdie ideologie ernstig verdeel was, so was die pers ook verdeel. Die funksie van die pers as inligtingsbron is sterk deur die ideologiese voorkeure gekleur.

Daar word van die aannames uitgegaan dat koerantteks in Suid-Afrika eerstens en veral deur die uiters strenge owerheidsregulering beïnvloed is; en tweedens deur die sosialisering van mediawerkers (hoofsaaklik die blanke middelklas) in 'n apartheidskultuur en die institusionalisering daarvan in mediapraktyke. Beide die faktore beïnvloed agendastelling (plasing of ignorering van die

gebeure) én die manier van nuusaanbieding (woordkeuse, beklemtoning en kommentaar). Veral in die tagtigerjare is oormatige owerheidsregulering as die belangrikste beperkende kenmerk van die Suid-Afrikaanse perswese beskou (vgl Faure 1987:35-37).

Die **Afrikaanse pers** het oor die algemeen die ideologie van die owerhede onderskryf en dus min probleme ondervind. Koerantteks het bloot min of meer die ideologie van die NP gereflekteer (vgl Serfontein 1995:46). In die tagtigerjare het die Afrikaanse pers egter ook soms 'n kritiese stem laat hoor. Die Afrikaanse pers het al hoe meer saam met die Engelse pers begin protesteer teen vermeerderde persbeperkings en noodtoestandregulasies vanaf 1986-1990 (vgl Faure 1990:35).

Die **Engelse pers** het homself graag gesien as die nie-amptelike opposisie van die NP. Kritiek op die regerende party en sy beleid was oor die algemeen 'n kenmerk van die koerantteks in Engelse koerante. Tyson (1993:29) skryf: "Only the Progressive Party, Black Sash, some clergy, some communist and the **English language press** offered any uncomfortable moral challenge to racism and to the government's methods" (eie beklemtoning).

Daar was egter volgens verskeie skrywers soos Doherty (1981), Louw (1983) en Tomaselli *et al.* (1987) nie veel

diepgaande verskille tussen die Engelse en Afrikaanse pers nie. Die Engelse en Afrikaanse pers het uiteindelik, ten spyte van oppervlakkige verskille, dieselfde *status quo* ondersteun.

Hoekom was die uiterste persbeperkings (medianoodregulasies vanaf 1986-1990) dan nodig? Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord, word die sieninge van bogenoemde skrywers kortliks in oënskou geneem.

In die tagtigerjare het dié skrywers regverdiging aangebied vir die standpunt dat die Afrikaanse sowel as die Engelse pers die *status quo* ondersteun. Die algemene siening van die Afrikaanse pers as regeringsgesind en die Engelse pers as 'anti' of krities teenoor die regering word deur Louw (1983:14-16) bevraagteken. Die pers is volgens hom, ten spyte van oppervlakkige verskille (soos die ondersteuning van verskillende faksies binne dieselfde blanke regering), redelik homogeen vanweë die ondersteuning van die *status quo* - "not one of them fundamentally calls into question the existing *status quo*" (1983:14). Doherty (1981:39) kom ook tot die gevolgtrekking dat beide die Engelse en Afrikaanse pers die belange van die bestaande sosiale orde vooropstel. Dié siening van die Engelse en Afrikaanse pers as een pers word gegrond op Gramsci se idees oor hegemonie. Dit verwys na die manier waarop die regerende elite deur

invloed, leierskap en indoktrinasie regeer en so 'n valse bewussyn (of ideologie) skep wat die regerende elite verenig hou en die ondergeskiktes tevrede of gedisorganiseerd hou. Die pers speel 'n belangrike rol in bogenoemde. Beide die Engelse en Afrikaanse pers word besit en grootliks beman deur lede van dieselfde blanke regerende elite. Deur opvoeding en sosialisering word die belange van die blanke elite in die pers gereflekteer. Bogenoemde sluit ook die sogenaamde **swart pers** in. Tomaselli en Tomaselli (Tomaselli *et al* 1987:57) skryf in dié verband: "The white-owned black press is not in a position to articulate the needs and aspirations of the real opponents of apartheid, the black working class".

Die kritiek van die Engelse pers teenoor apartheid is volgens Tomaselli en Tomaselli (Tomaselli *et al* 1987:61) beperk omdat die Engelse pers besit word deur 'blanke' kapitaal en noodwendig deur gevestigde belange gerig word (vgl Faure 1990:32; Serfontein 1995:42).

Histories en in sosiale konteks is bogenoemde sieninge nie vergesog nie. (Die noue verbintenis tussen die NP en veral die Afrikaanse pers kan byvoorbeeld nie ontken word nie [vgl Cillié 1992:457-486], ook nie die sosialiseringskonsekwensies van die apartheidsbeleid en die verbintenis van die Engelse persgroepe met 'blanke' kapitaal nie). Volgens bogenoemde sieninge sou daar dus

nie veel teenstrydighede in die pers/regering-verhouding wees nie. Die regering sowel as die pers het hiervolgens soortgelyke belange en ondersteun dieselfde 'blanke' *status quo*.

Die NP-regering het egter, in teenstelling met die sieninge van skrywers soos Doherty (1981), Louw (1983) en Tomaselli *et al.* (1987), die siening van die Engelse pers as *de facto* opposisie aanvaar. Die Engelse pers is oor die algemeen as liberaal en onpatrioties deur die regering gebrandmerk. Die oppervlakkige verskille tussen die Engelse en Afrikaanse pers waarna die skrywers verwys, was belangrike verskille in die oë van die NP-regering. Die Afrikaanse pers het egter ook meer krities geword - 'n vorige staatspresident, P.W. Botha, het selfs *Beeld* uitgesonder "for vicious attack" (Jackson 1993:11). Die opkoms van die sogenaamde 'alternatiewe' pers, wat swart belange verwoord, het waarskynlik ook 'n belangrike rol in die houding van die regering teenoor die pers in die algemeen gespeel. Die NP-regering het deur die pers as sulks bedreig gevoel en persbeperkings as noodsaaklik beskou, ten einde die *status quo* te laat voortduur. Buiten die wette wat op die pers van toepassing was (vgl Hachten en Giffard 1984:102-129), is naamlik streng medianoodregulasies op 12 Junie 1986 ingestel en dit is op 11 Desember 1986 vermeerder (vgl Faure 1987:36-37). Die medianoodregulasies het 'n

ongekende hoogtepunt bereik. Grogan en Riddle (1987:4) skryf in dié verband: "From mid-June of 1986 some South African newspapers began to carry daily front page notices that they were being published under restrictions that amounted to censorship, and that what facts they were permitted to carry could be 'seriously misleading'".

Dit gaan hier oor die pers wat nie toegelaat is om sy funksies na behore uit te voer nie en die pers wat hewig daarteen beswaar gemaak het. Die pers en die regering het dus as 't ware gebots in terme van hul onderskeie sienings van wat die funksie van die pers in die samelewing behoort te wees. Persvryheid is noodsaaklik vir die uitvoer van die funksie van die pers en wetgewing en ander maatreëls "has been systematically throttling press freedom for nearly four decades" (Grogan en Riddle 1987:4). Gedwonge weglating het agendastelling in die massamedia, veral gedurende die tydperk toe die medianoodregulasies van krag was, ernstig beïnvloed.

Die beheptheid van die hoofstroom-pers met die behoud van die *status quo* (bewustelik of onbewustelik / openlik of bedek / gedwonge of vrywillig) het uiteindelik aanleiding gegee tot die opkoms van die **alternatiewe pers** in Suid-Afrika. Veral die geloofwaardigheid van die hoofstroom-pers is deur die kritiese en "afwykende"

stemme aangetas. Volgens Jackson (1993:9) het die alternatiewe publikasies veral die idee versterk dat die hoofstroom-pers uit voeling was met die werklikhede van Suid-Afrika.

Owerheidsregulering kon uiteindelik nie die pers keer om oor die samelewing verslag te doen nie. Aanhoudende negatiewe nuus (waarskynlik positiewe nuus vir diegene wat sosiale verandering wou bewerkstellig) oor die werklikhede in die samelewing het egter gelei tot apatie onder veral die blanke **leser** wat 'n versadigingspunt bereik het. Volgens Steyn (1989:232-238) was daar 'n wydverspreide apatie van hoofsaaklik die blanke lesers met betrekking tot (i) negatiewe nuus; (ii) die rol en funksie van die pers; en (iii) die belangrikheid van die behoud van persvryheid.

Die apatiese houding van die verbruiker is egter nie slegs te wyte aan die weergee van negatiewe nuus nie, maar miskien meer nog aan die **manier** waarop hierdie nuus aan die leser gebied word (byvoorbeeld die plasing van eksplisiete foto's van 'n grusame moord). Oosthuizen (1994:3-4) skryf in dié verband: "the local media's blood-and-guts portrayal of the death of three Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) members in Mafikeng ... drew no, or hardly any, formal reaction from the public".

Die Suid-Afrikaanse publiek het waarskynlik toenemend gewoond begin raak aan skokkende berigte en foto's. Volgens Oosthuizen (1994:3) kan die klaarblyklike apatiese houding van die verbruiker die gevolg wees van 'n gebrek aan sensitiwiteit aan die kant van die media, wat die etiese kode van die Suid-Afrikaanse Persraad verontagsaam en in die proses die belange van die verbruiker verwaarloos. Langtermyn blootstelling aan nuus oor politieke geweld kan die desensitisering ('n soort narkotiseringseffek) van mense tot gevolg hê (vgl Klapper 1960:198).

Leserapatie kan daartoe lei dat (sommige) koerante nie meer gekoop word nie en uiteindelik die sirkulasiesyfer van 'n koerant, asook indirek die uiteindelike oorlewing van die koerant, negatief beïnvloed. Die sirkulasiesyfer en die tipe leser is vir koerante belangrik vir oorlewing. Vergelyk in dié verband die "dood" van die *Rand Daily Mail* wat in 1985, ten spyte van 'n hoë sirkulasiesyfer, moes sluit. Sy lesers was hoofsaaklik swart en ekonomies onbelangrik vir adverteerders (vgl Roelofse 1985:30-37). Dié koerant was krities teenoor die regering en het gepoog om swart aspirasies en die werklikhede van Suid-Afrika te reflekteer en daarom toenemend swart lesers getrek én in die proses sy blanke lesers vervreem.

Soos later in hierdie hoofstuk aangetoon word, word die lae sirkulasiesyfer van *VWB* (en die gevolglike lae advertensiebesteding in *VWB*) ook as 'n voorbeeld beskou van die **Afrikaanse** leser wat nie die *reg om te weet* vertroetel het nie én waarskynlik apaties was ten opsigte van die tipe nuus in Afrikaans. (*VWB* het gepoog om **krities** verslag te doen oor die Suid-Afrikaanse werklikhede - die gemiddelde Afrikaanse leser was nie daaraan gewoond nie). Ten einde bogenoemde te illustreer, is 'n opname onder Afrikaanstalige publiseerkundestudente aan Unisa gedoen. Uit dié opname, in die vorm van 'n vraelys (kyk bylae A vir 'n voorbeeld van die vraelys), het die volgende geblyk:

(1) Slegs 13.5% van die respondente het *VWB* gelees.

(2) Slegs 8.1% van die respondente was gereelde lesers van *VWB* (ongeveer twee tot vier keer per maand).

(3) Slegs 5.4% van die respondente was ongereelde lesers van *VWB* (ongeveer een keer per maand).

(4) 86.5% van die respondente het nie *VWB* gelees nie.

Hierdie resultaat is veral betekenisvol omdat daar, weens die aard van hul studierigting, van publiseerkun-

destudente verwag is om soveel as moontlik koerante te lees asook om 'n breë spektrum van koerante te lees.

Volgens Gert Yssel, die besturende direkteur van die Suid-Afrikaanse Reklame-navorsingstigting (SARNS) (*Sake-Beeld* 9 Sep 1994:30), toon die AMPS-verslag van 1994 dat die gedrukte media lesers verloor het. Die verbruik van die gedrukte media het veral gedaal weens verminderde toegang tot die gedrukte media weens ekonomiese faktore en subjektiewe faktore soos die vermyding van blootstelling aan geweld en propaganda (kyk tabel 1 - AMPS 1994).

**Tabel 1**

**Afname in die leserskapsyfer van die gedrukte media**

| **Gedrukte Media** | **% afname** |
|---|---|
| Afrikaanse/Engelse dagblaaie | 7,5 |
| Engelse (swart) dagblaaie | 10,9 |
| Afrikaanse/Engelse weekblaaie | 10,0 |
| Engelse (swart) weekblaaie | 27,7 |
| Swart weekblaaie | 7,5 |
| Afrikaanse tydskrifte | 8,2 |
| Swart tydskrifte | 8,1 |

Uiteindelik is die faktore wat koerantteks beïnvloed interafhanklik. Owerheidsregulering kan egter beskou word as 'n **oorkoepelende** faktor omdat dit sekere eksplisiete perke stel deur direkte (wette) en indirekte regulering (een of ander vorm van teistering).

**Ten slotte** laat die eksterne regulering waaraan koerante onderhewig is, soos wette van toepassing op die pers; medianoodregulasies; en vorme van teistering, 'n duidelike beperking op agendastelling. Die invloed van teks op konteks is egter nie altyd so duidelik nie, maar word tog algemeen aanvaar. Jackson (1993:5) skryf in dié verband: "Although media scholars struggle to assess with any precision the political impact of newspapers in modern societies, none question that they have some impact. Neither, for that matter, do politicians and government leaders have any doubts about that. Judging from the zeal with which the South African government has tried to control the printed word, it is as much in awe of the power of the press as governments anywhere".

Volgens Jackson (1993:5) is die pers "a potentially powerful avenue available to those opposing the government".

Met bogenoemde algemene bespreking as agtergrond, word vervolgens gefokus op *VWB*.

## 4.3 'n Profiel van *Vrye Weekblad*

Die alternatiewe pers in Suid-Afrika het tot stand gekom omdat konvensionele koerante, of die sogenaamde "establishment" pers, min of geen dekking aan sekere groepe

se politieke belange en aspirasies verleen het. Soos in hoofstuk twee verduidelik is, fokus die alternatiewe pers dikwels op kwessies wat selde in die hoofstroom-media gedek word (vgl Mathes en Pfetsch 1991:33). Slegs 'n deel van die bevolking se behoeftes is deur die konvensionele pers bevredig. *VWB* kan gesien word as 'n alternatiewe koerant wat gemik was op die vrydenkende Afrikaner, daardie groep wat hom (voor 1988) vir nuus moes wend tot die monopolisties beheerde "establishment" pers en Engelstalige publikasies soos die *Weekly Mail*. *VWB* het gepoog om deur sy fokus op daardie groep "vrydenkende Afrikaners" en die moontlike uitbreiding van daardie groep asook hul moontlike integrasie met ander groepe, 'n sogenaamde Afrikaner "counter-public" wat vryheid en demokrasie hoog ag, daar te stel (vgl Mathes en Pfetsch 1991:37). Volgens verskeie bronne is die Afrikaner deur sy eie media lank van die sosiale werklikhede geïsoleer (vgl Hachten en Giffard 1984:183; Tomaselli en Louw 1990:89-90) en *VWB* het gepoog om die werklikhede - die konflik wat deur die apartheidsbeleid veroorsaak is - te reflekteer. Om dit te kon doen, moes *VWB* soms wette en regulasies verontagsaam én berigte publiseer waaraan die konvensionele pers nie geraak het nie. Soos later in die hoofstuk blyk, het *VWB* indien dit enigsins moontlik was hom min gesteur aan weglating weens (self)sensuur.

### 4.3.1 Stigting

Die stigting van die belangrikste, eietydse **Afrikaanse** alternatiewe koerant was **indirek** die gevolg van bewuswording van veranderinge in die Afrikanerhoudings sedert die Inligtingskandaal in 1978 (vgl Hachten en Giffard 1984:229-261). Die Afrikaner se algemene geloof in "eerlike leierskap" is deur die skandaal geknou. Afrikanereenheid het hier en daar in die kulturele en politieke lewe begin versplinter. Wat die pers betref, is die hoofstroom Afrikaanse koerante veral voor die tagtigerjare beskou as bondgenote (of "regeringskoerante") (Cillié 1992:464) van die NP, terwyl die enigste ander primêre nuusbron, die SAUK, deur die staat "beheer" is (Hachten en Giffard 1984:179-180,200). Hierdie verhouding tussen regerende party en media het noodwendig 'n inhiberende invloed op beriggewing gehad (vgl Cillié 1992:457-486 oor die verhouding tussen die NP en die Nasionale Pers). Dié situasie het sommige Afrikaanse joernaliste erg gefrustreer. Hulle wou in eie taal vir hul eie gemeenskap oor die werklikhede in Suid-Afrika skryf.

Die idee vir 'n nuwe Afrikaanse koerant het sy beslag gekry ná die Dakarontmoeting met die ANC in 1987. Die Dakargebeure ('n **onwettige** ontmoeting tussen Suid-Afrikaners en lede van die ANC se Nasionale Uitvoerende Ko-

mitee in Julie 1987 met die doel om die skaakmatsituasie tussen die NP-regering en die ANC te probeer ontlont) is min of meer eensydig deur die Afrikaanse pers gedek. Dit het joernaliste en Dakargangers eindeloos gefrustreer. Die noodsaaklikheid van 'n nuwe koerant (sonder verwringing en vooroordeel oor sogenaamde politiek sensitiewe sake) is daardeur beklemtoon (*Weekly Mail* 14 Okt 1988; *The Star* 31 Okt 1988; *Sunday Tribune* 30 Okt 1988).

Wending Publikasies Beperk is gestig en die eerste uitgawe van *VWB* het op 4 November 1988 verskyn. Die direkteure was Max du Preez, die redakteur van *VWB;* Christo Nel, 'n maatskappy-direkteur en koördineerder van die Consultative Business Movement; Chris Otto, 'n sakeman van Johannesburg; Frederik van Zyl Slabbert, voormalige leier van die Amptelike Opposisie in die Volksraad en medestigter van die Institute for a Democratic Alternative for South Africa (IDASA); en Sampie Terreblanche, hoogleraar in die ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch (*VWB* 4 Nov 1988).

### 4.3.2 Reaksies

Die reaksie van die Engelse pers op die verskyning van 'n nuwe Afrikaanse koerant was óf gunstig soos blyk uit die opskrif: "New newspaper fulfils a dream" (*Sunday*

*Tribune* 30 Okt 1988) óf feitlik soos blyk uit die opskrifte: "New paper soon - in Afrikaans" (*The Star* 31 Okt 1988) en "New paper goes on streets today" (*Cape Times* 4 Nov 1988). Veral die idee van 'n nuwe **"anti-apartheid"**-koerant in **Afrikaans** word in die bygaande berigte beklemtoon en ook verwelkom.

Daarenteen was die gesindheid van die Afrikaanse pers negatief. Dit word aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer: *Rapport* het sy (destydse) joernalis Martin Welz ernstig gewaarsku na aanleiding van 'n bydrae wat hy gelewer het in die derde uitgawe van *VWB*. *Die Volksblad* het Welz se verslag "on the transactions of a Bloemfontein businessman" venynig aangeval en dit as 'n smeerartikel afgemaak (*Financial Mail* 25 Nov 1988). *VWB* (25 Nov 1988) beskryf dié berig in *VWB* (18 Nov 1988) as 'n "uitstekende stuk professionele, ondersoekende joernalistiek". (Welz het as ondersoekende joernalis bekendheid verwerf vir sy rol in die oopvlek van onder meer die Inligting- en Kubus-skandale.)

Die reaksie van die regering op die verskyning van *VWB* was eweneens negatief. Die reaksie is veral beskryf as "hyper sensitive" (*The Star* 22 Nov 1988) en oordrewe: "De autoriteiten reageerden buiten proportie op de verschijning" (Zuid-Afrika Apr 1989:56). *VWB* was die oorsaak van "enough unease in government circles to be

threatened by closure after three editions" (*Financial Mail* 25 Nov 1988). Sodanige reaksie was egter nie onverwags nie: (i) in terme van die geskiedenis van die gespanne verhouding tussen pers en regering in Suid-Afrika; en (ii) die feit dat dit 'n **Afrikaanse** koerant was (wat boonop beloof het om kaalkop die waarheid te vertel) (kyk redaksionele beleid van *VWB* hieronder). Tomaselli en Louw (1990:89) skryf in dié verband: "The direct historical relationship between the Afrikaans Press (especially its editors) and prime ministers (many of them former editors) makes *Vrye Weekblad*'s existence close to an act of treason" (vgl Cillié 1992:457-486).

Voorbeelde van die reaksie van die regering is die feit dat slegs twee tot drie weke ná *VWB* se verskyning daar oorweeg is om teen die blad op te tree. Die rede wat deur die regering aangevoer is, was dat *VWB* **moontlik** as platform vir sienswyses van onwettige organisasies (soos verbied in die Wet op Binnelandse Veiligheid van 1982) gebruik sou kon word (*Cape Times* 21 Nov 1988; *The Star* 25 Nov 1988). Dit sou dan die eerste keer sedert die afkondiging van die Noodtoestand in Junie 1985 wees dat 'n koerant in terme van hierdie wet gewaarsku of verbied sou word. *VWB* is ook in kennis gestel van vier aanklagte ingevolge verskeie regulasies en gevra om 'n ongehoorde R30 000 registrasiedeposito neer te lê. Bogenoemde reaksie is wyd hier en oorsee gekritiseer (*VWB* 25

Nov 1988; *Tempo* 2 Des 1988; *The Star* 22 Nov 1988, 5 Des 1988; *Financial Mail* 25 Nov 1988; *Cape Times* 23 Nov 1988).

*The Star* (5 Des 1988) som die amptelike houding treffend op: "The Government seems out to get the *Vrye Weekblad* by fair means or foul".

Die houding van die regering het Suid-Afrika se behoefte aan alternatiewe stemme juis onderskryf én aan *VWB* gratis reklame verskaf.

#### 4.3.3 Redaksionele beleid

Algemeen gestel kan "redaksionele beleid" kortliks verduidelik word as die interne filosofiese en lewensbeskoulike vertrekpunte (waardes, oortuiginge, houdinge, ensovoorts) wat die handelinge van die bestuur van die koerant (redakteur, hoofredaksie, ensovoorts) rig en wat uiting vind in bepaalde handelinge (byvoorbeeld nuusseleksie) én veral die wyse waarop hierdie handelinge verrig word (byvoorbeeld vertolking, plasing en beklemtoning van nuus). Volgens Oosthuizen (1989:13-17) het redaksionele beleid veral te make met die rede waarom die medium daargestel is. 'n Belangrike punt wat hier ter sprake is, is dat die formulering van interne beleidsrigtings nie, of moeilik, van eksterne beheer ge-

skei kan word nie. Interne beleid word naamlik altyd gevorm binne 'n eksterne raamwerk (die sosiale en politieke sisteem), en gevolglik daardeur (byvoorbeeld sosiale norme en wette) beïnvloed. Die interne beleid word deur hekwagters geformuleer (direkteure en redakteurs) en uitgevoer (redakteurs en joernaliste).

Wat *VWB* betref, het die naam van die koerant reeds 'n aanduiding van sy redaksionele beleid gegee (veral in die lig van die geskiedenis van die Afrikaanse pers, wat deur 'n gebrek aan vryhede gekenmerk is). Die naam beklemtoon "vryheid", byvoorbeeld vry van propaganda en slagspreuke; vry van eng inhibisies; vry van manipulering deur politieke en gemeenskapsleiers en groot kapitaliste en vry om aan die Afrikaner te sê: "lees en besluit self" (*VWB* 4 Nov 1988). Die leuse van *VWB*, "Ons steek niks weg nie", het die weg vir betekenisvolle ondersoekende joernalistiek gebaan. Ook die naam van die uitgewer "Wending publikasies" het die klimaat van "verandering" in Suid-Afrika en *VWB* se toewyding in dié verband, beklemtoon. (Name en leuses beteken egter nie *per se* dat handelinge die belofte daarin opgesluit, gestand sal doen nie - soos later blyk, het *VWB* egter wel deur byvoorbeeld ondersoekende joernalistiek, sy naam en leuse gestand gedoen.)

*VWB* se redaksionele beleid was hoofsaaklik gegrond op 'n

basiese politieke filosofie van oortuiging in (i) 'n nie-rassige demokrasie; (ii) die soewereiniteit van die reg; (iii) basiese menseregte soos vryheid van spraak en vryheid van vereniging; (iv) die verwerping van alle vorme van geweld; en (v) vrye onderhandeling, versoening en nasionale eenheid (vgl *Financial Mail* 26 Aug 1988; *VWB* 4 Nov 1988, 27 Nov 1992:2; Tomaselli en Louw 1991:225; Oosthuizen 1989:93). Die seleksie en plasing van berigte asook die skryf van vertolkende en menings-berigte is beïnvloed en gesteun deur bogenoemde ideale. Kortom, *VWB* wou 'n meningvormende publikasie wees.

Die beklemtoning van die redakteur (*VWB* 4 Nov 1988) dat die koerant nie 'n propagandamondstuk vir linkse bekeer-des of vir enige politieke groepering of party is nie, het gewys op 'n sensitiwiteit én die distansiëring van die bekende probleem van Afrikaanse koerante as propa-ganda-instrumente vir die maghebbende party. *VWB* as 'n onafhanklike, onverbonde Afrikaanse koerant met 'n oop progressiewe aanslag is telkemale beklemtoon.

Die rede vir die stigting van *VWB* was kortliks hoof-saaklik die volgende (vgl *VWB* 4 Nov 1988; *Weekly Mail* 14 Okt 1988; *Sunday Tribune* 30 Okt 1988):

(1) Die gebrek aan 'n onafhanklike alternatief vir die Afrikaanse hoofstroomkoerante, wat deel is

van die Nasionale Pers- en Perskormonopolieë (en min of meer eensydig die NP ondersteun [het]).

(2) Die wil en behoefte om veral die Afrikaner tot bewuswording en aanvaarding van onvermydelike samelewingsveranderinge te lei.

(3) Die beswering van onkundigheid en gebrekkige bewussyn van Suid-Afrikaners oor politieke en sosiale ontwikkelinge en probleme in hul eie samelewing - die "Wir haben es nicht gewusst" - sindroom. In die verlede is die "reg om te weet" (die reg van joernaliste om toegang tot inligting oor regeringsbeleid en besluitneming te hê [Dennis en Merrill in Oosthuizen 1989:18]) oorskadu deur die "totale aanslag"-doktrine (die beweerde of vermeende eksterne aanslag op Suid-Afrika ter bevordering van kommunistiese doelwitte [Hachten en Giffard 1984:86-93]).

(4) Die voorsiening van 'n stem en 'n ondersteuningstruktuur vir diegene wat die rug gekeer het op tradisionele Afrikanernasionalisme.

(5) Die verskaffing van betroubare, gebalanseerde inligting wat in Suid-Afrika, veral vir die Afrikaner, 'n skaars produk was.

(6) Die frustrasie van baie joernaliste wat lankal ongelukkig was met die "bondgenootskap" tussen die Afrikaanse pers en die NP en 'n tuiste wou vind in 'n onafhanklike, professionele Afrikaanse koerant.

In die redaksionele beleid van *VWB* is sekere belangrike norme en riglyne in die belang van persvryheid en demokrasie beklemtoon. Sake soos die politieke onverbondenheid van die koerant en betroubare, gebalanseerde inligting is beklemtoon. Die ideale wat in die interne redaksionele beleid van *VWB* uitgespel is, is deur eksterne beleid aan bande gelê (soos wette en ander regulasies), wat veral tot uiting gekom het in die talle lastersake en teistering teenoor die *VWB*. Die talle lastersake en teistering beklemtoon egter ook dat *VWB* hom so min as moontlik gesteur het aan **weglating weens (self)sensuur**.

Die volgende aanhaling illustreer die invloed van eksterne faktore op 'n humoristiese wyse: "*Vrye Weekblad* sê graag hy steek niks weg nie, maar dit is nie die hele storie nie. Want sien, die redaksie sit en skryf met dik wetboeke en ewe dik noodregulasies wat soos 'n swaar wolk oor hulle koppe hang. En dan het hulle nog 'n ingat prokureur ook met 'n swaar hand en 'n dik, rooi pen wat hy graag gebruik" (*VWB* 4 Nov 1988).

### 4.3.4 Enkele probleme

Teistering en laster was belangrike probleme waarmee *VWB* te kampe gehad het. *VWB* kon in sy vierde jaar (*VWB* 6 Nov 1992) "spog" met 'n rekord van 37 kriminele aanklagte, agt lastersake en vyf dringende hofinterdikte. Verwant aan bogenoemde probleme was die finansiële oorlewingstryd wat *VWB* sedert sy stigting gevoer het.

#### 4.3.4.1 Teistering en laster

*VWB* is verskeie kere aangekla ingevolge die medianoodregulasies en die Wet op Binnelandse Veiligheid. Die volgende voorbeelde het betrekking op sogenaamde **teistering**, wat as 'n reeks kwetsende of skadelike handelinge beskryf kan word (vgl *HAT* 1973:879):

(1) *VWB* publiseer in sy eerste uitgawe 'n foto van Nelson Mandela en word daarvoor aangekla. Dit is ironies dat dieselfde foto, sonder gevolge, deur verskeie ander koerante gebruik is (*VWB* 2 Des 1989). Dit lyk dus na 'n moedswillige teistering.

(2) *VWB* publiseer 'n artikel waarin verwys word na die sieninge van Joe Slovo (*VWB* 11 Nov 1988). Sy redakteur, Max du Preez, kry 'n vonnis van ses

maande tronkstraf, opgeskort vir vyf jaar. Wending Publikasies word met R1 000 beboet, ook opgeskort vir vyf jaar. Volgens Overton (*The Star* 11 Mei 1989) was die artikel 'n akademiese evaluasie van Slovo se sieninge.

(3) *VWB* publiseer berigte oor hofsake van jong mans wat weens gewetensbesware weier om diensplig te doen. Hy word aangekla (*VWB* 27 Okt 1989). Dit is ironies dat slegs enkele ure nadat die redakteur 'n opgeskorte vonnis (kyk hierbo) opgelê is, die veiligheidspolisie laat weet het dat verskeie aanklagte ingevolge die noodmaatreëls teen *VWB*, weens die ondermyning van diensplig ondersoek word (vier maande ná die publisering van die berigte). Daar is dus kleinlik gesoek na "oortredings". *VWB* (23 Jun 1989) verwys na die "kleinlike vendetta" wat die regering teen hom voer.

Bogenoemde en ander hofsake het wye belangstelling in die pers geniet. Dié hofsake is ook algemeen as waardevolle toetssake vir **persvryheid** in Suid-Afrika beskou. Vergelyk onder meer berigte in *The Citizen* (6 Des 1988; 14 Feb 1989; 22 en 23 Jun 1989; 21 Okt 1989); *The Pretoria News* (22 Jun 1989); *Business Day* (26 Jan 1989; 22 Jun 1989); *Sowetan* (22 Jun 1989); *Cape Times* (22 Jun 1989); *Die Transvaler* (25 en 26 Jan 1989; 14 Feb 1989);

*Beeld* (26 Jan 1989) en *The Star* (26 Jan 1989).

**Lastersake** is nog 'n belangrike probleem waarmee 'n koerant, wat hom besig hou met ondersoekende joernalistiek, te kampe het. Laster kan gedefinieer word as die "onregmatige en opsetlike publikasie van woorde of gedrag aangaande 'n persoon wat die strekking het om sy goeie naam, reputasie of aansien in die gemeenskap te krenk, aan te tas, of te verminder" (Strauss *et al* 1976:216). Belangrike bestanddele van laster is dat dit 'n onregmatige handeling is, dat dit gepubliseer is en dat dit met die opset om te belaster, gedoen is (vgl Strauss *et al* 1976:216-263). Belangrike verwere teen die aanklag van laster is dat die publikasie waar is **en** dat dit in die openbare belang is (vgl Strauss *et al* 1976:264-267; Burns 1990:139-169; Rivers 1992:335).

Eenvoudig gestel, het laster te make met onwaarhede wat gepubliseer word en skade kan berokken. Indien blyk dat die "onwaarhede" deur feite gestaaf kan word, is dit nie meer laster nie. Opspraakwekkende **lastersake** waarby *VWB* betrokke was en wat eweneens wye publisiteit geniet het, was onder meer:

(1) Die lastereis wat ingestel is deur 'n voormalige Staatspresident, P.W. Botha. Hy het skadevergoeding van R100 000 en 'n onvoorwaardelike apologie

geëis. Dit was die eerste keer dat 'n staatspresident van Suid-Afrika 'n koerant vir laster gedagvaar het. In die berig "Pik, PW en die Mafia-baas" (*VWB* 11 Nov 1988) word beweringe gemaak van 'n verbintenis tussen P.W. Botha en die berugte Mafia-baas Vito Palazzolo (vgl *VWB* 16 Des 1988, 10 Mrt 1989; *Rapport* 18 Des 1988; *Die Burger* 16 Des 1988; *The Argus* 15 Des 1988).

(2) Die lastereis wat ingestel is deur Lothar Neethling, Adjunk-kommissaris en hoof van die polisie se forensiese laboratorium. Neethling het R1,5 miljoen van *VWB* en die *Weekly Mail* geëis. Hy het R500 000 van *VWB* geëis weens beweringe oor sy betrokkenheid by die sogenaamde polisie "moordbendes" (*VWB* 17 Nov 1989). 'n Opvolgberig (*VWB* 1 Des 1989) het gelei tot 'n verdere eis van R500 000, dus 'n totaal van R1 miljoen.

Hoekom stel koerante hulself willens en wetens bloot aan lastereise en ander "oortredinge"?

Die antwoord is nie eenvoudig nie. Dit het te doen met die soort samelewing waarin die pers optree. In 'n demokratiese samelewing sou daar in beginsel enigiets gepubliseer kon word - maar ook in Westerse demokrasieë geld laster - en om goeie redes, soos die skending van

privaatheid en veral die mens se aanspraak om hoog geag te word. Wanneer 'n ondemokratiese regering egter aan die bewind is, word die beskerming van openbare figure 'n prioriteit wat ver verby die demokratiese norme én die *reg om te weet* strek. Hoe het die Suid-Afrikaanse samelewing in *VWB* se era gelyk? Suid-Afrika was 'n ondemokratiese samelewing met baie kenmerke van 'n totalitêre staat, soos (i) die beheer volgens outoritêre beginsels deur 'n elitegroep; (ii) die aanvaarbaarheid van geweld om wet en orde te handhaaf; (iii) die afdwing van 'n amptelike ideologie (apartheid) op alle aspekte van die individuele en groepsbestaan; (iv) die beheer deur 'n enkele eliteparty (die NP) wat 'n relatiewe klein deel van die bevolking verteenwoordig, maar volslae beheer oor die hele gemeenskap het; (v) 'n feitlik volledige monopolie deur die party op alle vorme van massakommunikasie en politieke sosialisering; (vi) sentrale beheer oor die ekonomie deur die politieke stelsel; en (vii) 'n feitlik volledige beheer oor die gewapende magte. Vergelyk in dié verband Kotzé en Van Wyk (1980:190) vir die kenmerke van 'n totalitêre regime.

Die blootstel aan laster en ander eise (in die destydse Suid-Afrika) kan ook onder meer verbind word met koerantbeleid en die uitvoering daarvan. Indien 'n koerant beloof (en die belofte so goed moontlik probeer nakom) om niks weg te steek nie, sal daar noodwendig op 'n paar

(politieke) tone getrap word. Wat *VWB* betref, was die blootstelling aan die talle hofsake ook die gevolg van die negatiewe houding van die NP-regering teenoor die koerant. Sedert die eerste uitgawe het die regering op verskeie fronte probeer om die koerant verdag te maak, finansieel te knou en as 'n veiligheidsrisiko te brandmerk (vgl *VWB* 23 Jun 1989). Dit was duidelik dat die regering bang was vir *VWB*. Hoekom? Die antwoord kan gevind word in die vermeende of werklike rol wat *VWB* in Suid-Afrika gespeel het of aan *VWB* toegeskryf is. (Kyk die latere bespreking van die rol van *VWB*.)

#### 4.3.4.2 Finansies

Finansies het te make met die praktiese oorlewing van 'n koerant. Volgens Du Preez (*VWB* 6 Nov 1992) was *VWB* seker een van die armste publikasies in die land.

Finansiële probleme hou onder meer verband met die volgende interafhanklike pilare van 'n koerant, naamlik inhoud, sirkulasiesyfer en advertensies. Koerantinhoud beïnvloed die sirkulasiesyfer van 'n koerant, terwyl die sirkulasiesyfer (en ook die tipe leser) die advertensiepotensiaal beïnvloed.

Veral in die geval van *VWB* was lastersake 'n faktor in die finansiële oorlewingstryd van dié koerant - hoë

lastereise soos die eis van R1 miljoen (kyk hierbo) sou *VWB* nie sonder hulp kon oorleef nie. Volgens Mark Beare, die finansiële bestuurder van *VWB*, het die ontwikkelingstak van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) dié geld (R1 miljoen) aan *VWB* geleen. Die EEG het ook ongeveer R750 000 sedert *VWB* se stigting geskenk. Sedert 1991 is dié hulp weens politieke hervormings in Suid-Afrika gestaak. Die EEG het egter weer in 1993 'n eenmalige bedrag geskenk (Beare 28 Apr 1993). (Beare was egter nie bereid om die bedrag bekend te maak nie.) Sodanige hulp lok gewoonlik ernstige kritiek uit in terme van die onafhanklikheid van 'n koerant (vgl *The Citizen* 5 Des 1989). Lastereise kan egter ook lei tot ander finansiële reperkussies soos die verhoging van byvoorbeeld versekeringsdekking. Ná die lastereis van P.W. Botha (kyk hierbo) het *VWB* se drukkers en verspreiders skielik op duur versekering aangedring (*VWB* 19 Mei 1989). Die hulp van die EEG was dus noodsaaklik om die druk en verspreiding van die koerant aan die gang te hou (*VWB* 12 Aug 1989). Ander teisterings soos die beslaglegging deur die balju (ná 'n vonnis) op al die rekenaars en ander toerusting ná die aankondiging van *VWB* om in simpatie met die werkers nie op 1 Mei (werkersdag) te verskyn nie (*VWB* 6 Nov 1992), beïnvloed ook die finansiële posisie van 'n koerant. 'n Verdere probleem was die registrasiegeld van R30 000, wat eers twee jaar later teruggegee is (Beare 28 Apr 1993). Die ongehoorde hoë regi-

strasiegeld (koerante betaal gewoonlik slegs R10) was waarskynlik gegrond op die owerhede se **vermoedens** oor die waarskynlike aard van die koerantinhoud. Dit kan gesien word as 'n reaksie van die NP-regering op die **moontlike** inhoud van *VWB*, asook die feit dat dit 'n **onafhanklike Afrikaanse** koerant was wat nie geassosieer wou wees met die "establishment" gerigte Afrikaanse koerante nie.

*VWB* het om op die been te kom finansiële hulp aanvaar van veral die EEG. Volgens Du Preez (*VWB* 6 Nov 1992) het dié hulp geen invloed op koerantinhoud gehad nie. (Laasgenoemde is egter debatteerbaar en slegs ná deeglike inhoudsontleding sou dit as geldig of ongeldig bewys kon word.) Alle subsidies het sedert 1991 vir 'n tydperk opgedroog en *VWB* het finansieel op eie (en aandeelhouers se) bene gestaan. Die koerant het oorleef vanweë ongewone goedkoop produksiemetodes en die verkoopprys wat hoër was as enige ander koerant in Suid-Afrika (*VWB* 27 Nov 1992). *VWB* het (1993) teen R3 per uitgawe verkoop. Volgens Beare (28 Apr 1993) het die EEG egter, sedert begin 1993, weer hulp verleen omdat *VWB* nie finansieel die mas kon opkom nie.

Die sirkulasiesyfer van *VWB* was laag (ongeveer 5 000 - 10 000 per week vanaf die stigting) in vergelyking met die *Weekly Mail* en ander Afrikaanse koerante soos *Beeld*

en *Die Burger* (kyk tabel 2).

**Tabel 2**

| **Tydperk** | **Weekly Mail** | **Die Burger (Sat)** | **Beeld (Sat)** |
|---|---|---|---|
| Jan - Jun 1988 | 20 317 | 86 252 | 85 486 |
| Jul - Des 1988 | 24 237 | 85 664 | 83 165 |
| Jan - Jun 1989 | 26 017 | 86 941 | 88 221 |
| Jul - Des 1989 | 26 715 | 85 908 | 84 609 |
| Jan - Jun 1990 | 29 884 | 86 515 | 85 364 |
| Jul - Des 1990 | 27 157 | 83 723 | 82 757 |
| Jan - Jun 1991 | 22 626 | 84 659 | 81 824 |
| Jul - Des 1991 | 23 955 | 81 017 | 83 540 |
| Jan - Jun 1992 | 27 267 | 82 177 | 81 086 |
| Jul - Des 1992 | 28 393 | 82 382 | 84 793 |

Die gemiddelde sirkulasiesyfers van *Weekly Mail*, die Saterdaguitgawes van *Die Burger* en *Beeld*, vanaf Januarie 1988 - Desember 1992 (Audit Bureau of Circulations of South Africa - ABC).

Die tabel reflekteer die sirkulasiesyfers van mededingende koerante. Die *Weekly Mail* is gekies omdat dié koerant beskou is as die weeklikse Engelse alternatief vir *VWB*. Die ander twee koerante is gekies omdat dit as belangrike daaglikse Afrikaanse koerante beskou word.

Volgens Beare (23 Mrt 1993) was die sirkulasiesyfer van *VWB* in 1988 ongeveer 5 000 en het dit stadig verhoog totdat dit vanaf 1990 min of meer konstant op 10 000 gestaan het. Daar was egter wel inhoudsverwante oplewings, soos tydens die publisering van die moordbende-onthullings van die vroeëre veiligheidspolisiekaptein Dirk Coetzee in 1989 wat die normale sirkulasiesyfer

byna verdubbel het (*VWB* 6 Nov 1992).

Die lae sirkulasiesyfer kan te wyte wees aan verskeie faktore. Die hoë verkoopprys het waarskynlik sekere arm lesers uitgesluit. Dit was egter nie die grootste probleem nie. Die lae sirkulasiesyfer kan ook te wyte wees aan die volgende faktore:

(1) **Hoë verspreidingskoste.** Die verspreiding van *VWB* was 'n groot en duur probleem, wat veroorsaak het dat die koerant oor die algemeen nie vrylik beskikbaar was nie (byvoorbeeld in die Kaap en in Natal). Volgens Lille van der Walt, destyds die bemarkingsbestuurder van *VWB*, is die meeste verkope in Pretoria aangeteken (CNA-Sunnyparktak) (20 Mrt 1993). Volgens Beare (23 Mrt 1993) is *VWB* by 1 500 verkooppunte afgelewer, maar die probleem was dat slegs twee kopieë by sommige verkoop is. Meer kopieë as die verwagte verkope moes altyd afgelewer word en dit het dus tot 'n verlies gelei. *VWB* is ook onttrek wanneer verkooppunte geen kopieë verkoop het nie.

(2) **Die taal waarin gepubliseer is.** Afrikaans is deur baie swartes beskou as die taal van die verdrukker (*VWB* 4 Nov 1988; *Weekly Mail* 14 Okt 1988). Dit is die gevolg van die taal se verbin-

tenis met rassistiese politiek (vgl Tomaselli en Louw 1990:89) en 'n rassistiese opvoedingsisteem. Afrikaans is as voertaal in alle swart skole afgedwing - sedert 1975 is dit egter ernstig deur leerlinge van die skole geopponeer. Volgens Lenake (1993:13) het die afdwing van Afrikaans as voertaal in swart skole getuig van kortsigtigheid aan die kant van die regering en was dit fataal vir Afrikaans. Daar is probeer om dié probleem (gedeeltelik) te ondervang deur *VWB* vanaf 6 April 1991 'n tweetalige "nuustydskrif" te maak. Volgens Beare (1 Apr 1993) het dié verandering geen merkbare invloed op die sirkulasiesyfers gehad nie. *VWB* het steeds sy hoofsaaklik Afrikaanse karakter behou en nie die Engelse teikengroep noemenswaardig bereik nie.

(3) **Die inhoud.** Die inhoud was hoofsaaklik diepte- en vertolkende agtergrondartikels wat gerig was op die intelligente leser. Dit het noodwendig verreikende implikasies vir veral die sirkulasiesyfer van *VWB* en die gevolglike lae advertensie-inkomste gehad (kyk die lesersprofiel hieronder).

(4) **Die lesersprofiel.** Volgens Beare (1 Apr 1993) was die meeste lesers van *VWB* tussen 25 en 40 jaar oud, hulle het universiteitsopleiding gehad

en ongeveer R4 500 per maand verdien. Volgens Du Preez (*VWB* 6 Nov 1992) was *VWB* bedoel vir 'n spesifieke gehoor en nie 'n publikasie vir die massa nie. Volgens hom is daar genoeg publikasies in Afrikaans wat vir die massa gee wat hulle wil hê, wat sensasie beklemtoon en so 'n resep vir 'n voldoende sirkulasiesyfer (en gevolglik advertensies) gevind het. *VWB* was gerig op die denkende (samelewingsbetrokke) leser wat vrae vra en antwoorde eis (*VWB* 6 Nov 1992). Volgens Collinge (1990:94) het 'n opname aangetoon dat 84% van *VWB* lesers grade gehad het en dat ongeveer een derde van die lesers Engelssprekend was.

Dié lesersprofiel behoort die adverteerder te beïndruk. *VWB* het egter slegs 'n gemiddelde van drie advertensies per week getrek. Dit beteken dat die verkope die belangrikste faktor vir die adverteerder bly. Hy kry meer waarde vir sy geld byvoorbeeld deur in die *Weekly Mail* te adverteer, wat ook deur Afrikaners gelees word. Afrikaners is geneig om ook Engelse publikasies te lees, terwyl Engelse nie geneig is om Afrikaanse publikasies te lees nie (kyk tabel 3 - AMPS 1992).

**Tabel 3**
**Gemiddelde leserskap van koerante volgens taal**

| **Engelse dagblaaie** | **% Engels** | **% Afrikaans** |
|---|---|---|
| Argus | 58.1 | 41.9 |
| Business Day | 86.6 | 13.4 |
| Cape Times | 61.3 | 38.7 |
| The Pretoria News | 56.6 | 43.4 |
| **Afrikaanse dagblaaie** | **% Engels** | **% Afrikaans** |
| Beeld | 16.9 | 83.1 |
| Die Burger | 3.2 | 96.8 |
| Transvaler | 5.3 | 94.7 |
| Volksblad | 10.4 | 89.6 |

Hoekom sou die adverteerder sukkel met 'n klein Afrikaanse koerant as hy meer waarde vir sy geld elders kan kry? Die *Huisgenoot* ontvang byvoorbeeld byna 80% van die advertensiebesteding in Afrikaanse publikasies (Beare, 23 Mrt 1993).

Vervolgens word die rol wat *VWB* in die Suid-Afrikaanse samelewing gespeel het, in perspektief geplaas.

## 4.4 Die rol van *Vrye Weekblad* as Afrikaanse alternatiewe koerant

Die betekenis van "alternatief" as 'n "ander keuse" kan direk verbind word met die rol wat VWB in die samelewing gespeel het. Die "ander keuse" verwys veral na 'n alternatief ten opsigte van die NP-regering se destydse apartheidsbeleid. So sou die alternatiewe pers in Suid-

Afrika omskryf kon word as dié koerante wat deur die owerheid as alternatief of radikaal beskou is - as 't ware 'n prinsipieel gefundeerde afbakening van die sogenaamde "establishment" koerante. Die alternatiewe pers se algemene ingesteldheid sou breedweg omskryf kon word as die bevraagtekening en die verwerping van die ideologiese kernwaardes van die maghebbers. Die koerante wat as alternatief beskou is, was dus radikaal en afwykend in vergelyking met die konvensionele koerante. Daar was 'n groot verskeidenheid koerante en ander publikasies wat onder die alternatiewe pers geressorteer het. Dit het veral linkse koerante soos *South*, *Grassroots* en *New Nation* ingesluit. Die neiging was (vgl Tomaselli en Louw 1991:5-6) om koerante soos *Weekly Mail* en *VWB* weens hul onverbondenheid as die onafhanklike sosiaal-demokratiese pers te kategoriseer. (Die oorspronklike alternatiewe pers is met gemeenskaps- of werkergroepe verbind, terwyl die sosiaal-demokratiese pers onverbonde was.)

Bogenoemde omskrywing van die alternatiewe pers kan duidelik met die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse koerant in verband gebring word. 'n Belangrike kenmerk van die geskiedenis van die Afrikaanse pers is dat koerante hoofsaaklik as wapen in politieke en kulturele magstryd gebruik is. Afrikaanse koerante is dikwels gestig as reaksie op en protes teen politieke en kulturele ontwikkelinge; byvoorbeeld (vgl Scholtz 1988:10-12):

(1) *De Zuid-Afrikaan* (1830) is gestig uit reaksie op die filantropiese idees wat uit Brittanje afkomstig was. Veral die houding van die Afrikaner teenoor die nie-blanke is skerp veroordeel in die *South African Commercial Advertiser* (1824).

(2) Liberale idees het teen die helfte van die negentiende eeu van Europa na Suid-Afrika oorgewaai. Die aanhangers daarvan en die behoudendes het beide die koerant as wapen aangegryp. Die liberales stig *Het Volksblad* (1856) as kampvegter terwyl die behoudendes antwoord met *De Volksvriend* (1862).

(3) Om Afrikaans as skryftaal erken te kry, is *Di Afrikaanse Patriot* (1876) gestig. Hierdie koerant het die vernaamste spreekbuis vir die opstuwende Afrikanernasionalisme geword.

(4) Koerante soos *De Tijd* (1862-1875) en sy opvolger *De Express* (1875-1900) het die Afrikaner in die Vrystaat in die stryd teen die Basoeto's en Brittanje ondersteun.

(5) *De Volksstem* (1873) was ten gunste van 'n republiek en 'n kampvegter vir Afrikanernasionalisme teen Britse imperialisme. Dié koerant steun die

beleid van president Kruger en as reaksie daarop is *Land en Volk* (1892) (wat generaal Joubert ondersteun) gestig.

(6) *De Burger* (1915 - sedert 1922 *Die Burger*) met D.F. Malan as hoofredakteur, *Die Volksblad* (1915) en *Ons Vaderland* (1915 - oorgeneem deur Hertzog in 1932 - daarna *Die Vaderland*) verkondig die nasionale beginsels van die Afrikaner op onomwonde wyse.

(7) Afrikaanse koerante wat openlik teen die beginsels van nasionalisme gedraai het, het ernstige probleme ondervind. Vergelyk die dood van *De Vriend des Volks* (1927) en *Ons Land* (1930) wat tydens die eerste bewindsoorname van die NP (1924-1933) die beginsels van dié party beveg en bevraagteken het.

(8) *Die Transvaler* (1937) met H.F. Verwoerd as redakteur was een van die belangrikste ondersteuners en propageerders van die republikeinse ideaal en het baie bygedra tot die uiteindelike oorwinning van die NP in 1948. 'n Kritiese anti-nasionale Afrikaanse koerant het swaar geleef, byvoorbeeld *Die Volkstem* wat in 1950 van die toneel verdwyn het.

Wanneer "alternatief" in terme van bogenoemde geskiedenis beskou word, is dit duidelik dat alternatiewe koerante dikwels "verander" in "establishment" (of konvensionele) koerante. Die afleiding is dat dieselfde met *VWB* sou kon gebeur, wanneer 'n meer regverdige en demokratiese bedeling in Suid-Afrika sou ontwikkel. Sodanige verandering hoef egter geen invloed op 'n koerant se beleid te hê nie. Die leuse van *VWB* "Ons steek niks weg nie" is steeds nodig in 'n demokratiese bedeling. 'n Demokrasie kan slegs voortbestaan en lewenskragtig word indien die waghondfunksie (die beskerming van 'n samelewing se vryhede en waardes) van die pers belangrik bly (vgl Roelofse 1983:55).

Die begrip "alternatief" moet verbind word met die betekenis wat daaraan toegeskryf word. Max du Preez is nie op sy gemak met die begrip nie en verkies "onafhanklik" (Louw 1989:20; *The Star* 13 Mrt 1991) en skrywers verskil oor die "toekenning" daarvan aan koerante. Skrywers soos Tomaselli en Louw (1991:5-6) verdeel die pers in onder meer die volgende kategorieë:

* die konserwatiewe Afrikaanse pers (byvoorbeeld *Beeld*);
* die konserwatiewe Engelse pers (byvoorbeeld *The Citizen*);

* die Engelse anti-apartheid konserwatiewe liberale pers (byvoorbeeld *The Star*);

* die sosiaal-demokratiese onafhanklike pers (byvoorbeeld *VWB*);

* die progressiewe alternatiewe gemeenskapspers (byvoorbeeld *Grassroots*);

* die linkse handelspers (byvoorbeeld *New Nation*);

* die neo-fascistiese pro-apartheid (regse alternatiewe) pers (byvoorbeeld *Die Afrikaner*);

* die pers direk verbind aan Bantustan infrastrukture (byvoorbeeld Inkatha se *Ilanga*);

* die studente pers

* koerante wat deur blanke kapitaal besit word, maar gerig is op swart lesers (byvoorbeeld Argus se *Sowetan*).

Daar is geen probleem met die beskouing van *VWB* as deel van die sosiaal-demokratiese onafhanklike pers nie. Die begrip "alternatief" is egter gekies omdat die koerant 'n alternatief was ten behoewe van die denkende Afrikaner, 'n alternatief op die "establishment" koerante en regse Afrikaanse koerante. *VWB* is gesien as 'n baanbreker (*Weekly Mail* 14 Okt 1988) en die eerste hoofsaaklik Afrikaanse koerant wat verbind was aan 'n nie-rassige, doelmatig demokratiese verenigde Suid-Afrika.

*VWB* het op verskeie fronte 'n belangrike rol gespeel.

*VWB* het 'n **impak gehad op die inhoud van die meeste groot koerante**, weens opvolgberigte oor ondersoekende joernalistiek in VWB (en gevolglik 'n indirekte impak op die lesers van die verbonde pers). *VWB* het naamlik 'n uitstekende vermoë gehad om te skryf oor sake wat mense op politieke en sosiale gebied werklik aanspreek. Soos uit die vraelys (kyk die voorbeeld daarvan in bylae A) aan publiseerkundestudente van Unisa afgelei kon word, het lesers nie neutraal teenoor die koerant gestaan nie. Respondente se reaksies op die vraag "Wat het *VWB* vir u beteken?" is voorbeelde daarvan. Enkele van die reaksies op bogenoemde vraag het die volgende ingesluit:

(1) *VWB* is 'n baie reguit koerant.

(2) Die redakteur van *VWB* skram nie weg van die waarheid nie.

(3) Die redakteur van *VWB* sê dinge reguit en daarom is hy al daarvoor aangespreek.

(4) In teenstelling met *VWB* is ander koerante geneig om meer subtiel oor die waarheid te skryf.

(5) Die reguit manier van dinge sê, was miskien 'n

voorbeeld oor hoe ons eerlik die nuwe SA kan aanpak.

(6) Insiggewende en prikkelende gedagtes.

(7) *VWB* was krities teenoor die regering in Afrikaans.

(8) *VWB* was baie interessant en alternatief.

(9) *VWB* was goeie leesstof en het 'n onkonvensionele skryfwyse.

Alle reaksies was egter nie positief nie, waarvan die volgende aanhaling van 'n "nie-leser" respondent 'n voorbeeld is:

"Wat ek gesien en gelees het, was vir my afstootlik".

As gevolg van sy uitgesproke karakter as 'n alternatiewe Afrikaanse koerant het die koerant egter 'n sterk aantrekkingskrag "for disaffected elements within the state apparatus" gehad (Collinge 1990:93). *VWB* se onthullings was dikwels skokkend en het dadelik belangstelling by die internasionale media gewek. Die belangrikste Suid-Afrikaanse koerante kon dus moeilik onthullings deur *VWB* ignoreer. Deur korrupsie en ander ongeregtighede onder

die vergrootglas te plaas deur middel van die rol van agendastelling het *VWB*, ten spyte van 'n lae sirkulasiesyfer, 'n nasionale politieke impak gehad. Die koerant het byvoorbeeld binne vier of vyf maande ná die stigting die mees aangehaalde koerant in die parlement geword (Collinge 1990:94). Ten spyte van 'n lae sirkulasiesyfer was daar tog sprake van 'n **katalisator** effek wat ver verby die grootte van die koerant gestrek het (vgl Collinge 1990:93-95). Die hoofstroom-media is as 't ware deur *VWB* gedwing om oor onthullings te skryf omdat die ignorering daarvan deur die lesers bevraagteken sou word én dit koerante se geloofwaardigheid in die gedrang sou bring. In dié sin was *VWB* 'n bedreiging vir die hoofstroom Afrikaanse media.

*VWB* het 'n rol gespeel in die **veranderende beeld van Afrikaans** as die taal van die verdrukker. Een van die doelwitte van *VWB* was om te poog om Afrikaans te bevorder en te bevry van die stigma wat dekades se wit oorheersing daaraan gegee het as die "taal van die verdrukker" (*VWB* 4 Nov 1988). Tomaselli en Louw (1990:87) skryf in dié verband dat die waarde van *VWB* gesoek moet word in die oorlewing van Afrikaans. *VWB* het Afrikaans bevry van die idee dat die taal altyd gelyk sou wees aan rassisme of verdrukking. *VWB* het bewys gelewer dat Afrikaans wel van dié stigma bevry kan word. John van Zyl, die hoof van film- en televisiestudies aan die Uni-

versiteit van die Witwatersrand, sê dat *VWB* 'n groot rol speel "in die bevryding van Afrikaans uit die doodsheid van Potchefstroom" deur **deel** te wees van die veranderingsproses en in die Afrikaans van die **volksmond** te skryf (*VWB* 26 Mrt 1993).

VWB het verder die aandag gevestig op die **monopolistiese karakter van die Afrikaanse hoofstroom-pers** wat openlik en in alle rigtings die NP-regering se rassistiese apartheidsbeleid ondersteun het. Die toepassing van aspekte van apartheid (veral die sogenaamde "klein apartheid", Cillié 1992:466) is sedert die sestigerjare wel deur die hoofstroom-pers gekritiseer, maar nooit apartheid self nie (Du Preez in Tomaselli en Louw 1990:90). *VWB* was tot met sy sluiting aan die einde van Mei 1993 onafhanklik van die vier groot persgroepe. *VWB* was onverbonde. Die breër demokratiese neigings is ondersteun, maar *VWB* het hom van spesifieke politieke bewegings gedistansieer.

**Inhoudelik het *VWB* ook van die Afrikaanse hoofstroom-pers verskil**, waar die basiese berigformule van "wie", "wat", "waar", "wanneer" en "hoe" steeds sterk figureer. Die "waarom" wat te make het met (mags)motiewe word verwaarloos en is juis in VWB aangespreek. *VWB* het wat vorm en inhoud betref, aangepas by samelewingsveranderinge. Aan die begin was *VWB* slegs 'n anti-establish-

ment koerant met 'n kenmerkende konfrontasiestyl. Sedert 1991 was *VWB* 'n tweetalige koerant (en later nuustydskrif) wat artikels van kulturele en akademiese belang ingesluit het. Deur *VWB* se onafhanklikheid en sy kritiese aanslag het enige groep of party (nie slegs die regering nie) die onderwerp van sy joernalistiek geword. Die tydskrifidee is onderstreep deur te skryf oor "die storie agter die storie, tendensies, agtergrond, ontledings en menings" (*VWB* 6 Nov 1992:26). Hierdie veranderinge het getuig van 'n bewustheid by *VWB* dat "vyande" besig was om te verdwyn en dat hy sy rol in die nuwe Suid-Afrika sou moes heroorweeg. Die stryd teen apartheid is gestry. Koerantwerkers moet egter onthou solank daar regerings is, sal daar korrupsie wees. Ondersoekende joernalistiek sal ook in 'n demokratiese bestel van die grootste belang wees.

*VWB* het dikwels die aandag gevestig op **"die stryd om persvryheid"** in Suid-Afrika. Vryheid van spraak is een van die kosbaarste besittings en een van die belangrikste hoekstene van 'n demokrasie. Vryheid van spraak beteken 'n ongehinderde vloei van inligting, wat mense in staat stel om rasionele besluite in verkiesings te neem. *VWB* het baie gedoen om vryheid van spraak te verdedig. Hy het sy lesers ingelig oor ongeregtighede en korrupsie in regeringskringe waarvoor min koerante in Suid-Afrika die moed sou hê. Die Neethlingsaak is byvoorbeeld tel-

kemale as 'n toetssaak vir persvryheid uitgewys. Die uitspraak van regter Kriegler ten gunste van *VWB* is gesien as 'n handves (*charter*) vir ondersoekende joernalistiek (*Weekly Mail* 5 Apr 1991), 'n belangrike deurbraak vir persvryheid (*Sunday Times* 27 Jan 1991) omdat die openbare belang swaarder weeg as die reg van die individu (*Sunday Tribune* 20 Jan 1991). *VWB* het as 't ware die beperkinge op persvryheid verminder.

Ten slotte was die belangrikste rol van *VWB* geleë in sy **nie-rassistiese onverbonde benadering.** *VWB* het naamlik die kritiek-arme volgmentaliteit van die Afrikaanse hoofstroom-pers verbreek. Die Afrikaanse pers het die NP min of meer slaafs nagevolg in sy apartheidsbeleid en volg later weer sy hervormingsbeleid slaafs na. Die volgmentaliteit is waarskynlik die resultaat van jare se indoktrinasie in veral die Afrikaanse opvoedingsisteem en kerke. Die wegbreek daarvan is beskou as 'n soort verraad en daarom is *VWB* met agterdog deur die regering en die breë Afrikaanse publiek bejeën. Die lae sirkulasiesyfers is getuie daarvan en subjektief gesien, is dit 'n aanklag teen daardie Afrikaners wat nie van die doktrine afstand kan of wil doen nie.

## 4.5 Gevolgtrekking

Uiteindelik kan die rol en betekenis van *VWB* nie geskei

word van sy redaksionele beleid nie. Redaksionele beleid beïnvloed die koerantinhoud wat opeenvolgend die sirkulasiesyfer, die advertensiepotensiaal en die finansiële oorlewing van die koerant affekteer. Vervolgens word elk van bogenoemde interafhanklike faktore kortliks geëvalueer.

* **Redaksionele beleid en inhoud.** *VWB* se redaksionele beleid het die geleentheid gegee om gebeure in konteks te plaas en in die proses betekenisvolle ondersoekende joernalistiek te bedryf. *VWB* het in moeilike omstandighede ongeregtighede wat andersins miskien nie ontdek sou wees nie, oopgevlek en was voortdurend besig om wesentlike vrae te vra en antwoorde te soek oor sake van sosiale en politieke belang. In die proses is *VWB* dikwels as onverantwoordelik beskou (*VWB* 5 Okt 1990). So 'n siening is waarskynlik 'n weerspieëling van 'n gebrek aan 'n demokratiese kultuur by veral die Afrikaner. Waarskynlik was die Afrikaanse pers en sy lesers (veral voor die negentigerjare) nie gewoond aan 'n vreeslose, reguit benadering nie - ongeag die posisie van die betrokkenes. 'n Mens sou kon byvoeg dat wat inhoud betref, *VWB* gelees is deur die mense wat dit nie nodig het nie, omdat hulle reeds 'n vrydenkende uitkyk op 'n veranderende Suid-Afrika het - hul eie siening is slegs deur die inhoud versterk - terwyl die Afrikaners wat

so 'n publikasie nodig het, dit nie gelees het nie. 'n Apatiese houding van die publiek is 'n bedreiging vir persvryheid - vir die *reg om te weet*. Steyn (1989:238) skryf in dié verband "There are too many people who not only are disinterested but actively resistant to being informed - they do not want to know".

* **Die sirkulasiesyfer beïnvloed advertensiebesteding.** Die sirkulasiesyfer van *VWB* was laag omdat die inhoud slegs 'n klein groepie lesers aangetrek het met gevolglike lae advertensie-inkomste. Advertensies is oor die algemeen verantwoordelik vir twee derdes van 'n koerant se inkomste. Die tariewe word volgens die sirkulasiesyfer van koerante bepaal. Hoewel sommige massamedia (byvoorbeeld boeke) sonder advertensies kan oorleef, is advertensies die belangrikste bron van inkomste vir die meeste massamedia. Advertensiebesteding het die finansiële oorlewingskanse van *VWB* beïnvloed. Met 'n gemiddelde van drie advertensies per uitgawe het *VWB* se toekoms nie belowend gelyk nie.

* **Finansiële oorlewing van *VWB*.** Hoe kon *VWB* ten spyte van lae produksiekoste, 'n hoë verkoopprys, sonder prysgewing van sy beginsels, ensovoorts, oorleef het? 'n Moontlike oplossing vir die oorlewing van klein

onafhanklike koerante is wel gevind in die Onafhanklike Media-verskeidenheidstrust (Independent Media Trust) wat aanvanklik begin is deur die alternatiewe koerante *Weekly Mail, South, New Nation* en *VWB* om die alternatiewe pers finansieel te ondersteun en sy belange te beskerm. Aanvanklik is 'n bedrag van ongeveer R5 miljoen van die EEG vir dié doeleindes ontvang. In Maart 1993 het die vier groot persgroepe, die Nasionale Pers, Perskor, Argus en Times Media én M-Net by die trust aangesluit en ongeveer R1,2 miljoen tot die trust bygedra. Die doel van die trust is uitgebrei en het nie meer slegs die alternatiewe pers ingesluit nie. Die doel was om te verseker dat daar 'n verskeidenheid koerante(1) en tydskrifte buiten die groot persgroepe sou voortbestaan. Op dié manier kan die leser blootgestel word aan 'n verskeidenheid van sieninge en dit kan bydra tot onder meer rasionele keuses tydens verkiesings. Koerante en tydskrifte, wat nie aan 'n politieke party of groot maatskappy behoort nie en aan sekere minimum voorwaardes oor gehalte en professionaliteit voldoen, kan om steun by die trust aanklop (vgl *VWB* 19 Mrt 1993; Fourie 1994:301). Die Media-verskeidenheidstrust kan 'n belangrike instrument wees in die voortbestaan van onafhanklike stemme in Suid-Afrika. *VWB* was egter pessimisties oor die betrokkenheid en belangstelling én die finansiële vermoëns van die pers-

groepe (Beare: 23 Mrt 1993). Ter illustrasie van laasgenoemde: Perskor het *Die Transvaler* (gesluit op 23 April 1993) teen 'n verlies bedryf en bedryf *The Citizen* byvoorbeeld steeds (1993) teen 'n verlies (vgl *VWB* 26 Mrt 1993). Op 30 April 1993 is Nasionale Pers se *Die Oosterlig* by *Die Burger* ingelyf. Dié stap is ook weens ekonomiese redes gedoen. (Hoewel Perskor se koerante in die vroeë negentigerjare nie winsgewend was nie, is dit geen refleksie op sy ander belange nie, vgl *VWB* 14 Mei 1993.)

Die toekoms sal leer of die besorgdheid van die groot persgroepe oor die monopolistiese aard van die media in Suid-Afrika 'n werklikheid is. Die beskerming (en uitbreiding) van die grootste moontlike verskeidenheid van sieninge aan die algemene leserspubliek, is noodsaaklik indien die verandering van Suid-Afrika in 'n demokratiese samelewing ernstig opgeneem word.

*VWB* het vir oorlewing hoofsaaklik staatgemaak op die finansiële hulp van die EEG. Dié fonteintjie was egter vinnig besig om op te droog. Dié hulp het egter wel die belang wat die buiteland heg aan 'n onafhanklike Afrikaanse koerant, wat apartheid beveg en 'n regverdige bedeling in Suid-Afrika voorstaan, onderstreep. Die oorlewing van *VWB* in 'n land waar onafhanklike Afrikaanse koerante 'n bedreigde spesie is, was belangriker as die

moontlike invloed van die weldoeners op die inhoud.

Uiteindelik het *VWB* nie oorleef nie, ten minste nie in sy koerantformaat nie. Om *VWB* byvoorbeeld 'n Engelse publikasie te maak, sou oorlewingskanse verbeter het, maar sou die doel van hierdie koerant ondermyn het. Die literatuur wemel in elk geval van Engelse publikasies wat die Engelse leser as teikengroep het. Die Afrikaner sou egter as 'n minderheidsgroep in die nuwe Suid-Afrika saamgebind kon word deur 'n kwaliteitskoerant of tydskrif wat sy belange op die hart dra.

*VWB* het as koerant op 28 Mei 1993 gesluit. 'n Belangrike era is verby. Politieke veranderinge en finansiële probleme het 'n belangrike rol in dié besluit gespeel. *VWB* het egter vir 'n kort tydjie herleef in die vorm van 'n tweeweeklikse nuustydskrif. Dié nuustydskrif het op 24 Junie 1993 die eerste keer verskyn onder dieselfde titel "*Vrye Weekblad*" en soortgelyke ideale as in *VWB* is beklemtoon. Ideale soos onafhanklikheid, gebalanseerdheid, regverdigheid en eerlikheid was hoog op die agenda (*VWB* 21 Mei 1993). Deur die nuwe formaat het *VWB* sy "alternatiewe" baadjie afgeskud. Die stryd teen apartheid is gestry, die hervormingsproses was onomkeerbaar en *VWB* het dus sy doel gedien. *VWB* het as 't ware in 'n ander gedaante deel geword van die (nuwe) "establishment". Die ideale was daar, maar ook die nuwe "*Vrye*

*Weekblad*" kon weens veral finansiële probleme nie die mas opkom nie. Die tydskrif is 2 Februarie 1994 gesluit.

In **Hoofstuk vyf** van hierdie studie word die inhoud van *VWB* en meer spesifiek die voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in *VWB* bestudeer en aan die hand van 'n model ontleed en geëvalueer.

**EINDNOTA**

(1) Mediaverskeidenheid as sodanig waarborg nie noodwendig 'n verskeidenheid van sieninge nie. Dit verwys ook nie slegs na die aantal koerante, televisiestasies of eienaars nie. Daar bestaan ten minste drie tipes verskeidenheid wat die betekenis daarvan aandui:

* **Mediaverskeidenheid** beteken nie noodwendig 'n groot verskeidenheid van media-inhoud nie. Vergelyk byvoorbeeld die belangrike rol van nuusagentskappe wat soortgelyke nuus aan al sy media verskaf (Willis 1991:7).

* **Boodskapverskeidenheid** berus op die oortuiging dat redakteurs self nuuswaardigheid bepaal. Die nuusagentskappe voorsien 'n waardevolle diens, maar hou ook die gevaar in dat "editors will stop deciding on news value themselves and stop taking risks that their front page might not look like every other front page in the country" (Willis 1991:7-8).

* **Mededelerverskeidenheid** is volgens Willis (1991:9) die mees betekenisvolle soort verskeidenheid as die doel daarvan boodskapverskeidenheid is. Hy skryf: "Having a broad range of ethnic, socioeconomic, and geographic backgrounds - mixed among the sexes and across a range of ages - may exert more of a positive influence on message plurality than any other factor". 'n Verskeidenheid joernaliste sal nie slegs verskillende soorte berigte produseer

nie, maar ook 'n verskeidenheid van persepsies oor dieselfde gebeure voorsien.

# HOOFSTUK VYF

# 5 ONDERSOEKENDE JOERNALISTIEK IN *VRYE WEEKBLAD*

## 5.1 Inleiding

Daar is sekere vereistes waaraan 'n koerantberig moet voldoen voordat dit as 'n voorbeeld van ondersoekende joernalistiek geïdentifiseer en ontleed kan word. Ondersoeke is nie deel van die daaglikse nuusdekking nie en beskik oor sekere onderskeibare kenmerke. Ondersoekende joernalistiek is vroeër gedefinieer as

* 'n onderskeibare joernalistieke praktyk,
* wat gekenmerk word deur 'n unieke garingsproses en
* vertroulikheid,
* wat ten doel het om bewustelike geheimhouding
* wat menseregte aantas en belange skaad, te onthul,
* wat gepubliseer moet word ten einde
* 'n reaksie by lesers en owerhede te kan veroorsaak
* wat sosiale verandering tot gevolg kan hê.

Sekere aspekte, gebaseer op bogenoemde definisie, kan aangewend word om voorbeelde van ondersoekende joernalistiek te identifiseer en te ontleed. Dié aspekte wat uit berigte afgelei kan word, het te make met die **doel** en die **gevolge** van ondersoekende joernalistiek. Die doel en gevolge van ondersoekende joernalistiek is interafhanklik en word veral verbind met ondersoekende joernalistiek as 'n onderskeibare joernalistieke prak-

tyk. Die **unieke garingsproses** kan slegs indirek uit berigte afgelei word. Dié aspek kan afgelei word uit verduidelikings in dié berigte oor hóé die inligting bekom is. Daar kan byvoorbeeld in die berig melding gemaak word van die inisiatief van die joernalis; sy vermoedens van ongeregtighede en/of onregmatige gedrag; (betroubare) bronne wat die koerant genader het of deur die joernalis genader en ondervra is; dokumentasie wat opgespoor of verskaf is of dat die ondersoek die resultaat is van deelnemende waarneming. Die feit dat die ondersoek **gepubliseer** is, is 'n aanduiding dat die ondersoek **vertroulik** was en dus nie deur betrokkenes gekeer kon word nie. Met verwysing na die onderskeie stadia in die agendabouproses in ondersoekende joernalistiek (vgl Protess *et al* 1991:205-254), word veral in die eerste drie stadia (die aanvang, betekenis en evaluering van getuienis) die unieke garingsproses van die ondersoeke beklemtoon. Die **laaste twee stadia**, naamlik die publikasie van die ondersoek en die uiteindelike gevolge van die ondersoek, is egter hoofsaaklik van toepassing in hierdie studie. Dit betrek die ontwikkeling van die agendabouproses **ná** die publikasie van die berigte. Die publikasie van sekere aspekte van die ondersoek (weens seleksie) en die gevolge daarvan kan moontlik direk verbind word met die invloed van die ondersoeke op die handelinge van beleidmakers in Suid-Afrika.

## 5.2 'n Model vir die ontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek

'n Model[1] waarvolgens ondersoekende joernalistiek ontleed kan word is hoofsaaklik gegrond op die beskrywing en definisie(s) van ondersoekende joernalistiek. Die model bestaan uit die volgende elemente:

* Onthulling
* Tema
* Onthulling van doelbewuste geheimhouding
* Openbare belang
* Bevraagtekening van die *status quo*
* Akkuraatheid
* Opvolgberigte
* Gevolge

Vervolgens word elkeen van dié elemente kortliks bespreek.

**Onthulling:** Die proses van "onthulling" beteken om iets van 'n "omhulsel, bedekking (te) ontdoen" (*HAT* 1973:596). Ondersoekende joernalistiek behels die onthulling van inligting wat doelbewus deur betrokkenes geheim (bedek) gehou is. Dit kan beskou word as die publisering van **oorspronklike** en **vertroulike navorsing** in die vorm van media-inhoud. Dit is **nuwe inligting** oor sake, waarvan die moontlikheid bestaan dat dit in 'n openbare kwessie kan verander (veral van toepassing op

onopvallende (*unobtrusive*) inligting en inligting wat sake aanraak waaraan 'n groot behoefte of waaroor ernstige onsekerheid by die publiek bestaan). 'n Onthulling kan byvoorbeeld in 'n openbare kwessie verander wanneer uit die inligting blyk dat basiese menseregte deur die owerhede aangetas of belange geskaad word. Die onthulling is gerig op die verandering van dit wat onthul is. Aucoin (1992:173) skryf in dié verband: "When journalists, particularly investigative journalists, have described their motives, they have often argued that they are righting the wrongs of society, in other words seeking justice". Kortliks is die doel van die onthulling "reform-by-expose".

Die onthulling het dus te make met **nuwe inligting** oor **ongeregtighede** en/of **onregmatighede**, wat **doelbewus geheim** gehou is en teen die samelewing of 'n deel van die samelewing deur owerhede of ander indiwidue of groepe gepleeg is. Konvensionele joernaliste is oorwegend gemoeid met die kliniese rapportering van gebeure. Daarenteen is die rol van ondersoekende joernaliste, aldus Kosicki (1993:110), "an affirmative obligation to **make news** themselves ... when **rooting** out corruption" (eie beklemtoning).

Die onthullings in *VWB* wat moontlik in kwessies kon verander, het te make met "apartheid". Dit sluit in die

konflik wat deur die beleid veroorsaak is, die gevolge daarvan asook pogings vir die handhawing daarvan. Dit is op hierdie oorkoepelende kwessie wat in die identifisering en ontledings van die voorbeelde van ondersoekende joernalistiek gefokus word. Om apartheidskwessies so akkuraat moontlik te kon reflekteer en te kon vertolk, moes *VWB* ongeregtighede wat direk of indirek deur apartheid veroorsaak is, onthul. Die oorkoepelende doel van die ondersoeke, wat geïdentifiseer en ontleed word, moet gerig wees op die oorkoepelende gevolg van die ondersoeke, naamlik die ineenstorting van die NP-regering se apartheidsbeleid en die strewe na 'n nie-rassige demokrasie. Die onthullings moet dus in perspektief geplaas word binne die oorkoepelende betekenisveld of raamwerk van die "stryd teen apartheid".

Teen die agtergrond van die bespreking in hoofstuk vier kan afgelei word dat die nuus in *VWB* en ook die ondersoeke in *VWB* oorheers is deur 'n beklemtoning van Suid-Afrika se "counter-issues".

**Tema**: Die voorbeelde van ondersoekende joernalistiek wat geïdentifiseer en ontleed word, word afgebaken volgens die tema van ondersoek. *VWB* as alternatiewe koerant was gerig op 'n sogenaamde "counter-public" en het veral aandag gegee aan sogenaamde "counter-issues". "Counter-issues" verwys na kwessies wat selde op die agenda van

die konvensionele media verskyn. Dié kwessies verskyn hoofsaaklik op die alternatiewe media se agenda en die kwessies "are most likely to threaten eminent values and structures of society" (Mathes en Pfetsch 1991:33).

Die oorkoepelende kwessie of tema wat vir die identifisering en ontleding van ondersoekende joernalistiek in *VWB* gekies is, is nuwe inligting oor die een of ander vorm van korrupsie of ongeregtighede van owerhede (politici, politieke partye en owerheidsinstellings) of inligting wat daarmee verbind kan word. Dié keuse hou direk verband met die algemene tema van die alternatiewe pers, naamlik "die stryd teen apartheid". In Suid-Afrika kon korrupsie en onreg vir dekades lank verbind word met die NP-regering se (korrupte) apartheidsbeleid. Bogenoemde tema is in noue verband met die algemene redaksionele beleid van *VWB* wat in die Suid-Afrikaanse konteks vertolk kan word as 'n poging van *VWB* om die konflik wat deur apartheid veroorsaak is so akkuraat moontlik te reflekteer én te vertolk.

Die temas van die ondersoeke betrek dus veral korrupsie en ander ongerymdhede deur staatsdepartemente en ander dikwels magtige samelewingsinstellings. Ernstige politieke en sosiale vraagstukke word aangeraak. Volgens Van Dijk (1985:69) verwys temas na die "global 'topics' a news item is about". 'n Enkele "globale" tema of ver-

skeie temas kan in 'n berig geïdentifiseer word.

**Onthulling van doelbewuste geheimhouding**: Die inligting word doelbewus geheim gehou deur die betrokkenes en is dus nie maklik nie (of selde) deur amptelike kanale bekombaar.

**Openbare belang**: Die publisering van die ondersoeke moet in die openbare belang wees. In ondersoekende joernalistiek word die publiek (wat dikwels verantwoordelik is vir maghebbers se magsposisie) se *reg om te weet* beklemtoon (vgl Miller 1995:30-31).

**Bevraagtekening van die *status quo***: Die behoud van die *status quo* (die gevestigde politieke, finansiële en ander belange) is nie 'n faktor nie. In die konvensionele joernalistieke praktyk is dit dikwels wel 'n faktor. Die "waarom" (die motiewe) van gebeure figureer sterk in die ondersoekende joernalistieke praktyk. Die vertolkings van die *status quo* deur die lede van die magstruktuur (hul motiewe en gedrag) word met ander woorde bevraagteken. Die bevraagtekening van gevestigde belange is geneig om die pers se geloofwaardigheid by lesers te versterk omdat ondersoekende joernalistiek onder die oppervlakte delf op soek na (onnodige) geheimhouding **ten koste** van die openbare belang.

Ondersoeke bevraagteken soms die bestaansreg van 'n bepaalde *status quo*-orde (byvoorbeeld die apartheidstaat), en soms (meer waarskynlik) word aspekte van die *status quo*-orde bevraagteken. Laasgenoemde verwys byvoorbeeld na handelinge en optredes van mense in magsposisies wat indruis teen die meer aanvaarbare aspekte van die *status quo*-orde. Die aanvaarbare aspekte van die *status quo*-orde is sake soos die onafhanklikheid van die Regbank en akademiese instellings asook wette en regulasies wat met demokrasie en regverdigheid versoenbaar is. Owerheidsakteurs oortree dan as 't ware hul eie wette, reëls, norme en regulasies. Wanneer aspekte van die *status quo*-orde bevraagteken word, kan dit egter in sommige gevalle ook 'n indirekte bevraagtekening van die *status quo*-orde as sulks wees.

**Akkuraatheid**: "Objektiwiteit" word nie noodwendig nagestreef nie, akkuraatheid is eerder belangrik (ook vanweë die gevaar van lastereise en die verlies van geloofwaardigheid) en daarom word deeglik navorsing gedoen en meer as een bron gewoonlik geraadpleeg. Subjektiewe betrokkenheid word nie as nadelig beskou nie, maar eerder as kenmerkend van ondersoekende joernalistiek gesien. In die ontledings word veral onder hierdie opskrif na die unieke garingsproses, soos uit die berigte afgelei kan word, verwys.


**Opvolgberigte**: Opvolgberigte (in *VWB* en in ander koerante) is dikwels noodsaaklik vir amptelike reaksie of reaksie van lesers (lesersbriewe). Mathes en Pfetsch (1991:33) skryf oor die belangrikheid van opvolgberigte: "Our results show that the success of counter-issues at gaining coverage in the alternative press leads to a 'spill-over effect': the issue spills like a wave from the alternative into the established media". Ondersoekende joernalistiek wat gekenmerk word deur opvolgberigte kan dus kettingreaksies in die massamedia veroorsaak.

**Gevolge**: Die uiteindelike doel van ondersoekende joernalistiek is om deur agendastelling lesers en veral beleidmakers van samelewingsprobleme en -leemtes wat verandering noodsaaklik maak, bewus te maak. Indien die onthulling genoeg aandag trek, is die kans op optrede en verandering soveel groter. Dit is dan ook die rede waarom eie opvolgberigte, briewe van lesers en berigte oor die probleem in ander koerante as noodsaaklik (of wenslik) beskou kan word. Bewusmaking kan lei tot optredes in die vorm van ondersoeke in byvoorbeeld staatsdepartemente. Uiteindelik kan ondersoekende joernalistiek 'n katalisator wees vir verandering in daardie departemente.

**Resumé**

Die model wat vir die identifisering en ontléding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in *VWB* gebruik word, bestaan dus uit agt elemente, wat afgelei is uit die belangrikste kenmerke van ondersoekende joernalistiek. Daar is gepoog om die kernidee van ondersoekende joernalistiek in dié model vas te vang as die onthulling van ongerymdhede wat doelbewus deur betrokkenes geheim gehou is. Verder moet die publisering van die inligting in die openbare belang wees. Die opvolgberigte in eie en ander koerante en die gevolge van die ondersoeke word as baie belangrik beskou omdat dit kan lei tot amptelike reaksie en die bewusmaking van ongerymdhede by die leser en uiteindelik kan bydra of aanleiding gee tot sosiale verandering. Vervolgens word 'n **grafiese** voorstelling van bogenoemde model gegee.

**'N ONTLEDINGSMODEL VIR ONDERSOEKENDE JOERNALISTIEK**




**Sleutel**

1 Onthulling

2 Tema

3 Doelbewuste geheimhouding

4 Openbare belang

5 Bevraagtekening status quo

6 Akkuraatheid

7 Opvolgberigte

8 Gevolge

Die ideaal is dat alle berigte wat as voorbeelde van ondersoekende joernalistiek geïdentifiseer word in terme van al die elemente van die model ontleed kan word. Indien uit die ontleding blyk dat sekere elemente nie geïdentifiseer kan word nie, sal dit uitgewys word en moontlik 'n aanduiding wees van leemtes in die berig in terme van ondersoekende joernalistiek na analogie van die model. Die elemente is in mindere of meerdere mate interafhanklik, soos die elemente "opvolgberigte" en "gevolge". Opvolgberigte in *VWB* en in ander koerante gee gewoonlik 'n aanduiding van die onmiddellike gevolge van 'n onthulling (d.i. gevolge vir die betrokkenes by die korrupsie [byvoorbeeld kriminele vervolging of kommissies van ondersoek], gevolge vir die koerant self [byvoorbeeld lastersake], gevolge vir die leser as belastingbetaler [byvoorbeeld verlies aan vertroue in owerhede], ensovoorts) en geen opvolgberigte kan 'n aanduiding wees van geen gevolge nie. Die feit dat daar opvolgberigte geïdentifiseer kan word en nie die **aantal** opvolgberigte nie, is belangrik in terme van die model.

Vervolgens word aandag gegee aan die empiriese toepassing van die model deur die voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in VWB te identifiseer en te ontleed.

## 5.3 Die inhoudsontleding van *Vrye Weekblad*

Ondersoekende joernalistiek is 'n besondere soort joernalistiek en sal waarskynlik in slegs 'n paar uitgawes geïdentifiseer kan word. Dit is die rede waarom die universum nie deur 'n steekproef beperk is nie. Vir 'n algemene oriëntering word 'n kwantitatiewe oorsig van die universum verskaf volgens (i) die hoeveelheid uitgawes van *VWB* wat ontleed is; en (ii) die temas van die ondersoeke wat deur *VWB* geïnisieer is (kyk tabel 4).

**Tabel 4**

| **Uitgawes** | **Temas** |
|---|---|
| 1988: 7 | Korrupsie met gemeenskapsbouhuise |
| 1989: 49 | Korrupsie in die SAUK |
| | Korrupsie in die SAP |
| 1990: 47 | Akademiese betrokkenheid by NI |
| | Regse terreur |
| 1991: 47 | Propagandafilms vir die SAW/SAP |
| 1992: 49 | Getuienis van die 'Derde Mag' |
| 1993: 20 | Linkse terreur |
| **Totaal:219** | |

Vervolgens word aandag gegee aan die kwalitatiewe[2] inhoudsontleding van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek in *VWB* (1988-1993).

### 5.3.1 1988-1989

| |
|---|
| Uitgawe: *VWB* 18 November 1988:3<br>Opskrif: "Miljoenêr se fortuin uit armes"<br>Ondersoekende joernalis: Martin Welz (*Rapport*) |

**1 Onthulling**

Korrupte spekulasie met gemeenskapsbouhuise.

**2 Tema**

Frik Siebert, miljoenêr, bekende sakeman en prokureur van Bloemfontein, maak onregmatig wins deur spekulasie met gemeenskapsbouhuise wat aan die staat behoort. Dié gemeenskapsbouhuise is bedoel vir arm staatsamptenare met 'n maandelikse salaris van tussen R500 en R600.

**3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding**

Die volgende is enkele aanduidings van doelbewuste geheimhouding wat deur *VWB* onthul is:

(1) Siebert het dikwels onder 'n ander naam (Samantha Properties) huise gekoop en dit daarna weer aan homself verkoop, waarna hy dit teen 'n nog hoër prys aan die arm kopers verkoop het.

(2) Siebert het vervalste dokumente gebruik om verbandlenings te bekom. Vals sertifikate is aan die Grahamstad-Bougenootskap gegee sodat verband-

lenings vir huise betaal is voordat dit gebou is.

(3) Salarisstrokies van verbandaansoekers is vervals om die indruk te wek dat hul salarisse hoog genoeg was om lenings te bekom.

**4 Openbare belang**

Die onthulling is in die openbare belang en raak al die inwoners van Suid-Afrika, die staat se geld is immers die belastingbetaler se geld: "Pleks daarvan dat die staatskas - en die belastingbetaler - deur die verkoop van staatshuise baat vind, gaan die staat die volgende 25 jaar miljoene rande betaal aan subsidies op verbandlenings wat arm amptenare aangegaan het om spekulante se winste op dieselfde huise te betaal". Die publiek het 'n *reg om te weet* wanneer die belastingbetaler se geld gemors word; wanneer medeburgers onregmatig uitgebuit word (die ellendes van die kopers word in die berig onderstreep); wanneer sy leiers met misdadigers vriende is (*VWB* plaas 'n foto waarop Siebert en die voormalige Staatspresident, P.W. Botha, verskyn).

**5 Bevraagtekening van die *status quo***

Die berig impliseer dat daar 'n gebrek aan (eerlike) beheer is oor gemeenskapsbehuising. Die betrokke akteurs is deel van die "establishment" en oortree as 't ware, deur die uitbuiting van medeburgers, hul eie norme

en wette - wat versoenbaar is met regverdigheid (die subsidiëring van gemeenskapsbouhuise aan behoeftiges). 'n Sekere aspek van die *status quo* word dus deur VWB bevraagteken.

## 6 Akkuraatheid

Die akküraatheid van die aantygings wat *VWB* maak, kan getoets word aan die getuienis wat gebruik is. Die getuienis behels die volgende:

(1) Aktes in die aktekantoor in Bloemfontein. *VWB* het 'n steekproef uit aktes in die aktekantoor in Bloemfontein gedoen, waaruit blyk dat die span spekulante onder Siebert se leiding huise van mekaar gekoop het om pryse op te jaag; die huise is daarna teen 'n hoër prys aan amptenare met 'n behuisingsubsidie verkoop. Uit die steekproef blyk dat hulle binne twee jaar 'n wins van R430 000, net op 28 Wilgehofhuise waarmee hulle gespekuleer het, gemaak het.

(2) Erfregisters van 'n gedeelte van Wilgehof. Uit die erfregisters het geblyk dat byna die helfte van die gemeenskapsbouhuise wat tot op daardie datum in Wilgehof verkoop is, in die hande van Siebert en sy vriende beland het.

(3) Onderhoude met staatsamptenare wat benadeel is. *VWB* het tydens sy ondersoek onderhoude met tientalle inwoners van Wilgehof gevoer. Die meeste was ontevrede met Siebert: "Almal vrees dat hy hulle hof toe sal sleep en hul laaste goedjies sal kom vat as hulle nie betaal nie".

(4) 'n Plaaslike predikant, ds. Burger Gilmour van Wilgehof se NG-gemeente, het getuig oor die ellendige omstandighede van die kinders van die uitgebuite staatsamptenare: "Die kerk en welsyn klee en voed baie kinders van Wilgehof omdat hul ouers sukkel om huispaaiemente te betaal".

(5) *Die Volksblad* (22 Nov 1988) het *VWB* se onthulling as 'n "smeerberig" afgemaak, sonder om op foute te kon wys.

**7 Opvolgberigte**

Opvolgberigte het onder meer verskyn in *VWB* (25 Nov 1988:1,11; 9 Des 1988:1; 13 Jan 1989:7) asook in 'n breë spektrum van ander koerante.

In *VWB* (25 Nov 1988:1,11) word die onopgeloste vrae, wat ontstaan het ná die tragiese selfmoord van Siebert, beklemtoon. Die vrees word ook uitgespreek dat ander persone wat bygedra het tot die uitbuiting van arm staats-

amptenare nie ondersoek sal word nie. Op bladsy 11 kritiseer Brolloks *Die Volksblad* wat "oorboord gaan in hul oorgretigheid om vir 'n bekende Nat in die bresse te tree" en (sonder om enige foute te kan uitwys) *VWB* se berig as 'n "smeerberig" bestempel. In *VWB* (9 Des 1988:1) word beklemtoon dat meer bekendes by die "gekonkel" met gemeenskapsbouhuise betrokke is. In *VWB* (13 Jan 1989:7) is daar slegs 'n kort "afsluitingsberig" oor die onderwerp. Die belangrikste tema van die berig is die verwysing na die talle eise teen die boedel van Siebert en 'n herhaling van die belangrikste onthullings oor die bedrywighede van Siebert en sy vennote, wat deur *VWB* onthul is.

Drie koerante (onder meer *Die Volksblad*, *Rapport*, en *The Citizen)* wy hoofberigte aan die onthulling van *VWB* (hoofberigte impliseer per definisie dat die gebeure deur die koerant as belangrik geag word).

*Die Volksblad* (21 Nov 1988:1; 24 Nov 1988:1; 25 Nov 1988:1) reageer met drie hoofberigte op die onthulling van *VWB*. Die prominente aandag wat *Die Volksblad* aan die gebeure wy, is waarskynlik die gevolg van die geografiese ligging van die tema, naamlik Bloemfontein en meer spesifiek Wilgehof, 'n voorstad van Bloemfontein. In die eerste berig word beklemtoon dat twee belangrike mense van Bloemfontein, naamlik twee stadsraadslede,

Siebert se handelinge verdedig en dat Siebert regsaksie teen *VWB* oorweeg. Hiermee word geïmpliseer dat *VWB* se weergawe van die gebeure moontlik nie korrek is nie. *VWB* word dus implisiet as ongeloofwaardig bestempel. Om hierdie konnotasie van "onbetroubaarheid" te versterk, word *VWB* as 'n "linkse weekblad"; sy redakteur as "bekend vir sy linkse politieke beskouinge" en die berig as 'n "smeerberig" bestempel. Vir 'n verdere versterking van dié konnotasie word daar verwys na die moontlike sluiting van *VWB* ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid, weens berigte wat moontlik die belange van verbode organisasies bevorder het. In die tweede berig word die rede vir Siebert en 'n sakevennoot, Phil Venter, se selfmoord beklemtoon. Waarskynlike bankrotskap word as die rede vir die dubbele selfmoord uitgelig. *Die Volksblad* verwys egter ook na die impak wat die berig in *VWB* gehad het: "'n Bom het verlede week om mnr. Siebert gebars toe in die linkse publikasie *Vrye Weekblad* beweer is dat hy sy fortuin uit armes gemaak het" en "dié beweringe het mnr. Siebert hewig ontstel". In die derde berig word die ondersoek na Siebert se bedrywighede, wat deur die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising, Amie Venter, gelas is, beklemtoon. Weer eens word verwys na die rol wat *VWB* gespeel het.

*The Citizen* (26 Nov 1988:1) en *Rapport* (27 Nov 1988:1) reageer ook met hoofberigte op die onthullings van *VWB*.

In *The Citizen* word ook beklemtoon dat Amie Venter 'n dringende ondersoek gelas het na sekere eiendomstransaksies wat deur Siebert aangegaan is (vgl *The Sunday Star* 27 Nov 1988:5). In *Rapport* word die selfmoord van Siebert onder die soeklig geplaas (vgl *The Sunday Star* 27 Nov 1988:5 en *Sunday Tribune* 27 Nov 1988:5).

Die besonderhede van die korrupsie, soos beskryf in *VWB*, is in die meeste koerantberigte in meerdere of mindere mate herhaal. In al die berigte, behalwe in *Rapport*, kry *VWB* erkenning vir die ondersoek wat gedoen is. Dit is opmerklik dat daar in *Rapport* geen verwysing is na die rol wat *VWB* gespeel het nie. Daar is slegs sprake van bedekte verwysings soos: "In berigte wat tot sy (Siebert) terneergedruktheid bygedra het ...". Dit is ook opmerklik dat bogenoemde berig nie deur Martin Welz geskryf is nie. Welz het destyds vir *Rapport* gewerk. Die *Financial Mail* (25 Nov 1988:48) berig in dié verband dat *Rapport* Welz gewaarsku het om nie meer vir *VWB* te skryf nie. Die betekenis wat aan die waarskuwing geheg kan word, is dat *Rapport* geweier het om die berig oor die korrupte bedrywighede van 'n bekende te publiseer en dus die *status quo* wou handhaaf (ook ten opsigte van sy eie rol as beskermer van belangrike Afrikaners?). Die joernalis wat die ondersoek gedoen het, moes noodwendig by 'n ander koerant gaan aanklop; 'n koerant wat nie bang was om die *status quo* te bevraagteken nie en pers-

vryheid in Suid-Afrika op dié manier te bevorder. Dit beklemtoon ook die belangrikheid van die ondersteuning van die redakteur in ondersoekende joernalistiek; ondersoeke móét gepubliseer word om betekenisvol te kan wees.

**8 Gevolge**

Enkele dae ná *VWB* se onthullings het Frik Siebert en Phil Venter van die Grahamstad-Bougenootskap selfmoord gepleeg. Dit is natuurlik 'n ope vraag of dié mense ten spyte van die onthullings tot so 'n stap sou oorgaan, of dat dit slegs deur die berigte aangehelp is. Dié kwessie is egter nie belangrik in terme van die gevolge van die onthullings nie, hoewel die gevaar hierdeur ontstaan het dat ander persone wat bygedra het tot die uitbuiting van arm kopers miskien nie ondersoek sou word nie (vgl *VWB* 25 Nov 1988). Soos uit die opvolgberigte blyk, het die onthullings veral groot opslae in Bloemfontein gemaak. Lesers is bewus gemaak van korrupsie met gemeenskapsboutransaksies en die ellendes van die slagoffers. Die belangrikste direkte gevolg van die onthullings was egter 'n ondersoekkomitee, wat aangestel is deur die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising, Amie Venter. Dié komitee is aangestel op versoek van die Minister van Justisie en LP vir Bloemfontein-Wes, Kobie Coetzee. Koos van Zyl, lid van die Raad vir Ontwikkeling en Behuising, is aangestel om feitlike inligting in te win en onmiddellik aan Venter verslag te doen. Daar bestaan

egter twyfel of hierdie komitee objektiewe bevindings sou kon maak. *VWB* (9 Des 1988) skryf dat daar geen getuienis van die publiek ingewin is nie; twee van die komiteelede was staatsamptenare wat in hul amptelike hoedanigheid by die transaksies betrokke was; en 'n paar uur ná Siebert se dood is bevind dat sy bedrywighede in orde was.

Hierdie bevinding moet beskou word in die konteks van (i) wie se bedrywighede ondersoek is en (ii) wie die komiteelede was. Siebert was 'n bekende en belangrike man en hy het in invloedryke NP-kringe beweeg. *VWB* (9 Des 1988) skryf dat die invloedryke kringe waarin Siebert beweeg het, afgelei kan word uit die name van mense aan wie hy geld geskuld het, onder andere twee regters en 'n presidentsraadslid. Die komitee is uit dieselfde invloedryke sfeer saamgestel, naamlik: Koos van Zyl, lid van die Raad vir Ontwikkeling en Behuising; Louis van der Watt, genomineerde LP in Bloemfontein (in wie se kantoor die ondersoek gedoen is en "na 'n klein aantal dokumente gekyk [is] sonder om enige getuies in te roep", *VWB* 9 Des 1988); en Frank Gerber en Willem Lombard (die amptenare wat self met die transaksies gewerk het). Dié "rush job" kan slegs as 'n klug beskryf word en het mense waarskynlik toenemend bewus gemaak van korrupte toesmeertegnieke en selfbeskerming van die NP-regering in die tagtigerjare.

### 5.3.2 1989-1990

| |
|---|
| Uitgawe: *VWB* 11 Augustus 1989:1<br>Opskrif: "Konkelspul by SAUK"<br>Ondersoekende joernalis: Jacques Pauw (*VWB*) |

#### 1 Onthulling

Korrupsie, wanbestuur en geldvermorsing in die afdeling "opvoedkundige programme" van die SAUK.

#### 2 Tema

Drie senior bestuurders van die SAUK se departement van opvoedkundige programme, Marinus Wijnbeek, Nancy Sutherland en Manie Connoway maak in afsonderlike verslae ernstige aantygings teen die SAUK. In dié verslae staan onder meer dat groot bedrae geld weens wanbestuur op opvoedkundige programme vermors is en dat programme wat ten duurste aangekoop is nooit uitgesaai is nie. Daar bestaan ook 'n bandopname wat onthul hoe Jan Scholtz, een van Suid-Afrika se bekendste filmmakers, dr Pieter Erasmus, die hoof van opvoedkundige programme van die SAUK, omgekoop het met onder meer 'n Volkswagen Kombi en R6 000. Die hoofbestuur van die SAUK besit geruime tyd reeds 'n kopie van die bandopname, maar het versuim om op te tree.

#### 3 Blootlegging van doelbewuste geheimhouding

Erasmus het gepoog om *VWB* te keer om die onthulling te

publiseer. Regter Geoff Leveson het egter sy aansoek vir 'n hooggeregshofinterdik van die hand gewys.

**4 Openbare belang**

Die onthulling is in die openbare belang omdat die SAUK 'n openbare instelling is en in diens staan van die publiek.

**5 Bevraagtekening van die *status quo***

Die berig impliseer dat daar 'n gebrek aan eerlike beheer oor opvoedkundige programme is. Spesifieke voorbeelde van korrupsie word in die berig weergegee. Veral die handelinge van Erasmus word onder die soeklig geplaas, asook die gebrek aan enige optrede aan die kant van die hoofbestuur van die SAUK. Aspekte van die *status quo*, naamlik die optredes van akteurs wat deel is van 'n "staatsbeheerde" instelling word bevraagteken.

**6 Akkuraatheid**

Die akkuraatheid van die aantygings wat *VWB* maak, kan getoets word aan die getuienis wat gebruik is, naamlik 'n bandopname en verskeie dokumente (onder meer afsonderlike verslae van die drie betrokke senior bestuurders - Marinus Wijnbeek, Nancy Sutherland en Manie Connoway), wat in *VWB* se besit gekom het.

## 7 Opvolgberigte

Opvolgberigte het onder meer verskyn in *VWB* (18 Aug 1989:1-2; 8 Sept 1989:2; 6 Okt 1989:1-2) asook in ander koerante.

In *VWB* (18 Aug 1989:1-2) word die inhoud van 'n bandopname, waarin beweer word dat Scholtz onregmatige betalings aan Erasmus gemaak het, gepubliseer. Die direkteur-generaal van die SAUK, Wynand Harmse, weier volgens die berig om vrae oor die opname te beantwoord. In *VWB* (8 Sept 1989:2) word berig dat die drie amptenare van die SAUK (kyk hierbo) van voorneme is om nywerheidshofgedinge teen die korporasie aanhangig te maak. Twee van die hofgedinge handel oor die optrede van Erasmus, wat hom na bewering maande lank aan sielkundige intimidasie van senior amptenare skuldig gemaak het. In *VWB* (6 Okt 1989:1) word onder die opskrif "Sportbom bars by SAUK" slegs kortliks verwys na die weiering van die SAUK om kommentaar te lewer op die korrupsie binne die departement opvoedkundige programme. Die rede was dat die SAUK, volgens die bestuurder van korporatiewe dienste, Willie Visagie, dit beskou as "bespiegelinge" oor "interne aangeleenthede".

Onder meer drie koerante *The Natal Witness; Daily News;* en *The Citizen* wy berigte aan die onthulling van *VWB*.

*The Natal Witness* (11 Aug 1989:1) beklemtoon in 'n hoofberig die mislukking van die SAUK in die verkryging van 'n interdik teen die publisering van die berigte oor beweerde korrupsie binne die SAUK. Die *Daily News* (12 Aug 1989:1) skryf dat die Minister van Inligting en Uitsaaiwese, dr Stoffel van der Merwe, verslae oor die beweerde korrupsie binne die SAUK bestudeer. Van der Merwe aanvaar volgens die berig die verduideliking van die SAUK en sien nie die nodigheid vir 'n ondersoek in dié stadium nie. *The Citizen* (12 Aug 1989:3) beklemtoon dat Harmse die aantygings van korrupsie en wanadministrasie ontken.

Die besonderhede van die korrupsie, soos beskryf in *VWB*, is in die koerantberigte in meerdere of mindere mate herhaal. In al die opvolgberigte kry *VWB* erkenning vir die ondersoek wat gedoen is.

## 8 Gevolge

Die gevolge van die onthulling was minimaal in terme van werklike stappe wat gedoen is. 'n Kultuur van stilswye en ontkennings het die botoon gevoer. *VWB* het die SAUK voortdurend om kommentaar genader, maar is met 'n interdik gedreig, wat nie toegestaan is nie. Die afleiding kan gemaak word dat die Regbank wel die onthullings as van openbare belang ag. Verdere kommentaar is onder die dekmantel van "suiwer interne aangeleenthede" verskans

(*VWB* 6 Okt 1989). Die gevolge van die onthulling kan soos volg gelys word:

(1) Erasmus en Scholtz ontken enige ongerymdhede en Harmse weier om enige vrae oor die bandopname te beantwoord (*VWB* 18 Aug 1989).

(2) Verdere aantygings oor swak bestuur is gemaak (*VWB* 18 Aug 1989) en die SAUK is steeds onwillig om op te tree, aangesien die bestuur van die SAUK die aantygings in die bandopname reeds ondersoek het, maar geen bewyse kon vind nie. Geen stappe is dus gedoen nie. (In die opname word onder meer planne gesmee om valse fakture uit te maak om die [omkoop]geld te verdoesel.)

(3) Erasmus oorweeg 'n lasteraksie teen *VWB* (*VWB* 18 Aug 1989).

(4) Harmse versoek *VWB* om enige vertroulike dokumente aan die SAUK vir "kruiskontrolering" te oorhandig, sodat interne ondersoeke spoedig afgehandel kan word (*VWB* 18 Aug 1989).

(5) Die SAUK weier om kommentaar te lewer op die dreigende hofsake (*VWB* 8 Sept 1989).

(6) Wijnbeek en Sutherland moet verslae opstel waarin hulle kommentaar lewer oor *VWB* se artikels, veral oor hóé hulle dokumente aan die media uitgelek het. (Connoway moes "konstruktief bedank" en ontvang psigiatriese behandeling vir angs en depressie, *VWB* 11 Aug 1989.)

(7) Die SAUK weier om kommentaar te lewer op die vordering van hul ondersoek teen Erasmus en of Scholtz ook ondersoek word. Volgens SAUK-amptenare is daar geen teken van 'n ondersoek teen Erasmus nie. Daar is selfs aangekondig dat Scholtz pas nog 'n kontrak van die departement opvoedkundige programme bekom het (*VWB* 8 Sept 1989:2).

(8) Dr Stoffel van der Merwe bestudeer die verslae oor korrupsie binne die SAUK. Hy bevestig dat die situasie sy aandag geniet, maar dat verdere aksie onnodig lyk. Hy is tevrede met die verduideliking van die SAUK (*Daily News* 12 Aug 1989).

(9) Volgens Harmse kan daar geen bewyse gevind word vir die aantygings nie (*Daily News* 12 Aug 1989).

(10) Erasmus is na *VWB* se beriggewing aangekla en word deur die SAUK verhoor (*VWB* 6 Okt 1989:2).

Hoewel dié verloop van sake ernstige vrae laat ontstaan het rondom die ondersoek wat die SAUK oor die beweerde ongerymdhede gedoen het, is die uiteindelike gevolg van die onthulling die afdanking van Erasmus deur die SAUK (*VWB* 29 Jun 1990:9). Die afdanking volg ná maande van bittere twis, 'n hooggeregshofsaak, 'n interne dissiplinêre verhoor en verskeie nywerheidshofsake. Die dissiplinêre verhoor het Erasmus onskuldig bevind. Nogtans het die SAUK sy status verlaag deur 'n direkteur, Gerrit Coetzee, bokant hom aan te stel. Erasmus is daarna onverwags afgedank weens die "groot gaping" wat tussen hom en sy personeel ontstaan het (*VWB* 29 Jun 1990:9).

Daar is egter twee kante van 'n saak. Die werklike rede vir sy afdanking (vanuit Erasmus se perspektief gesien) het eers twee jaar later aan die lig gekom. Onder die opskrif "Ek was 'n broederbond slagoffer" word Erasmus self deur *VWB* (29 Nov 1991:7) aan die woord gestel. Volgens Erasmus was die werklike rede vir sy afdanking verskille met sy meerderes. Meer spesifiek gestel, hy was nooit bereid om die gesag van die Broederbond by die SAUK te aanvaar nie. Die amptelike rede was die onversoenbare verskille tussen hom en sy personeel, maar die verskuilde rede was sy jarelange teenstand teen die Broederbond. In 'n lesersbrief (*VWB* 10 Jan 1992:2) reageer C.M. du Toit van Riebeeck-Wes, 'n medeslagoffer van die Broederbond, op dié berig en wens Erasmus geluk dat

hy die mag van die Broederbond oor sy lewe finaal gebreek het deur hulle by name in die openbaar aan die kaak te stel.

Die gevolge van die onthulling kan as 't ware in 'n paar woorde opgesom word, naamlik "ontkenning" en "toesmeertaktieke" wat nie verbasend is in terme van die politieke geskiedenis en samelewingskonteks van die laat tagtigerjare in Suid-Afrika nie. Soortgelyk aan die vorige onthulling kan die ondersoek wat na Erasmus en sy bedrywighede gedoen is ook beskou word as 'n "rush job" en 'n klug. Die openbare belang van die aangeleentheid (en die rol van die media in dié verband) is totaal geïgnoreer deur die hoofbestuur van die SAUK. Die interdik wat egter nie deur die hooggeregshof toegestaan is nie, was 'n positiewe en belangrike verwikkeling in terme van persvryheid en die reg van die publiek om te weet wat in openbare instellings gebeur. Die openbare belang het die swaarste geweeg. Die onthulling in die media en sy verloop het die publiek waarskynlik meer bewus gemaak van die "normaalheid" van korrupte toesmeertegnieke en self-beskerming van 'n "staatsbeheerde" instelling soos die SAUK van die tagtigerjare.

Uitgawe: *VWB* 17 November 1989:1
Hoofopskrif: "Bloedspoor van die SAP"
Ondersoekende joernalis: Jacques Pauw (*VWB*)

**1 Onthulling**

Die bestaan van polities-gemotiveerde moordbendes in die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie.

**2 Tema**

Onder die banieropskrif: "Bloedspoor van die SAP" word *VWB* se lesers voorgestel aan kaptein Dirk Johannes Coetzee, bevelvoerder van 'n moordbende van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP). Die leser word 'n eksklusiewe onderhoud belowe, waarin Coetzee die grusame geskiedenis van politieke sluipmoorde, gifmoorde, bomaanvalle en briefbomme oor nasionale grense heen vertel.

Die eerste vyf bladsye van dié uitgawe is aan die onthulling gewy. Verskeie verbandhoudende temas word vervolgens geïdentifiseer.

(1) Onder die opskrif "Moordbende se register van terreur" erken Coetzee sy eie aktiewe deelname aan terreur wat deur die SAP se spesiale Vlakplaaseenheid gepleeg is. Hy koppel die name van die slagoffers eksplisiet aan dié van verskeie hooggeplaastes (as opdraggewers vir die moorde) in die SAP. Die moord op Griffiths Mxenge, 'n

bekende anti-apartheidsaktivis en Durbanse prokureur, koppel hy byvoorbeeld aan brigadier Van der Hoven, destydse hoof van veiligheid in Natal, brigadier Marius Schoon en generaal Johan Coetzee, die destydse hoof van die veiligheidspolisie. Coetzee verskaf as 't ware 'n omvattende moordlys, met besonderhede soos (i) die manier waarop die moorde gepleeg is; (ii) die name van die opdraggewers; en (iii) die name van die uitvoerders van die opdragte.

(2) Onder die opskrif "Ek was in die hart van die hoer" erken Coetzee dat hy die "diepste geheimenisse" van die eenheid "wat verhewe is bo die wet" ken. Hy erken sy eie medepligtigheid en skuld aan die "talle moorde wat ons moes pleeg".

(3) Onder die opskrif "Vlakplaas: hoofkwartier van die moordbendes" word die rol wat 'n verlate plaas naby Pretoria speel, beklemtoon. Dit was op Vlakplaas waar Coetzee in 1981 swart polisiemanne en gerehabiliteerde ANC-guerrillas (Askari's) saamgesnoer het tot 'n gedugte eenheid wat uiteindelik die veiligheidspolisie se moordbende geword het. Coetzee verduidelik in besonderhede hoe die eenheid tot stand gekom het en steeds (in 1989) bestaan. Die Askari's in sy groep was on-

der meer Butana Almond Nofomela, David Tshikalanga, Brian Ngulungwa en "ene Joe".

(4) Onder die opskrif "Ek minag myself" vertel Coetzee van sy verskriklike skuldgevoel en dat hy deur sy onthulling sy aandeel in die moorde wil "regmaak".

(5) Die laaste opskrif oor dié onderwerp "Polisiemanne aangesê om alles te ontken" handel oor getuienis, waaruit blyk (i) dat polisiemanne aangesê is om voor die McNally-kommissie (wat bewerings van Nofomela ondersoek het) te ontken dat hulle enigiets weet en (ii) dat 'n veiligheidspolisieman (Eugene de Kock) besig is om logstate en ander moontlike bewysstukke uit die hoofkantoor te verwyder en te vernietig. (Nofomela was weens moord in die dodesel en het in 'n desperate poging om homself van teregstelling te red, oor sy en ander se betrokkenheid by die moordbendes begin praat.)

**3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding**

Moord is 'n misdaad waarvoor gewone mense in Suid-Afrika meestal die hoogste tol betaal het. Dit is logies dat indien sodanige klandestiene grusaamhede plaasgevind het die geheimhouding daarvan die hoogste prioriteit geniet

het. Verder poog menseregte-aktiviste volgens *VWB* (17 Nov 1989:3) reeds jare om 'n geregtelike kommissie van ondersoek aangestel te kry om die bestaan van 'n moordbende te ondersoek. Die polisie het nog altyd die bestaan van so 'n eenheid ontken. Coetzee (*VWB* 17 Nov 1989:3) getuig ook dat hulle "ondergronds" opgetree het en onherkenbaar was as lede van die polisie. Volgens hom was slegs senior offisiere op afdelingsvlak en die veiligheidshoofkantoor werklik bewus van die bestaan van Vlakplaas en die werksaamhede van die Askari's (*VWB* 17 Nov 1989:4). Coetzee het ook uit vrees vir inhegtenisneming voor sy onthullings (die verbreking van die geheimhouding en die inkriminering van homself en talle hooggeplaastes binne die SAP) die land verlaat.

**4 Openbare belang**

Die onthulling is in die openbare belang omdat die SAP 'n openbare instelling is en namens die publiek optree. Indien moorde in die naam van die publiek, vir volk en vaderland (volgens die eertydse oortuiging van Coetzee [*VWB* 17 Nov 1989:5] en waarskynlik baie ander betrokkenes), vir die behoud van die *status quo* gepleeg word; word die openbare gewete aangespreek en het die publiek dus 'n reg om daarvan te weet en 'n oordeel daaroor uit te spreek. Advokaat Eli Goldblatt, voorsitter van die Johannesburgse Balieraad, sê in dié verband (*VWB* 24 Nov 1989:3): "Elke burger moet bevrees wees as hy voel die

polisie het die mag van teregstelling sonder behoorlike regsproses".

### 5 Bevraagtekening van die *status quo*

Die berig impliseer dat moorde deur die veiligheidspolisie gepleeg is en word. Die verkragting van die tradisionele rol van ('n deel van) die polisie as beskermer en dienaar van die burgers van die land word vermoed en ondersoek. Die veiligheidspolisie het die apartheidsideologie van die staat in (wan)dade omskep. Aspekte van die *status quo* (die dade van die veiligheidspolisie) maar ook indirek die *status quo*-orde as sulks word deur hierdie berig ernstig bevraagteken. Die "owerhede" het as 't ware moord op die vyande van hierdie ideologie goedgekeur. Die "vyande" wou egter bloot stry vir erkenning as landsburgers met regte in 'n nuwe demokratiese bedeling.

### 6 Akkuraatheid

Die akkuraatheid van die aantygings wat *VWB* maak, kan geëvalueer word aan die hand van 'n geskiedenis van al sterker wordende **vermoedens** oor die bestaan van 'n polisiemoordbende, soos die getuienis in hofsake en die getuienis van betrokkenes wat hulself in die proses inkrimineer. Sommige van die vermoedens oor die bestaan van polisiemoordbendes word in vorige uitgawes van *VWB* (27 Okt 1989:11; 3 Nov 1989:5) uitgespel. (Kyk ook 'n

opvolgberig in die *Weekly Mail* [24 Nov 1989:11] waar onder die opskrif "Hit-squad clues could be seen long before Coetzee" vorige getuienis uitgelig word.) Die berigte in *VWB* beklemtoon dat daar ondanks heftige ontkennings deur die owerhede reeds jare lank 'n vinger na die polisie gewys word vir hul aandeel in politieke sluipmoorde. Daar word verwys na meer as 100 aktiviste wat die afgelope vyftien jaar vermoor is - 47 van hulle binne die landsgrense - en dat daar ten spyte van 'n uitstekende rekord in die oplossing van "gewone" moorde en ander misdade, slegs een politieke sluipmoord die afgelope 12 jaar opgelos is; dié van Idasa-werker Eric Mntonga (*VWB* 27 Okt 1989:11; 3 Nov 1989:5). Verdere stawing van die akkuraatheid van *VWB* se beriggewing word deur die volgende bronne onderskryf:

(1) Mark Philips, navorser van die Instituut van Beleidstudies aan Wits. Hy is van mening dat te veel leidrade reeds dui op die bestaan van die moordbendes om toevallig te wees (*VWB* 27 Okt 1989:11).

(2) "Die buiteland". Suid-Afrika word reeds jare daarvan beskuldig dat sy polisiemag 'n spesiale eenheid het, geskoei op die lees van die gevreesde Argentynse moordbendes, om vyande van die regime uit te skakel (*VWB* 27 Okt 1989:11).

(3) Die Amerikaanse departement van Buitelandse Sake. Dié departement verwys in 'n verslag (Feb 1989) na bewyse vir die bestaan van Suid-Afrikaanse moordbendes (*VWB* 27 Okt 1989:11).

(4) Die Verenigde Nasies (VN). Die VN vra (Mei 1989) vir 'n internasionale kommissie om die bestaan van die bendes te ondersoek (*VWB* 27 Okt 1989:11).

(5) Paulo Oliviera, 'n gewese Europese verteenwoordiger van Renamo. Hy maak ook bewerings oor die bestaan van moordbendes (*VWB* 27 Okt 1989:11).

(6) Die David Webster-trustfonds. Dié trustfonds het 'n beroep op die regering gedoen om 'n onafhanklike regterlike kommissie van ondersoek in te stel na die moord op Webster en ander anti-apartheidsaktiviste (*VWB* 3 Nov 1989:5).

(7) Bongani Jonas, 'n gewese lid van die ANC en latere polisieman. Hy getuig in die Kaapstadse Hooggeregshof (1988) dat die polisiemoordbendes uit gewese ANC-guerrillas saamgestel is en dat die veiligheidspolisie gepoog het om hom as Askari te werf (*VWB* 27 Okt 1989:11).

(8) Die verhoor van Jack le Grange en Robert van der

Merwe (destyds lede van die Brixtonse moord-en-roofafdeling). Van der Merwe getuig dat die doodmaak van ANC-aktiviste as aanvaarbare praktyk beskou word (*VWB* 3 Nov 1989:5). (Kyk ook in dié verband *VWB* [24 Nov 1989:4] waar onder die opskrif "Moordbendes al tevore in die hof genoem" Van der Merwe se getuienis in besonderhede aangehaal en bespreek word.)

(9) Butana Almond Nofomela. Coetzee se verklarings (*VWB* 17 Nov 1989) volg enkele weke nadat Nofomela teregstelling vrygespring het, omdat hy vertel het dat hy 'n lid van 'n "amptelike" moordbende was (*VWB* 27 Okt 1989:11). Dié getuienis was waarskynlik die sneller tot Coetzee se openbaringe - omdat dit hom geïnkrimineer het.

Bogenoemde geskiedenis van vermoedens versterk die getuienis (én die geloofwaardigheid) van Coetzee. Sy getuienis word ook versterk deur (i) sy status as oud-bevelvoerder van die Vlakplaasmoordbende - getuienis as 't ware uit die perd se bek; (ii) die besonderhede van sy onthullings; (iii) sy self-inkriminering van 'n ernstige misdaad soos moord; en (iv) sy inkriminering van baie belangrike persone in die SAP.

## 7 Opvolgberigte

Prominente opvolgberigte in *VWB* en in ander koerante kon voorspel word, omdat (i) die aantygings wat gemaak is as baie ernstig beskou kan word; (ii) prominente openbare figure geïnkrimineer word; en (iii) 'n openbare instelling betrokke is. Opvolgberigte het in *VWB* op 'n gereelde basis vanaf 24 Nov 1989 tot Nov 1990 verskyn. Selfs tot 1993 (en 1994 in *VWB* se nuustydskrif) is daar op 'n meer ongereelde basis oor die voortslepende kwessie van die moordbendes berig. Steeds meer betrokkenes het met inligting na vore gekom. David Tshikalanga vertel byvoorbeeld sy "volledige, bloedige verhaal" in *VWB* (24 Nov:1-2) en sersant Jeffrey Bosigo, 'n "gedraaide" ANC-guerrilla, bieg by sy broer oor sy aandeel in die moorde op Victoria Mxenge en dr Fabian Ribeiro en sy vrou - dié broer, Mmutle Bosigo, vertel die verhaal aan *VWB* (1 Des 1989:1). Coetzee se verhaal, wat dikwels as leuens afgemaak is, word al hoe meer geloofwaardig.

Behalwe in *VWB* het opvolgberigte in talle ander koerante verskyn. Koerante soos *Cape Times* (18 Nov 1989); *The Star* (18 Nov 1989); *City Press* (19 Nov 1989); *Sunday Times* (19 Nov 1989); *The Citizen* (25 Nov 1989; 28 Nov 1989; 18 Des 1989) en *Die Afrikaner* (6 Des 1989) wy hoofberigte aan die onthulling.

Die onthulling was te belangrik en te vernietigend om

geïgnoreer te word.

## 8 Gevolge

Die moordbende-onthulling het 'n sneeubaleffek van swartsmeerdery van Coetzee deur die SAP, verdere onthullings deur Coetzee, ondersoeke, aanklagtes, verdere getuienisse en ontkennings van betrokkenes asook 'n dagvaarding weens laster teen *VWB*, veroorsaak. Uiteindelik is 'n regterlike kommissie van ondersoek na Coetzee en ander se bewerings aangestel. Enkele gevolge van die onthulling kan soos volg gelys word:

*** 'n Massiewe veldtog ten einde Coetzee te diskrediteer**

Voorbeelde van die veldtog is die volgende:

(1) Die oopstelling van Vlakplaas aan die pers (*Cape Times* 18 Nov 1989:1; *The Citizen* 18 Nov 1989:1) - deur dié handeling is gepoog om die "ondergrondsheid" van die Vlakplaasbedrywighede belaglik te maak;

(2) Die etikettering van Coetzee as 'n psigopaat (*The Star* 18 Nov 1989:1); en

(3) Die beweringe van Coetzee as ongetoets, wild en geheel en al ongegrond (*Cape Times* 18 Nov 1989:1) en belaglik (*The Sunday Star* 26 Nov 1989:16).

Volgens *VWB* (24 Nov 1989:6) is aantygings gemaak wat wissel van dranksmokkelary tot die feit dat hy sy vrou en kinders slaan.

*** Coetzee reageer met verdere onthullings**

Voorbeelde van die onthullings is die volgende:

(1) Coetzee werp nuwe lig op die bomontploffing by die Londense kantore van die ANC in 1982. Hy beweer dat die 40 kg plofstof wat vir die bom gebruik is in klein hoeveelhede met die diplomatieke sak na London gestuur is (*VWB* 24 Nov 1989:1). In die proses inkrimineer hy Peter Casselton, 'n Brit (en 'n gewese agent van die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie) as die bomplanter en Craig Williamson (voorheen baasspioen en latere Presidentsraadslid) as sy vriend. Hy onthul dat Williamson onder meer betrokke was by die onderhandelinge oor die aankoop van Vlakplaas deur R40 000 van die "International University Fund" te "kanaliseer" (*VWB* 24 Nov 1989:4) en dat hy mede-eienaar van Casselton se seilboot was (*VWB* 12 Jan 1990:1,4-5). Die gevolg van die bewering was dat die Britse polisie opnuut ondersoek na die bomontploffing instel en die seilboot konfiskeer (*VWB* 1 Des 1989:1).

(2) Coetzee wys Eugene de Kock as die nuwe baas van die moordbende uit (*VWB* 24 Nov 1989:3).

(3) Coetzee onthul die bestaan van 'n tweede geheime plaas van die veiligheidspolisie. Dié plaas "Daisy" huisves "wit" spioene en is veral vir buitelandse operasies gebruik (*VWB* 24 Nov 1989:4).

(4) Coetzee beweer dat generaal Lothar Neethling, hoof van die forensiese laboratorium in Pretoria en assistent-kommissaris van polisie, persoonlik gif (en by 'n ander geleentheid 'n slaapmiddel om 'n ANC-lid uit Swaziland mee te ontvoer) aan hom verskaf het. Dié gif was bedoel vir twee ANC-verdagtes (*VWB* 1 Des 1989:1). Neethling reageer op dié berigte deur *VWB* vir laster, vir 'n totaal van R1 miljoen, te dagvaar, R500 000 elk vir die uitgawes van 17 November en 1 Desember 1989 (*VWB* 8 Des 1989:1-2). *Weekly Mail* is ook, weens 'n opvolgberig (24 Nov 1989), deur Neethling gedagvaar vir R500 000 (*Weekly Mail* 7 Des 1989).

(5) Coetzee onthul nuwe feite rondom die verdwyning van 'n 21 jarige Oos-Kaapse aktivis, Mtimkulu, wat volgens hom in 1982 deur die veiligheidspolisie vermoor is (*VWB* 1 Des 1989:3).

*** Stawende getuienis van betrokkenes**

Voorbeelde van verdere getuienis is die volgende:

(1) David Tshikalange wat in 'n onderhoud met *VWB* (24 Nov 1989:2) erken dat hy tussen 1981 en 1984 by Vlakplaasoperasies betrokke was. Tshikalanga identifiseer en inkrimineer ook drie van sy bevelvoerders as kaptein Dirk Coetzee, kaptein Jan Coetzee en majoor Eugene de Kock.

(2) Jeffrey Bosigo, nog 'n gewese lid van die moordbende, se verhaal van moord en geweld word deur sy broer aan *VWB* (1 Des 1989:1) vertel. Dié getuienis werp onder meer nuwe lig op die moord op Griffiths Mxenge (*VWB* 1 Des 1989:1-2).

(3) Heine Human,'n Sweedse burger, wat na bewering vir die veiligheidspolisie gewerk het, erken sy betrokkenheid by die moord op die ANC-leier Dulcie September in Pary˯ (1988) asook ander terreurdade wat in die buiteland gepleeg is. Hy beweer ook dat die veiligheidspolisie ná die moord op September vir hom 'n sake-onderneming in Suid-Afrika gekoop het (*VWB* 12 Jan 1990:1,5; 26 Jan 1990:5).

(4) Barend Petrus Horn, 'n oud-speurdersersant met

dertien jaar diens, vertel 'n verhaal van polisiemarteling wat roetine geword het; van wilde polisiegeweld tydens onlussituasies; van onskuldige omstanders wat koelbloedig geskiet is; en 'n jong aktivis wie se lyk deur drie lede van die veiligheidspolisie in 'n mynskag afgegooi is (*VWB* 12 Jan 1990:1,8,9).

(5) Twee gewese konstabels James Stevens en Theuns Grobler vertel dat De Kock en sy groep veiligheidspolisiemanne agt beweerde ANC-insypelaars (Piet Retief - Junie 1988) "onder vreemde omstandighede" doodgeskiet het (*VWB* 26 Jan 1990:6,7).

(6) Vincent Malaza ('n adjudant-offisier in die SAP, wat in der waarheid 'n ANC-spioen was) vertel aan *VWB* (2 Feb 1990:1-2) hoe hy inligting oor verskeie moorde aan die ANC verskaf het.

* **Coetzee en ander selferkende betrokkenes se bewerings word ten sterkste deur die SAP ontken**

Majoor-generaal Herman Stadler se uitsprake, soos "We have no hit squad" (*The Star* 18 nov 1989:1) en die koerantkoppe "Ons moor nie vir SAP, sê oud-terro's" (*Beeld* 18 Nov 1989:2) en "Brigadier denies role in killing" (*Business Day* 22 Nov 1989:2), is voorbeelde hiervan.

Die (logiese) ontkennings deur die SAP het gelei tot oproepe uit verskillende oorde (vgl *The Star* 18 Nov 1989:1; *VWB* 19 Jan 1990:6; 26 Jan 1990:11) vir 'n onafhanklike, regterlike kommissie van ondersoek (ter vervanging van die McNally-kommissie). Vir agtergrond word vervolgens inligting oor die McNally-kommissie verskaf.

Die "McNally-kommissie van Ondersoek" was die gevolg van die beweringe van Nofomela. Dié kommissie se geloofwaardigheid is egter betwyfel (*VWB* 24 Nov 1989:3). Dit is byvoorbeeld ironies dat Coetzee, wat deur Nofomela as bevelvoerder van die moordbende geïdentifiseer is, nooit gevra is om voor die kommissie te getuig nie. Coetzee verwerp die klagte van die kommissie dat hy onbereikbaar was. Die omvang van hul ondersoek is dus nie ná Coetzee se onthullings uitgebrei nie, maar bly volgens McNally bloot 'n ondersoek "om vas te stel of daar enige substansie is in die beweringe van Nofomela" (*VWB* 24 Nov 1989:3). Die kommissie se gebrek aan geloofwaardigheid en onafhanklikheid is veral gekoppel aan die samestelling van die kommissie uit advokaat T.P. McNally, prokureur-generaal van die Vrystaat en aanklaer in die Hooggeregshof (hy werk elke dag nou saam met senior polisieoffisiere) en luitenant-generaal Alwyn Conradie, 'n senior offisier in die polisiemag (*VWB* 24 Nov 1989:3). Die polisie het as 't ware die polisie ondersoek en die

uitslag daarvan sou dan in elk geval as bevooroordeeld ervaar kon word.

Nadat die McNally-kommissie se verslag aan staatspresident F.W. de Klerk oorhandig is, is daar verwag dat 'n regterlike kommissie van ondersoek aangestel sou word om die volle omvang van moordbendes te ondersoek (*VWB* 1 Des 1989:1-2). Aanvanklik weier De Klerk egter om 'n kommissie van ondersoek aan te stel. Die ongeloofwaardige rede daarvoor was dat "it might take too long" (*The Sunday Star* 17 Des 1989:13). Dié besluit is (waarskynlik, in veral "linkse" kringe) as 'n "major blunder" beskou. Die siening "that the Government and its police can never be trusted" is daardeur versterk (*The Sunday Star* 17 Des 1989:13). *The Natal Mercury* (21 Nov 1989:8) skryf in dié verband: "A judicial commission is both necessary and urgent. Yet we doubt whether even a finding that completely exonerated the police would be entirely convincing - not because it could not be supported but because South Africans have lived so long under laws - and for the past three years a state of emergency - which have steadily increased secrecy, through the denial of information, that people simply do not know what to believe".

*** Die Harms-kommissie van ondersoek**

'n Regterlike kommissie van ondersoek, die Harms-kommissie, is op 31 Januarie 1990 aangekondig en is op 15 Februarie 1990 in Pretoria geopen. Regter Louis Harms was die voorsitter en hy is bygestaan deur 'n span ondersoekers en McNally, wat die staat se getuienis voor die kommissie sou lei (*VWB* 2 Feb 1990:1-2). Die belangrikste kritiek teen die kommissie was die beperking van die terrein van ondersoek aan die een kant en die omvang van die ondersoek aan die ander kant. Die ondersoekterrein is naamlik beperk tot dade wat binne die grense van Suid-Afrika en die selfregerende state gepleeg is; en die opdrag, soos vervat in die Staatskoerant, is as te wyd beskou omdat dit 'n wye spektrum van geweld ingesluit het en nie net die dade insluit wat met moordbendes en aanvalle op politieke aktiviste verband hou nie (*VWB* 9 Feb 1990:3). Verdere punte van kritiek was die insluiting van polisiemanne in die ondersoekspan en die kwessie van getuienis wat nie gelewer mag word nie indien dit hangende regsprosesse kan beïnvloed - Nofomela, wie se moorddossier heropen is, sou dus nie kon getuig nie. (In sy geval is die moordklag egter teruggetrek, sodat hy wel voor die kommissie getuig het en in sy getuienis het hy al Coetzee se bewerings gestaaf, *VWB* 9 Mrt 1990:3.) Die reg tot weiering om te getuig, was nog 'n turksvy waarmee die Harms-kommissie te doen gehad

het. Self-inkriminering sou moontlike latere hofsake kon beïnvloed (*VWB* 23 Feb 1990:16).

Bogenoemde uiteensetting gee min of meer 'n oorsig oor die direkte en onmiddellike gevolge van die onthulling. Indirekte gevolge kan egter ook breedweg geïdentifiseer word. Belangrike indirekte gevolge wat positief met die moordbende-onthulling verbind kan word, is onder meer (i) die onthullings rondom die wandade van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se Burgerlike Samewerkingsburo (BSB); (ii) die hofsake rondom die lastereis van Lothar Neethling teen *VWB*; en (iii) die uiteindelike sluiting van *VWB* (die koerant én die nuustydskrif). Bogenoemde indirekte gevolge (die verbintenis met die moordbende onthulling) word vervolgens kortliks bespreek.

* **Die BSB-onthullings**

In getuienis wat voor die Harms-kommissie gelewer is en wat in hofstukke by die Randse Hooggeregshof ingedien is, het dit aan die lig gekom dat die bedrywighede van die SAW, of meer spesifiek die BSB, die drama rondom die polisiemoordbendes drasties verbreed. Die SAP beweer in hofstukke dat die SAW 'n groep gewese polisiemanne beheer en gebruik het om linkse aktiviste te vermoor en te intimideer. Hooggeplaastes word in die proses geïnkrimineer, byvoorbeeld die hoofdirekteur van die BSB, kolo-

nel Joe Verster; generaal-majoor Eddie Webb, hoof van die SAW se spesiale magte; kolonel Staal Burger, gewese bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roof-eenheid; die destydse Minister van Verdediging, generaal Magnus Malan; en die destydse Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok (*VWB* 16 Feb 1990:7; 23 Feb 1990:1-2,5; 2 Mrt 1990:1; 9 Mrt 1990:3,20; 30 Mrt 1990:3).

Bogenoemde getuienis het gelei tot (opvolg) onthullings van Petrus Jacobus Botes in *VWB* (11 Mei 1990:1-5) oor die geheime bedrywighede van die BSB. Die BSB is die organisasie waarvandaan misdade in die naam van volk en vaderland teen die 'vyande' van Suid-Afrika beplan en gepleeg is (*VWB* 11 Mei 1990:1-5).

*** Die lastereis van Lothar Neethling**

Teen die einde van 1990 bevind regter Johan Kriegler in sy Hooggeregshofuitspraak ten gunste van *VWB*. Hiervolgens is dié berigte met 'n oorwig van waarskynlikhede as waar bevind. Die inligting was so belangrik dat dit die publiek se *reg om te weet* vooropstel en die reg van die individu om nie "belaster" te word nie oorskadu. Teen die einde van 1993 word dié bevindings egter deur regter Hoexter se appèlhofuitspraak verwerp. Die appèlhof kon nie bo enige twyfel vasstel wié (Neethling of Coetzee) lieg en wié praat die waarheid nie. Dit is ironies dat

dit vir 'n misdadiger so moeilik is om 'n regter te oorreed dat hy wel misdade gepleeg het. Coetzee sê in dié verband: "Wat die regter in effek sê, is dat 'n mens nie Jeffrey Dahmer se erkennings oor sy moorde kan glo nie, want hy is 'n selferkende moordenaar" (VWB-nuustydskrif 9 Des 1993:5). Die probleem was waarskynlik dat Coetzee nie alleen verantwoordelik was nie en dat hy in die proses belangrike persone in die Suid-Afrikaanse samelewing inkrimineer. Die regter se behoefte tot die beskerming van hierdie persone en indirek die beskerming van die *status quo* moet nie onderskat word nie.

Hoofsaaklik het die indirekte gevolge van beide hofsake te make met die mate van persvryheid wat deur die hof ondersteun word of nie ondersteun word nie. Die Hooggeregshof het die openbare belang, die erns van die aantygings en die waarskynlike waarheid eerste gestel en so 'n lansie vir persvryheid in Suid-Afrika gebreek. Die appèlhof se uitspraak het persvryheid egter 'n ernstige knou toegedien. Die rol en funksie van die pers as waghond is misken. VWB-nuustydskrif (9 Des 1993:4) berig dat dit uiteindelik gaan oor die kwessie of die media die reg het om oor sake van openbare belang te skryf "sonder die volledige regsverantwoordelikheid om dit waar te bewys". Hiervolgens kan "akkuraatheid" nooit absoluut wees nie - waarskynlikheid en die openbare belang behoort die fokus te wees. Die "regsverantwoor-

delikheid" berus by die howe, wat ook foute kan maak. Die Neethling-hofsaak het verder 'n indirekte bydrae gelewer tot die volgende geïdentifiseerde indirekte gevolg, naamlik die uiteindelike "dood" van *VWB*.

*** Die sluiting van *VWB***

In 'n brief wat die redakteur van *VWB* aan intekenare rig (Januarie 1994), skryf hy dat die sluiting van *VWB* deur verskeie faktore veroorsaak is, waarvan "die afwesigheid van geesdriftige advertensiesteun en die voortslepende koste van regsgedinge" seker die belangrikste was. Ondersoekende joernalistiek, veral die onthullings oor die moordbendes, waarvan die baie duur Neethling-hofsaak 'n direkte gevolg was, het dus indirek bygedra tot die sluiting van 'n koerant en tydskrif.

**5.3.3 1990-1991**

| |
|---|
| Uitgawe: *VWB* 2 Februarie 1990:1<br>Opskrif: "Storm oor Matie-prof en Intelligensiediens"<br>Ondersoekende joernalis: Max du Preez (*VWB*) |

**1 Onthulling**

Die noue skakeling tussen 'n prominente Stellenbosse akademikus en sy navorsingsinstituut met die veiligheidsgemeenskap.

## 2 Tema

Die belangrikste tema wat uitgelig kan word, is dat twee navorsers, S. Roothman en A. Wildschut, in diens van die Instituut vir Sowjetstudie van die Universiteit van Stellenbosch (ISSUS) bedank het weens die instituut se noue bande met Nasionale Intelligensie (NI) en Militêre Inligting (MI). Dié noue bande verwys na die (betaalde) samewerking van Philip Nel, die direkteur van ISSUS, met NI en MI. (Die instituut is aan die einde van 1989 by die Departement Politieke Wetenskappe van Stellenbosch ingelyf.)

## 3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding

Slegs deur 'n memorandum wat Nel aan NI gestuur het en wat in die hande van *VWB* beland het, was dit moontlik om die onthulling met die nodige bewyse aan te pak.

## 4 Openbare belang

Die publiek en die student het die *reg om te weet* of 'n akademiese instelling onafhanklik is of nie. Dit is 'n etiese kwessie wat hier ter sprake is. Dit word oor die algemeen as oneties beskou wanneer 'n universiteit, wat uit die aard van sy rol en funksie veronderstel is om onafhanklik te wees, by geheime bedrywighede van instansies soos NI betrokke raak. Die publiek het hiervolgens die reg om te weet wat in openbare instellings, soos

universiteite, gebeur.

## 5 Bevraagtekening van die *status quo*

'n Belangrike aspek van die *status quo*, die onafhanklikheid van 'n akademiese instelling (wat verbind kan word met demokratiese waardes) word bevraagteken. Die geheime samewerking tussen 'n akademiese instelling en NI/MI word vermoed. Dit sou egter meer verdedigbaar wees as akademici openlik deur sodanige instansies genader word vir byvoorbeeld 'n mening of insae in navorsing.

## 6 Akkuraatheid

Die akkuraatheid van die onthulling kan gemeet word aan die beskikbaarheid van tasbare bewysstukke. *VWB* was in besit van 'n memorandum wat Nel aan NI rig en waarin hy voorstel dat ISSUS as dekmantel vir NI in die buiteland gebruik word om inligting oor die ANC, die SAKP en die Sowjet-Unie te bekom. 'n Verdere bewysstuk was gewaarmerkte afskrifte van die twee navorsers (Roothman en Wildschut) se bedankingsbriewe, waarin die redes vir hul bedankings duidelik uitgespel word.

Die akkuraatheid van hierdie onthulling het van die begin af geen twyfel gelaat nie, veral omdat Nel geen van die bewerings ontken het nie (hy het duidelik nie gedink dat daar 'n probleem is nie of dat hy homself enigsins

benadeel nie). Hy bevestig dat hy wel 'n memorandum aan NI gestuur het en dat ISSUS werk vir NI en MI gedoen het en betaling daarvoor ontvang het. Hy erken ook dat hy NI se telefoonnommer aan sy derdejaarstudente gegee het met die doel om NI-agente te werf. Volgens Nel het hy laasgenoemde in opdrag van sy departementshoof gedoen.

### 7 Opvolgberigte

Opvolgberigte het verskyn in *VWB* (23 Feb 1990:2; 2 Nov 1990:7) en in koerante soos *The Sunday Star* (11 Feb 1990:2) en *The Citizen* (24 Feb 1990:9).

*The Sunday Star* (11 Feb 1990:2) berig oor Nel se reaksie op die onthulling in *VWB*. Volgens Nel het ISSUS geen geheim gemaak van sy bande met NI en MI nie.

In *VWB* (23 Feb 1990:2) word berig dat die SAP 'n lasbrief verkry het om *VWB* se kantoor vir dokumente te deursoek. Volgens dié lasbrief word 'n aanklag ingevolge die Wet op die Beveiliging van Inligting teen Max du Preez ondersoek. Die lasbrief verwys spesifiek na die onthulling in *VWB* (2 Feb 1990:1). Die lasbrief magtig die offisiere om die betrokke memorandum en die bedankingsbriewe te konfiskeer (*The Citizen* (24 Feb 1990:9).

In *VWB* (2 Nov 1990:7) word berig dat *VWB* se uitgewer, Wending Publikasies, en redakteur, Max du Preez, vir die

publikasie van die berig (*VWB* 2 Feb 1990:2) skuldig bevind is ingevolge die Wet op die Beveiliging van Inligting en met R7 000 beboet is.

## 8 Gevolge

Twee belangrike gevolge kan uitgelig word, naamlik:

* **Die handhawing en die latere tersydestelling van die lastereis teen *VWB***

Die handhawing van die lastereis het indirek verdere beperkings op persvryheid beteken. Die argument dat 'n akademiese instelling wat veronderstel is om onafhanklik te wees betrokke is, het geen indruk gemaak nie. In sy vonnisuitspraak beklemtoon die landdros, Jack le Grange: "Hier het absoluut niks onbehoorliks plaasgevind nie" (*VWB* 2 Nov 1990:7). *VWB* appelleer en regter J Roux bevind dat die landdros in die oorspronklike saak "oorgereageer" het en dat NI met 'n "amperse histerie" gereageer het. Hy verander die vonnis na 'n waarskuwing. Die gevolg van hierdie verwikkeling was die reaksie van die Prokureur-generaal se kantoor. Die Prokureur-generaal beplan om by die Appèlhof teen die vonnis te appelleer (*VWB* 28 Aug 1992:8).

*** Die waardeloosheid van die begrip "akademiese integriteit"**

Uit die landdroshof-uitspraak en uit kommentaar vanuit akademiese kringe (*VWB* 2 Nov 1990:7) blyk dit duidelik dat bogenoemde begrip in Suid-Afrika oënskynlik 'n ander betekenis het as in die meeste Westerse samelewings. *VWB* (2 Nov 1990:7) verwys na die landdroshof-uitspraak en die "traagheid" van sommige akademici om standpunt in te neem as 'n "tragiese refleksie van wat oor dekades van apartheid, Afrikaner-hegemonie en Nasionale Party-arrogansie met ons gemeenskap gebeur het".

| |
|---|
| Uitgawe : *VWB* 22 Jun 1990:1<br>Hoofopskrif: "Wit terreur"<br>Ondersoekende joernalis: Jacques Pauw (*VWB*) |

**1 Onthulling**

Koelbloedig beplande terrorisme deur regse groepe.

**2 Tema**

Die berig onthul planne vir 'n moontlike staatsgreep; die samewerking tussen die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) en elemente in die SAW, die SAP en die Konserwatiewe Party (KP); die beplanning van moord en terreur teen die NP, die ANC en onskuldige burgerlikes deur regses, wat veg onder die vaandel van die "Boere-bevry-

dingstryd". Die tema oor die beplanning van regse terreur strek oor die eerste sewe bladsye van die uitgawe. Die eerste bladsy van die uitgawe bestaan uit slegs die hoofopskrif, enkele prikkelaars en enkele foto's van betrokkenes. Die opskrifte wat strek oor die volgende ses bladsye gee reeds 'n idee van die belangrikste temas. Die opskrifte is die volgende: "Skerpskutters vir moord op ANC gewerf"; "Sluipmoordenaar reeds gehuur"; "NI-agent infiltreer regse komplot"; "Regse staatsgreep die einddoel"; "BSB-man verskaf die moordwapen"; "Beissner, gewese SS-kaptein"; "Oud-Nazi se moordplanne"; "SAUK-nuuslesers moes uitgewis word"; "Boksburg-amptenaar wou ANC en FW elimineer"; en "Voorkom 'n bloedbad". In die berigte onder bogenoemde opskrifte kan die volgende temas geïdentifiseer word:

(1) Vyf projekte, wat Suid-Afrika in chaos moet dompel, is beplan. Die projekte behels (i) die eliminasie van Mandela en Slovo; (ii) die opblaas van kragstasies in Oos-Transvaal; (iii) die opblaas van die First National Stadion net buite Johannesburg; (iv) die eliminasie van LP's; en (v) die opblaas van damwalle. Die uiteinde van die regse planne sou, nadat wydverspreide geweld losgebars het, 'n staatsgreep wees.

(2) T.J. Ferreira, die onderburgemeester van Boksburg

en gewese kandidaat van die KP, het 'n sluipmoordenaar gewerf om parlementslede en kabinetsministers te vermoor.

(3) Jan Johannes Smith, 'n gewese agent van die veiligheidspolisie en die NI, het verregse elemente aan die Oos-Rand geïnfiltreer en sy dienste as sluipmoordenaar, ondersteuner en militêre beplanner aangebied.

(4) *VWB* het Smith versoek om verregse terreurgroepe te infiltreer. Die resultaat daarvan was die verdoemende getuienis wat verregse planne ontbloot.

(5) Gary Cornish, 'n gewese majoor in die SAW, erken dat hy as lid van die BSB die geweer verskaf het waarmee Mandela vermoor moes word. Dit is een van die wapens wat met BSB-geld gekoop is.

(6) Heinrich Wilhelm Beissner, 'n gewese SS Nazi-offisier en 'n AWB-hoofkommandant en streekraadsleier, het die moordplan vir Mandela uitgewerk en Smith gevra om 'n moordplan vir ander ANC-leiers uit te werk.

(7) Een miljoen swartmense moes in Soweto "gevrek"

het nadat die AWB 'n meesterplan vir die vergiftiging van die stad se drinkwater ontwerp het.

(8) Hertjies Engelbrecht, die superintendent van veiligheid van die Boksburgse stadsraad en gewese offisier in die veiligheidspolisie, het geprobeer om 'n ongeregistreerde wapen in die hande te kry "om die ANC te kap". Staatspresident F.W. de Klerk is ook op sy lys.

(9) Mariëtta Kruger en Riaan Cruywagen, bekende televisiepersoonlikhede, moet vermoor word as 'n simboliese uitwissing van regeringsbeleid.

(10) 'n Gedetailleerde beëdigde verklaring van Smith oor sy betrokkenheid met en kennis van terreurbeplanning van verregse groepe. Hy sluit af met "Ek glo dat die onderskeie lede van die AWB doodernstig is en inderdaad besig is om hierdie planne in werking te stel".

**3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding**

Slegs die doelbewuste infiltrasie van 'n buitestaander in die AWB, onder die dekmantel van raadgewer, potensiële sluipmoordenaar en militêre beplanner, het vermoedens bevestig en die ontdekking van die terreurplanne moontlik gemaak.

## 4 Openbare belang

Die AWB se beplande optrede sou groot gevaar inhou vir (i) landsveiligheid; (ii) die onderhandelingsproses; en (iii) die NP-regering. Die oorhoofse doel van die terreur was om Suid-Afrika in 'n toestand van chaos, verwarring en anargie te dompel.

## 5 Bevraagtekening van die *status quo*

Die feit dat Smith "etlike weke gelede" aan *VWB* vertel het dat hy deur verregses gevra is om beheer oor hul militêre projekte oor te neem, terwyl hy in Maart 1990 gevra is om Mandela te vermoor, het ernstige vrae oor die bedrywighede van die AWB laat ontstaan. VWB bevraagteken dus hier die handeling van die verregses wat die *status quo* wou omverwerp. Die *status quo*-orde van dié tydperk was juis gerig op 'n proses van vreedsame sosiale verandering - wat deur *VWB* ondersteun is.

## 6 Akkuraatheid

Die akkuraatheid van die berig is afhanklik van hoofsaaklik die geloofwaardigheid van die bron en die versterkers daarvan, naamlik (i) die plasing van 'n foto van Smith; (ii) die feit dat Smith deur *VWB* genader is om die AWB-binnekring te infiltreer; (iii) die besonderhede van sy verslag oor verskeie ontmoetings; (iv) die inkriminering van belangrike openbare persone soos

die onderburgemeester van Boksburg; en (v) die bandopnames wat gemaak is van gesprekke tussen Smith en die betrokkenes by die beplanning van verregse terreur. *VWB* is byvoorbeeld in besit van twee bandopnames waarin Ferreira saamsweer om die LP vir Boksburg, Sakkie Blanché, en ministers Pik Botha, Adriaan Vlok en Magnus Malan te vermoor. Volgens Pauw (*City Press* 24 Jun 1990:1) het *VWB* en die ANC Smith se agtergrond terdeë ondersoek voordat *VWB* se redakteur Smith versoek het om die regses te infiltreer.

**7 Opvolgberigte**

Opvolgberigte het onder meer verskyn in VWB (29 Jun 1990:1-2,10-11; 13 Jul 1990:1-2,18; 27 Jul 1990 1-2) asook in 'n breë spektrum van ander koerante.

Die meeste koerante erken *VWB* se bydrae in die onthulling van die regse terreur - ook dié koerante wat dieselfde dag as *VWB* berigte oor die aangeleentheid gedra het. *Die Transvaler* (22 Jun 1990:1) skryf byvoorbeeld dat die polisie se optrede "vermoedelik uit berigte vandag in *Vrye Weekblad*" spruit) en die meeste koerante herhaal ook die besonderhede van die onthulling. 'n Groot aantal opvolgberigte is hoofberigte.

Die oorheersende temas in die opvolgberigte vertel 'n verhaal van (i) aanhouding en (onverwagse) vrylating van

verregses (*Die Volksblad* 22 Jun 1990:1; *Die Transvaler* 22 Jun 1990:1; *The Star* 22 Jun 1990:1; *Die Burger* 22 Jun 1990:1; *Rapport* 24 Jun 1990:4); (ii) wydverspreide woede en bekommernis oor die vrylating van verregses (*The Star* 23 Jun 1990:1; 26 Jun 1990:5; *City Press* 24 Jun 1990:10); (iii) die vrylating van verregses as gevolg van 'n gebrek aan bewyse (*Beeld* 23 Jun 1990:1); (iv) woede in regse geledere oor die aantygings (*Beeld* 23 Jun 1990:1); (v) 'n losprys op Smith se kop (*Die Transvaler* 25 Jun 1990:1; *The Star* 26 Jun 1990:1; *The Citizen* 26 Jun 1990:1); (vi) Smith se "verdwyning" en sy polisiebeskerming (*The Citizen* 23 Jun 1990:1; *Cape Times* 23 Jun 1990:2); (vii) hoë vlak ontkennings oor die ontvangs van bandopnames, terwyl *VWB* volhou dat hy ses opnames aan die polisie oorhandig het (*City Press* 24 Jun 1990:1; *VWB* 13 Jul 1990:18); (viii) die versekering wat herhaaldelik gegee word (deur die hoof van die veiligheidspolisie, luitenant-generaal Basie Smith) dat aantygings op die hoogste vlak ondersoek word (*The Citizen* 28 Jun 1990:2; *VWB* 29 Jun 1990:1-2); (ix) 'n woordelikse weergawe van die betrokke bandopnames as 'n reaksie op die bewering van koerante dat die terreurplanne slegs "bierblikpraatjies" is en as 'n reaksie op die regses se aanklag dat hulle "blatant uitgelok" is (*VWB* 29 Jun 1990:10); en (x) die polisie wat formele klagtes teen elf verregses aanhangig maak (*VWB* 27 Jul 1990: 1-2).

## 8 Gevolge

Bogenoemde temas is ook voorbeelde van die direkte gevolge van die onthulling. Indirekte gevolge kan egter ook geïdentifiseer word.

### * Terreurplanne kan vertolk word as verraad

Volgens *VWB* (29 Jun 1990:2) is regsgeleerdes van mening dat die verregse terreurplanne ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid op 'n daad van verraad mag neerkom. Hulle beklemtoon ook dat tientalle linksgesindes die afgelope jare vir veel mindere oortredings tronk toe is.

### * Die wye mediadekking van verregse groepe

Mediadekking, nasionaal en internasionaal, het weens uitsprake oor geweld en dade van terreur drasties vermeerder. *VWB* (14 Des 1990:7) berig dat hoewel die AWB reeds sedert 1974 bestaan dié organisasie sedert 1990 weens optredes en openbare uitsprake werklik nuuswaardig geraak het. *Beeld* (23 Jun 1990:2) berig byvoorbeeld dat Britse koerante "gister" Smith se beweringe gepubliseer het en dat dit ook oor die radio en televisie uitgesaai is. In samehang met bogenoemde algemene gevolge is daar ook die bewusmaking van die **werklikheid** van die "regse gevaar". Oor die algemeen was daar 'n neiging in die media en by die meeste politici om regse

terreur te onderskat. In *Beeld* (23 Jun 1990:1) word die regse komplot byvoorbeeld as "snert" beskryf. *VWB* (14 Sep 1990:16) berig dat regse aktiviste oor die algemeen verkleineer en karikatuuragtig in die media voorgestel word. Die feit is egter dat vanaf Januarie tot Augustus 1990 byna 20 persent van alle bewese terreurdade deur regse groepe gepleeg is (*VWB* 14 Sep 1990:16).

### 5.3.4 1991-1992

| |
|---|
| Uitgawe: *VWB* 2 Augustus 1991:4<br>Hoofopskrif: "Jans Rautenbach en 'projek diver'"<br>Ondersoekende joernalis: Pearlie Joubert (*VWB*) |

**1 Onthulling**

Van die land se voorste rolprentmakers - onder andere Jans Rautenbach en Peers Hartzenberg - het in die geheim propagandarolprente (vermom as vermaaklikheidsprente en dokumentêre prente) onderskeidelik vir die SAW en die veiligheidspolisie gemaak.

**2 Tema**

Die tema strek oor twee bladsye en word aangebied onder die opskrifte "Jans Rautenbach en 'projek diver'" en "Die veiligheidspolisie se 'drama-reeks'". Die volgende temas word vervolgens uitgelig:

(1) Rautenbach het ooreenkomste met die SAW en die

Departement van Binnelandse Sake gehad vir die vervaardiging van propagandarolprente.

(2) Die SAW betaal Rautenbach "derduisende" rande vir die rolprente wat hy vir hulle gemaak het.

(3) 'n Frontmaatskappy "Sunrise International Film Productions" is deur Rautenbach namens die SAW gestig en bedryf.

(4) Die veiligheidspolisie betaal Hartzenberg R30 000 om 'n propagandarolprent "Umkontho we Sizwe: disgrace of the nation?" oor die beweerde ANC-wandade vir die SAUK te maak. Dié rolprent, wat die SAP ongeveer R300 000 gekos het, is verfilm op Vlakplaas (onderhoude is met Askari's gevoer) en is as 'n "dokumentêre" program deur die SAUK uitgesaai.

(5) Die oorhoofse doel van die geheime propagandarolprente was die werwing van simpatie en steun vir die Suid-Afrikaanse regering en Jonas Savimbi, die leier van die Angolese Unita. Van die rolprente is byvoorbeeld aan die vorige president van Amerika, Ronald Reagan, senaatslede en pro-Suid-Afrikaanse organisasies vertoon.

### 3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding

Die onthulling was moontlik weens *VWB* se beskikking oor geheime dokumente. In dié dokumente word geheimhouding beklemtoon deur byvoorbeeld verwysings na die bestaan van 'n frontmaatskappy met die SAW as "versweë prinsipaal" en dat die maatskappy, die produksie en die bemarking van films "uiters geheim vir die staat/SAW is".

### 4 Openbare belang

Die SAW en die SAP is openbare instellings wat die belastingbetaler se geld doelbewus misbruik het om die publiek van Suid-Afrika mee te bedrieg deur byvoorbeeld die stig van 'n frontmaatskappy en die voorgee van objektiwiteit en onafhanklikheid deur betrokkenes. Die vervaardigers is byvoorbeeld aangesê om uiters slim te dink en te werk sodat programme "gebalanseerd voorkom".

### 5 Bevraagtekening van die *status quo*

Sekere aspekte van die *status quo*, die afhanklikheid van sekere prominente rolprentvervaardigers van staatsinstellings is vermoed en ondersoek. Die gebruik en bestaan van talle frontmaatskappye van MI was reeds bekend en deel van die onthullings rondom die berugte Inkathagate-skandaal (*VWB* 12 Apr 1991:7; 26 Jul 1991:5-9).

### 6 Akkuraatheid

Die akkuraatheid van die inligting rondom die bedrywig-

hede van Rautenbach was afhanklik van die outentiekheid van die dokumente en verslae wat in *VWB* se besit gekom het. Rautenbach self kon nie vir kommentaar opgespoor word nie. Hartzenberg se verhouding met die SAP het egter suur geword en hy het *VWB* in 'n persoonlike onderhoud van bykomende inligting voorsien. Sy inligting is so ver moontlik getoets. Hartzenberg het byvoorbeeld die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, vir die verbreking van 'n ooreenkoms en skade gely vir R600 000 gedagvaar. Brigadier G. Joubert van die Regsafdeling van die polisie het bevestig dat sodanige dagvaarding op 12 April 1991 bestel is.

**7 Opvolgberigte**

Opvolgberigte het verskyn in *VWB* (16 Aug 1991:8; 23 Aug 1991:34) en in slegs 'n paar ander koerante soos die *Sunday Times* (18 Aug 1991:15) en *Beeld* (22 Aug 1991:15).

In *VWB* (16 Aug 1991:8) verskyn 'n ope brief van Rautenbach aan sy seun. Onder die opskrif "Ek is jammer" erken hy al die beweringe wat in die onthulling oor hom en sy bedrywighede gemaak is. Dié brief bevestig ook die akkuraatheid van die dokumente wat *VWB* as hoofbron in die onthulling gebruik het.

Die berig in *VWB* (23 Aug 1991:34) is 'n verdere uitbreiding op die onthulling en meer rolprentvervaardigers

word betrek. Onder die opskrif "Pieterse, Troskie en Uys ook betrokke by propaganda" word die betrokkenheid van Philo Pieterse, Boet Troskie en Jamie Uys by soortgelyke bedrywighede as Rautenbach en Hartzenberg onthul.

In die *Sunday Times* (18 Aug 1991:15) is die berig onder die opskrif "Film-maker turned propagandist writes a moving letter of apology to his son" grootliks 'n herhaling van die berig in *VWB* (16 Aug 1991:8). *VWB* se rol in die onthulling word erken.

In *Beeld* (22 Aug 1991:15) word onder die opskrif "Hoekom Jans?" kommentaar op die onthulling gelewer. Die maak van geheime propagandafilms word nie veroordeel nie: "Wat is nou werklik so gruwelik daaraan?" en "Moenie dat ons berou absurd raak nie". Laasgenoemde verwys na die feit dat daar so baie dinge verkeerd was in die apartheidsera en dat dit nie nodig is om vir alle korrupsie verskoning te vra nie; die ANC doen dit ook nie.

**8 Gevolge**

Die gevolge van hierdie onthulling kan as minimaal beskou word. Die leser is slegs bewus gemaak van nog 'n vorm van korrupsie. Meer spesifiek het die onthulling gelei tot 'n betrokkene (Rautenbach) se besinning dat hy "ook maar nog net 'n pop (is) wat aan toutjies hang en die masjien se deuntjie dans" (*VWB* 16 Aug 1991:8) en tot

'n verdere onthulling dat meer rolprentvervaardigers by geheime projekte betrokke is (*VWB* 23 Aug 1991:34). Later (*VWB* 13 Mrt 1992:4) is daar 'n verbandhoudende onthulling waarin beweer word dat Kolie van Coller se Television Media Services deur MI of 'n ander staatsinstansie gefinansier is. Dié (front)maatskappy het vermoedelik in finansiële moeilikheid beland deur die regering se opskorting van die talle "geheime projekte" ná die Inkathagate-skandaal in Julie 1991.

### 5.3.5 1992-1993

| |
|---|
| Uitgawe: *VWB* 30 Oktober 1992:1<br>Hoofopskrif: "Nuwe getuienis oor die 'derde mag' bloedbad in opdrag van die SAP"<br>Ondersoekende joernalis: Pearlie Joubert (*VWB*) |

#### 1 Onthulling

Joao Alberto Cuna, 'n droster uit die Mosambiekse weermag, openbaar dat hy saam met en onder leiding van elemente in die SAP moorde gepleeg het. Die doel daarvan was om die geweld in Natal te probeer aanhits. Die vermoede oor die bestaan van 'n geheime 'derde mag' word deur die openbaarmaking van die getuienis versterk.

#### 2 Tema

Die tema strek oor twee volle bladsye (5 en 6) onder die volgende opskrifte "Nuwe getuienis oor die 'derde mag'

bloedbad in opdrag van die SAP" en "Cuna aan Goldstone beskikbaar gestel". 'n Prominente prikkelaar verskyn op die voorblad "Uiteindelik 'n bewys van die 'derde mag'" asook kommentaar onder die opskrif "Nou weet ons daar is 'n Derde Mag" ('n deel van bladsy 3). Die hoofberig op bladsye 5 en 6 is 'n min of meer woordelikse weergawe van Cuna se vertelling. Die oorhoofse tema wat uitgelig kan word, is dat Cuna aan die begin van 1992 'n groep ANC-aktiviste in 'n huis buite Durban met 'n AK47-geweer geskiet het. Volgens hom het lede van die SAP aan hom dié opdrag gegee én hom daarvoor betaal. 'n Blanke polisieman het saam met hom aan die moorde deelgeneem. Spesifieke temas word vervolgens uitgelig:

(1) Cuna vlug in 1987 uit die Mosambiekse weermag na Suid-Afrika. Hy ontmoet met verloop van tyd die Schultz-familie en trek by hulle in. Joseph 'Boy' Schultz, 'n lid van die Narkotiese Buro by John Vorsterplein, bied vir hom "werk" aan.

(2) Teen die einde van Oktober of die begin van November 1991 is Cuna deur Schultz na 'n gebou in Pretoria geneem, waar daar "mans met bruin uniforms by die ingang was". Hy is "baie geld" belowe deur 'n "groot vet witman" indien hy op ANC-lede sou spioeneer.

(3) In die hotel "Johannesburg Sun" ontmoet Cuna ses "witmans". Een van hulle, "'n boer uit Natal", het Cuna laat verstaan dat hy hom Natal toe gaan neem en dat hy ANC-lede moet gaan skiet. Hy het ook vir Cuna gevra of hy 'n bom kan plant. Cuna het ingestem om die werk te doen.

(4) Teen die einde van Maart of vroeg in April 1992 is Cuna deur Schultz en die boer in "'n wit Nissan" opgelaai en in 'n "groot hotel" in Pietermaritzburg ingeteken. Cuna is voorsien van nuwe klere, "Hulle het vir alles betaal. Ek kon kies wat ek wou hê".

(5) Die boer, Schultz en 'n "ander swartman wat ook Portugees gepraat het", het Cuna 'n paar dae later by die hotel opgelaai en na 'n "groot bruin baksteengebou" ("Ek dink dié gebou was 'n poliesiekantoor") in Durban gebring. Schultz het by die gebou uitgeklim en Cuna, die boer en die "ander swartman" en 'n witman wat uit die gebou gekom het, het in 'n ligbruin kombi geklim en na 'n huis in 'n "township" vertrek.

(6) Elkeen het 'n AK47-geweer en ammunisie gekry. Die boer het vir Cuna, die swartman en die witman by die huis afgelaai. Hulle het toe op sewe tot

nege mense geskiet. Cuna kon nie sien of almal dood is nie omdat hulle nie in die huis ingegaan het nie. Daarna is hulle na 'n taxi-staanplek waar hulle op omstanders geskiet het, "Ek het drie mense sien val". Vervolgens is die witman by die "baksteengebou" afgelaai en die kombi, gewere en balaklawas is daar gelaat.

(7) Cuna is weer na die "Johannesburg Sun" geneem waar hy R4 000 kontant ontvang het. Cuna is kort hierna terug na Mosambiek met 'n vervalste paspoort wat deur Schultz "gereël" is.

(8) Schultz en "een van sy vriende" het Cuna slegs 'n week voor die publikasie van hierdie onthulling met 'n 9mm-pistool gedreig omdat hulle wou hê dat hy nog 'n 'job' vir hulle in Soweto moes doen.

(9) Schultz ontken dat hy vir Cuna na Durban of Pietermaritzburg geneem het. Hy erken eers later dat hy 'n lid is van die Narkotika Buro en dat hy by John Vorsterplein gestasioneer is.

(10) *VWB* stel Cuna beskikbaar aan die ondersoekspan van die Goldstone-kommissie indien die kommissie sy beweringe verder wil ondersoek.

### 3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding

Deur die getuienis van Cuna word vermoedens oor die bestaan van 'n geheimsinnige 'derde mag' versterk.

### 4 Openbare belang

Wanneer geweld deur 'n openbare instelling onder 'n dekmantel aangehits word en moorde gepleeg word met die doel om die idee van "swart op swart" geweld te versterk, raak dit die hele Suid-Afrika. Dit is in die openbare belang, in die belang van vreedsame naasbestaan, om sodanige inligting te openbaar sodat daar opgetree kan word en die aanhitsing gestaak kan word.

### 5 Bevraagtekening van die *status quo*

Die algemene ontkennings oor die bestaan van die sogenaamde 'derde mag' word bevraagteken. Cuna se verhaal is deur *VWB* in so 'n mate in 'n ernstige lig beskou dat publikasie daarvan as regmatig beskou is. Aspekte van die *status quo,* maar ook indirek die *status quo*-orde (die proses van vreedsame onderhandelinge deur die regering, die ANC en die ander betrokkenes) word deur die aanhitsing van die sogenaamde "swart op swart" geweld bedreig. *VWB* vermoed dat die aanhitsing deur die teenstanders van vreedsame onderhandeling en die ondersteuners van die voortbestaan van die apartheidstaat gedoen word. *VWB* is ten gunste van vreedsame sosiale verandering en die doel van die onthulling kan dus beskou word

as 'n versterking van die verwerping van die apartheids-ideologie.

### 6 Akkuraatheid

Die akkuraatheid van die onthulling is grootliks afhanklik van die geloofwaardigheid van die bron. *VWB* het Cuna se verhaal, wat 'n beëdigde verklaring was, geglo anders sou hulle die publikasie daarvan nie oorweeg het nie. Cuna se vae beskrywings van betrokkenes en plekke blyk egter duidelik uit sy verhaal. Hy het byvoorbeeld nie die naam van die "township" waar die aanval geloods is, geken nie, maar aan die ander kant kon hy wel die "township" beskryf asook die huis wat hulle aangeval het. *VWB* het sy besluit om die onthulling te plaas en dit 'n prominente plek in die koerant te gee waarskynlik gegrond op jarelange ervaring met bronne en miskien het intuïsie ook 'n rol gespeel. Daar was egter ook meer konkrete bewyse wat die besluit om te publiseer of nie te publiseer nie miskien makliker gemaak het. Die konkrete bewyse is onder meer (i) die positiewe identifikasie van Schultz as lid van die Narkotika Buro by John Vorsterplein; (ii) die vervalste paspoort waarvan 'n foto in *VWB* verskyn (Cuna het die paspoort onder die naam Malefetsane Johannes Makoena ontvang kort nadat hy die moorde in Natal gepleeg het - die paspoort is op 22 April 1992 in Johannesburg uitgereik); en (iii) met behulp van Practical Ministries, 'n kerkorganisasie in die

Port Shepstone-gebied, het *VWB* vasgestel dat Cuna waarskynlik by een van vyf moorde in die KwaGcaba- en Murchison-gebied betrokke was. Dié aanname word gegrond op Cuna se beskrywing van hóé hulle by die moordhuis uitgekom het en op ooreenkomste tussen die Cuna-moorde en die tipe moorde wat in daardie tyd in dié gebiede gepleeg is.

## 7 Opvolgberigte

Opvolgberigte verskyn onder meer in *VWB* (6 Nov 1992; 20 Nov 1992; 27 Nov 1992; 4 Des 1992; 15 Jan 1993). Wat opvolgberigte in ander koerante betref, skryf *VWB*: "Geen enkele koerant, radio- of televisiestasie in Suid-Afrika het aan *VWB* se storie geraak of dit opgevolg nie. *VWB* het selfs 'n opsomming van die berig en 'n foto van Cuna vooraf aan 'n koerant verskaf - wat dit nie gebruik het nie" (20 Nov 1992:7). Selfs regter Goldstone gee geen erkenning aan *VWB* vir sy bydrae nie, maar gee alle krediet aan die SAP - volgens *VWB* (20 Nov 1992:7) het *VWB* die getuie aan Goldstone oorhandig en nie die SAP nie. Daar is wel berigte in ander koerante soos *The Star* (19 Nov 1992:2; 24 Nov 1992:3; 27 Nov 1992:3) en *City Press* (29 Nov 1992:2) oor Cuna se getuienis in *VWB*, maar slegs nadat hy voor die Goldstone-kommissie getuig het. In dié berigte word beklemtoon dat Cuna valse inligting aan *VWB* verskaf het oor sy aktiwiteite met die SAP. Hy het verder beweer dat "certain persons instigated his con-

duct in making the report" (*The Star* 24 Nov 1992:3). Volgens verdere getuienis blyk dit dat Cuna 'n informant was vir MI én saamgespan het met die ANC: "he attended several ANC meetings ... where the (*VWB*) reports of 30 October had allegedly been planned" (*City Press* 29 Nov 1992:2).

Die opvolgberigte in *VWB* beklemtoon die volgende: (i) Cuna is deur die Goldstone-kommissie ondervra; (ii) die SAP ontken steeds dat Schultz 'n polisieman is of was, terwyl Schultz (én sy ma) die teendeel erken het (*VWB* 6 Nov 1992:8); (iii) Cuna weier om verder voor die Goldstone-kommissie te getuig. Hy stort "dramaties uit vrees vir vergelding" ineen (*VWB* 27 Nov 1992:5); (iv) ná 'n weeklange sitting van die kommissie is niemand nog nader aan die waarheid nie en die saak word gevolglik tot 11 Januarie 1993 uitgestel (*VWB* 4 Des 1992:6); en (v) Cuna se werkgewer, George Milaras, eienaar van die Coffee Society-restaurant in Yeoville, getuig dat Cuna nie met sy beweringe na die polisie wou gaan nie omdat hy geglo het dat hy onder polisiebeskerming vermoor sou word (*VWB* 15 Jan 1993:5).

## 8 Gevolge

Die gevolge van hierdie onthulling was veral die versterking van die vermoede dat die 'derde mag' wel bestaan en dat die SAP ook daarby betrokke is. Meer spe-

sifiek het die onthulling gelei tot (i) die ondervraging van Cuna deur die ondersoekspan van die Goldstone-kommissie; (ii) 'n dagvaarding aan *VWB* (Schultz, een van die sleutelmense in die Cuna-verhaal dagvaar *VWB* vir R20 000 weens beweerde laster); en (iii) ontkennings van enige betrokkenheid aan die kant van die SAP. Uit nuwe feite blyk dit wel later dat die Cuna-moorde nie 'n polisie-inisiatief was nie, maar waarskynlik 'n operasie van MI. Die Goldstone-kommissie volg naamlik *VWB* se berigte op en ontdek 'n geheime eenheid van MI wat die ANC moes ondermyn. Ferdi Barnard, voorheen 'n BSB-agent, was in beheer van dié eenheid. Die gebruik van 'n kredietkaart lei tot dié ontdekking. 'n Kredietkaart van 'n frontmaatskappy vir MI, die Africa Risk Analysis Consultants (ARAC), wat ook die hoofkantoor is van die Direktoraat Koverte Insameling (DKI), Barnard se eenheid, is vir Cuna en die ander betrokkenes se oornagfasiliteite by die hotel Hilton in Pietermaritzburg vir betaling gebruik.

### 5.3.6 1993

| |
|---|
| Uitgawe: *VWB* 19 Februarie 1993:1<br>Hoofopskrif: "We'll keep on killing"<br>Ondersoekende joernalis: Wally Mbhele (*VWB*) |

#### 1 Onthulling

Die bestaan van die "Azanian People's Liberation Army"

(APLA) se "dodelike werkwinkels".

## 2 Tema

Eksklusiewe inligting oor APLA se "dodelike werkwinkels" en die oortuiging van 'n APLA-soldaat (soos die bron na homself en die ander lede verwys) dat die Pan Africanist Congress (PAC) uit voeling is met APLA en min of geen kennis dra van sy bedrywighede nie. Die tema strek oor drie volle bladsye (8-10) en 'n prominente prikkelaar en 'n foto op die voorblad. Die oorhoofse tema is die onthulling oor die "werkwinkels" wat een maal per week, in Kathlehong, deur ervare APLA-soldate aangebied word. Tydens dié werkwinkels word aanvalle beplan, die potensiële slagoffer(s) dopgehou en spanne aangewys vir die eliminasie van dié slagoffer(s). Veral swart polisiemanne en blanke boere was gereelde "potensiële slagoffers": polisiemanne, omdat hulle deel is van die sisteem van verdrukking en die boere omdat hulle grondbesitters is, grond wat van die swartes "gesteel" is. Die slagoffers se besittings (byvoorbeeld identiteitsdokumente) is die bewys dat die sending suksesvol was. Roetinewerk, waar 'n soldaat enige polisieman wat hy teenkom, moet probeer vermoor, is ook deel van 'n APLA-soldaat se opdrag: "An Apla soldier is always at work". Ná 'n aanval word die Suid-Afrikaanse persagentskap (SAPA) daarvan in kennis gestel.

### 3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding

Volgens *VWB* is dit die eerste keer dat 'n ondergrondse lid van APLA geheimhouding verbreek en besonderhede verskaf oor hóé die militêre vleuel van die PAC werk. Die ontmoeting met die bron, 'n APLA-soldaat, het onder groot geheimhouding en met uitgebreide veiligheidsmaatreëls in 'n "township" in die Witwatersrand plaasgevind.

### 4 Openbare belang

APLA konsentreer op sagte teikens en is byvoorbeeld steeds trots op die aanval op die gholfklub in King William's Town waarin vyf blankes dood is: "It shook the attention of the whole world". Dié opdrag is uitgevoer deur 'n eenheid wat spesialiseer in aanvalle op blanke sagte teikens en boere. Die publiek het 'n reg om soveel as moontlik van terroriste-organisasies soos APLA te weet. Die onbekende is moeilik om te beveg en kennis is mag.

### 5 Bevraagtekening van die *status quo*

Daar is algemeen aanvaar dat APLA (as die militêre vleuel van die PAC) en die PAC kop in een mus is. Deur die onthulling word die "feit" egter sterk bevraagteken. Die PAC-leiers is volgens *VWB* se bron uit voeling met APLA-operasies. Die PAC word nie ingelig oor die gewapende aktiwiteite van APLA nie omdat die PAC-leiers nie erken word as die outentieke verteenwoordigers van die "Pan

Africanist" filosofie nie. PAC-leiers weier gedurig om mediavrae oor APLA-aanvalle te beantwoord en die rede daarvoor is volgens *VWB* se bron dat hulle nie die antwoorde ken nie - "we don't tell them." Terroristebedrywighede bedreig vreedsame onderhandelinge vir 'n nuwe bedeling. Deur die bevraagtekening van dié aspek van die *status quo* beklemtoon *VWB* weer eens sy verbintenis tot 'n nuwe orde, wat deur onverantwoordelikhede (soos die gebrek aan beheer oor APLA deur die PAC) in die wiele gery kan word.

**6 Akkuraatheid**

Die akkuraatheid van die onthulling is afhanklik van die geloofwaardigheid van die bron. *VWB* het navraag gedoen en onafhanklike bevestiging verkry oor die outentiekheid van die bron. Verder is byna al die inligting wat die bron oor APLA-aanvalle aan *VWB* verskaf het in ooreenstemming met polisieweergawes van die gebeure. Hy beskryf in besonderhede oor hoe hy deelgeneem het aan ten minste drie APLA-aanvalle waarin vier polisiemanne grusaam gesterf het.

**7 Opvolgberigte**

Opvolgberigte verskyn onder meer in *VWB* (26 Mrt 1993:3,7; 29 Mei 1993:3,5) en in slegs 'n paar ander koerante, soos *Daily Dispatch* (20 Feb 1993:2) en *City Press* (21 Feb 1993:1).

*City Press* (21 Feb 1993:1) berig dat die wens van die PAC om betrek te word by onderhandelinge in die wiele gery word deur sy militêre vleuel APLA wat die "armed struggle" as die enigste uitweg beskou. In dié berig word verwys na die onthulling in *VWB* en die siening van die bron dat die PAC nie erken word as die outentieke verteenwoordiger van "African philosophy" nie. *Daily Dispatch* (20 Feb 1993:2) reageer op *VWB* se berig met 'n onderhoud met Waters Toboti, die PAC se mediabeampte, wat die berig in *VWB* verwerp omdat hy sterk twyfel aan die bron se identiteit as APLA-lid. Volgens Toboti is *VWB* se bron "an askari because a guerrilla would never identify a base". Kommentaar in *VWB* (26 Mrt 1993:3) beklemtoon dat selfs al slaag die politici daarin om die PAC by die onderhandeling te betrek en geweld te laat afsweer dit waarskynlik weens 'n gebrek aan beheer nie die einde van APLA-moorde sal beteken nie. In die Goldstone-verslag (*VWB* 26 Mrt 1993:7) word bogenoemde kommentaar én die getuienis van die APLA-bron weerspreek. Volgens dié verslag bestaan daar 'n direkte verhouding tussen die PAC en APLA en die PAC moet verantwoordelik gehou word vir APLA se aanvalle op die polisie en die publiek. Die PAC se siening in dié verband is uiters dubbelsinnig: "APLA is ons gewapende vleuel, maar ons kan nie namens hulle praat nie" (*VWB* 29 Mei 1993:3). Volgens 'n senior lid van die PAC is die leiers van die PAC soos Clarence Makwetu en Benny Alexander wel op die

hoogte van die planne van APLA wat blanke boere as hoofteiken uitsonder. Die PAC-leierskap is ten volle deel en in beheer van die APLA-strukture en "dit is nie waar dat Apla nie met die goedkeuring en medewete van die PAC-leiers optree nie" (*VWB* 29 Mei 1993:5). Dit is wel so dat die PAC-leierskap nie kennis dra van die besonderhede van bepaalde aanvalle nie en dat hulle gekant is teen blindelingse aanvalle op blanke burgerlikes soos dié op King William's Town (*VWB* 29 Mei 1993:5).

## 8 Gevolge

Die gevolge van hierdie onthulling kan bloot gesien word as die verdere bewusmaking van die leserspubliek van die gevaarlike ondergrondse bedrywighede van APLA. Ook die feit dat APLA soms optree sonder die wete van die PAC is kommerwekkend. Selfs 'n onderhandelde skikking met die PAC, waar geweld afgesweer sou word, sal waarskynlik nie die fanatieke elemente van APLA van terrorisme laat afsien nie. Sodanige wete sal die polisie en die publiek steeds op hul hoede plaas.

Vervolgens word aandag gegee aan twee voorbeelde van berigte wat nie as ondersoekende joernalistiek in terme van die model geïdentifiseer kan word nie. Met die uitsluiting van die element "onthulling" kan die berigte egter wel daarvolgens ontleed word.

### 5.3.7 Berigte wat nie aan die model voldoen nie

Sekere "onthullings" in *VWB* voldoen nie aan die vereistes van ondersoekende joernalistiek na analogie van die model nie. Die rede is dat die element "onthulling" nie aanwesig is nie. Die berigte kan egter wel volgens die res van die elemente ontleed word. Van die twee berigte wat as voorbeelde gebruik word, word die eerste so volledig moontlik aan die hand van die model ontleed en die tweede slegs kortliks bespreek.

**Die eerste voorbeeld:**
Die "onthulling" deur Jacques Pauw onder die hoofopskrif "BSB-bom bars" (*VWB* 11 Mei 1990:1) oor die **werksaamhede van die BSB** moet volgens die model beskou word as 'n indirekte gevolg van die onthullings van Coetzee oor die SAP se moordbendes. Petrus Jacobus Botes werp wel verdere lig op die aktiwiteite van die BSB, wat veel verder strek as wat ooit vermoed is - tot in Europa en midde-Afrika. Belangrike openbare figure word ook deur hom met BSB-aktiwiteite, veral met die kennis daarvan, verbind. Dit is egter te betwyfel of Botes sy storie sou vertel het, indien die BSB se bedrywighede nie in die getuienis voor die Harms-kommissie na die oppervlakte gedwing is nie. Die kommissie was buitendien 'n direkte gevolg van die onthullings oor die SAP-moordbendes. Bogenoemde verweefdheid verhoed ook as 't ware die

positiewe identifikasie van direkte of indirekte gevolge van hierdie spesifieke berig. Die BSB-berig word vervolgens aan die hand van die oorblywende elemente ontleed.

**2 Tema**

Die BSB-tema strek oor die eerste vyf bladsye van die uitgawe.

Onder die hoofopskrif "BSB-bom bars" vertel Petrus Jacobus "Pieter" Botes, 'n gewese waarnemende streekbestuurder (Streek Twee) en koördineerder van die BSB, van die organisasie se rekord van wandade, wat wissel van moord, sabotasie en bomontploffings tot ontwrigting, destabilisasie en omkopery. Die hoofberig is hoofsaaklik 'n opsomming van die volgende temas onder die opskrifte: "Ontwrigtingsplan vir Namibia"; "Vlok hét geweet"; "BSB se arsenaal"; "Enige metode toelaatbaar"; "Moord op Anton Lubowski 'n fout"; "Moord, sabotasie, bomme en omkopery"; en "BSB-baas Joe Verster is 'mags-dronk'". Die volgende temas kan geïdentifiseer word:

(1) Die beplanning van terreur teen die South West African People's Organisation (SWAPO) en die United Nations' Transitional Assistance Group (UNTAG) - vanaf Mei 1989 - ten einde die verkiesing in Namibië - November 1989 - te ontwrig.

Enkele voorbeelde van die planne van die BSB is (i) die moord op Hidipo Hamutenya (vandag Namibië se minister van Inligting en Uitsaaiwese) en Danny Tjongerero (vandag 'n adjunk-minister in Namibië) ten einde tweespalt in SWAPO te veroorsaak; (ii) die plant van bomme by SWAPO-vergaderings; (iii) die besmet van drinkwater by vlugtelingkampe met geelkoors- en cholera-kieme; en (iv) die vang en loslaat van mambas en pofadders in skares.

Geen van bogenoemde planne het gerealiseer nie, omdat (i) die chloorinhoud van die drinkwater die kieme doodgemaak het; en (ii) Botes hom onttrek het tydens die finale beplanningstadium.

(2) Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, is (29 Aug 1989) deur Botes in die teenwoordigheid van twee van sy generaals Johan van der Merwe en Jaap Joubert oor die BSB se bedrywighede ingelig.

(3) Die BSB koop "enkele maande gelede" onwettig 'n "ontsaglike" arsenaal afkomstig uit Rusland en die Oosbloklande. Die wapens is deur Botes aangekoop. Botes vermoed ook die volgende: (i) die bestaan van planne vir die gebruik van die arsenaal vir 'n staatsgreep (indien nodig); en (ii)

die bestaan van 'n interne (regse) weerstandsbeweging binne die BSB. Hierdie vermoedens word later bevestig. (Kyk die ontleding onder die opskrif "Wit terreur" hierbo.) Laastens bevestig Botes die vermoede dat die BSB in elke groot organisasie en munisipaliteit lede het.

(4) Die BSB is geregtig daarop om enige metode of tegniek te gebruik ten einde spesifieke teikens te diskrediteer, te manipuleer of polities te beheer. Voorbeelde van die metodes is (i) die gebruik van versteekte bandopnemers en versteekte kameras; (ii) die plant van valse getuienis; (iii) die dreig van die teikens se familie; (iv) die aanbieding van omkoopgeld; (v) die gebruik van prostitute; en (vi) die uitsnuffel en uitbuiting van 'n twyfelagtige verlede (die geraamtes in die kas).

(5) Botes werp nuwe lig op die vrae rondom die moord op Anton Lubowski en vestig daardeur die aandag op die (waarskynlike) betrokkenheid van die BSB by die moord.

(6) Die enigste doelwit van die BSB se Streek Twee was om spesifieke vyandelike teikens, of dit 'n persoon, 'n organisasie of 'n owerheid was, te

ontwrig en indien nodig, te vernietig. Streek Twee was byvoorbeeld verantwoordelik vir die bomontploffing wat die ANC-regsgeleerde Albie Sachs se arm afgeruk het en 'n moordaanslag op die leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), Joe Slovo. Gif was ook op aanvraag beskikbaar en is direk van Verster verkry.

(7) Die BSB het onder die bestuur van Verster in 'n "onprofessionele sirkus" ontaard. Volgens Botes is Verster een van die magtigste militêre gesagsfigure in Suid-Afrika, wat dikwels alleen besluit het om sekere 'teikens' aan te val of te elimineer.

**3 Onthulling van doelbewuste geheimhouding**

Die doelbewuste geheimhouding van die BSB kan veral waargeneem word in die voorskrifte, metodes en tegnieke van die BSB. Vervolgens enkele voorbeelde hiervan:

(1) 'n Voornemende lid bedank formeel uit die SAW, waarna die SAW se personeelafdeling hom 'n nuwe aanbod onder 'n skuilnaam maak. 'n Personeellêer word dan onder 'n vals naam oopgemaak.

(2) Lede word voorsien met ('n verskeidenheid van) vals name, vals paspoorte en vals visums.

(3) 'n Gesofistikeerde kodetaal word in telefoongesprekke gebruik.

(4) Tydens die aanbieding van projekte word telefone uitgeprop, gordyne toegetrek, 'n lugreëlaar aangesit en die radio aangeskakel.

(5) Die BSB-kantore word twee keer per jaar elektronies gevee vir enige meeluisterapparate.

(6) Geheime operasies word met vreemde wapens (waarvan die nommers verwyder word) onderneem.

(7) Wanneer BSB-lede met sogenaamde "indirekte" lede praat, word vals snorre of baarde, 'n pruik en 'n sonbril gedra. Die hele BSB-netwerk is so ontwerp dat agente en operateurs mekaar nie kan identifiseer nie. Dit word die "afsny-metode" genoem.

**4 Openbare belang**

Die "onthulling" is in die openbare belang omdat die SAW (waarvan die BSB 'n geheime afdeling is) 'n openbare instelling is, wat verantwoording verskuldig is aan die publiek. Behalwe dat moord verkeerd is volgens die norme en waardes in die meeste samelewings, is die belastingbetaler se geld onregmatig deur die BSB vermors deur

ongekontroleerde uitbetalings aan die lede van die BSB deur die klandestiene aankoop van 'n wapenarsenaal van R2 miljoen en die betaling van moordenaars. Die operateur wat Albie Sachs se bom geplant het, het byvoorbeeld R4 000 daarvoor gekry. Daar is ook oor 'n tydperk minstens R10 miljoen na 'n BSB-rekening in Europa oorgeplaas waaroor veral Verster beheer het.

### 5 Bevraagtekening van die *status quo*

Die berig impliseer dat moorde en ander wandade deur die BSB gepleeg is en word. Die verkragting van die tradisionele rol van ('n deel van) die SAW as beskermer van die burgers van die land word vermoed en ondersoek. Die betrokkenheid van die NP-regering word ook vermoed omdat minstens twee ministers van die BSB se bedrywighede bewus was en niks daaraan gedoen het nie. Die "owerhede" oortree met die BSB-bedrywighede hul eie wette, norme en regulasies deur moorde en wandade "goed te keur".

### 6 Akkuraatheid

Die akkuraatheid van die onthullings word beïnvloed deur die geloofwaardigheid van die bron. Botes se geloofwaardigheid is versterk deur (i) vorige getuienis, soos hofstukke wat ingedien is by die Randse Hooggeregshof waarin die SAP beweer dat die SAW gewese polisiemanne gebruik het om aktiviste te vermoor en te intimideer (*VWB* 16 Feb 1990:7); (ii) 'n vorige berig in *VWB* - Wil-

lie van Deventer vertel aan *VWB* (4 Mei 1990:1) dat hy voor die Harms-kommissie wil getuig en dat hy lig kan werp op verskeie aktiwiteite van die BSB, soos die moord op dr Fabian Ribeiro en sy vrou in 1987 ; (iii) getuienis gelewer voor die Harms-kommissie, soos die getuienis van generaal-majoor A.J.M. Joubert, adjunk-hoof van Staf en Inligting en voormalige bevelvoerder van Spesiale Magte. Hy het getuig dat Malan reeds in 1985 die stigting van 'n "koverte organisasie", wat sedert 1986 bekend staan as die BSB, goedgekeur het (*VWB* 9 Mrt 1990:3); (iv) sy posisie in die BSB as 'n (gewese) waarnemende streekbestuurder (Streek Twee) en koördineerder van die BSB; (v) sy self-inkriminering en die inkriminering van belangrike openbare figure, soos Vlok, generaal Jannie Geldenhuys en Verster. Indien die beweringe onakkuraat of onwaar is, kan sodanige inkriminering ernstige gevolge vir die koerant én die bron inhou. Die onregmatige openbare beskuldiging van prominente persone lei dikwels tot lasteraksies en koerante en individue sal oor die algemeen twee keer dink voordat dit weens onakkurate of ongeloofwaardige inligting gebeur.

## 7 Opvolgberigte

Talle berigte het in 'n groot verskeidenheid van koerante oor die bedrywighede van die BSB verskyn. Baie van die berigte is egter gegrond op getuienis wat voor die Harms-kommissie gelewer is. Spesifieke opvolgberig-

te oor Botes se onthullings wat in *VWB* verskyn het (11 Mei 1990:1-5) en verwysings van ander koerante na *VWB* se onthulling is egter in terme van die ontledingsmodel van belang. Sodanige opvolgberigte het verskyn in *VWB* (18 Mei 1990:1-2,12-13); *Beeld* (12 Mei 1990:4) en *Business Day* (14 Mei 1990:1).

*VWB* (18 Mei 1990:1-2) berig onder die opskrif "BSB se turf begin sit" dat Botes op 17 Mei 1990 voor die Harms-kommissie getuig het. Hy het onder meer getuig dat hy in Maart 1989 genader is om 'n Durbanse prokureur, wat 'n senior lid van die ANC sou wees, te vermoor deur sy skeermes met gif te "dokter". Verster, die besturende direkteur van die BSB, se getuienis stem ooreen met Botes se beweringe in *VWB* (11 Mei 1990:1-5). Verster het byvoorbeeld verwys na hoe belangrik die beskerming van identiteit (geheimhouding) vir die veiligheid van sy lede is en dat sommige lede sedert die onthulling van Dirk Coetzee nie meer by hul huise slaap nie. Verster het ook erken dat die BSB self wapens aankoop, fondse uit eie geledere genereer en oorsese bankrekenings het.

In *VWB* (18 Mei 1990:12-13) word onder die opskrif "'n Sinistere monster met vele koppe" die rol en funksionering van die BSB as 'n veelkoppige monster ontleed. Die mag om te bly voortbestaan en die onmoontlikheid om van die BSB ontslae te raak, word in die berig beklemtoon:

"al word sy topstruktuur afgedank, sy fondse afgesny en sy inligtingsbronne weggeneem" sal die BSB steeds kan oorleef en funksioneer. In dié berig word ook telkemale na die onthulling van Botes in die vorige uitgawe van *VWB* verwys en word sy getuienis voor die Harms-kommissie grootliks aangehaal.

In *Beeld* (12 Mei 1990:4) word berig dat Vlok geen kommentaar op die beweringe van Botes wou lewer nie. Daar word verder berig dat *VWB* volgens regslui in diep water kan beland weens die oortreding van die Kommissiewet, die Verdedigingswet en die Wet op Amptelike Geheime. Strafregtelike stappe kan ook oorweeg word weens die publikasie van 'n foto van Joe Verster, wat in stryd was met 'n opdrag van regter Harms dat Verster se identiteit nie bekend gemaak mag word nie.

In *Business Day* (14 Mei 1990:1) word berig dat Vlok miskien voor die kommissie sal moet verskyn. Dit sal slegs gebeur ná Botes se getuienis wat lig sal werp op Vlok se betrokkenheid.

**8 Gevolge**

Die gevolge van die "onthulling" en die gevolge van die getuienisse wat voor die Harms-kommissie gelewer is, kan nie van mekaar geskei word nie en word soms in een asem genoem (*VWB* 8 Jun 1990:1).

**Die tweede voorbeeld:**

In *VWB* (15 Mei 1992:18) verskyn 'n berig onder die hoofopskrif "Van opheffing tot oorheersing" wat handel oor die **Afrikaner Broederbond** (AB). Dié berig, deur Hennie Serfontein, beskryf die AB as 'n "allermagtige organisasie wat kerk, staat en gemeenskap byna na willekeur beheer het". Serfontein was in 1963 verantwoordelik vir die eerste onthullings oor die AB, toe die *Sunday Times* vir die eerste keer geheime dokumente van die organisasie gepubliseer het.

Die berig (*VWB* 15 Mei 1992:18) word opgevolg deur 'n verskeidenheid van verdere onthullings oor die AB deur dieselfde skrywer. Die 1993 uitgawes van *VWB* word as 't ware deur berigte oor geheime AB-bedrywighede oorheers. Tien uit die totaal van twintig uitgawes gee prominente aandag daaraan. In ses van dié tien uitgawes verskyn nuwe onthullings oor die geheimsinnige werking van dié organisasie. Dit is duidelik dat "doelbewuste geheimhouding" die belangrikste kenmerk van die AB is of was en dat onregmatige bevoordeling ook 'n inherente kenmerk is of was. Die elemente "opvolgberigte" en "gevolge" is ook duidelik identifiseerbaar. Serfontein skryf byvoorbeeld (*VWB* 12 Feb 1993:9) dat *VWB* se reeks onthullings "die AB in 'n behoorlike bestaanskrisis gedompel" het (gevolg).

Die rede waarom die AB-berigte egter nie volgens die model as ondersoekende joernalistiek kwalifiseer nie is die afwesigheid van die element "onthulling". Dié element sou in 1963 meer korrek van toepassing wees en die onlangse onthullings sou bloot as opvolgberigte ontleed kon word. Die oorheersende korrupte element in die onthulling was in 1963 en in die "opvolgberigte" in 1992-1993 die sogenaamde geheime onregmatige bevoordeling (vandag bekend as "affirmative action", 'n **openlike** reaksie op die "geheime bevoordeling") van die Afrikaner en veral van sy geheime lede. Die Afrikaner is beskerm deur 'n soort "politieke veiligheidsnet" waaruit Afrikaanse instellings soveel jare voordeel getrek het. Ook word die AB-lede beskou as die vaders en beskermers van apartheid, wat vandag oor die algemeen as 'n negatiewe ideologie veroordeel word.

Vervolgens word sekere bevindinge wat uit die ontledings afgelei kan word, saamgevat.

## 5.4 Gevolgtrekking

Volgens die agendabouteorie beïnvloed eksterne faktore die agendabouproses van ondersoekende joernalistiek (*investigative agenda building,* vgl Protess *et al* 1991:205). Ondersoekende joernalistiek, wat gewoonlik geïnisieer word deur die joernalis self, word beïnvloed

deur verskeie faktore soos die vertroulikheid van die ondersoek, die bronne waarmee soms onder moeilike en geheimsinnige omstandighede kontak gemaak word, dokumentasie wat nie beskikbaar is nie (soms word dit vernietig), ontdekkings wat gemaak word tydens deelnemende (*undercover*) waarneming, die potensiële impak van die ondersoek en die ondersteuning van die redakteur. Voorts is die reaksie in ander media ook 'n baie belangrike faktor wat - deur die oorvloei-effek - die uiteindelike invloed van die ondersoeke bepaal. Die uiteindelike betekenis van ondersoekende joernalistiek kan hoofsaaklik afgelei word uit opvolgberigte en uit verwikkelinge soos amptelike reaksie in die vorm van die aanstelling van kommissies en die gevolge wat daaruit voortvloei. Amptelike reaksie en optredes tesame met 'n ryp sosiale en politieke klimaat is verdere belangrike aspekte wat die proses beïnvloed.

Vervolgens word enkele afleidings uit die onderskeie ontledings gedoen. Hierdie afleidings moet ook beskou word as **algemene tendense** van ondersoekende joernalistiek. Dié bevindings geld dus ook vir ondersoeke wat gedoen word deur koerante wat byvoorbeeld bekend staan as die hoofstroom-pers. Die voorbeelde verwys egter slegs na die ontledings van ondersoeke deur VWB.

Die doel van die agt ondersoeke in *VWB* was om een of an-

der vorm van korrupsie aan die kaak te stel en so die leser daarvan bewus te maak. Deur die bevraagtekening van (en/of aspekte van) die *status quo* is die geldigheid van die vertolkings daarvan bevraagteken.

Elkeen van die ondersoeke is gekenmerk deur die onthulling van korrupte bedrywighede deur mense wat op een of ander manier betrokke is by staatsinstellings of semi-staatsinstellings en politieke partye of drukgroepe.

Elkeen van die ondersoeke betrek mense wat in mindere of meerdere mate as "openbare figure" of as lede van openbare groeperinge geklassifiseer kan word.

Elkeen van die ondersoeke het te make met een of ander vorm van korrupsie wat veroorsaak of ondersteun is deur die amptelike apartheidsbeleid en vertolkings daarvan in die Suid-Afrikaanse samelewing. Hoewel *VWB* se ondersoeke hoofsaaklik sekere aspekte van die *status quo* bevraagteken, betrek al die ondersoeke ook indirek die bevraagtekening van die *status quo*-orde (die apartheidstaat) - byvoorbeeld korrupsie in die SAUK is deur owerhede gedoog omdat die SAUK "deel" was van die "establishment" en die vervaardiging van propagandafilms was met die goedkeuring (en inisiatief) van "owerhede" vir die behoud van die apartheidstaat, ensovoorts.

Elkeen van die ondersoeke word ook gekenmerk deur die onthulling van sake wat voorheen doelbewus geheim gehou is of sekere aspekte daarvan wat doelbewus geheim gehou is (vergelyk byvoorbeeld APLA se "dodelike werkwinkels" en "derde mag"-bedrywighede).

Daar is ook aangetoon dat elkeen van die ondersoeke korrupsie onthul het wat die belange van die mense van Suid-Afrika skaad en dat die mense van Suid-Afrika die reg het om van die onderskeie ongeregtighede en/of onregmatighede te weet.

Soos beklemtoon is, is die belangrike element "opvolgberigte" gewoonlik noodsaaklik vir een of ander vorm van reaksie. Elkeen van die onthullings word gekenmerk deur opvolgberigte in opvolgende en latere uitgawes van *VWB* en sy latere nuustydskrif (*proprietary follow-up*). Met die uitsondering van een ondersoek, die onthulling oor die "derde mag", was daar egter ook (dikwels prominente) opvolgberigte in ander koerante (*nonproprietary follow-up*). Opvolgberigte in ander koerante verwys na die sogenaamde oorvloei-gevolg en dit word dikwels beskou as noodsaaklik vir amptelike reaksie of ander gevolge weens ondersoeke. Die oorvloei-gevolg is veral belangrik vir die moontlike invloed van 'n koerant soos *VWB*. *VWB* het naamlik in vergelyking met ander koerante 'n lae sirkulasiesyfer getoon. (Kyk tabel 2 in hoofstuk vier van

hierdie studie.) Prominente opvolgberigte in ander koerante is verder 'n aanduiding van *VWB* as **media-meningvormer**. *VWB* het dus die media-agenda van ander koerante beïnvloed. Die inhoud van die spektrum van opvolgberigte was ook 'n belangrike aanduiding van die direkte gevolge van elkeen van die ondersoeke en is in die bespreking van die gevolge in mindere of meerdere mate herhaal. Hier en daar is egter in die ontledings ook sekere indirekte gevolge geïdentifiseer.

Die belangrikste direkte gevolg van die onthulling van **korrupte spekulasie met gemeenskapsbouhuise** was veral die amptelike reaksie wat dit veroorsaak het. 'n Ondersoekkomitee is naamlik aangestel deur die minister van Plaaslike Bestuur en Behuising, Amie Venter. Daar het egter van meet af aan twyfel bestaan of hierdie komitee objektiewe bevindings sou kon maak. Geen getuienis van die publiek is aangehoor nie en twee van die komiteelede was staatsamptenare, wat in hul amptelike hoedanigheid by die transaksies betrokke was. Die bedrywighede rondom die gemeenskapsbouhuise is kort nadat die ondersoek begin is reeds in orde bevind.

Die gevolge van die onthulling oor **korrupsie, wanbestuur en geldvermorsing in die afdeling "opvoedkundige programme" van die SAUK** was minimaal in terme van werklike stappe wat gedoen is. Die amptelike reaksie was "stil-

swye" en ontkennings aan die kant van die SAUK, 'n poging tot 'n lasteraksie teen *VWB* en aan die kant van die NP-regering was daar die besluit dat enige amptelike optrede onnodig lyk. Opvolgberigte het later egter bygedra tot 'n interne dissiplinêre verhoor en die latere afdanking van Erasmus. Twee jaar later het Erasmus egter sy kant van die saak deur *VWB* gestel en beweer dat hy nooit bereid was om die gesag van die Broederbond by die SAUK te aanvaar nie. Die amptelike rede was die onversoenbare verskille tussen hom en sy personeel, maar die verskuilde rede was sy jarelange teenstand teen die Broederbond.

Twee gevolge van die ondersoek na die **noue skakeling tussen 'n prominente Stellenbosse akademikus en sy navorsingsinstituut met die veiligheidsgemeenskap** is in die ontleding uitgelig. Die gevolge was naamlik 'n lastereis teen *VWB* wat gehandhaaf is en waarteen *VWB* later geappelleer het. Die regter verander die vonnis in laasgenoemde saak na 'n waarskuwing. Die handhawing van die lastereis en die latere verandering na 'n waarskuwing het indirek verdere beperkings op persvryheid beteken. Die tweede gevolg het te make met die reaksie vanuit akademiese kringe waaruit blyk dat die begrip "akademiese integriteit" min vir sekere akademici beteken het. *VWB* koppel die "traagheid" van sommige akademici om standpunt in te neem aan die dekades van apart-

heid, Afrikaner-hegemonie en NP-arrogansie.

Die direkte gevolge van die onthulling oor **koelbloedig beplande terrorisme deur regse groepe** is in die ontleding eksplisiet gekoppel aan die opvolgberigte. Die ondersoek kan egter ook beskou word as 'n noodsaaklike voorwaarde tot die meer algemene gevolge. Die verregse terreurplanne is nie, soos wat sodanige planne by linksgesindes vertolk sou word, beskou as verraad nie. Die verregses is byvoorbeeld aangehou en byna onmiddellik weer vrygelaat. Verder het die ondersoek bygedra tot die ongewone **wye mediadekking van verregse groepe** en waarskynlik die uiteindelike bewusmaking van die werklikheid van die regse bedreiging in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die gevolge van die onthulling oor **geheime propagandarolprente, wat vir die SAW en die veiligheidspolisie gemaak is**, was minimaal in terme van amptelike reaksie en aksie. Die leser is slegs bewus gemaak van nog 'n vorm van korrupsie.

Die indirekte gevolg van die ondersoek na die **nuwe getuienis oor die 'derde mag'** was veral die versterking van die vermoede dat die 'derde mag' wel bestaan en dat die SAP waarskynlik daarby betrokke is. Meer spesifiek was die direkte gevolg van die onthulling 'n amptelike

reaksie in die vorm van Cuna se verskyning voor die Goldstone-kommissie en 'n dagvaarding aan *VWB* weens beweerde laster.

Die gevolge van die onthulling oor die bestaan van **APLA se dodelike werkwinkels** kan gesien word as die verdere bewusmaking van die leserspubliek van die gevaarlike ondergrondse bedrywighede van APLA. Die weerstand teen verandering by sekere groepe wat tevrede is met die *status quo* (die apartheidstaat) is waarskynlik daardeur versterk.

Die derde ondersoek wat ontleed is, die onthulling oor die **polities-gemotiveerde moordbendes**, kan egter in terme van die gevolge en veral die indirekte gevolge daarvan in 'n ander lig as bogenoemde ondersoeke beskou word. Soos in die ontleding genoem is, was hierdie onthulling te belangrik om deur die media en beleidmakers geïgnoreer te word. Volgens *The Pretoria News* (7 Mei 1991) was *VWB* ook die meeste bekend "for its exposure of the 'hit squads'" en die lastersake wat daaruit voortgevloei het. Hierdie onthulling het talle direkte en ook duidelike indirekte gevolge veroorsaak. Sommige direkte gevolge van die onthulling is in die ontleding geïdentifiseer as (i)'n massiewe veldtog om Coetzee te diskrediteer; (ii) Coetzee se reaksie daarop met verdere onthullings; (iii) verdere getuienis van an-

der betrokkenes; (iv) die ontkennings deur die SAP, wat gelei het tot oproepe uit verskillende oorde vir 'n onafhanklike, regterlike kommissie van ondersoek (ter vervanging van die McNally-kommissie); (v) die aanvanklike weiering van De Klerk om 'n kommissie van ondersoek aan te stel; en (vi) die uiteindelike aanstelling van die Harms-kommissie. Sommige direkte gevolge strek tot in 1994/5, soos die arrestasie en aankla van Eugene de Kock, 'n vorige bevelvoerder van die Vlakplaaseenheid. Hy staan tereg op 121 kriminele aanklagtes, insluitende 8 aanklagtes vir moord en meer as 80 aanklagtes van bedrog (*Sunday Times* 12 Mrt 1995:1). Indirekte gevolge is egter ook breedweg geïdentifiseer. Belangrike indirekte gevolge, wat positief met die moordbende-onthulling verbind is, is die BSB-onthullings, wat die drama rondom die polisiemoordbendes drasties verbreed het; die kontroversiële hofsake rondom die lastereis van Lothar Neethling teen *VWB*; en die uiteindelike sluiting van *VWB* en sy tydskrif, waartoe die Neethling-hofsake (tesame met ander faktore) indirek bygedra het.

Die onthullings oor die moordbendes was soos 'n "skokgolf" wat Suid-Afrika getref het (VWB-nuustydskrif 1994:12). Onder leiding van Dirk Coetzee, Jan Coetzee en Eugene de Kock is anti-apartheidsaktiviste vermoor. Dié aktiviste is beskou as deel van die "totale aanslag" teen Suid-Afrika en 'n gevaar vir die voortbestaan van

die Suid-Afrikaanse samelewing, wat sedert die laat veertigerjare oorheers is deur die NP-regering se strewe na die behoud van apartheid. Dié strewe het "jong blanke mans in wreedaards verander" *(Beeld* 29 Mrt 1995:13) en skoolkinders en kerklidmate geïndoktrineer. Apartheid is deur hegemonie deur die meeste blankes as normaal en goed vir Suid-Afrika aanvaar en ervaar. Die doktrine van die "totale aanslag" is voorgehou as voldoende rede vir die voortduur van apartheid en die klandestiene moorde wat indirek deur die owerhede van dié tydperk gepleeg is. Pauw skryf in 1991 reeds (VWB-nuustydskrif 1994:21) dat die idee van "vergeet van die verlede en kyk na die toekoms" kortsigtig is. Volgens hom is dit noodsaaklik dat die waarheid vertel moet word sodat geregtigheid kan geskied - die moordenaars moet aan die man gebring en gevonnis word, daarna kan amnestie oorweeg word (VWB-nuustydskrif 1994:21).

Die kontroversie rondom die sogenaamde **Waarheids- en Versoeningskommissie**, wat sedert 1992 'n kwessie is en druk in die media bespreek word, kan ook beskou word as een van die indirekte gevolge van die onthulling oor die Vlakplaasmoordbendes. Dit sluit in die verdere onthullings in opvolgberigte asook die verbandhoudende onthullings oor die BSB-bedrywighede. Die uiteindelike doel van die Waarheids- en Versoeningskommissie is "to prevent the shameful past happening again". (Kyk die ampte-

like uitgawe "Truth & Reconciliation Commission" deur "Justice in Transition" vir die kritiese vrae en doelstellings rondom die waarheids- en versoeningskwessie in Suid-Afrika.)

Hoewel daar in alle gevalle amptelike reaksie was en die onthullings in VWB noodsaaklike voorwaardes was vir die reaksie, was die aksie wat gevolg het oorwegend minimaal. Die minimale gevolge van die ondersoeke kan beskou word as voorbeelde van 'n desperate poging van die NP-regering om die *status quo* van apartheid te behou. Deur elkeen van die ondersoeke is die vertolkings van die *status quo* direk of indirek bevraagteken. Die amptelike reaksie het oor die algemeen begin met ontkennings voordat dit, gewoonlik weens druk van koerante of vanuit ander oorde, gelei het tot een of ander vorm van optrede. Die lesers van *VWB* én van die koerante waarin opvolgberigte gepubliseer is, is deur die onderskeie onthullings waarskynlik bewus gemaak of versterk in die siening dat die *status quo* gekenmerk word deur leemtes en ongeregtighede. Die behoefte tot sosiale verandering of die besef dat sosiale verandering onvermydelik is, word daardeur aangespreek en versterk. Die ander kant van die saak is ook dat die klimaat van weerstand teen sosiale verandering terselfdertyd versterk kan word.

Die **oorkoepelende doel** van die spektrum van ondersoeke

kan gesien word as die onthulling van ongeregtighede en/of onregmatighede wat deur die apartheidsbeleid veroorsaak is. Die NP-regering se apartheidsbeleid en die strewe na die behoud van dié beleid en dus die behoud van die *status quo* in Suid-Afrika het gelei tot die doelbewuste geheimhouding van ongeregtighede en onregmatige gedrag.

Die **gevolge** van die onderskeie ondersoeke staan in 'n direkte of indirekte verband tot die oorkoepelende doel van die ondersoeke. Die onthulling van ongeregtighede wat deur die apartheidsbeleid veroorsaak is, kan dus **direk** of **indirek** bydra tot die opskorting van hierdie beleid. Die verhouding tussen die doel en gevolge is egter gewoonlik indirek. (Die gereelde publikasie van ondersoeke in 'n breë spektrum van massamedia kan waarskynlik 'n belangrike bydraende rol speel in die ondersteuning van 'n veranderingsgerigte [ryp] politieke, sosiale en kulturele klimaat in 'n samelewing.)

Verdere **algemene tendense** wat beskou kan word as kenmerkend van ondersoekende joernalistiek kan ook uit die ontledings afgelei word. Hierdie algemene tendense is die volgende:

(1) Die **verworwe reputasie** van 'n koerant is deurslaggewend wanneer die ondersoek staatmaak op

persone wat inkriminerende inligting openbaar wil maak.

Die naam van die koerant as 'n onafhanklike en onverskrokke koerant, wat nie terugdeins vir kontroversiële onthullings nie, lok bronne. Die geloofwaardigheid van bronne is egter deurslaggewend vir die sukses van die ondersoek.

'n Betroubare bron, soos Coetzee (*VWB* 17 Nov 1989:1), het die oopvlek van die Vlakplaasmoordbendes moontlik gemaak. 'n Beweerde onbetroubare bron, soos Joao Cuna (*VWB* 30 Okt 1992:1), wat om een of ander rede die koerant sou misbruik het, kan die reputasie en geloofwaardigheid van 'n koerant ernstig skend. Die onthulling oor die bestaan en werksaamhede van die sogenaamde 'Derde Mag' is later as onbetroubaar afgemaak. (Die 'Derde Mag' en moontlike bedrywighede in dié verband is egter steeds in 1995 'n kwessie en die betroubaarheid al dan nie van Cuna is steeds nie 'n uitgemaakte saak nie.) Nog 'n voorbeeld van 'n "onetiese" bron, wat leuens sou vertel het én probeer het om *VWB* en ander media vir eie finansiële gewin te misbruik, is Dave Verster. Sy "onthullings" oor die BSB het hom ontmasker as 'n "BSB-bedrieër" (*VWB* 12 Jul 1991:5). Verster het in Junie 1991 eerstens *VWB* genader met die bewering dat hy weet wie David Webster vermoor het, dat hy 'n lid van die BSB was

en dat hy vir sy lewe moes vlug. In ruil vir inligting vra hy 'n treinkaartjie na Namibië. Nadat navorsing oor sy bewerings talle onwaarhede ontbloot het, weier *VWB* om sy verhaal te publiseer. Dié bron is as uiters ongeloofwaardig bestempel. Dit beklemtoon weer eens die belangrikheid van die element "akkuraatheid" in die model. Verster slaag egter daarin om ander media te misbruik. Hy word toegelaat om sy verhaal op M-Net (Carte Blanche) te vertel en ontvang daarvoor R5 000. Ook die *Sunday Times* word 'n slagoffer en publiseer sy verhaal onder die opskrif "Confessions of a secret agent" en betaal Verster R4 000 daarvoor. In *VWB* (12 Jul 1991:5) word Verster as 'n aartsleuenaar en bedrieër ontmasker.

Bogenoemde beklemtoon die tendens dat 'n koerant se reputasie betroubare sowel as onbetroubare bronne aanmoedig om met inligting na vore te kom. Valse inligting van 'n onbetroubare bron kan lei tot groot ellende. Bedrog teenoor die koerant en gevolglik die leserspubliek is 'n vorm van korrupsie wat verreikende gevolge vir die geloofwaardigheid van die koerant kan inhou asook die goeie naam van betrokkenes, wat in so 'n berig genoem sou word, oneindige skade aandoen. In samehang met laasgenoemde word die volgende voorbeeld gegee. Verster (*VWB* 12 Jul 1991:6) inkrimineer in bogenoemde M-Net program 'n Portugese sakeman. M-Net het dié man, 'n week ná die uitsaaidatum, om verskoning gevra. Die omvang

van emosionele skade wat so berokken word, is waarskynlik ernstig (vanweë die reikwydte van die massamedia), maar moeilik om te bepaal.

(2) Berigte weens ondersoekende joernalistiek lei tot **verdere onthullings**.

'n Relevante voorbeeld van onthullings wat lei tot verdere onthullings is die berig in *VWB* (17 Mei 1991:5) deur Jacques Pauw waar Ronald Bezuidenhout "alias Tokaref" sy "grusame verhaal" vertel. Bezuidenhout, 'n gewese lid van die SAP se Vlakplaaseenheid, onthul aan *VWB* hoe hy en ander lede van die eenheid die Harms-kommissie bedrieg het deur onder meer dokumente te verbrand, wapens weg te ry en vooraf ooreen te kom om enige aandadigheid aan moordbendes te ontken. Hy erken ook dat hy deel was van 'n groep veiligheidspolisiemanne wat planne beraam het om Coetzee te vermoor, omdat hy hulle verraai het. Hy onthul verder dat Vlakplaas oor sy eie plofstofdeskundige beskik, wat die vermoë het om die soort bom te vervaardig wat in Mei 1990 aan Coetzee in Lusaka gestuur is (dié bom, wat na Suid-Afrika teruggestuur is, het in Februarie 1991 tot die dood van 'n bekende Johannesburgse prokureur, Bheki Mlangeni, gelei). Opvolgberigte het onder meer verskyn in *VWB* (24 Mei 1991:24, 7 Jun 1991:17).

Bogenoemde onthulling het ook gelei tot verdere ondersoeke. Byvoorbeeld in *VWB* (19 Jul 1991:15-17) word ondersoek ingestel na "Die laaste drie jaar van sersant Motasi se lewe". Motasi se moord word verbind met Vlakplaasbedrywighede.

Nog 'n voorbeeld van onthullings wat lei tot verdere onthullings is die "opvolg" onthullings oor die Inkathagate-skandaal. Die Britse *Guardian* was verantwoordelik vir die "oorspronklike" onthulling. *VWB* en ander koerante het die onthulling met verdere ondersoeke aangevul (*VWB* 9 Aug 1991:5).

Dit is belangrik om te beklemtoon dat onthullings tot nuwe onthullings lei, want dit lei op dié manier waarskynlik tot 'n geneigdheid by koerante om staatsinstellings in die algemeen te wantrou en 'n waghondklimaat word in die koerantgemeenskap gekweek. Hier is sprake van 'n soort "aansteeklikheid", 'n "uitkringingseffek" of 'n "golfaksie". Die bestaan van vrot kolle word aanvaar en die koerant wat eerste die onthulling doen, kry krediet en erkenning van ander koerante vir sy werk en volg die inligting op en probeer in die proses steeds 'n bydrae lewer deur nuwe inligting by die oorspronklike te voeg. Die onthullings deur *VWB* oor die moordbendes het selfs gelei tot die skryf van 'n boek *In the heart of the whore: the story of apartheid's death squads.* Dit

is die verhaal van die "staat as terroris" (Steytler 1992:45). Die joernalis wat vir die ondersoek verantwoordelik was, Jacques Pauw, was ook die skrywer van die boek. Dié boek kan beskou word as 'n uitbreiding op inligting wat in *VWB* daaroor verskyn het. Die impak van die ondersoek is waarskynlik daardeur versterk.

(3) Ondersoekende joernalistiek en die berigte daaroor kan lei tot **besinning** deur betrokkenes en joernaliste, wat begin nadink oor handelinge wat (soms) as natuurlik beskou is.

Relevante voorbeelde van bogenoemde is die berou van Jans Rautenbach nadat korrupsie openbaar gemaak is (*VWB* 16 Aug 1991:8) en die besinning deur Jacques Pauw in 'n artikel in *VWB* (1 Nov 1991:15) "waarom Suid-Afrika moet weet".

(4) **Redaksionele kommentaar** vergesel ingrypende onthullings.

Die ondersoeke in *VWB* onder die hoofopskrifte "Bloedspoor van die SAP" (*VWB* 17 Nov 1989:1); "Wit terreur" (*VWB* 22 Jun 1990:1); en "Nuwe getuienis oor 'derde mag' (*VWB* 30 Okt 1992:1), is voorbeelde van ondersoeke wat deur redaksionele kommentaar versterk is.

(5) Voorbeelde van ondersoekende joernalistiek is meestal **hoofberigte**.

Ondersoeke verteenwoordig dikwels "groot" nuus, wat verkope laat styg (ná die Vlakplaasonthullings het *VWB* se verkope bykans verdubbel). Uit die agt geïdentifiseerde voorbeelde van ondersoekende joernalistiek is ses as hoofberigte geïdentifiseer. Daar is ook talle voorbeelde van opvolgberigte, wat dikwels hoofberigte is.

(6) Berigte weens ondersoekende joernalistiek word dikwels gekenmerk deur **kleurryke woordgebruik** wat wil skok en aandag trek.

Uit die woordkeuse in die ondersoeke in *VWB* kan afgelei word dat die intensie daarvan waarskynlik 'n skok-effek is. Verder word aandag getrek deur sterk woorde te gebruik wat dikwels kontras impliseer. Deur die ontleding van sommige hoofopskrifte blyk hierdie onderskeie intensies duidelik. Die woordkeuse "miljoenêr" in die eerste ondersoek wat ontleed is, teenoor byvoorbeeld "sakeman", is waarskynlik gekies om die kontras tussen ryk (die "establishment") en arm (die slagoffers van die "establishment" wie se "laaste goedjies" op die spel is) te beklemtoon. Die keuse van die kleurryke woord "konkelspul" in die tweede ondersoek wat ontleed is, gee 'n direkte konnotasie van onheilighede wat aan die gang is

by 'n belangrike organisasie soos die SAUK. 'n Substituut soos "probleme" sou die aanslag versag het. In die derde berig wat ontleed is, is die woordkeuse in die hoofopskrif eweneens kleurryk en sinister en duidelik bedoel om te skok. Die woord "bloedspoor" gee 'n direkte konnotasie van 'n ernstige misdaad. Verdere woordgebruik in opskrifte en teks versterk hierdie konnotasie en ook implisiete kontras, byvoorbeeld die keuse van die woord "moordbende" wat verwys na lede van die SAP. Die woord "moordbende" sou dus eweneens deur "SAP" vervang kon word. Die hoofopskrif sou byvoorbeeld vervang kon word deur "*VWB* ondersoek Vlakplaasbedrywighede". Dit sou die skok-effek weggeneem het. In die daaropvolgende ondersoek wat ontleed is, is die negatiewe konnotasie van die woordkeuse "storm" sterker as byvoorbeeld 'n woord soos "woelinge". Verder is die woordkeuse "wit terreur" ook duidelik bedoel vir 'n skok-effek. Dit beklemtoon kontras. Die gemiddelde leser was gewoond daaraan om oor "normale" swart terreur te lees.

(7) Ondersoekende joernalistiek kan beskou word as 'n **openbare diens**.

Deur die oopvlek van korrupsie kan onthullings lei tot die staking van die korrupsie. Afhangende van die betrokkenes by die korrupsie is (logies) soms probeer om

die onthullings dood te smoor. *VWB* en ander koerante het geweldige risiko's geloop om dié soort beriggewing te plaas - fisieke risiko's (byvoorbeeld bomdreigemente en die uitvoering daarvan) én geldelike risiko's. *VWB* is byvoorbeeld vir meer as R2,5 miljoen weens beweerde laster gedagvaar. Dit was 'n regstreekse uitvloeisel van onthullings oor onwettige aktiwiteite van die veiligheidsmagte (*VWB* 20 Nov 1992:7).

Uiteindelik is die akkuraatheid van die ondersoeke van die grootste belang vir 'n koerant se geloofwaardigheid en finansiële oorlewing (hofsake) én die lewe van betrokkenes, wat in die geval van ongegronde inkriminering vernietig kan word. Die plasing van ondersoeke moet dus met groot omsigtigheid aangepak word.

Vervolgens word in die laaste hoofstuk van hierdie studie enkele samevattende gevolgtrekkings aangebied.

**EINDNOTAS**

(1) Smith (1988:351) omskryf 'n ontledingsmodel as "a verbal or visual representation of the structure or functions of some object or process".

(2) Wimmer en Dominick (1987:499) verwys na kwalitatiewe analise as "a description or analysis of a phenomenon that does not depend on measurement of variables".

**HOOFSTUK SES**

# 6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die samevattende gevolgtrekkings het betrekking op die onderskeie elemente van die probleemstelling, sowel as die verband tussen die elemente soos wat dit in die hipoteses weerspieël word.

Betreffende **sosiale verandering** is in hierdie studie bevind dat dit 'n proses is wat kulmineer (deur die verandering van waardes, houdings en uitgesproke menings) in (waarneembare en meetbare) optredes en handelinge. Dié optredes en handelinge verteenwoordig 'n beweging van 'n bestaande toestand of situasie in 'n samelewing na 'n volgende samelewingstoestand of situasie. Die oorspronklike verdwyn of integreer dan in die nuwe. Verandering op een vlak (byvoorbeeld die vlak van bewussyn en/of uitgesproke mening) kan aanleiding gee tot die verandering op 'n ander vlak (byvoorbeeld gedrag), hoewel dit nie noodwendig gebeur nie. Daar is gewoonlik faktore soos die onvermydelikheid van sosiale verandering of die weerstand daarteen wat die proses kan bevorder of vertraag. Die proses word egter as onvoltooid beskou wanneer daar geen beweging is van 'n bestaande sosiale toestand na 'n volgende sosiale toestand nie. Die rol wat aan die massamedia in die proses van sosiale verandering toegeskryf word, varieer volgens teoretiese perspektiewe. Die volgende is voorbeelde daarvan:

Volgens die evolusieteorieë kan die invloed van die massamedia as 'n bydraende faktor (as 'n geleidelike toevoeging van nuwe elemente) beskou word. Die konflikteorieë en die rewolusieteorieë sou die bewusmaking van ongelykhede in die samelewing deur agendastelling as 'n belangrike bydraende of noodsaaklike faktor kon beskou.

Volgens die spuitnaaldteorie is die massamedia egter uiters invloedryk en sosiale verandering sou hiervolgens bloot 'n voorspelbare reaksie op 'n prikkel (koerantberig) kon wees. Dié direkte oorsaak/gevolg-verhouding word egter algemeen in akademiese kringe verwerp. Die tweestapvloeiteorie beklemtoon die rol van die meningvormer. Die onbeteuelde invloed van die massamedia word volgens dié teorie en die tussenkomende faktore-teorie afgeskaal. Die gebruiks- en bevredigingsteorie beklemtoon wat die ontvanger met die media doen. Die ontvanger raak betrokke by die mediaboodskap wat vir hom as individu betekenisvol is. Die ontvanger ontwikkel egter dikwels 'n behoefte om dit te lees waarmee hy saamstem en dit lei dikwels tot versterking van reeds bestaande idees. Soortgelyk aan die spuitnaaldteorie is die massamedia volgens die mags-eliteteorie (Mills 1978) uiters invloedryk. Die rede daarvoor is geleë in die beheer van die massamedia deur 'n bevoorregte elite en die sielkundige oriëntasie van die ontvanger wat alles glo wat die massamedia (en indirek die regerende elite) aan hom opdis (vgl ook Le Bon [1960] en Ortega [1972]).
Die agendastellingsteorieë verteenwoordig 'n meer rea-

listiese perspektief as laasgenoemde teorie. Die inhoud van die koerant en die beïnvloedingsmoontlikhede wat daarmee saamgaan (die sosiaal, politieke en ekonomiese sake waaroor mense praat en nadink), word beklemtoon. Die leser het egter 'n keuse en kan besluit of hy homself wil laat beïnvloed deur aktief media en boodskappe te selekteer. Wanneer mense egter aan soortgelyke perspektiewe (konsonansie in massamedia-inhoud) deur die media blootgestel word, kan aktiewe nuusseleksie deur die ontvanger egter minder doeltreffend wees as teenvoeter teen massamedia-invloed. Agendastelling het ook te make met die betekenis van 'n boodskap (semiologie ondersoek hierdie aspek) en met nuusseleksie wat ook weglating van belangrike nuus insluit (die swygspiraalteorie beklemtoon dat weglating die minderheid se siening versterk en die meerderheid laat glo dat hul siening slegs 'n minderheidsiening is). Dié teorieë, semiologie en die swygspiraalteorie is onlosmaaklik verbind met die agendastellingsteorieë. Die agendabouteorie is 'n uitbreiding op die agendastellingsteorie waarvolgens samelewingsfaktore (byvoorbeeld reguleerders soos owerhede en drukgroepe) ook 'n belangrike invloed op die agendastelling van die media en die uiteindelike gevolge daarvan kan uitoefen. Wat die isolasie van gevolge betref, is daar bevind dat dit wel moontlik is - Protess *et al.* (1991) koppel byvoorbeeld spesifieke gevolge aan elk van hul gevallestudies. Die gevolge is egter die resultaat van 'n agendabouproses (die interaksie tussen massamedia en samelewing). 'n Eenvoudige

oorsaak/gevolg verhouding is baie moeilik om vas te stel. Gewoonlik is 'n aantal bepalende faktore aanwesig (byvoorbeeld die rol van drukgroepe en die heersende politieke klimaat) wat gesamentlik sosiale verandering bewerkstellig of meer waarskynlik maak.

Hoewel al die teorieë wat bespreek is belangrik is vir die verstaan van sosiale verandering en die invloed van die media moet die swygspiraalteorie en die agendastellingsteorie (met insluiting van sy uitbreiding, die agendabouteorie en semiologie) vir die doeleindes van hierdie studie beklemtoon word. Die rede hiervoor is dat dié teorieë die invloed van die massamedia realisties benader en nie onrealistiese mag en invloed aan die massamedia toeskryf nie, soos wat die mags-eliteteorie wel doen. Die inhoud van die massamedia kan volgens hierdie teorieë egter wel in sekere gevalle beskou word as 'n inisieerder of katalisator vir sosiale verandering.

Volgens die swygspiraalteorie sou 'n sekere koerant, byvoorbeeld 'n alternatiewe koerant, die soortgelyke siening (soos gereflekteer in byvoorbeeld die hoofstroommedia) oor kwessies kon ignoreer en deur agendastelling die siening van die swygende meerderheid (deur die oorvloei-effek) op die agenda van die hoofstroom-media plaas. Die verbreking van die swygspiraal word op dié manier bevorder omdat mense wat voorheen gedink het dat hul mening nie algemeen is nie nou daaroor begin praat,

juis omdat hul siening nou in die media weerspieël word. Opvolgberigte weens ondersoeke deur *VWB* was byvoorbeeld 'n belangrike gevolg en het die media-agenda van ander koerante beïnvloed. In al die ondersoeke is die vertolkings van die *status quo* bevraagteken en in mindere of meerdere mate met ongeregtighede weens die destydse apartheidsbeleid verbind. Die swygende meerderheid (elkeen wat gedink het sosiale verandering is noodsaaklik - maar dit nie bespreek het nie) sou onder meer weens *VWB* se berigte en ondersoeke met meer selfvertroue oor 'n nuwe bedeling kon praat.


Aldus die agendastellingsteorie is dit vir hierdie studie betekenisvol dat "nuwe kwessies op die agenda" 'n noodsaaklike of bydraende faktor vir sosiale verandering kan wees. "Nuwe kwessies" en die invloed daarvan verwys gewoonlik nie na die dekking van daaglikse nuusgebeure nie, maar wel na onopvallende (*unobtrusive*) gebeure wat in kontroversiële strydvrae of kwessies kan verander. Dié kwessies word dikwels deur die hoofstroom-media geïgnoreer. In Suid-Afrika was die Afrikaanse hoofstroom-media tydens *VWB* se bestaan hoofsaaklik deel van die "establishment" (vgl Cillié 1992:464). Dié media was dikwels geneig om die amptelike vertolkings van die *status quo* te onderskryf en kontroversiële kwessies wat dit moontlik kon bedreig versigtig te hanteer. Die alternatiewe media en soms koerante van die hoofstroom Engelse pers (vgl Tyson 1993:29) het dit egter as hul rol beskou om die "establishment" gereeld te kritiseer.

Dit het uit hierdie studie geblyk dat **ondersoekende joernalistiek** soos weerspieël deur die ontledings van ondersoeke in *VWB* deurgaans nuwe kwessies op die media-agenda geplaas het. Ondersoeke van *VWB* het **nuwe kwessies** verteenwoordig omdat sake (gebeure of insidente)

* deur joernaliste self geïnisieer is (gewoonlik werk joernaliste volgens opdrag);
* onder die groots moontlike geheimhouding gedoen is;
* doelbewus deur betrokkenes geheim gehou is; en
* menseregte aantas en belange skaad (en dus die potensiaal besit om in 'n kwessie te verander).

Die ontleding van ondersoeke in *VWB* asook opvolgberigte in *VWB* en ander koerante het aangetoon dat in mindere of meerdere mate direkte en indirekte gevolge uitgewys kon word. Sommige gevolge het optredes en handelinge deur die owerhede behels. Dit sou dus gestel kan word dat ondersoekende joernalistiek (op grond van die ontledings in *VWB* en veral weens die direkte en indirekte gevolge wat daaruit gespruit het) die moontlikheid wek dat dit 'n potensieel belangrike faktor in die proses van sosiale verandering mag verteenwoordig. Hierdie moontlike verwantskap tussen ondersoekende joernalistiek en sosiale verandering staan in kontras met dieselfde verwantskap tussen die destydse Afrikaanse hoofstroom-media en sosiale verandering waar dié koerante die *status quo* grotendeels onderskryf, gelegitimeer en soms verdedig

het. Die verhouding tussen ondersoekende joernalistiek en moontlike gevolge wat daaruit kan voortspruit, kan skematies soos volg saamgevat en geïllustreer word:




Die voorgaande samevatting werp ook lig op die hipoteses van hierdie studie. Vooraf moet 'n aantal kwalifiserende opmerkings jeens die hipoteses egter eers gemaak word. Die eerste kwalifikasie wat gevolgtrekkings oor die hipoteses raak, is dat veralgemening op grond van gevallestudies gewoonlik riskant is. Dit raak die welbekende tekortkominge van induksie, wat 'n sprong van

die besondere na die algemene maak. Die tweede kwalifikasie is dat gevallestudies nie algemene stellings konklusief kan verifieer nie, maar dat hulle wel algemene stellings konklusief kan weerlê of falsifieer[(1)]. Die derde kwalifikasie regverdig die poging om hipoteses of stellings met 'n wyer reikwydte as die gevallestudie self te probeer bevestig of weerlê. Hierdie regverdiging spruit uit die "veralgemenende" karakter van die wetenskap self, naamlik die behoefte om algemene aansprake te maak, eerder as om die feite alleen op te teken. Bevestiging of weerlegging van die hipoteses van hierdie studie is derhalwe onderhewig aan die kwalifikasies wat hierbo gestel is, omdat hulle op ondersoekende joernalistiek in die algemeen betrekking het en hierdie studie slegs enkele voorbeelde daarvan, naamlik ontledings van *VWB*, verteenwoordig.

Wat hipotese 1 betref, te wete **Ondersoekende joernalistiek is 'n noodsaaklike voorwaarde vir sosiale verandering**, lewer hierdie studie nie genoegsame bevindinge op om die hipotese te bevestig nie. Dit sou nie onomwonde gestel kan word dat sosiale verandering uit die ontledings van *VWB* (wat hier ondersoek is) gespruit het nie. In die lig van die minimale reaksie wat die meerderheid ondersoeke tot gevolg gehad het (die afwesigheid van sosiale verandering), kan daar derhalwe ook nie sprake daarvan wees dat ondersoekende joernalistiek 'n onontbeerlike element (noodsaaklike voorwaarde) in die proses was nie. Slegs in een van die agt ontledings (die Vlak-

plaasmoordbendes) blyk daar getuienis te wees om te konstateer dat ondersoekende joernalistiek hoogs waarskynlik wel 'n belangrike inisieerder/katalisator was vir handeling en optredes wat sosiale verandering teweeggebring/bevorder het. Die Harms-kommissie was byvoorbeeld 'n direkte gevolg van *VWB* se onthullings oor die Vlakplaasbedrywighede, terwyl die BSB-onthullings geïdentifiseer is as 'n indirekte gevolg daarvan. Die Vlakplaas- en BSB-bedrywighede het ook die eis van veral die ANC vir 'n waarheidskommissie indirek gesteun en meer dringend gemaak. Die bevindings van hierdie studie weerlê dus hierdie hipotese aangesien slegs een ontleding die aanspraak van die hipotese onderskryf. In die ander ontledings blyk ondersoekende joernalistiek wel 'n bydraende, maar nie 'n onontbeerlike faktor te gewees het om minimale reaksie te ontlok nie. Die minimale reaksies en gepaardgaande optredes kan egter nie as sosiale verandering bestempel word nie.

Wat hipotese 2 betref, naamlik **Ondersoekende joernalistiek is nie 'n noodsaaklike voorwaarde vir sosiale verandering nie**, lewer hierdie studie wel weerleggende bevindings vir die aanspraak op (die Vlakplaasmoordbendes). Buiten die Vlakplaasgeval - sien voorbeelde hierbo - onderskryf die ander ontledings hierdie hipotese.

Beide hipoteses 1 en 2 word dus deur hierdie studie weerlê, en slegs gedeeltelik deur die bevindings van die studie onderskryf. Dit blyk dus dat **ondersoekende joer-**

**nalistiek slegs in hoogs uitsonderlike gevalle 'n noodsaaklike voorwaarde vir sosiale verandering kan wees.**

Hipoteses 3 en 4 lui onderskeidelik soos volg: **Ondersoekende joernalistiek is op sigself 'n voldoende voorwaarde vir sosiale verandering** en **Ondersoekende joernalistiek is op sigself nie 'n voldoende voorwaarde vir sosiale verandering nie.** Die bevindings van hierdie studie weerlê die aanspraak van hipotese 3 en onderskryf die spieëlbeeld daarvan, te wete hipotese 4. Die bevindings dui daarop dat daar 'n groot aantal tussenkomende faktore op die verhouding tussen ondersoekende joernalistiek en sosiale verandering inwerk. Die sosiale en politieke stelsels is inderdaad stelsels van verbandhoudende en interaktiewe strukture en prosesse. So byvoorbeeld geskied openbare agendastelling nooit deur ondersoekende joernalistiek alleen nie - vele ander rolspelers word ook in die proses betrek, waaronder koerante, politieke partye, drukgroepe, die regering, ensovoorts. Ondersoekende joernalistiek is dus slegs 'n belangrike komponent van die agendabouproses en moontlike sosiale verandering wat daaruit mag spruit. Die bevindings van hierdie studie jeens hipoteses 3 en 4 suggereer derhalwe dat **ondersoekende joernalistiek soms 'n belangrike bydraende voorwaarde in die proses van sosiale verandering kan wees.**

Hipoteses 5 en 6 maak die volgende aansprake: **Ondersoekende joernalistiek is gerig op die verandering van die**

***status quo*** en **Ondersoekende joernalistiek is nie gerig op die verandering van die *status quo* nie.** Hierdie studie onderskryf die aanspraak van hipotese 5. Talle bewysplase is in die studie aangetoon dat *VWB* se ondersoekende joernalistiek gerig was op die demokratiese transformasie van Suid-Afrika. Geen bewysplase word in hierdie studie gevind om hipotese 6 te onderskryf nie. Dit word egter vir oorweging gestel dat daar wel ondersoekende joernalistiek aangetref sou kon word om hipotese 6 te onderskryf. Ondersoekende joernalistiek in gevestigde demokrasieë sou byvoorbeeld die omverwerping van die *status quo*-orde deur ondermynende elemente "ondersoekend" kon blootlê met die oogmerk om die demokrasie te bewaar.

Hipoteses 7 en 8 lui soos volg: **Die invloed van ondersoekende joernalistiek op sosiale verandering is afhanklik van 'n ryp sosiale klimaat** en **Die invloed van ondersoekende joernalistiek op sosiale verandering is nie afhanklik van 'n ryp sosiale klimaat nie.** Hipotese 7 word deur hierdie studie onderskryf, maar die studie omvat nie 'n kontrolegeval waarmee hipotese 8 getoets kan word nie. **A se invloed op B onder toestande XYZ** en **A se invloed op B onder toestande PQR** vereis in werklikheid 'n vergelykende studie waarin die sosiale konteks verskil, byvoorbeeld verskillende tydperke in die geskiedenis ('n diachroniese vergelyking) of die vergelyking van twee verskillende politieke stelsels in dieselfde tydvak ('n sinchroniese vergelyking). *VWB* se kortstondige bestaan

is juis in 'n besondere tydvak van die Suid-Afrikaanse sosiale en politieke geskiedenis waarin 'n velerlei faktore meegewerk het om die samelewing te demokratiseer. Die klimaat sou as 'n ryp sosiale klimaat bestempel kon word, nieteenstaande reaksionêre kragte wat in dieselfde tydperk aanwesig was.

Benewens die gevolgtrekkings oor die weerlegging of bevestiging van die hipoteses, is daar ook 'n aantal blywende indrukke oor *VWB* se rol binne die Suid-Afrikaanse samelewing en koerantwese vir die tydperk 1988-1993. Dit is duidelik dat *VWB* nie alleen 'n "produk van sy tyd" was nie, maar dat die "tyd ook ontvanklik was vir sy produkte". In hierdie kritieke oorgangstyd van die Suid-Afrikaanse samelewing vanaf 'n relatief geslote stelsel na 'n relatiewe oop samelewingstelsel, het *VWB* sy oogmerke nagestreef hoewel dit deurgaans in kontroversie gehul was. So 'n rol sou vir 'n Afrikaanse koerant met 'n kritiese inslag en 'n ondersoekende styl in die voorafgaande vier dekades waarskynlik nie moontlik gewees het nie.

*VWB* was 'n spreekbuis vir liberale Afrikaanse politieke denke. Terwyl vele historiese voorbeelde van alternatiewe Afrikaanse koerante met 'n pro-nasionalistiese en selfs liberale sentimente aangetoon sou kon word, verskil *VWB* in 'n belangrike opsig van die meerderheid van dié koerante (vgl *De Tijd* [1862], *De Volksstem* [1873], *De Express* [1875], *Di Afrikaanse Patriot* [1876], *Land en*

*Volk* [1892], *De Burger* [1915], *Die Volksblad* [1915], *Ons Vaderland* [1915], en *Die Transvaler* [1937]). Die historiese voorgangers van *VWB* het die politieke sug na die emansipasie van die Afrikaner se onderdrukking (deur byvoorbeeld die Engelse bewind) verwoord. *VWB* het daarenteen die politieke emansipasie van die Afrikaner verwoord deur die Afrikaner se onderdrukking van ander groepe te veroordeel. Terwyl die Afrikaner se nasionalistiese sentimente vroeër as iets eksklusief jeens ander soortgelyke sentimente vertolk is, vertolk VWB dit inklusief as deel van 'n omvattende Suid-Afrikaanse nasionalisme. Max du Preez (1990:2) skryf "we are ... fighting for a new South African nationalism, a truly non-racial democracy and a tolerant, free society".

Ook op lewensterreine wat nie spesifiek deur hierdie studie ondersoek is nie, het *VWB* ten spyte van sy beskeie leserstal 'n belangrike rol vervul. Kwessies wat vir die Afrikaner taboe was, is deur *VWB* op die agenda geplaas. Dit sluit in kernkwessies soos godsdiens ("Was Adam en Eva dalk swart?" *VWB* 7 Des 1990), geskiedenis ("Die mite van Jan van Riebeeck", *VWB* 5 Apr 1991), seks en pornografie ("Madonna", *VWB* 12 Nov 1992) en dergelike meer. Vele sodanige taboe-onderwerpe is deur *VWB* onder die loep geneem. Vir sommiges was dit skryend, vir ander was dit geestelike purgasie en vir nog ander het dit tot selfondersoek gelei. Min lesers en lede van die publiek wat van *VWB* kennis gedra het, het lou teenoor die koerant gestaan. *VWB* is òf veroordeel òf positief ge-

steun en gegewe die beskeie leserstal en oplaag was *VWB* inderdaad 'n "invloedryke" koerant. *VWB* se rol in die destydse transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing en koerantwese was 'n belangrike een wat behoorlik na waarde geskat moet word. *VWB* het vele Afrikaners laat nadink en praat oor sake wat voorheen as "heilige koeie" beskou is en het ook die pad oopgemaak vir die konvensionele Afrikaanse pers om oor sake te skryf wat voorheen vermy is. *VWB* het voortdurend norme en waardes wat as "normaal" aanvaar is bevraagteken. Die Afrikaanse koerante en die lesers daarvan het waarskynlik deur *VWB* se openlike bespreking van kernwaardes en -kwessies meer "volwasse" geword.

Tydens die eerste treetjies na die moontlikheid van 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika het *VWB* 'n merkwaardige rol vervul. *VWB* moet beoordeel word as 'n belangrike agendasteller in die demokratieseringsproses van Suid-Afrika. As historiese presedent mag *VWB* as voorbeeld en inspirasie dien wanneer 'n verworwe demokrasie in die toekoms bedreig word.

**Ten slotte** word enkele suggesties vir verdere navorsing oor ondersoekende joernalistiek in Suid-Afrika aan die hand gedoen.

In hierdie studie is bevind dat ondersoekende joernalistiek 'n belangrike joernalistieke praktyk is. In Suid-Afrika is nog weinig wetenskaplike studies oor veral die

agendastellingsrol en meer spesifiek die agendabouproses van ondersoeke deur koerante onderneem. Ondersoekende joernalistiek is by uitstek 'n joernalistieke praktyk wat in demokrasieë voorkom, en die voortbestaan daarvan in Suid-Afrika is 'n belangrike aangeleentheid.

Daar word aan die hand gedoen dat navorsing oor die volgende temas die terrein van kennis en begrip oor ondersoekende joernalistiek in Suid-Afrika aansienlik sal uitbrei:

* die gevolge van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek op die persepsies van koerantlesers;

* die gevolge van voorbeelde van ondersoekende joernalistiek op die persepsies van politici;

* die toets van die ontledingsmodel vir ondersoekende joernalistiek wat in hierdie studie ontwikkel is op ander media soos televisie en radio; en

* die etiese en morele kwessies rondom ondersoekende joernalistiek in soverre dit die regte van die individu en die openbare belang raak.

**EINDNOTA**

(1) Falsifikasie moet nie met vervalsing verwar word nie. Falsifikasie is 'n term wat eie is aan Popper se wetenskapsfilosofie. Vergelyk in dié verband Popper (1959) se bekende opvattings daaroor, asook Venter (1984) se behandeling daarvan binne die konteks van Popper se politieke teorie.

**BYLAE A**

'n Vraelys is op 9 September 1994 aan Afrikaanstalige publiseerkundestudente van UNISA aangebied. 'n Totaal van 37 respondente het die vraelys beantwoord. Die volgende vrae is gestel en beantwoord:

1 Ouderdom?

2 Geslag?

3 Geografiese lokasie?

4 Watter koerante lees u?

5 Was u 'n leser van *VWB*?
Indien "JA" beantwoord asseblief die volgende vrae:

6 Was u 'n ongereelde leser van *VWB* (ongeveer een keer per maand)?

7 Was u 'n gereelde leser van *VWB* (ongeveer twee tot vier keer per maand)?

8 Wat het *VWB* vir u beteken?

Enige inligting of mening ten opsigte van die rol wat *VWB* in u lewe gespeel het of die mate waarin *VWB* u beïnvloed het word verwelkom.

**BRONNELYS**

**BOEKE**

Agee, W.K. Ault, P.H. & Emery, E. 1991. Introduction to mass communications. New York: Harper Collins.

Anderson, D. & Benjaminson, P. 1976. Investigative reporting. London: Indiana University Press.

Becker, H.P. 1968. Through values to social interpretation: essays on social context, actions and prospects. Durham, N.C: Duke University Press.

Bennett, W.L. 1988. News: the politics of illusion. New York: Longman.

Berger, P.L. & Luckmann, T. 1976. The social construction of reality: a treatise in the sociology of knowledge. Middlesex, England: Penguin Books.

Bok, S. 1978. Lying: moral choice in public and private life. New York: Pantheon.

Bottomore, T.B. 1973. Karl Marx's theory of elites. In Chambliss, W.J. (ed) Social readings in the conflict perspective. London: Addison-Wesley.

Biagi, S. 1994. Media impact: an introduction to mass media. Belmont: Wadsworth.

Bradac, J.J. *et al.* 1989. Message effects in communication science. London: Sage.

Bryant, J. & Zillmann, D. 1986. Perspectives on media effects. New Jersey: Lawrence Erlbaum.

Burns, Y. 1990. Media law. Durban: Butterworths.

Cillié, P.J. 1992. Pers en Party. In Beukes W.D. (red) Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers (1948-1990). Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Cirino, R. 1971. Don't blame the people. New York: Random House.

Comte, A. 1973. The progress of civilization through three states. In Etzioni, A. & Etzioni-Halevy, E. (eds) Social change: sources, patterns and consequences. New York: Basic Books.

Coser, L. 1967. The functions of conflict. In Demerath III, N.J. & Peterson, R.A. (eds) System, change and conflict: a reader on contemporary sociological theory and the debate over functionalism. New York: The Free Press.

Coser, L. 1973. Social conflict and the theory of social change. In Etzioni, A. & Etzioni-Halevy, E. (eds) Social change: sources, patterns and consequences. New York: Basic Books.

De Beer, A.S. 1993. Mass communication in society: pervasive messages and images of our time. In De Beer, A.S. (ed) Mass media for the nineties: the South African handbook of mass communication. Pretoria: Van Schaik.

De Fleur, M.L. & Ball-Rokeach, S. 1975. Theories of mass communication. New York: Longman.

De Fleur, M.L. & Dennis, E.E. 1988. Understanding mass communication. Boston: Houghton Mifflin.

Dennis, E.E. & Rivers, W.L. 1984. Other voices: the New Journalism in America. San Francisco: Canfield Press.

Duke, J.T. 1976. Conflict and power in social life. Provo, Utah: Brigham Young University Press.

Du Plooy, G.M. 1991. 500 Communication concepts: English/Afrikaans. Johannesburg: Juta.

Fairchild, H.P. 1973. Dictionary of sociology. Totowa, N.J: Littlefield, Adams & Co.

Fauconnier, G. 1975. Mass media and society. Leuven: Universitaire Pers.

Fourie, P.J. 1994. Zuid-Afrika. In Van Zutphen, N. & Nootens, J. (eds) Nederlandstalige en Afrikaanstalige media: 2e internasionale colloquium, Nederlands in de wereld. Brussel: Vlaamse Raad.

Garner, R.A. 1977. Social change. Chicago: Rand McNally College.

Gerth, H. & Mills, C.W. 1969. Character and social structure: the psychology of social institutions. London: Routledge & Kegan Paul.

Gramsci, A. 1978. Prison notebooks. London: Lawrence & Wishart.

Granato, L. 1991. Reporting and writing news. New York: Prentice Hall.

Hachten, W.A. & Giffard, C.A. 1984. Total onslaught: the South African press under attack. Johannesburg: Southern Book Publishers.

Hartley, J. 1982. Understanding news. London: Methuen.

Hiebert, R.E. & Reuss, C. 1985. Impact of mass media: current issues. New York: Longman.

Hiebert, R.E. Ungurait, D.F. & Bohn, T.W. 1991. Mass media VI: an introduction to modern communication. New York: Longman.

Holloway, H. & George, J. 1979. Public opinion: coalitions, elites, and masses. New York: St. Martin's Press.

Hoogerwerf, A. 1972. Politicologie: begrippen en problemen. Alphen aan den Rijn: Samson.

Hunt, T. & Ruben, B.D. 1993. Mass communication: producers and consumers. New York: HarperCollins.

Huysamen, G.K. 1994. Methodology for the social and behavioral sciences. Halfway House: Southern Book Publishers.

Jackson, G.S. 1993. Breaking story: the South African press. Oxford: Westview Press.

Jansen, N. 1980. Die samelewingskritiek van C. Wright Mills. Pretoria: Academica.

Jefferson, T. 1939. Democracy. New York: Greenwood Press.

King, B.T. & McGinnies, E. 1972. (eds) Attitudes, conflict, and social change. New York: Academic Press.

Klapper, J.T. 1960. The effects of mass communication. New York: The Free Press.

Koch, T. 1990. The news as myth: fact and context in journalism. New York: Greenwood Press.

Kotzé, H.J. & Van Wyk, J.J. 1980. Basiese konsepte in die politiek. Johannesburg: McGraw-Hill.

Laszlo, E. 1972. Introduction to systems philosophy: toward a new paradigm of contemporary thought. New York: Gordon and Breach, Science publishers.

Le Bon, G. 1960. The crowd: a study of the popular mind. New York: The Viking Press.

Leedy, P.D. 1980. Practical research: planning and design. New York: Macmillan.

Lemert, J.B. 1981. Does mass communication change public opinion after all? Chicago: Nelson-Hall.

Littlejohn, S.W. 1992. Theories of human communication. Belmont: Wadsworth.

MacDougall, C.D. 1977. Interpretative reporting. New York: Macmillan.

Marx, K. & Engels, F. 1973. The class struggle. In Etzioni, A. & Etzioni-Halevy, E. (eds) Social change: sources, patterns and consequences. New York: Basic Books.

McGee, R. 1975. Points of departure: basic concepts in sociology. Hinsdale, Illinois: The Dryden Press.

McIntyre, B.T. 1991. Advanced newsgathering. New York: Praeger.

McQuail, D. 1975. Communication: aspects of modern sociology: social processes. London: Longman.

McQuail, D. 1989. Mass Communication theory: an introduction. London: Sage.

Merton, R.K. 1976. The sociology of social problems. In Merton, R.K. & Nisbet, R. (eds) Contemporary social problems. New York: Harcourt.

Mills, C.W. 1973. The sources of societal power. In Etzioni, A. & Etzioni-Halevy, E. (eds) Social change: sources, patterns and consequences. New York: Basic Books.

Mills, C.W. 1978. The power elite. New York: Oxford.

Miraldi, R. 1990. Muckraking and objectivity: journalism's colliding traditions. New York: Greenwood Press.

Mollenhoff, C.R. 1981. Investigative reporting: from courthouse to White House. New York: Macmillan.

Nisbet, R. 1972. Introduction: the problem of social change. In Nisbet, R. (ed) Key concepts in the social sciences: social change. Oxford: Basil Blackwell.

Noëlle-Neumann, E. 1980. Die schweigespirale: offentliche meinung - unsere soziale haut. Munich: R. Riper & Co. Verlag.

Noëlle-Neumann, E. 1984. The spiral of silence: public opinion - our social skin. Chicago: The University of Chicago Press.

Patterson, M.J. & Russel, R.H. 1986. Behind the lines: case studies in investigative reporting. New York: Columbia University Press.

Pauw, J. 1991. In the heart of the whore: the story of apartheid's death squads. Johannesburg: Southern Book Publishers.

Popper, K.R. 1959. The logic of scientific discovery. London: Hutchinson.

Ogburn, W.F. 1972. Fixity and persistence in society. In Nisbet, R. (ed) Key concepts in the social sciences: social change. Oxford: Basil Blackwell.

Oosthuizen, L.M. 1989. Media policy and ethics. Kaapstad: Juta.

Ortega Y Gasset, J. 1972. The revolt of the masses. London: Unwin Books.

Pawlick, T. 1982. Investigative reporting: a casebook. New York: Richards Rosen Press.

Protess, D.L. *et al*. 1991. The journalism of outrage: investigative reporting and agenda building in America. New York: The Guildford Press.

Rivers, W.L. 1992. Freelancer and staff writer: newspaper features and magazine articles. Belmont, California: Wadsworth.

Roelofse, J.J. 1982. Tekens en betekenis: 'n ander perspektief op kommunikasie. Johannesburg: McGraw-Hill.

Roelofse, J.J. 1983. Towards rational discourse: an analysis of the Steyn Commission Report. Pretoria: Van Schaik.

Rossouw, H.W. 1980. Wetenskap, interpretasie, wysheid. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

Sabato, L.J. 1991. Feeding frenzy: How attack journalism has transformed American politics. New York: The Free Press.

Schiller, D. 1981. Objectivity and the news: the public and the rise of commercial journalism. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Severin, W.J. & Tankard, J.W. 1988. Communication theories: origins, methods, uses. New York: Longman.

Skocpol, T. 1979. States and social revolutions: a comparative analysis of France, Russia and China. London: Cambridge University Press.

Smith, M.J. 1988. Contemporary communication research Methods. Belmont, California: Wadsworth.

Spencer, H. 1973. The evolution of societies. In Etzioni, A. & Etzioni-Halevy, E. (eds) Social change: sources, patterns and consequences. New York: Basic Books.

Strauss, S.A., Strydom, M.J. & Van der Walt, J.C. 1976. Die Suid-Afrikaanse Persreg. Pretoria: Van Schaik.

Tan, A.S. 1985. Mass communication theories and research. New York: Macmillan.

Taylor, S. 1984. Social science and revolutions. London: Macmillan.

Timasheff, N.S. & Theodorson, G.A. 1976. Sociological theory: its nature and growth. New York: Random House.

Toennies, F. 1973. From community to society. In Etzioni, A. & Etzioni-Halevy, E. (eds) Social change: sources, patterns and consequences. New York: Basic Books.

Tomaselli, K., Tomaselli, R. & Muller, J. 1987. (eds) Narrating the crisis: hegemony and the South African press. Johannesburg: Richard Lyon.

Tomaselli, K. & Louw P.E. 1991. (eds) The alternative press in South Africa. Bellville, South Africa: Anthropos.

Tuchman, G. 1978. Making news: a study in the construction of reality. New York: The Free Press.

Tyson, H. 1993. Editors under fire. Sandton: Random House South Africa.

Vago, S. 1980. Social change. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Van Dijk, T.A. 1985. Discourse and communication: new approaches to the analysis of mass media discourse and communication. Berlyn: Walter de Gruyter.

Van Dyke, V. 1967. Political science: a philosophical analysis. Stanford, California: Stanford University Press.

Weiss, W. 1972. Mass media and social change. In King, B.T. & McGinnies, E. (eds) Attitudes, conflict, and social change. New York: Academic Press.

Werkmeister, W.H. 1960. Social science and the problem of value. In Schoeck, H. & Wiggins, J.W. (eds) Scientism and values. Princeton: Van Nostrand.

Williams, P.N. 1978. Investigative reporting and editing. Englewood Cliffs, New Yersey: Prentice-Hall.

Willis, J. 1991. The shadow world: life between the news media and reality. New York: Praeger.

Wimmer, R.D. & Dominick, J.R. 1994. Mass media research: an introduction. Belmont, California: Wadsworth.

Wolfe, T. 1975. The New Journalism. London: Picador.

**VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE**

Serfontein, L.M. 1995. Die beeld van die ANC soos gereflekteer in *Beeld* en *The Star* vanaf 1989 tot 1993. Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in die vak Kommunikasiekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Venter, A.J. 1984. 'n Ondersoek na en evaluering van die politieke teorie van K.R. Popper. Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Litterarum et Philosophia in die vak Staatsleer aan die Universiteit van Suid-Afrika.

**ARTIKELS**

Aucoin, J. 1992. The Arizona project as a MacIntyrean moment. Journal of Mass Media Ethics 7(3):169-183.

Blood, W. 1982. Agenda setting: a review of the theory. Media Information Australia (26):3-12.

Boyer, J.H. 1981. How editors view objectivity. Journalism Quarterly 58(1):24-28.

Collinge, J-A. 1990. Inside story. Leadership SA 9(2):93-99.

Doherty, C. 1981. The Wits-Koornhof debate: is there really a difference between the English and Afrikaans presses? Critical Arts 2(2):39-49.

Donsbach, W. 1989. The challenge of the spiral-of-silence theory. Communicare 8(1):5-16.

Faure, C. 1987. Koerantsubsidies, persvryheid en M-NET. Communicatio 13(2):31-44.

Faure, C. 1990. Konflik tussen die pers en die regering: 'n konflikteoretiese beskouing. Communicatio 16(1):29-37.

Faure, C. 1993. *Vrye Weekblad* (1988-1993): profiel van 'n alternatiewe Afrikaanse koerant. Communicatio 19(2):22-31.

Gitlin, T. 1983. Media sociology: the dominant paradigm. Theory and society (6):205-253.

Grogan, J. & Riddle, C. 1987. South Africa's press in the eighties: darkness descends. Gazette 39:3-16.

Haarsager, S. 1991. Choosing silence: a case of reverse agenda setting in depression era news coverage. Journal of Mass Media Ethics 6(1):35-46.

Kosicki, G.M. 1993. Problems and opportunities in agenda-setting research. Journal of Communication 43(2):100-127.

Lang, G.E. & Lang, K. 1981. Watergate: an exploration of the agenda-building process. Mass Communication Review Yearbook 2:447-468.

Lenake, J. 1993. Die taalkwessie in die nuwe Suid-Afrika. Unisa-Bulletin 18(3):13.

Lippmann, W. 1931. Two revolutions in the American press. The Yale Review XX (3):433-441.

Lippmann, W. 1960. The job of the Washington correspondent. Atlantic :46-49.

Louw, C. Februarie 1989. Struggle vat pos in 'boere' se eie taal. Die Suid-Afrikaan :18-21. Stellenbosch: Voorbrand-publikasies.

Louw, P.E. 1983. The English and Afrikaans press in South Africa: one press or two? Communicatio 9(2):14-16.

Mathes, R. & Pfetsch, B. 1991. The role of the alternative press in the agenda-building process: spill-over effects and media opinion leadership. European Journal of Communication 6(1):33-62.

McCombs, M.E. & Shaw, D.L. 1972. The agenda-setting function of mass media. Public Opininon Quarterly 36:176-187.

Miller, S. 1995. Freedom of the press. Politikon 22(1):24-35.

Roelofse, J.J. 1985. Rand Daily Mail: die dood in perspektief. Communicatio 11 (2):30-37.

Sonderling, S. 1992. Murder of the combi-taxi industry by the mass media: perceptions and realities of road safety. Communicatio 18(2):57-63.

Sonderling, S. 1993. Power of discourse and discourse of power in making an issue of sexual abuse in South Africa: the rise and fall of social problems. Media Studies 6(2):1-26.

Steyn, R.C. 1989. The SA Media Council: restoring the balance. Ecquid Novi 10(1&2):232-238.

Steytler, N. 1992. Grusame waarhede wat ons moet weet. Die Suid-Afrikaan 37:45,48.

Tomaselli, K. & Louw, P.E. 1990. *Vrye Weekblad* and post-apartheid mania: what to do with the press? Communicare 9(1):87-92.

Vosloo, T. 1989. The press as watchdog of corruption. Ecquid Novi 10(1&2):198-203.

Weaver, D. 1991. Issue salience and public opinion: are there consequences of agenda-setting? International Journal of public opinion research 3(1):53-68.

Weaver, D.H., McCombs, M.E. & Spellman, C. 1975. Watergate and the media: a case study of agenda-setting. American Politics Quarterly 3(4):458-472.

Outeur onbekend. April 1989. Max du Preez en zijn *Vrye Weekblad*. Zuid-Afrika 66(4):56.

**KOERANTE**

*Beeld* 26 Jan 1989; 4 Des 1989; 18 Nov 1989; 23 Jun 1990; 22 Aug 1991; 12 Mei 1990; 19 Jan 1993; 9 Sep 1994 (*Sake Beeld*); 29 Mrt 1995.

*Business Day* 26 Jan 1989; 22 Jun 1989; 22 Nov 1989; 14 Mei 1990.

*City Press* 19 Nov 1989; 24 Jun 1990; 29 Nov 1992; 21 Feb 1993.

*Daily Dispatch* 20 Feb 1993.

*Die Afrikaner* 6 Des 1989.

*Die Burger* 16 Des 1988; 22 Jun 1990.

*Die Transvaler* 25 en 26 Jan 1989; 14 Feb 1989; 7 Des 1989; 22 Jun 1990; 25 Jun 1990.

*Die Volksblad* 21 Nov 1988; 22 Nov 1988; 24 Nov 1988; 25 Nov 1988; 22 Jun 1990.

*Financial Mail* 26 Aug 1988; 25 Nov 1988.

*The Pretoria News* 22 Jun 1989; 7 Mei 1991.

*Rapport* 27 Nov 1988; 18 Des 1988; 24 Jun 1990.

*Sowetan* 22 Jun 1989.

*Sunday Times* 19 Nov 1989; 9 Sept 1990; 27 Jan 1991; 18 Aug 1991; 12 Mrt 1995.

*Sunday Tribune* 30 Okt 1988; 27 Nov 1988; 20 Jan 1991.

*Tempo* 2 Des 1988.

*The Argus* 7 Jul 1987; 15 Des 1988.

*Cape Times* 4 Nov 1988; 21 Nov 1988; 23 Nov 1988; 22 Jun 1989; 18 Nov 1989; 23 Jun 1990.

*The Citizen* 26 Nov 1988; 6 Des 1988; 14 Feb 1989; 22 Jun 1989; 23 Jun 1989; 12 Aug 1989; 21 Okt 1989; 18 Nov 1989; 25 Nov 1989; 28 Nov 1989; 5 Des 1989; 18 Des 1989; 24 Feb 1990; 26 Jun 1990; 23 Jun 1990; 28 Jun 1990.

*Daily News* 12 Aug 1989.

*The Natal Mercury* 21 Nov 1989.

*The Natal Witness* 11 Aug 1989.

*The Star* 31 Okt 1988; 18 Nov 1989; 22 Nov 1988; 25 Nov 1988; 5 Des 1988; 11 Mei 1989; 26 Jan 1989; 22 Jun 1990; 23 Jun 1990; 26 Jun 1990; 13 Mrt 1991; 19 Nov 1992; 24 Nov 1992; 27 Nov 1992.

*The Sunday Star* 27 Nov 1988; 26 Nov 1989; 17 Des 1989; 11 Feb 1990.

*Vrye Weekblad* 4 Nov 1988; 11 Nov 1988; 18 Nov 1988; 25 Nov 1988; 9 Des 1988; 16 Des 1988; 13 Jan 1989; 10 Mrt

1989; 19 Mei 1989; 23 Jun 1989; 11 Aug 1989; 18 Aug 1989; 8 Sep 1989; 6 Okt 1989; 27 Okt 1989; 3 Nov 1989; 17 Nov 1989; 24 Nov 1989; 1 Des 1989; 8 Des 1989; 12 Jan 1990; 19 Jan 1990; 26 Jan 1990; 2 Feb 1990; 9 Feb 1990; 16 Feb 1990; 23 Feb 1990; 2 Mrt 1990; 9 Mrt 1990; 30 Mrt 1990; 4 Mei 1990; 11 Mei 1990; 18 Mei 1990; 8 Junie 1990; 22 Jun 1990; 29 Jun 1990; 13 Jul 1990; 27 Jul 1990; 14 Sep 1990; 5 Okt 1990; 2 Nov 1990; 7 Des 1990; 14 Des 1990; 5 Apr 1991; 12 Apr 1991; 17 Mei 1991; 24 Mei 1991; 7 Jun 1991; 12 Jul 1991; 19 Jul 1991; 26 Jul 1991; 2 Aug 1991; 9 Aug 1991; 16 Aug 1991; 23 Aug 1991; 1 Nov 1991; 29 Nov 1991; 10 Jan 1992; 13 Mrt 1992; 15 Mei 1992; 28 Aug 1992; 30 Okt 1992; 6 Nov 1992; 12 Nov 1992; 20 Nov 1992; 27 Nov 1992; 4 Des 1992; 15 Jan 1993; 12 Feb 1993; 19 Feb 1993; 19 Mrt 1993; 26 Mrt 1993; 14 Mei 1993; 21 Mei 1993; 29 Mei 1993; 20 Nov 1993.

*Vrye Weekblad - Nuustydskrif* 9 Des 1993; 2 Feb 1994.

*Weekly Mail* 14 Okt 1988; 24 Nov 1989; 7 Des 1989; 5 Apr 1991.

**ANDER BRONNE**

Audit Bureau of Circulations of South Africa - ABC.

All Media Products Survey - AMPS 1992 Vol.5

HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal.

1994 Truth & Reconciliation Commission: Published by Justice in Transition. Kaapstad: Mills Litho

Du Preez, M. 14 Maart 1990. Die pers onder beleg: die geval van die *Vrye Weekblad*. Referaat aangebied by die Afrika-studie Forum. Pretoria: Unisa.

Oosthuizen, L.M. 1994. Blood and guts: ethical standards under pressure. Dialogus: Newsletter of the Department of Communication, Unisa 1(2):3-4.

Scholtz, G.D. 1988. Die Afrikaanse koerant: so het dit begin. Beeld bylae, jaar van die koerant 31 Aug:10-12.

Telefoniese onderhoude:

Mark Beare, die finansiële bestuurder van *VWB*, 23 Mrt 1993; 1 Apr 1993 & 28 Apr 1993.

Lille van der Walt, die bemarkingsbestuurder van *VWB*, 20 Mrt 1993.